

'N INTERDISSIPLINÊRE ONDERSOEK NA
DIE MOONTLIKHEID VAN POSTMODERNE REGSINTERPRETASIE:

Country of My Skull GELEES VANUIT 'N
SOSIAAL-KONSTRUKSIONISTIESE PERSPEKTIEF

C. M. S. PRINSLOO

'n Interdisiplinêre ondersoek na
die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie:
Country of My Skull gelees vanuit 'n
Sosiaal-konstruksionistiese perspektief

Christiaan M S Prinsloo

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
van die graad LLM
in die Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit van Pretoria

Junie 2003

Studieleier: Prof Karin van Marle

Abstract

For decades legal positivism has governed the interpretation and application of the law in South Africa. This modernist utilisation of interpretative rules and the application of the law as it is, rather than as it ought to be, led to many historical injustices. Although numerous attempts have been made to alter the interpretative system these attempts are in vain and appear to be variations on the same modernist tune. In this thesis, as an alternative to the prevalent interpretative stance, I merely suggest a transformation by exploring the possibility of postmodern legal interpretation. Although the postmodern movement causes havoc in structuralist 'sciences' this does not mean that it is a laissez-faire approach where 'everything goes' or where all systems of structure are abandoned. In order to overcome our modernist insecurities I propose that we, as a first step, merely adopt a postmodern consciousness. This stance can be acquired by utilising the assumptions of a postmodern movement called social constructionism. The advances of this perspective, which has its roots in the social psychology, shall serve as an interpretative mindset when exploring the various narratives in *County of My Skull* by Antjie Krog. Krog utilises the narratives of the TRC in an attempt to overcome the inequalities of the past. This literary text can be regarded as a catalyst that initiates the interpretation of legal texts from a social constructionist perspective. The hybridisation of social constructionism and the literary text leads the way for the possibility of postmodern legal interpretation.

Inhoud

	Proloog	1
1	Vooruitskouing	3
2	Probleemstelling	6
3	Titelbeskrywing	7
4	<i>Country of My Skull</i> as multirealiteite storie	11
5	Sosiale konstruksie deur multirealiteit stories	12

I “want jy maak my groot”

1	Inleiding	14
2	Literêre (Post?) Modernisme	18
3	Algemene Regsmodernisme	21
4	Sielkunde in moderne terme	23
5	Die moderne belofte	27
	Tussenspel	29

2 “liberation”

1	Inleiding	32
2	Die Sosiale konstruksionisme as postmoderne benadering	38
3	“Vyf horries van “ ...	42
	Realiteit	43
	Die sosiale konstruksie van realiteit	44
	Relatiewe realiteit in die greep van nihilisme	49
	Taal	52
	Taal in postmoderne terme	53
	Die invloed van stylfigure op die betekenis van taal	55
	Al vertellende die storiewêreld in ...	58
	Narratiewe terapie	62

Identiteitsvorming van die pastiche persoonlikheid	67
Waarheid	71
Sosiaal-gekonstrueerde waarheid	71
Die “heilige waarheid” van die WVK	75
Feitelike of forensiese waarheid	76
Persoonlike of narratiewe waarheid	77
Sosiale of dialogiese waarheid	79
Helende of herstellende waarheid	81
Betekenis	81
Van moderne begrip tot postmoderne betekenis	81
Interpretasie	84
Postmoderne interpretasie	85
Postmoderne interpretasie bevraagteken alle outoriteit	87



“Waiting for Meaning” ...?

1	Inleiding	91
2	Die dominante metanarratief op die kontinuum van regsinterpretasie	92
	Teorieë van interpretasie	94
	Die tekstuele benadering	95
	Die kontekstuele benadering	98
3	Invloedryke metanarratiewe	100
	Die Positivisme van Herbert Hart	100
	Interne en eksterne aspekte van reëls	102
	Die onderskeid tussen verpligte sosiale reëls en ander sosiale reëls	103
	Die beregting van moeilike sake	104
	Die Natuurregtelike benadering van Lon Fuller	106
	John Dugard se kritiek teen Positivisme in Suid-Afrika	111
	Ronald Dworkin se teorie van die reg as integriteit	114
	Reg as integriteit	116
	Beregting van moeilike sake	118
	Nie-reëlstandaarde	119

	Konstruktiewe interpretasie	120
	Die kettingroman-metafoor	121
	Die Herkules-metafoor	122
	Dworkin se drie-fase benadering tot interpretasie	125
	Stanley Fish se literêre benadering tot interpretasie	127
	Die Fish-Dworkin debat	129
4	Plaaslike narratiewe	134
	<i>Segale v Gouvernement of the Republic of Bophuthatswana</i>	133
	Du Plessis en De Ville en interpretasie as normatiewe transposisie	135
	De Ville se kommentaar op Du Plessis en Botha	137
	Die invloed van die Grondwet	142
	<i>S v Mhlungo & Others</i>	144
	Minderheidsuitspraak	145
	Meerderheidsuitspraak	146
	Fagan se kritiek teen die meerderheidsuitspraak	147
	Davis se respons	148
	De Ville se respons	149
	Prognostiese moontlikhede	151
	<i>Southern Insurance Association v Bailey NO</i>	154
	Diskoerse oor die saak	155



“Land van genade en verdriet”

1	Inleiding	162
2	Reg en letterkunde	164
	Temas van die reg en letterkunde benadering	166
	Temas van die reg en narratief benadering	168
3	Die Waarheid- en Versoeningskommissie	170
	Oorgangsgeregtigheid of morele kompromie?	176
	Terapeutiese dialogiese ruimte	178
	Literêre gevolge van die WVK	181
4	<i>Country of My Skull</i>	183

Stories en die taal waarin ons dit vertel	184
Waarheid en realiteit	190
Interpretasie	193
Epiloog	201
Bibliografie	210

Proloog

land van genade en verdriet

1. tussen jou en my
hoe verskriklik
hoe wanhopig
hoe vernietig breek dit tussen jou en my

soveel verwondering vir waarheid
soveel verwoesting
so min het oorgebly vir oorlewing

waar gaan ons heen van hier?

jou stem slinger
in woede
langs die kil snerpemde sweep van my verlede

hoe lank duur dit?
hoe lank vir 'n stem
om 'n ander te bereik

in dié land so bloeiend tussen ons

2. in die begin is sien
sien vir eeue
die kop vul met as
geen suurstof
geen spriet
by sien word eindelijk woord gevoeg
en die oog stort af in die woedende wond

hoor! hoor die opwel van medemenslike taal

in haar sagte weerlose skedel
en hoor die stemme
die talige stemme van die land
 almal gedoop in die lettergreep van bloed en hoort
be-hoort die land uiteindelik aan die stemme wat daarin woon
lê die land aan die voete van verhale
 van saffraan en amber
 engelhaar en kwets
 dou en eer en draad

(Krog 2000: 37-38)

Met “soveel verwondering” het ek my in die labirint van navorsingsmoontlikhede bevind. “Hoe verskriklik” was die aanvanklike verswelging in literature wat my “wanhopig” na asem laat snak het. Hoe lank het dit nie geduur voor jou slingerende stem, my met “snerpende sweeps slag” bereik het nie? “In ‘n land so bloeiend tussen ons” wink jy my met digterlike fraseerings nader “om op ‘n oggend wakker te word binne-in klank”.

“Opskud, dit is jou beurt om die verhoog te betree”: telepateer sy my met ‘n handgebaar. “Waarvoor”: vra ek die oënskynlik ongeloofwaardige hersenskim wat haar Oos-Indiese oor na my draai. Sy kyk op die didaskalia, dig voort en por my aan: “Toe-toe dit is jou beurt”. Magies stap ek die perspektief gefnuikte lang verhoog op. Ek voel uitgeput deur illusie, warm pêrel sweet op my voorkop wanneer die plankvloer onder my voete geklee word in surrealistiese gesigte vol skree, woord en stem.

Ek “hoor die stemme, die talige stemme van die land”.¹ Hoor jy die stemme van die land wat aan die voete van verhale lê? In hierdie newelbeeld grou my stem die digte atmosfeer oop sodat ook hierdie stem deel word van ‘n avant-garde produksie. ‘n Toneel ter viering van ‘n eeu se “sien” waarby “woord” nou gevoeg word.² Voorwaar ‘n

¹ Die “talige stemme” verwys enersyds na die narratiewe of stories waarna Krog geluister het om haar weergawe van die apartheid geskiedenis te verwoord, en andersyds na die veelvuldige stemme wat in hierdie teks opgaan om die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie te ondersoek.

² Op metaforiese vlak verwys hierdie sin na die oorgang van Modernisme na Postmodernisme en van Positivism na postmoderne regsinterpretasie. Die “eeu se sien” agterhaal die modernistiese geloof in die konkrete wat ooreenstem met die uitdrukking “sien is glo”. Ook verwys dit na die apartheidsera waarin daar bloot toegekyk is hoe menseregte geskend is. Tesame met hierdie onwrikbare geloof in die “sigbare” voeg die postmoderne nou “woord” by sig.

postmoderne breinkonsert wat my ontvanklik nader wink. My stem word vrygelaat in 'n see van interdisiplinariteit. 'n See wat die grense van die verhoog minag, en met elke spoel die "woedende wond" van "verhale van saffraan en amber" verder verken.

Ligvoets betree ek die vloeibare matriks. Die souffleer sit meervoudig met "soveel verwondering vir die waarheid" wat in een van vele stemme opgaan. Woorde swem by my verby, my reël het aangebreek ...

Land van genade en 'n groen grasspriet

Hierdie "waarheid" is my "sien" en my "woord".

Die meervoudigheid daarvan stam uit die stemme aan wie die land behoort.

Ook sy wat "sonder fênsie leestekens" kaalvoet berymings doen
beïnvloed die wyse waarop ek my met dit wat "waar" is versoen.

My swaard kom uit haar pen,
hulle verhale is haar stem
en my woord is die naelstring
wat ons peristalties bymekaar bring.

Gepaateerde kultuur
breek af tussen ons die groeiende, bloeiende muur.
Hoe word die wêreld nou besing?
Want, selfs in swart en wit klink dit soms verwring.

In 'n drieluik verskyn die eenheid op papier
maar, waar gaan ons heen van hier?

1 Vooruitskouing

Byna 'n dekade het verloop na die val van apartheid en steeds bly dit, soos met die aanvang van die nuwe demokrasie, 'n relevante vraag om te vra: waar gaan ons heen van hier? Die hier het intussen verander van 'n minderheidsgedrewe apartheidsbestel, na 'n gemeenskap in transito en staan vandag in die volksmond bekend as die demokratiese Reënboognasie. Die reg is in die apartheidsbestel gekenmerk deur die positivistiese aard

daarvan. Maar nou, na die omwentelinge wat gepaard gaan met die val van een bestel en die totstandkoming van 'n nuwe bedeling lei die naam wat hierdie bedeling moet dra aan 'n identiteitskrisis. Die regsweese toon immers eienskappe wat strek in die breë van die moderne Positivisme, die Natuurregbenadering en meer onlangs tot die "gevreesde" Postmodernisme. Waar gaan ons inderdaad heen van hier? Meer spesifiek, wat impliseer die toenemende aanslae van die Postmodernisme vir die ontwikkeling van kontemporêre Suid-Afrikaanse regsinterpretasie? Ten einde die verloop van die studie in die vooruitsig te stel vind ek dit nodig om 'n vooruitskouing op die teks te bied.

Die *Proloog* bied nie alleen 'n vooruitskouing op die verloop van die studie nie maar beskryf ook die probleem(stelling) waaroor die studie handel. Die probleemstelling hou direk verband met die opvolgende titelbeskrywing, omdat die titel die kruks van die studie saamvat. Vanselfsprekend volg dit dat die titelbeskrywing aanleiding gee tot inleidende aantekeninge oor *Country of My Skull*, as multirealiteite storie, waaruit die idee van die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie stam. Hieruit volg die teoretiese fundering van die studie op die Sosiale konstruksionisme as postmoderne storie.

(1) Die postmoderne storie moet egter gesitueer word, daarom dat *hoofstuk een* in retrospek kyk na die ontwikkeling van die denke wat daartoe aanleiding gee dat die behoefte aan 'n postmoderne benadering ontstaan. Die studie word selektief gesitueer, wat beteken dat die agtergrond van hoofstuk een fokus op spesifieke diskoerse en gespreksdeelnemers. So byvoorbeeld word die moderne filosofie hoofsaaklik beperk tot die Rasionalisme, Empirisme, Positivisme en die analitiese filosofie. In hoofstuk een word die Modernisme gesitueer in die letterkunde, reg en sielkunde soos wat dit relevant is vir die studie. Die doel van hierdie terugblik is juis om met meer begrip die postmoderne benadering in hoofstuk twee tegemoet te kan gaan.

(2) In *hoofstuk twee* handel dit primêr oor die aard van die Postmodernisme en die posisionering van die Sosiale konstruksionisme binne hierdie filosofie. Ter aanvang word die aannames waarop die Sosiale konstruksionisme berus verduidelik. Hoewel daar na die werk van verskeie sosiale konstruksioniste verwys word staan die werk van Kenneth Gergen sentraal. Die hoofstuk word verder gestruktureer aan die hand van vyf postmoderne temas wat herhaaldelik in postmoderne literatuur bespreek word (Anderson 1997, Gergen 1991, Gergen, Kvale 1992, 1994b, Parry & Doan 1994). Hierdie temas sluit in: *realiteit, waarheid, taal, betekenis en interpretasie*. Insluitend by hierdie temas word

ander vraagstukke soos die aard van kennis, die waarde van die narratief, en die legitimasië van metanarratiewe ondersoek.³

(3) *Hoofstuk drie* is 'n beskrywende hoofstuk waarin regsinterpretasie, met die Positivism en Natuurregbenadering as oorhoofse teenpole op die regsinterpretasie kontinuum aangespreek word. Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk handel oor spesifieke invloedryke diskoerse wat die verloop van regsinterpretasie wêreldwyd beïnvloed het en steeds beïnvloed. Die gespreksdeelnemers is Herbert Hart, Lon Fuller, Ronald Dworkin en Stanley Fish. Sentraal tot die Hart / Fuller-debat staan die Positivism en die kommentare op Nazi-Duitsland en die Nuremberg verhore wat vergelykbaar is met apartheid Suid-Afrika en die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK). Die Dworkin / Fish-debat is van belang, nie alleen omdat die debat 'n breuk met die Positivism aandui nie, maar omdat die letterkunde 'n belangrike rol in beide Dworkin en Fish se teorieë vertolk. Hoofstuk drie sluit af met 'n bespreking van drie hofbeslissings en die besprekings wat dit geïnspireer het. Hierdie hofsake is: *Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana*,⁴ *S v Mhlungu & Others*,⁵ en *Southern Insurance Association v Bailey NO*.⁶ Dit is veral die debat tussen Johan van der Walt, Wessel Le Roux en Dennis Davis oor die beslissing in *Southern Insurance Association v Bailey NO*,⁷ wat toonaangewend is vir die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie.

(4) *Hoofstuk vier* open met 'n bespreking van die reg en letterkunde benadering wat die gemeenskaplike noemer is tussen die WVK en *Country of My Skull* as kwasie-literêre en postmoderne aktiwiteite. Die WVK word beskou as 'n postmoderne instelling wat 'n middeweg tussen oorgangsgeregtigheid en 'n morele kompromie beding, deurdat

³ Hoewel ander temas ook belangrike gevolge vir postmoderne interpretasie inhou moet die beperkinge van die teks nie uit die oog verloor word nie. Soos geregtigheid en interpretasie slegs tydelike reduksiemomente is, so ook kan die teks beskou word as 'n reduksiemoment waarin die beperkinge wat tyd oplê nie verontagsaam kan word nie. Net soos geregtigheid stabiliteit ontsnap, ontsnap die teks – hierby inbegrepe ook die interpretasie en betekenis daarvan – gebondenheid. Die onmoontlikheid van finaliteit kan geïllustreer word aan die hand van 'n musiekteorie metafoor. Realiteit, taal, waarheid, betekenis, interpretasie en die teks staan op die rant van 'n onvoltooide kadens, en wag *vibrato*-agtig om in die volgende akkoord tydelik te transendeer en weer in 'n onvoltooide kadens te figureer. Die temas wat ek aanspreek vorm die deurlopende melodie van die teks. Temas wat op die periferie van die studie geleë is funksioneer as *appoggiatura* of “dekoratiewe note” wat nie essensieel is nie, maar belangrik is, vir die argumente in die teks.

⁴ 1987 (3) SA 237 (B).

⁵ 1995 (3) SA 867 (CC).

⁶ 1984 (1) SA 98 (A).

⁷ *Ibid.*

dit hierdie hibride bewustheid fasiliteer in 'n terapeutiese dialogiese ruimte. Krog deel in hierdie ruimte maar skryf dit verder. Krog se storie en haar verwerking van die stories wat deur die WVK aangehoor is toon die sensitiwiteit wat die Postmodernisme en Sosiale konstruksionisme voorstel. Krog se sensitiwiteit vir intuïsie en haar bewustheid van geluid en klank stem *Country of My Skull* as postmoderne teks en gee die toon aan vir die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie wat gebaseer is op die aanvaarding van veelvuldige stories oor realiteit, waarheid, taal, betekenis en interpretasie.

In die *Epiloog* reflekteer ek op die voorafgaande hoofstukke deur terugskouend na die probleemstelling en beantwoordende storie kyk. Hierdie slotgedeelte poog egter nie om finaliteit te bring nie, maar streef daarna om verdere diskoers aan te moedig.

2 Probleemstelling

Na aanleiding van 'n voorlopige literatuurstudie het dit aan die lig gekom dat die begrip wat aan die Positivismes geheg word nie in die reg, letterkunde en sielkunde dieselfde eienskappe toon nie. Verder is gevind dat die Postmodernisme in die letterkunde en sielkunde veel "sneller" as in die reg ontwikkel. Rosemary Coombe bevestig immers hierdie suspisie: "The rejection of positivism in the social sciences and humanities has slowly filtered into legal scholarship, making it inevitable that legal academics rethink the nature of legal interpretation" (1989: 614). Indien die aard van regsinterpretasie herdink behoort te word teen die agtergrond van die ontwikkeling in die sosiale studies, volg dit natuurlik om die sosiale studies by hierdie proses te betrek. Die probleemstelling gee gevolglik aanleiding tot die formulering van 'n doelstelling, naamlik om *Country of My Skull* te lees aan die hand van die postmoderne benadering (die Sosiale konstruksionisme) en die betekenis van hierdie lesing beskikbaar te stel vir regsinterpretasie.

Sentraal tot die drie dissiplines staan die narratief soos dit figureer in reg en letterkunde kursusse, in die literatuur van die letterkunde en terapie soos voorgestel deur die Sosiale konstruksionisme. Die vraag ontstaan egter of die winste van literêre en sosiaal-konstruksionistiese narratiewe prosesse ook in meer geïntegreerde regs vorme met sukses toegepas kan word? Kan die narratief en narratiewe terapie 'n bydrae lewer tot kontemporêre Suid-Afrikaanse regsinterpretasie? Kan die lees van *Country of My Skull* vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie antisipeer?

Uit die letterkunde is *Country of My Skull* spesifiek gekies vanweë die narratiewe struktuur en die politieke aard daarvan. Krog se postmoderne benaderingswyse toon veral ooreenstemming met narratiewe terapie soos voorgestel deur die Sosiale konstruksionisme. Indien narratiewe terapie en 'n literêr-joernalistieke inslag die huidige positivistiese aangesig van regsinterpretasie kan herkonfigureer tot 'n meer verdraagsame bestel, dan is die moontlikhede wat hierdie perspektief bied ondersoekwaardig.

Die Sosiale konstruksionisme as "teoretiese" onderbou sluit nie alleen wat die belang van narratiewe betref aan by *Country of my Skull* nie maar ook by die WVK. Of soos Ingrid de Kok dit stel: "The TRC as a whole seeks to deal with the meaning of individual stories within the larger narrative of apartheid crime" (1999: 58). Die Sosiale konstruksionisme, *Country of My Skull* en die WVK sluit ook by mekaar aan wat die postmoderne aard van die waarheid, realiteit, taal, betekenis en interpretasie betref.

Uit die hibried wat tot stand kom kan nuwe idees omtrent regsinterpretasie ontwikkel, sodat die tekortkominge van ons huidige bestel ontbloom en aangevul kan word. As 'n alternatief tot die huidige posisie van regsinterpretasie stel ek die dringendheid van die postmoderne bewussyn voor. Die hibriditeit waarvan hier sprake is word reeds in die titel van die studie gesuggereer.

3 Titelbeskrywing

Die titel dra swaar aan betekenis en verskeie interpretasies. Gevolglik vind ek dit nodig om 'n uiteensetting te gee van die betekenis wat ek aan die titel toedig soos dit in verband staan met die geheel van hierdie teks en die storie wat ek vertel.

'n Interdissiplinêre ondersoek na die moontlikheid van Postmoderne Regsinterpretasie.

Die nodigheid vir 'n interdissiplinêre ondersoek het ontstaan, omdat die differensiasie en spesialisasie van kennis by uitstek die bestaanswyse van die Modernisme geword het. Die moderne kategorisering en kompartementalisering van kennis het 'n holistiese beskouing van kennis vernietig. 'n Kritiese punt vir interdissiplinêre studies is of dit, ten minste twee dissiplines tot 'n nuwe koherente entiteit kan integreer, en of dit bloot 'n

eklektiese teks tot stand bring. Myrsiades meen dat: “What one looks for in an interdisciplinary approach is mutual integration of organizing concepts and the use of a common language. [...] At base, however, is the idea of an interaction that creates of two or more disciplines a new synthesis that could be considered metadisciplinary” (1998: 2). Teoreties beteken dit dat ‘n interdissiplinêre benadering daar geleë is waar, in hierdie geval, drie dissiplines eenvormigheid bereik sodat grense verbreek word en dissiplinêre paradigmas ondergeskik is aan die belange van die relevante aangeleentheid. Die verband tussen dissiplines is voldoende indien die nuwe hibried soomloos is en in ‘n nuwe metafoor omgaan met dit wat ondersoek word (Myrsiades 1998: 2).

‘n Ondersoek na die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie impliseer dat geen geslote of finale afleidings gemaak word nie (wat Myrsiades na verwys as interdissiplinêre soomloosheid). Moontlikheid - dui daarop dat ‘n tentatiewe ideaal bloot in die vooruitsig gestel word. Om van die veronderstelling uit te gaan dat ek dié waarheid of ‘n waarheid ondersoek of propageer sal neerkom op ‘n mistasting van my bedoeling. Die moontlikheid om vry te breek van die Positivisme en in ‘n sekere sin Natuurregtelike benadering tot regsinterpretasie, met as alternatief ‘n postmoderne bewussyn, word bloot ondersoek. Om vry te breek van bestaande denkraamwerke word inderdaad onderneem, maar nie ten koste van ander benaderings nie. Of soos Gergen dit stel:

Yet, while a constructionist posture invites moral deliberation, it does not in my view necessarily champion one set of moral suppositions over another. Constructionism can furnish a mandate for feminists, ethnic minorities, Christian, Muslims, and others to speak boldly on issues of value, but it does not thereby grant the validity of their claims, or claim certain moral verities to be superior (1994b: 81).⁸

Kritici (Bellah 1992: 53-55, Hibberd 2001: 297-321, Maze 2001: 393-417) meen dat die sosiaal-konstruksionistiese etiek impliseer dat een storie net so “goed” as ‘n ander is. Freedman en Combs spreek hul as volg teen hierdie kritiek uit:

[...] we see the idea that ethics should not be based in monolithic truth claims as supporting a number of important shifts – a shift to making room

⁸ Shotter (1992) aanvaar ‘n epistemiese relatiwiteit. Hy meen dat alle oortuigings sosiaal geproduseer word, maar verwerp morele relatiwiteit waarin alle menings ewe geldig is. Hiermee neem hy ‘n postmoderne perspektief aan waarin die forum van wetenskaplike oordeel die vraag na geregtigheid gelykstel met die na waarheid.

for marginalized cultures, a shift to people in the client position choosing what fits for them, a shift to therapists being clear about where we stand so that people know how to take our ideas, and a shift to considering both the local, interpersonal, moment-by-moment effects of our stands and practices and the ripples that those effects send into the world at large (1996: 265).

In die oorweging van my verwysingsperspektief kom dit aan die lig dat die Postmodernisme nie outoritêre finaliteit voorstaan nie en in beginsel dit ook nie kan doen nie (Gergen 1985: 266-275). Die postmoderne inslag - met spesifieke verwysing na die Sosiale konstruksionisme - is nietemin so omvangryk en problematies dat hoofstuk twee in geheel aan 'n verduideliking van hierdie benadering gewy word. Wat regsinterpretasie betref word die huidige positivistiese metodiek in twyfel getrek, daarom dat "nuwe" moontlikhede ondersoek word. Regsinterpretasie moet in die wydste moontlike sin geïnterpreteer word. Nie alleen word wette en hofverslae deur die term opgeroep nie, maar veral vanweë die literêre aard daarvan, 'n werk soos *Country of My Skull*.

***Country of My Skull* gelees vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief.**

Antjie Krog baseer *Country of My Skull* op die gebeure en vertellings wat sy tydens haar omswerwinge saam met die WVK opgedoen het. Die teks is gestruktureer om haar eie ervarings en om die vertellings van die wat hul stories vir die Kommissie vertel het. Selektief gaan sy te werk om gesprekke te identifiseer wat nie alleen selfstandige narratiewe vorm nie, maar ook ingespan word om die *Country of My Skull*-narratief te verwoord. Krog gebruik met ander woorde die stories van die WVK om haar storie te vertel en op my beurt gebruik ek Krog se storie om my storie te vertel. Hoewel my storie verwyderd staan van die oorspronklike stories is dit nie my bedoeling om die primêre narratiewe te interpreteer nie. In hierdie studie handel dit oor die wyse waarop Krog die oorspronklike narratiewe ervaar en haar literêre inslag haar lei om sin uit die sinnelose apartheidbestel te maak.

Die narratief-metafoor lei ons om mense se lewens in terme van stories uit te druk. In wese is *Country of My Skull* 'n subjektiewe rekonstruksie van 'n paradoksale individuele en kollektiewe sosiale narratief waarmee Krog figuurlik afreken met 'n greep

uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit is juis die subjektiewe aard van die teks wat integriteit daaraan verleen en dit geloofwaardig maak. "Texts are thus no longer the property of one group or another, nor need one speak the language of the specialist to address them. Rather, one may speak out of one's own person and mind, claiming such texts 'as an inheritance that is common to us all'" (Myrsiades 1996: 205).

Verwant aan die narratologiese onderbou staan die benaderingswyse onderliggend aan die sosiale konstruksionisme. Hierdie verwysingsperspektief berus in 'n groot mate op die oorweging van mense se sosiale en interpersoonlike realiteite soos gekonstrueer deur die interaksie met ander mense en instellings. Die fokus val hier op die invloed van die sosiale realiteite op die betekenis wat die mens aan die lewe en wêreld heg (Freedman & Combs 1996: 15-20). Op sigself kan die WVK-proses beskou word as 'n sosiale geleentheid waarin die vertellers hul realiteite uitspel teen 'n klankbord wat sin wil vind in die sosiale bewussyn van die volk. Die sin van die proses is daarin geleë dat interaksie tussen mense en instansies 'n rekonstruksie van 'n verslete tyd oproep. Die getuienis wat by die WVK aangehoor word dui op die oproep van die individuele en kollektiewe geheue wat in der waarheid konkreet uitgeoefen is. Daarom dat Ndebele sê: "If today they sound like imaginary events it is because, as we shall recall, the horror of day-to-day life under apartheid often outdid the efforts of the imagination to reduce it to metaphor" (1999: 19-20).

Die Sosiale konstruksionisme verskaf aan die navorser die nodige woordeskat of metafore waarmee die sosiale realiteit uitgedruk kan word. 'n Metafoor verwys noodwendig na 'n alternatiewe wyse waarop 'n uitdrukking oorgedra kan word. Die metafoor, soos voorgestel deur die Sosiale konstruksionisme, is reeds 'n interpretasie van die oorspronklike boodskap. *Country of My Skull* is met ander woorde die metafoor wat Krog gebruik om haar interpretasie van die WVK-proses mee te verwoord. Krog se metafoor sluit aan by die narratiewe metafoor van die sosiale konstruksionisme, wat weer aansluit by die uitlegkunde of hermeneutiek. Siende dat die hermeneutiek primêre daarvoor handel om betekenis vas te stel stem dit ooreen met die doel van 'n metafoor wat ook betekenis wil uitbrei maar nie noodwendig verhelder nie.

Krog wat by uitstek 'n eksponent in literêre kringe is betree met *Country of My Skull* nie alleen die sosiale en politieke arenas nie maar ook die domein van die reg. Ek moet dit egter nou reeds duidelik maak dat die sosiale-, politieke- en regsdomene nie as afgeslote dissiplines beskou moet word nie. In die titel verwys ek immers na die

interdissiplinêre aard van die ondersoek. Indien die dissiplines gekompartementaliseer word kan ek nie aanspraak maak op die postmoderne aard en interdissiplinariteit van die ondersoek nie. *Country of My Skull* voldoen juis aan die behoefte wat deur die titel gesuggereer word, naamlik dat dit interdissiplinêr te werk gaan.

4 *Country of My Skull* as multirealiteite storie

Indien Krog (bewustelik of onbewustelik) 'n postmoderne of Sosiaal-konstruksionistiese benadering volg moet ons vra wat die doel daarvan is om op 'n literêre teks te reflekteer in 'n poging om die heersende positivistiese interpretatiewe denkraamwerk uit te daag? Waarom beroep ek myself op *Country of My Skull* as postmoderne teks, waarin elemente van die reg en letterkunde teenwoordig is, om die positivisme te bevraagteken?

'n Moontlike verduideliking van hierdie vrae is te vinde in die onderskeid wat Jane Baron tref tussen "what really happened stories" en "many realities stories" (1999: 18). Baron verklaar stories wat vertel wat werklik gebeur het as volg:

'What really happened' stories tell of events and responses that genuinely occur in the 'real' world. The point of these stories, in many instances, is to demonstrate the gap between the reality of the described experiences, on the one side, and existing legal doctrine, on the other. The gap shows that the perspective of the law is just that – a perspective, a viewpoint – and that it is not a neutral one either, but one with the potential to oppress and injure those whose stories don't fit the authorized reality. Ideally, exposing this gap points the way to change: reformed and transformed law will better reflect the reality of the experiences of those subject to it (1999: 18).

Die reg hoef nie objektief te wees om onderdrukking en benadeling te vermy nie. Die reg moet eerder subjektief wees en multirealiteite aanvaar. Krog se postmoderne benadering in *Country of My Skull* akkommodeer juis verskeie stories wat op verskeie realiteite gebaseer is. Die stories wat deur apartheid tot swye gedwing is, word tot lewe geroep om die getuienis aan te vul waarmee die geskiedenis geherkonstrueer word. In hierdie opsig help Krog om die "what really happened" stories te verwoord.

Kritiek wat Baron (1999: 19) uitspreek is nie daarop gemik dat die regsisteem minder regverdig is as in die verlede nie, maar eerder dat dit nie by magte is om regverdig op te tree nie. Baron verwys na die moontlikheid dat verskeie perspektiewe op dieselfde

situasie gehuldig kan word en noem dit verskeie realiteite. Hierdie perspektiewe (narratiewe) noem sy verskeie realiteite stories. Multirealiteite stories bevraagteken die objektiwiteit en neutraliteit wat dikwels verskil van stories wat gebaseer is op dit “wat regtig gebeur” het. Multirealiteit stories bevraagteken nie die objektiwiteit of geloofwaardigheid van gebeure nie, maar eerder of daar ‘n enkele objektiewe weergawe is. Baron meen dat al die stories teenstrydig is, elkeen is waar vir ‘n betrokke verteller, maar nie een storie verteenwoordig die “volle” waarheid nie. Miskien bestaan daar geen onpartydige weergawe nie en beskik ons slegs oor partydige weergawes. Die storie wat deur die reg vertel word is slegs een van vele stories. ‘n Gewysigde regstelsel sal nie noodwendig die werklikheid beter weerspieël nie, ook sal dit nie noodwendig minder bevooroordeeld wees nie. Verskeie realiteit stories onthul die noodlottigheid en onmoontlikheid van onbevooroordeeldheid. Die reg wat hervorm word in reaksie op die multirealiteite stories sal bewus wees daarvan dat dit iemand se storie is, en daarom kan dit sensitief wees teenoor die onderdrukking van ander moontlike weergawes.

5 Sosiale konstruksie deur multirealiteite stories

Baron meen dat “what really happened” stories dit voordoende as feitlik en empiries verifieerbaar waar: “[t]hey aim to demonstrate the real fact of the matter [...]” (Baron 1999: 29). “Many realities” stories poog om die afwesigheid van neutrale posisies te identifiseer vanwaar ware feite nie ontbloot kan word nie. Hoewel Baron daarop aandring dat daar ‘n groot verskil is tussen hierdie twee vorme swig hierdie aanspraak voor die postmoderne idee dat ook “what really happened” stories verskeie weergawes van verskeie realiteit is wat ook nie neutraal kan wees nie. Tog is Baron se narratologiese metodologie nou verwant aan die postmoderne Sosiale konstruksionisme, daarom dat sy verwys na Richard Delgado wat die verhouding tussen die sosiale en narratiewe as volg verduidelik:

It is now almost a commonplace that we construct the social world. We do this through stories, narratives, myths, and symbols – by using tools that create images, categories, and pictures. Over time, through repetition, the dominant stories seem to become true and natural, and are accepted as ‘the way things are.’ Recently, outsider jurisprudence has been developing means, principally ‘counterstorytelling,’ to displace or overturn these

comfortable majoritarian myths and narratives. A well-told counterstory can jar or displace the dominant account (Baron 1999:19).

Wat die narratief-metafoor besonder bruikbaar maak is dat dit vloeibaar bly. Siende dat ons lewens voortdurend verander maak dit sin om 'n narratief te gebruik wat hierdie vloeibaarheid kan akkommodeer eerder as 'n statiese metafoor soos 'n onveranderlike teoretiese raamwerk te gebruik wat in die Modernisme gegiet is.

'n Hermeneutiese benadering tot stories verduidelik dat stories interpretasies van die lewe is. Die ooreenstemming tussen stories en die lewe is dat beide betekenis dra. Stories lig onder andere die onderliggende betekenis van die lewe uit. Hermeneutici meen dat daar geen betekenis is voor interpretasie nie plaasvind nie. Dit impliseer dat die betekenis van die lewe nie onafhanklik bestaan van die stories wat daarvoor vertel word nie. Die lewe antisipeer nie net stories nie maar die betekenis daarvan is afhanklik van stories. Die hermeneutiese standpunt is dus dat beide die lewe en stories net betekenisvol is deur die wedersydse interaksie wat dit op mekaar uitoefen (Widdershoven 1992: ix-xv).

Indien die hermeneutiese benadering toegepas word op *Country of My Skull* beteken dit dat die stories wat deur die WVK aangehoor is binne die konteks betekenis gee aan apartheid. Krog se narratief verleen weer betekenis aan haar ondervinding van die WVK-proses en die versoening wat daaruit verwag word. Dat stories 'n besondere rol vertolk in die sosiale konstruksie van betekenis blyk onder andere uit die narratiewe van die WVK wat beskou word as: "The Story of the Century" (Krog 1998: 33). Of soos Krog verwys na Adam Small wat sê dat: "Only literature can perform the miracle of reconciliation" (1998: 18). Wat hier volg is dus my storie soos ek dit leef in ons gedeelde postmoderne wêreld van stories.

1

“want jy maak my groot”

1 Inleiding

Modernisme kan beskou word as die *sine qua non* vir die Postmodernisme. Die Modernisme is immers verantwoordelik vir die filosofie waarteen die Postmodernisme in opstand gekom het. ‘n “Post” premoreem verwys na ‘n tydperk wat histories volg ná Moderniteit. Moderne denke het as’t ware postmoderne denke groot gemaak. Die storie van die Postmodernisme moet gevolglik gesitueer word teen ‘n moderne agtergrond. Hierdie moderne agtergrond verwys na die wetenskaplike tradisies van die Verligting soos die Empirisme, Positivisme en Rasionalisme. So byvoorbeeld word die verband tussen apartheid en Modernisme reeds in hierdie hoofstuk uitgelig.

In die algemeen word aanvaar dat die Moderniteit ‘n historiese periode aandui waarin die wêreld geëksploreer en gekolonialiseer is deur Europa (Lemert 1997, Hollinger 1994, Kvale 1992). Kenmerkend van die tydperk is die sogenaamde gesofistikeerde kultuur en sosiale instellings eie aan die 18^{de} en 19^{de} eeu wat hul oorsprong het in die Verligting,¹ tussen die 15^{de} en 17^{de} eeu.² Beide Lemert (1997: 65-66) en Neuman (1997: 251-253) wys daarop dat die term - moderniteit - verwys na ‘n nuwerwetse (moderne) era wat sy (en nie haar) oorsprong in die Verligting het.³ In hierdie tydperk (wat deur sommige as reeds afgelope beskou word) word die gemeenskap gestuur deur ‘n kapitalistiese mark-ekonomie met toenemende industrialisasie en

¹ Lemert (1997: 65-66) beskryf die Verligtingsera as:

[...]the high culture of modernity which was first developed in the eighteenth century to advance the still influential ideology that reason is sufficient to human progress which, in turn, is considered the distinctive characteristic of the modern age; the state of belief in which the individual considers himself (and, less often herself) struck to good effect by the light of reason; an essentialist culture, of belief, devoid of irony.

² Habermas (2001: 97) maan dat diegene wat die ontstaan van die Modernisme terugvoer tot ongeveer 1850 dit doen, omdat hulle kyk deur die “oë” van Baudelaire en die avant-garde kuns. Volgens Habermas is die woord modern vir die eerste maal in die 5^{de} eeu gebruik om die destydse Christen hede te onderskei van die heidense Romeinse verlede.

³ Fox (1993) beskryf Moderniteit as ‘n era wat ‘n aanvang geneem het met die Verligting. Dit word gekenmerk aan ‘n filosofiese verbintenis aan die rasonele en wetenskaplike verklaring van die wêreld en ‘n progressiewe versameling van kennis. Daarom dat moderne wetenskappe metodologiese strategieë gebruik word om realiteit al hoe meer “akkuraat” voor te stel.

grootskaalse verstedeliking wat aanleiding gee tot komplekse arbeidsverhoudinge. Die geskiedenis van die mens word implisiet gekarakteriseer as teleologies (met ander woorde dat elke verskynsel op 'n bepaalde doel gerig is) en eksplisiet beskou as optimisties (Hollinger 1994). "Modernity is characterized not only by the quest for objectivity and universality, but also by the other extreme of relativism and individualism" (Kvale 1992: 43).

Deur rede en rasionaliteit toe te pas word daar in die Verligting gepoog om die waarheid te ontbloot en die aard van objektiewe realiteit te verklaar. Wat die soeke na die waarheid betref staan die Modernisme in skerp kontras met die Middeleeuse geloof dat die kerk die waarheid en die aard van moraliteit bepaal, en dat dit nie die individue se verantwoordelikheid is nie. Die wetenskap as "teenmiddel" vir die Middeleeuse kerklike dogma is gebore in die Verligtingsera en gee daartoe aanleiding dat die individu, eerder as God en die kerk, die spilpunt in aangeleenthede is wat handel oor die waarheid en moraliteit. Individue moes nou self besluit wat realiteit werklik is en daarom toepaslike reëls formuleer waarvolgens moderne mense hul lewens kon rig (Burr 1995).

Die Modernisme is daarop gemik om, deur die toepas van reëls, al die verskillende mense van die wêreld op dieselfde wyse perseptueel waar te neem. Daarom dat die enigste aanvaarbare verklaringswyse die rasonele wyse was. Denkers in die Verligting was daarvan oortuig dat 'n vraag slegs oor een korrekte antwoord kan beskik: "[b]ut this presumed that there existed a single correct mode of representation which, if we could uncover it (and this was what scientific and mathematical endeavors were all about), would provide the means to Enlightenment ends" (Anderson 1997: 4)

Hoewel die moderne tydgees stam uit relatief voor die hand liggende Verligtingsidees, is die omskrywing van die Modernisme nie so simplisties nie. In verskillende dissiplines soos die filosofie, sielkunde, letterkunde en die reg word die modernisme (hoewel dit verskeie ooreenkomste toon) nietemin vakspesifiek gedefinieer. Die verskil tussen Moderniteit en Modernisme is daarin geleë dat eersgenoemde primêr verwys na die tydgees van die moderne era. Hierteenoor verwys die Modernisme nie alleen na die teorieë van Moderniteit nie, maar ook na moderne kultuur. Die Modernisme het daartoe bygedra dat konflik tussen verskillende waarhede tot stand kom. Moderniste kategoriseer die wêreld in verskillende natuurlike soorte (of dissiplines) soos in die breë beskou die Natuurwetenskappe en die Geesteswetenskappe. Modernisme verwys na 'n denkraamwerk wat op monoloë wyse absolute waarhede verenig en spesifiseer deur

gelowe en politieke oortuigings. Hierdie waarhede word voorgeskryf deur instrumente wat daaraan voorkeur gee soos sosio-kulturele en artistiese instellings wat “die waarheid” spieëlbeeld en dien (Young 1997: 56-62).

In *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge* dui Lyotard (1984: xxiii) aan dat hy die term modern gebruik om te verwys na wetenskappe wat ditself legitimeer deur gebruik te maak van metanarratiewe, soos die hermeneutiek van betekenis die emansipasie van die rasonele of werkende subjek of die opgaar van rykdom. Die Moderniteit kan daarom in die algemeen getipeer word as die *Era van Rede*. Dit is juis in hierdie tyd dat ‘n rasonele benadering tot wetenskaplike kennis tot ‘n hoogtepunt gedryf is. Vakkundiges wend hulle in die tyd (waarin die kerk⁴ - sy - houvas op die geleerdheid verloor het en verdraagsaam raak teenoor nuwe idees en wetenskaplike ontdekkings) tot rede en rasonele diskoerse as die basis van kennis. Ryan verduidelik dat: “This increased tolerance, the history goes, enabled Descartes and other scholars in the 17th century to base their science on observation, mathematics and reason in order to build a better account of nature and reality” (1999: 486-487).

Hoewel ander filosowe, Descartes⁵ dikwels as die voorloper van modernistiese filosofie beskou, word sleutelkonsepte van die filosofie ook deur Machiavelli, Bacon en Hobbes⁶ om maar enkele name uit te sonder, aangespreek. So byvoorbeeld spreek Descartes die aard van kennis en moderne metodologie aan; Bacon handel met die wetenskap as mag; Hobbes met politieke individualisme, die nuwe opkomende staat en die wetenskap van die aard van die mens; en Machiavelli bespreek die aard van moderne magspolities (Hollinger 1994).

Bacon wys daarop dat kennis die moderne mens in staat stel om kontrole uit te oefen oor die omgewing. Dit beteken dat die moontlikheid om voorspellings te maak ontstaan en dat onder andere ook die reg met sekerheid uitgelê kan word. Kennis kan daarom slegs vermeerder met die toename van die mens se mag oor die natuur. Bacon verskil dus radikaal van sy voorgangers vir wie kennis oor die natuur bestaan uit

⁴ “According to Toulmin a closer look at the events of the time reveals a rather different historical development. In his revised account, Toulmin suggested that rationality began to supplant religious authorities in the early part of the 16th century. In this picturing, the 1500s saw a tolerance in the church for new and radical thinking” (Ryan 1999: 187).

⁵ Vir ‘n bespreking van Descartes se teorie sien in die algemeen Sedgwick (2001).

⁶ Vir algemeen besprekings van Machiavelli, Bacon en Hobbes se perspektiewe sien onderskeidelik Milner (1995), Sylvester (1987) en Molesworth (1962).

passiewe begrip van 'n wêreld wat onveranderbaar is. Hy ontwikkel 'n liberale benadering tot die generering van feite sonder om toevlug te vind in bestaande teorie wat die feite (of waarheid) se betekenis moet verklaar (Ryan 1999).

In ooreenstemmende historiese konteks begin Descartes die filosofie, wiskunde en fisika eksploreer, op soek na iets waaroor hy sekerheid en klaarheid kon kry. Hierdie dissiplines lei Descartes tot die ontwikkeling van 'n epistemologie gebaseer op 'n eksterne stabiele realiteit en tot 'n navorsingsmetode wat gedissiplineerd en logies beheerbaar was. Descartes se taktiek was om die helderheid van sy eie bestaan te bevestig deur sy gedagteprosesse in orde te kry. Hierdie argument het hom daartoe gelei om te bevestig dat God bestaan en dat God se bestaan kennis van 'n eksterne realiteit waarborg. Die aanvaarding van die bestaan van God waarborg dat ons persepsies van die eksterne realiteit akkuraat is. Die taak van die navorser is om God se skepping te ondersoek deur middel van wetenskaplike analitiese metodes (Sedgwick 2001). Die gevolg van die ontwikkeling van hierdie wetenskaplike metodiek was dat die kosmos (fisiese realiteit) en die polis (sosiale realiteit) met een stel epistemologiese reëls geanaliseer is. “[Descartes] ends up by invoking the existence of God as the sole guarantor of an external reality” (Sedgwick 2001: 8).

Die sterk gestruktureerde onderbou in Descartes se werk blyk reeds uit sy analitiese beskouing van die mens, daarom dat hy metodiek as die fundamentele bousteen van kennis en waarheid uitsonder. Gevolglik kan ons argumenteer dat wanneer daar gebruik gemaak word van logiese metodes behoort nie net die reg nie maar alle dissiplines daartoe in staat te wees om die waarheid bloot te lê. Uit Galilei se opvatting oor objektiwiteit en subjektiwiteit in die moderne wêreld formuleer Descartes dat alles wat kenbaar is bewys moet word deur rasionele en objektiewe metodiek. Siende dat waarde-aannames nie volgens hierdie metodiek bewys kan word nie dra waarde-oordele nie by tot die corpus van wetenskaplike kennis nie. Morele oorwegings word vanselfsprekend by wetenskaplike kennis uitgesluit wat 'n modernistiese verklaring vir apartheidswetgewing bied.

Vir Descartes is die “objektiewe” daardie elemente van of in die wêreld wat in taal beskryf kan word. Buiten dit wat in die taal van die matematiese fisika beskryf kan word is niks objektief nie. “Perceptions, values, interpretations, perspectives, and all other mental languages cannot describe objective reality (Hollinger 1994). Die objektiewe realiteit skep of bepaal die individuele subjektiewe persepsies wat ook buite die objektiewe

kwantifiseerbare data van die fisiese realiteit resorteer. Ten einde die waarheid van die realiteit te ontdek het ons volgens Descartes 'n metode nodig wat self rasioneel en objektief is. Descartes stel voor dat hierdie modernistiese metodologie na 'n objektiewe hede verwys wat nie bevlek is met waardes, interpretasies, perspektiewe of sielkundige of ander faktore nie. Objektiewe kennis en waarheid is daarvan afhanklik dat die navorser ook objektief moet wees en alle subjektiewe eienskappe moet elimineer. Objektiviteit vereis ook van die navorser om 'n alomteenwoordige perspektief van die wêreld en sy subjekte te huldig soortgelyk aan die vermoë wat Dworkin aan die Herkules-regter toeskryf.⁷ Die idees wat Descartes reeds in die Verligting formuleer gee aanleiding tot 'n positivistiese en behavioristiese perspektief wat die sosiale en gedragswetenskappe - en ook die reg - as uitvloeisels van die fisika beskou (Hollinger 1994).⁸ Daarom dat kontemporêre regsinterpretasie beskou word op 'n universele kontinuum waar 'n bepaalde oorsaak 'n bepaalde gevolg het en aanleiding gee tot 'n bepaalde interpretasie. In die lig van Descartes se aannames kan regsinterpretasie dus nie realiteit objektief beskryf nie tensy regsinterpretasie self objektief is. Tog is interpretasie volgens Descartes 'n skandvlek vir modernistiese metodologie.

In die algemeen hou die Modernisme in verskillende dissiplines dieselfde doelstellings voor oë naamlik: voorspelling, veralgemening en objektiviteit. Tog wil die voorkom asof die Modernisme in die letterkunde reeds die kleur van die postmoderne aangeneem het.

⁷ Sien hoofstuk 3.

⁸ Wat die epistemologie betref is daar ses belangrike opvattinge op die modernis se agenda wat, onder andere uit die wetenskaplike filosofie van Descartes spruit. Die eerste verwys na die geloof in 'n eksterne realiteit (wat oopgevelek en beskryf moet word. Tesame hiermee word daar weg beweeg van sensories gebaseerde kennis wat veral in die 16^{de} eeu deur Bacon en Montaigne beklemtoon is. Die tweede punt dui op 'n fokusverskuiwing weg van orale diskoerse na 'n geloof in die legitimiteit van geskrewe tekste. Die uitdrukking om geloofwaardigheid te beklemtoon lui immers dat iets swart op wit staan. Oraliteit ervaar egter nou "weer" 'n belangrike herlewing. Retoriek is met ander woorde verruil vir formele logika. Die derde opvatting kondig ook 'n fokusverskuiwing aan. Insteede daarvan dat die besonderhede van die hier en nou bestudeer word, word gesoek na kennis wat universeel, algemeen en tydloos is. Indien ware kennis gemoeid was met 'n onafhanklik bestaande realiteit moet daardie kennis toegepas kan word op alle mense, in alle tye en alle situasies. In die vierde instansie word persoonlike assosiasies met realiteit minder belangrik geag as die feit dat realiteit versigtig gestruktureer en georden is. Vyfdens, rede stel die mens in staat om met behulp van natuurwette die onderliggende orde en strukture te begryp. Laastens, menslike geluk hang daarvan af of hierdie wette geken en gebruik word om materiële vooruitgang te verseker (Ryan 1999).

2 Literêre (Post?) Modernisme

Vanuit 'n literêre perspektief dui die Modernisme op enige beweging wat aan die begin van die 20^{ste} eeu in Wes-Europa en Noord-Amerika die vernuwung in die literatuur weerspieël. Hoewel dié beskrywing eerder verwys na moderniteit, omdat dit 'n periodisering van die beweging onderneem, roep die tydsaanduiding uiteenlopende bewegings op (Liebenberg 1992: 317). Ten spyte daarvan dat die Modernisme as sambreelterm na verskeie uiteenlopende bewegings verwys, staan die literêre Modernisme onder die teken van die ontluistering en ontnugtering van die Eerste en Tweede Wêreldoorloë. Modernistiese werke toon die onderskeidende kenmerk: "dat hulle getuig van 'n bewustheid van die kompleksiteit van dinge, en dit weier om 'n orde op die werklikheid af te dwing wat dit nie het nie" (Liebenberg 1992: 317). In die poësie weerspieël die toenemende gebruik van die vrye vers die modernis se poging om vry te breek van die 19^{de}-eeuse gefragmenteerde wêreldbeskouing. Verder blyk dit in modernistiese werke dat taal oor die onvermoë beskik om die gekompliseerdheid van die wêreld te verwoord, daarom dat nuwe uitdrukingsvorme ondersoek word. Hierdie breuk met orde en struktuur en die onvermoë van taal staan eerder in die teken van die postmoderne omdat die Postmodernisme juis ongebondenheid nastreef en die beperkinge wat ons op taal plaas erken (Anderson & Goolishian 1988: 376, Anderson 1997: 201).

'n Uitstaande kenmerk van modernistiese werke is die tema van digotomiese verhoudings. In Tessa de Loo se *De Tweeling* (wat 'n na-oorlogse roman is) staan universele dualiteite teenoor mekaar. So byvoorbeeld is goed en kwaad, die sekulêre en hemelse, konkrete realiteit en fiksie in konstante opposisie. Bo alles staan die moderne mens midde die gruwel omstandighede van Wêreldoorlog II waarin 'n stryd om lewe en dood woed, en 'n apokaliptiese einde dreig en eksistensiële vryhede teen mekaar woed. Die ontluistering van 'n wêreldse bestaan móét oorkom word ten einde transending na die vrye geestelike (of "fiktiewe") plaas te laat vind. In *Country of My Skull* veroorsaak die geskiedenis van Suid-Afrika dat tweeledigheid manifesteer in die opposisies; Nasionale Party teenoor die African National Congress (ANC), swart teenoor wit, armoede teenoor rykdom, verlig of bevry teenoor geheimsinnig of vasgevang en natuurlik ook goed teenoor kwaad.

Eie aan die Moderniteit word dualiteite ook op literêr teoretiese vlak onderskei. Ars poëtikale opvattinge word so ver gevoer dat dit wetenskaplike objektiwiteit vertoon. Modernistiese skrywers poog om uit die teks te tree en die teks 'n onafhanklike outonome bestaan te gun. "Letterlik beteken dit dat die werk vir homself [haarself] 'n wet is en nie met ander wette buite homself [haarself] gemeet kan word nie" (Viljoen 1992b: 363). Kortom beteken dit dat die werk selfregerend, selfstandig en eiewettig is byna soos 'n soewereine grondwet. As sodanig impliseer dit dat die literêre werk (soos die regs subjek in modernistiese terme) uit die konteks verwyder word, en geïsoleer word van die totaliteit van gebeurtenisse. Die werk of objek word dan primêr om estetiese redes beskou, met die formele aspekte daarvan wat voorop staan. Die veronderstelling is dus dat die waarnemer buite die waargenome sisteem staan (Meyer, Moore & Viljoen 1997). Die kunstenaar of skrywer en sy / haar werk (teks) staan apart van mekaar en sodoende word dit wat by die skepping daarvan 'n integrale eenheid was in digotomiese opposisionele verhouding geplaas. Postmoderniste sou eerder argumenteer dat teks en skepper nooit van mekaar verwyder kan word nie.

In teenstelling met die Modernisme vind ons dat Krog op ten minste twee wyses geheg is aan die teks. Haar betrokkenheid by die WVK-proses verleen aan haar 'n binnestaander perspektief wat haar en die teks met mekaar verbind. En in die teks skroom sy nie om haar verhouding met kommissielede, kollegas, haar familie, en haar geliefde te bespreek nie. So byvoorbeeld verwys sy na Kersfees saam met die familie, 'n uitval met die nuusredakteur en haar meelewing met slagoffers van apartheid.

In die ontluisterde wêreld van die modernis word 'n algemene selfbewustheid kenmerkend in die literatuur, 'n selfbewustheid wat ook by Krog te bespeur is. Die outeur is selfbewus in die skrywerspoging en relativerer dit wat gesê word dikwels in metalinguale kommentaar. Relativering vind veral plaas deur die bewussynstroomtegniek waarin die outeur nie die feite objektief en outoritêr oortel nie, maar die subjektiewe ervarings van die karakters uitbeeld. In die modernistiese teks word die protagonis (soms ook die newekarakters) as 'n "uitgeworpe" (individue) in die ligkring van die lewe uitgeskuif. Die klem wat in moderne tekste op individualisme geplaas word verklaar ook die sosiale onbetrokkenheid van die Modernisme wat in skerp teenstelling staan met die subjektiewe betrokkenheid van postmoderne outeurs.

3 Algemene Regsmodernisme

'n Raakpunt tussen die Modernisme en die Realisme is dat daar in beide benaderings gepoog word om in die literatuur: "n waarheidsgetroue, ongeïdealiseerde uitbeelding van die werklikheid" te skets "waarby die hier en nou van die leser en skepper (kunstenaar) 'n sentrale plek inneem" (Van der Elst 1992: 417). Modernisme hunker na ware teenwoordigheid. In die opsig sluit die Amerikaanse Realisme aan by die Modernisme en Realisme in die letterkunde. Ook die regsrealiste hunker na teenwoordigheid, omdat hulle poog om die statiese beeld van die reg af te skud en aan te pas by die omwentelinge wat die modernistiese wetenskap oplewer. In hul strewe na teenwoordigheid waarin die hier en nou sentraal staan poog die realiste om die gaping tussen die reg en die samelewing te verklaar deur hulle te wend tot ander interdisiplinêre velde. Die Amerikaanse realis Dean Roscoe Pound argumenteer in sy sosiologiese regsteoretiese benadering dat regters in hul besluitneming eksplisiet die sosiale en ekonomiese gevolge in oorweging moet neem (Minda 1995: 5). Die sosiale en politieke kan beskou word as die "hier en nou" wat regterlike besluitneming moet onderlê.

Net soos die term moderniteit in ander dissiplines die tydperk voor die aanbreek van die Postmodernisme aankondig, geld dieselfde vir die regsleer. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys Regsmodernisme na die intellektuele posisie van skrywers in die regsfilosofie wat 'n modernistiese beskouing huldig. Die skrywers het geglo (of glo steeds) dat een enkele outeur die "korrekte antwoorde" van die mees ingewikkelde en kontroversiële probleme in die reg kan ontdek. Die antwoorde kan ontdek word, want onthou vir die modernis is die waarheid iets daar buite wat gesoek en gevind kan en moet word. "Modern legal theorists believe that they can discover the 'right answers' of 'correct interpretation' by applying a distinctive legal method based on deduction, analogy, sociology, economics, and scientific method" (Minda 1995: 5).

Regsmodernisme stel die progressiewe eenwording van wetenskaplike objektiwiteit en instrumentele rasionaliteit voor wat streef na die intellektuele projek van die 20^{ste} –eeuse Verligting. Die eeu-oue soeke na die universele waarheid wat gebaseer is op die geloof in die almoëndheid en bevrydende potensiaal van rede en wetenskap is een van die primêre konseptuele boustene van die Regsmodernisme. Rede en die wetenskap stel die modernis in staat om die waarheid omtrent fisiese en sosiale toestande binne te dring en dus te kan wysig en rasioneel te kontroleer. Moderniste druk die intellektuele en kunstige soeke na volmaaktheid uit deur 'n onthullings- of

ontmaskeringsproses van die geheime van die wêreld wat die mens verhoed om buite sekere kontekste te transendeer wat menslike begrip beperk (Minda 1995).

In aansluiting by die literêre beklemtoning van die individu, verwerp die moderne regsbenadering die oordrewe klem wat premoderne denkers op die gemeenskap geplaas het. Die individu se vermoë om rationeel selfversorgend te handel word beklemtoon. Die digotomiese aard van die modernisme kom na vore: eensyds wanneer 'n wetenskaplike bestuurstyl gebaseer op objektiewe feite voorgeskryf word, en andersyds wanneer moraliteitskwessies oorgelaat word aan die subjektiewe individu. Moderniste glo dat objektiewe waarhede en universele beginsels die fundamente van die gemeenskap moet wees, aangesien die subjektiwiteit en "relativisme" wat postmoderne denkers voorstaan lei tot nihilisme en sosiale anomalie (Kvale 1992: 14). Om die gevoel van nihilisme en sosiale anomalie te elimineer argumenteer moderniste ten gunste van waardes wat rationeel oorweeg moet word. Outonomie, rasionaliteit en objektiwiteit kleur die lense waardeur die modernis (positivis) die regsisteem analiseer en interpreteer.

Omrede interpretasie van regstekste of die idee om 'n (kon)teks tot begrip te bring sentraal staan in die studie, is dit belangrik om te weet hoe Regsmodernisme interpretasiepraktyk beïnvloed. Moderne interpretasiepraktyk is gebaseer op die veronderstelling dat taal aanneem dat woorde en konseptuele idees oor die vermoë beskik om objektief die betekenis van gebeure vas te vang wat deur die reg beskryf en gekontroleer wil word. Regstaal gebruik abstrakte digotomiese kategorieë soos die onderskeid tussen: objek / subjek, reg / gemeenskap en kern / penumbra om regsreëls te konstrueer wat die behoefte aan veralgemeenbaarheid en objektiwiteit in die reg (soos in ander modernistiese wetenskappe) sal bevredig. Moderniste glo dat hierdie digotomieë die regsisteem toelaat om natuurlike besluite te neem deur die mag van regsinterpretasie te begrens (Minda 1995: 5-18). Dit kom dus as geen verrassing nie dat moderne interpretasiestrategieë reëls of metodes neerlê waardeur gestruktureerde, objektief en wetenskaplik geoorloofde interpretasie gedoen kan word. Hierdie reëls verleen aan die interpretasieproses (en daarom ook die reg) konsekwentheid en gevolglik geloofwaardigheid. Want, indien die voorgeskrewe "resep" (interpretasie metode) gevolg word, behoort verskeie lesers van dieselfde teks tot dieselfde interpretasie daarvan gestuur te word. Die uiteindelijke oogmerk hiervan kan in drie modernistiese terme (wat ook die motto vir moderniste is) saamgevat word: voorspelbaarheid, veralgemeenbaarheid en objektiwiteit.

4 Sielkunde in moderne terme

Nie alleen het daar in die reg 'n behoefte om veralgemeenbaarheid en objektiwiteit ontstaan nie, maar ook in die sielkunde. Aan die een kant poog die regswetenskap om reëls te formuleer wat die verhoudings tussen mense en instansies reguleer, en aan die ander kant poog die sielkunde om teoreties gefundeerde wette saam te stel om die sosiale interaksies tussen mense te verklaar. Die sosio-historiese konteks waarbinne die reg 'n modernistiese kleur aanneem beïnvloed ook ander dissiplines – insluitende die sielkunde – om 'n metamorfose te ondergaan.

Sedert die Verligting staan die mens (veral die man) sentraal binne die kenbare wêreld waarin die 19^{de}-eeuse mens in terme ontleen uit die romantiek beskryf word. Aan die self word karaktereienskappe toegedig met woorde soos; passie, siel, kreatiwiteit en moraliteit. Hierdie woordeskat is essensieel in die formulering van diep gewortelde verhoudings, toegewyde vriendskap en lewensdoelstellings (Gergen 1991).

In terme van individuele ontwikkeling impliseer die moderne klimaat dat die self (soos die Freudiaanse ego) wat kulturele aangeleenthede betref tot byna goddelike status verhef word. Die self is ook as kenbaar geïdentifiseer omdat die wêreld waarin die self funksioneer geken kán word. Die self word daarom die fokus van die mens se wil, keuse en gratifikasie. Uiteindelik lei dit daartoe dat die self van ander uitgesonder word, omdat die ander nie erken word nie en ontwikkeling saam met die ander nie geskied nie.⁹ Insteeds hiervan word klem eerder geplaas op die oorweldigende mag van die kollektiewe om sodoende beheer uit te oefen oor die individuele self (Young 1997). "For modernists the chief characteristics of the self reside out in the domain of depth, but rather in our ability to reason – in our beliefs, opinions, and conscious intentions" (Gergen 1991: 6). In die modernistiese idioom is die "normale" mens voorspelbaar, betroubaar en openhartig. Moderniste plaas 'n hoë premie op die onderrigstelsel, 'n stabiele gesinstruktuur, morele opvoeding en rasonale keuses (Gergen 1991).

Die wetenskaplikheid van die sielkunde is daarom gebaseer daarop dat die individuele subjek aanvanklik oor 'n interne siel beskik en later ook interne psigiese

⁹ Hierdie toestand kan in verband gebring word met die beleid vir afsonderlike ontwikkeling wat deur die Nasionale Partye regering in die apartheidsjare voorgelê is. Dit wil voorkom asof die oorbeklemtoning van individualisme menslike kollektiwiteit negeer en ons sosiale verhoudings belemmer. Die klem wat die Sosiale konstruksionisme op plaaslike narratiewe plaas ontken nie die belang van individualiteit nie, maar beklemtoon terselfdertyd ons sosiale narratiewe saambestaan. Ons is immers almal sáám onder die spel van stories.

apparatuur. Die verklaring van die spesie en hul interaksie met die omgewing is primêr oorgelaat aan die teoretiese ontleding van die mens. Die moderne era van die sielkunde word daarom gepas deur Koch (Kvale 1992) getipeer as die *Era van Teorie*. Vier algemene temas wat in die *Era van Teorie* nagestreef word is: ekstrensiese legitimasië, universaliteit, abstrakte rasionaliteit en meetbaarheid.

Ten einde die kwalifiserende kriteria van die Modernisme na te streef is metanarratiewe ontwikkel en ten minste teoreties aangewend. 'n Metanarratief verwys na 'n versameling reëls wat bepaal of 'n aanname of narratief geldig is gegewe die genre of diskoers waarbinne dit plaasvind (Malpas 2001: 1-11).¹⁰ Hierdie metanarratiewe bied: "a way of understanding the entire social world in terms of one all-embracing principle (e.g. for Marx it was class relations), and therefore recommendations for social change were based upon this principle (in this case, revolution by the working class) (Burr 1995: 13). Die metanarratief stipuleer dus die grondstellings wat kommunikasie laat plaasvind, en bepaal of 'n narratief legitiem is ten opsigte van 'n bepaalde genre. Dit beteken dat apartheidswetgewing legitiem is binne die apartheidsnarratief.

Die reëls van die metanarratief bepaal ook die graad van waarheid of valsheid van die narratief (Malpas 2001). Filosofiese benaderings soos die fenomenologie, eksistensialisme en hermeneutiek is as eksterne metanarratiewe van legitimasië aangewend. So byvoorbeeld poog Victor Frankl om die lot van die mens te verklaar met terme wat ontleen word uit die eksistensialisme. Burrhus Skinner wat alom bekend is as radikale behavioris ontken die basiese beginsels van die *Era van Teorie* omdat sy dekonstruksie van geestelike psigologiese konsepte verband hou met die fenomenologie en postmoderne denke (Kvale 1992). Selfs 'n behavioris kan in 'n geringe mate interdisiplinêr te werk gaan en daarom 'n kenmerk van die Postmodernisme toon. Die soeke na legitimasië "dwing" as't ware die modernistiese denker om in ander dissiplines bevestiging vir die sielkunde te vind. In 'n postmoderne era is interdisiplinariteit aan die orde van die dag daarom dat die legitimasië van die sielkunde uit die filosofie reeds die postmoderne era aankondig.

¹⁰ Lemert (1997:67) bied die volgende verklaring van metanarratiewe aan: [metanarratives are] widely shared cultural stories by which a society, or social group, sometimes expresses the most fundamental ideals, or "truths," of their culture; as in: the metanarratives of modernism whereby scientific truth is considered to be objective and, simply, "true".

Die “nuwe” beweging in die sielkunde bevestigte juis die modernistiese getrouheid aan realiteit, waarheid, objektiwiteit, voorspelbaarheid en universalisme. Die universalismes wat bevestigte word verwys onder andere na modernistiese idees wat manifesteer in algemene alledaagse persepsies, taal, ondervindinge en verklarings. Kern konsepte in die sielkunde soos: ontwikkeling, gedrag, die individu, die self, en digotomieë tussen rasionaliteit en irrasionaliteit, normaliteit en abnormaliteit wat stam uit die filosofiese wetenskappe word in die Sielkunde opgeneem om die mens en sy wêreld tot rasionele begrip te bring.

Nietemin kan die beeld van ons eietydse sielkunde – tot die ekstreme vereenvoudig - so saamgevat word: Behavioriste analiseer gedrag en denke binne die steriele parameters van wit, kliniese laboratoriums op die maat van klok geluid en elektriese impulse. Watson skryf oor die behavioristiese metodiek die volgende: “Psychology as the behaviorist views it is a purely objective experimental branch of natural science. Its theoretical goal is the prediction and control of behavior” (Kvale 1992: 45). Psigoanaliste doen presies wat die naam van die beweging tipeer, naamlik die “onmoontlike” taak om die menslike psige met drie woorde - id, ego en superego - te analiseer en te karteer. Kvale meen dat “[t]he psychoanalyst came to be a positivist Sherlock Holmes, intelligently finding the concealed and buried meaning, a waiting discovery” (1992: 45). Die eksistensialis soek knaend na die sin van ons bestaan daarom dat titels soos *Mans’s search for meaning*, *The unheard cry for meaning* en *The will to meaning* blitsverkopery is wat herhaaldelik “revised and updated” uitgereik word. En, tot vandag wag die “moderne” mens op nog ‘n blitsverkoper met ‘n titel wat waarskynlik sal lees *At last (Wo)Man found the recipe for meaning*.

In die lig van ‘n algemene beskouing van die sielkunde kan die Sosiale konstruksionisme geposisioneer word tussen eksogene en endogene tradisies. Die twee hoofstrome kan onderskei word op grond van hul epistemologiese oriëntasies of modelle van kennis. Aan die een kant herlei denkers soos Locke, Hume en Mills die oorsprong van kennis as kognitiewe representasie na gebeure in die reële wêreld. Locke het immers die mens by geboorte as *tabula rasa* (of skoon skryfbord) beskou wat met die verloop van die tyd met idees en kennis vanuit die omgewing “beskryf” word (Meyer *et al* 1997). Die ideaal is dat kennis die profiel van die wêreld sal fotografeer. Werklike kennis karteer of spieël die aktualiteit van ‘n reële wêreld.

In teenstelling hiermee het filosofe soos Spinoza, Kant, Nietzsche en ander fenomenoloë 'n endogeniese perspektief aangeneem. Vanuit die perspektief is kennis afhanklik van prosesse wat inherent deel van die organisme is. "Humans harbor inherent tendencies, it is said, to think, categorize, or process information, and it is these tendencies (rather than features of the world in itself) that are of paramount importance in fashioning knowledge" (Gergen 1985: 269).

Die kontemporêre siening van die wetenskaplikheid van kognitiewe sielkunde is dat dit 'n byproduk is van empirisme of eksogene filosofie wat daaraan gebonde is om 'n objektiewe beskouing van kennis te huldig. Eksperimentele sielkunde ontwikkel daarom metodes om kennis omtrent kognitiewe prosesse objektief vas te lê. Gergen beskryf die onhoudbare situasie waarin navorsers hulself bevind as volg:

To the extent that the investigator claims to achieve an accurate representation of the world (thus rendering support for exigencies), it threatens the view that it is the world as represented (cognized) rather than the world in itself which is of importance. In seeking objective truth (that which is true independent of subjective appraisal) the cognitive researcher thus denigrates the importance of the very processes he or she seeks to elucidate (1985: 269).

Die eksogene basis van die wetenskaplike handeling ondermyn die geldigheid van die endogene teorieë wat bestudeer word. In die geskiedenis lees ons dat daar konstant heen en weer tussen die endo- en eksogene perspektiewe gependel word.¹¹ Teen hierdie agtergrond kan ons die opkoms van die Sosiale konstruksionisme waardeer. Insteede daarvan om die beweging van die pendulum op te som is die uitdaging nou om die subjek-objek dualisme te oorkom en 'n "nuwe" benadering te ontwikkel wat gebaseer is op 'n alternatiewe (nie-empiristiese) teorie.

¹¹ Gergen beskryf die pendulum rit as volg:

Essentially, the history of the philosophy of knowledge can largely be written in terms of a continuous series of pendulum swings. We have witnessed the conflict between Plato's pure forms of knowledge versus Aristotle's concern with the role of sensory experience; between the authority granted to experience by Bacon, Locke, and Hume versus the rational capacities granted to the mind by Descartes, Spinoza, and Kant; between the emphasis placed by Schopenhauer and Nietzsche on will and passion in the generation of knowledge, and the

5 Die moderne belofte

Sentraal tot die Modernisme staan die mens op soek na betekenis in 'n kontemporêre wêreld waarin die wetenskaplike metodiek nie alles wat om verklarings vra tot begrip kan bring nie. Die onbevredigende soeke na betekenis kan 'n aanduiding daarvan wees dat die "soekenjin" (in die geval die modernistiese metodiek) waarmee gesoek word uitgedien is. In 'n dinamiese wêreld waarin voortdurende verandering met "sekerheid voorspelbaar" is, verander ook die perspektiewe waarin ons die wêreld beskou. Die filosofie is een van die dissiplines wat aanvanklik gepoog het om struktuur te verskaf ten einde die verandering te verstaan en die chaos wat daarmee gepaardgaan te kontroleer.

Nietemin het die moderne wetenskap drastiese veranderinge en verbeteringe vir ons sekulêre bestaan opgelewer. "Medicine and sanitation were improving life chances, better weapons invented new conquests, and innovations in technology – electric lamps, churning machines, sewing machines, motion pictures, radio, motor cars, and then airplanes – promised a utopia on earth" (Gergen 1991: 29). Filosofe aan die begin van die 20^{ste} eeu steun op die positivistiese aannames van onder andere Descartes, Bacon en Comte om die reëls neer te lê ten einde objektiwiteit te bekom. Die moderne belofte was immers dat indien die reëls en prosedures wat toegepas is in "suksesvolle" wetenskappe soos die chemie en fisika breër toepassing geniet dit die wêreld sou verlos van mistisisme en spekulasie.

Wetenskaplike bewysreëls en denke sou ook in alledaagse besluitneming met sukses aangewend kon word. "So promising were the possibilities that by the middle of the twentieth century the philosophy of science (and its handmaidens, analytic philosophy) had eclipsed all other forms of philosophic inquiry" (Gergen 1991: 30). Lemert beskryf die moderne belofte wat in die vooruitsig gestel is so:

The modern world promised economic progress, social equality, freedom from want, and peace. In the lack of which, people today rightly wonder why they face so much poverty, inequality, hunger and disease, civil strife. [...] Does the modern world still realistically offer what for so long it had promised?" (1997: 3-4).

attempts of logical positivists to ground all knowledge in observables. What is to prevent the same historical trajectory in psychology? (1985: 269).

Maar, bied die postmoderne era met postmoderne denke 'n antwoord op die lank verwagte moderne beloftes? Gaan die Postmodernisme dit verwesenlik waarin die modernisme “gefaal” het? Wat is die reperkussies wat die Postmodernisme veroorsaak vir die filosofie, regsleer, sielkunde en letterkunde in die algemeen en spesifiek met betrekking tot die doelstellings van die studie? Wat is die implikasies van 'n postmoderne verwysingsperspektief nie alleen vir die sosiale nie, maar ook spesifiek vir Suid-Afrikaanse regsinterpretasie? Meer nog, wat is die Postmodernisme?

Tussenspel

Elegant stap 'n Asiatiese vrou oor my televisieskerm. Sy is geklee is 'n eenvoudige wit rok wat die amber kleur van haar vel en fluweel swart hare komplimenteer. 'n Kelner stap die vertrek binne. In sy hande: 'n skinkbord met wit mengeldrankies en swart rooiwijn. Die vrou steek haar hand uit om 'n drankie te neem, maar die kelner agtervolg die skinkbord verdwynend tussen die ander gaste in. Haar rok verkleur en word swart wanneer sy verby 'n swartman stap wat 'n wit skaakstuk minagtend in die slag laat bly. Soos 'n verkleurmannetjie (-vroutjie?) verander haar rok - wit, swart, wit, swart - en nie Swart of Wit laat haar in die geselskap toe nie. Die geklingel van kelke wyn en skyn geselligheid word verbreek wanneer 'n anonieme moderne stem skielik blêr: "Time to show our true colours". Ons "ware" kleure? Uiteindelik is die advertensie verby en word die vrou een more wakker met *Lotus FM* se slagspreuk wat haar stralend tot die "realiteit" roep: "Where not everything is black or white".

Deur dieselfde skerm betree ek aand na aand ander lande. Hierdie skerm wys my torings wat ineen stort, oorloë wat soos paddastoele rond-en-bond verrys en kinders wat deur 'n woestyn van manlike behepteid met mag verswelg word. Dit is ook dié skerm wat die "waarheid" vertel omtrent die Enron-skandaal, die verspreiding van Neviropine, die fiksie van VIGS en terroriste byvoorbait vonnis. Hierdie skerm en die ander papier variante van die media-familie doen nie alleen daagliks verslag van ons doen en late nie, maar reël ook ons dagboekinskrywings. Weerkaarte bepaal wat ons aantrek, effektebeurs kolomme dien as barometers van sukses, filmresensies en die televisiegids bepaal wat ons kyk, artikels oor geweld veroorsaak paranoia en politieke uitsprake kulmineer in oorloë. Kortom, ons leef in 'n plastiese wêreld wat regeer word deur swart bedrukte koerante wat more afgeleef en windverwaai in strate dwarrel.

Die skerm verander ook in 'n surrealistiese doek waarop prokureurs soos drake vuur kan spoeg en psigoties hul kliënte se koppe af byt. Spesiale agente soek na buiteruimtelike lewe en laat ons glo dat die waarheid daar buite is. Onbekende kosmiese kwadrante word saam met *Star Trek Voyager* besoek terwyl voyeuristiese realiteitstelevisie in die gedaante van *Big Brother*, *Survivor*, *Popstars*, *Idols*, *Lost* en *The Amazing Race* 'n ongekende hoogtepunt bereik.

En eendag nie so lank gelede nie word die wêreld stil toe 'n Engelse prinses en haar Egiptiese "prins" verongeluk. Die ongeluk vind plaas in 'n doolhof van tunnels in

Parys die liefdestad *par excellence*. Die Duitse “koets” is tot skrootyster verfrommel, die Franse wag oorleef die aanslag en die Italiaanse chauffeur sterf. ‘n Kubaanse dokter verklaar later dat die Engelse prinses gesterf het. Op hierdie trant kan ek tot in ewigheid aanhou om ‘n pastiche van die postmoderne lewe saam te stel.¹

En steeds wonder ons, wat gaan aan?

Wat veroorsaak die opbloeï van kulturele chaos en kreatiwiteit? Wat veroorsaak hierdie steierende, uitgelate pluralisme? “What gives so many people a feeling of permission to tinker with the hallowed symbolic heritage of societies – mixing rituals and traditions like greens in a salad, inverting new personal identities, revising old political ideologies, picking and choosing what to believe and what not to believe?” (Anderson 1997: 3).

Tog wil dit vir my voorkom of ons midde ‘n groot, gekompliseerde, spanningsvolle dog ongelooflik belowende historiese transformasieproses is. Hierdie proses het nie in so ‘n groot mate te doen met dit waarin ons glo nie, maar eerder in die hoe ons voortaan oortuigings vorm en daarin glo, mits ons enigsins glo (Gergen 1991: 45-50).

Die veranderinge wat met die postmodernisme gepaardgaan impliseer dat die wetenskap nie meer as absolute en finale waarheid beskou word nie, maar verstaan word as ‘n versameling van idees wat konstant verander. Tog bestaan daar sekere konstantes soos lig wat steeds teen ‘n “afgeronde” 300 000 km/h beweeg en gravitasie wat al die water steeds na die see laat vloei. Dit is ook moontlik dat persepsies omtrent die tydlose waarheid van religieë verander en dit beskou as ‘n produk van ‘n bepaalde kultuur – steeds word dieselfde gode slaafs aanbid in dieselfde kerke, moskees en tempels. “People all over the world are now making such shifts in belief – to be more precise, shifts in belief about belief” (Anderson 1997: 2). In essensie is ons besig om dit wat reeds geïnterpreteer is weer en weer te interpreteer. Die moontlikheid bestaan dat die heersende “chaos” toegeskryf kan word aan ‘n stelsel wat nie gesinchroniseer is nie. Miskien verander die wyse waarop ons interpreteer vinniger as dit wat om interpretasie vra of andersom?

¹ Sien ook in die algemeen Jameson (2000) se hoofstuk oor die Postmodernisme waarin hy die pastiche aard van hierdie kontemporêre era benadruk. Ten opsigte van die reg verbind Benson (1990), Jameson (2000) se kulturele Postmodernisme met die *Critical Legal Studies* beweging. Benson meen dat die reg net so gefragmenteerd word as die sosiale.

Nietemin, ons staan op die periferie van 'n era waarin die fundamentele strukture van die sosiale bedreig word deur kontemporêre radikale interpretasie. Dit is 'n tydperk waarin aangeleenthede soos die aard van waarheid nie net deur filosowe bedink word nie maar deur byna die hele samelewing. Ons staan inderdaad op die oewer van 'n postmoderne see wat met elke spoel die stabiliteit van die land verder eksplorieer.

2

“liberation”

1 Inleiding ¹

Hierdie hoofstuk is vernoem na die gedig “liberation” uit die bundel *Gedigte* (1995). Net soos Krog in die gedig die veranderinge in die Suid-Afrikaanse politieke bestel beskryf, skets ek in die hoofstuk die moontlike veranderinge wat ‘n postmoderne benadering vir regsinterpretasie antisipeer. Hoofstuk twee handel primêr oor die Postmodernisme en die posisionering van die Sosiale konstruksionisme binne hierdie filosofie. Vyf postmoderne temas struktureer die hoofstuk. Hierdie temas is: *realiteit, taal, waarheid, betekenis* en *interpretasie*.

Sedert die middel van die vorige eeu, na Wêreldoorlog II en die Holocaust, kon die “drogredes” van die Modernisme nie meer die sosiale stelsel onderhou nie (Young 1997: 34). In die plek van en uit die Modernisme ontwikkel talle perspektiewe wat saam gegroepeer word onder die term postmodern.² In die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu is postmoderne temas in die argitektuur, literêre kritiek en sosiologie veral in die Verenigde State onder die loep geneem. In Frankryk neem die besprekings oor die postmoderne veral in die sewentiger- en tagtigerjare toe en die postmoderne tydgees kom ook onder die aandag van die algemene publiek (Gergen 1991: ix-xiv, Kvale 1992: 1-16). Die term postmodern word toenemend in byna elke denkbare vertakking van die samelewing gebruik (Anderson 1997: 3-10, Malpas 2001: 1-11, Shotter 1992: 58-73). Postmodernisme is ‘n woord wat geeneen wat belangstel in die sosiale kan vermy nie.³

¹ Die tipografiese skeiding tussen die postmoderne verwysingsperspektief en die voorafgaande bespreking oor die Modernisme in hoofstuk twee dui geensins op die skep van ‘n opposisionele verhouding tussen die Moderniteit wat die Postmoderniteit histories voorafgaan nie. Die skeiding wil nie histories of teoreties vyandskap bewerkstellig nie, en is oorweeg op grond daarvan dat dit beide die skryf- en die leesproses waarskynlik kan vergemaklik.

² Die oorsprong van die Postmodernisme is net so vloeibaar as wat sommige idees van die benadering is. Is die Postmodernisme ‘n uitvloeisel van die Modernisme? Postmoderne skrywers verkies soms om die geskiedenis so aan te bied dat hulle eie idees as radikaal “nuut” voorgestel word. Postmoderne temas word wel aangetref in die Romantiek van die vorige eeu, Surrealisme en letterkunde en kan daarom nie nuut wees nie. Wat wel nuut is, is die deurdringendheid van postmoderne temas in die algemene kultuur (Kvale 1992).

³ In hierdie konteks is dit nodig om die betekenismoontlikhede wat die woord – sosiale – oproep te ondersoek. In die algemeen dui die sosiale op dit wat betrekking het op menslike groepsverhoudings. Tog dink ek dat hierdie

Of die Postmodernisme 'n hoogtepunt in die kunste aankondig en of dit die verval van alle moderne standaardstrukture aandui, een saak bly “seker”, die postmoderne era is nou en eksplisiet hier.

Ten spyte daarvan dat die Postmodernisme betekenis ontwyk is dit nodig om 'n momentele blik van die benadering te skets. Maar, waar begin mens om 'n ondefinieerbare konsep te verwoord? Siende dat daar nie vaste karaktereienskappe is wat die postmoderne tipeer nie, waarna kyk ons dan om te weet wat postmodern is? Wat maak die era postmodern? Wat is postmoderniteit?

Met die eerste oogopslag skep die term postmodern heelwat probleme. Op sigself is dit 'n kontroversiële en dubbelsinnige begrip wat op beide linguistiese en filosofiese gebied diverse reaksies ontlok. Die linguistiese samestelling van die woord “postmodernisme” kan ook bevraagteken word, omdat dit eksplisiet paradoksaal is. “A postmodern approach to history is neither a reverence for the past nor a modern erasing of traditions and starting anew from a *tabula rasa*” (Kvale 1992: 7). Die term poog geensins om 'n opposisionele verhouding met die Modernisme tot stand te bring nie. Postmodernisme is nie anti-modern nie.

Om die dubbelsinnigheid verder te kompliseer voer Lemert in reaksie op die definiëring van postmoderne terme aan dat:

[A] glossary of postmodern terms ought to be impossible not because the postmodern is itself any more impossible than the modern. Rather it is impossible to in the sense that the intimations of postmodernity that some find disturbingly real are, among much else, public murmurings about the possibility that even the modern is not so real as modernists would like it to be and, for a number of centuries, believed it was (1997: 64).

Ten spyte van hierdie ondefinieerbaarheid van die postmoderne bestaan daar verskeie variante van die term soos postmoderniteit, postmodernisme en postmoderne denke of bewustheid wat in die literatuur en ook in dié teks gebruik word. In 'n poging om die

betekenis uitgebrei kan word om te verwys na alles waarmee die mens in interaksie tree. Dit beteken dat strukture soos byvoorbeeld die reg, die WVK en die media by die sosiale ingesluit kan word.

dubbelsinnigheid met begrip toe te lig en die kontroversiële aard van die postmoderne te verduidelik volg hier 'n beskrywing van die variante van hierdie term.⁴

In wat Lemert (1997) noem “The Impossible Glossary (in postmodern sense)” beskryf hy postmoderniteit as die historiese periode wat die einde van die moderniteit aankondig. Postmoderniteit dui ook op die komplekse geheel van 'n reële sosiale historiese periode. Postmoderniteit kan beskou word as 'n periodiserende begrip. In dieselfde luim verklaar Kvale dat: “[p]ostmodernity refers to an age which has lost the Enlightenment belief in emancipation and progress through more knowledge and scientific research. Postmodern society consists less of totalities to be ruled by preconceived models than by decentralization to heterogeneous local contexts characterized by flexibility and change” (1992: 2). Postmoderniteit is 'n term wat wyd in fokus is en verwys na 'n era in verskeie dissiplines soos die letterkunde, argitektuur, kuns, politiek, filosofie en meer onlangs ook die populêre kultuur of pop-kultuur (Gergen 1991: 18, Young 1997: 16).

Die binnedring van hierdie domeine deur die postmoderne hou ook verband met die beskryf van Postmoderniteit as 'n era van oormatige blootstelling aan andersheid. Hierdie oormatige blootstelling aan andersheid word meegebring deur: 'n krimpende wêreld waarin reisigers (denkers) die uithoeke van die aarde kan besoek en juis daarom “nuwe realiteite ontdek”. Ook manifesteer andersheid in die migrasie van mense. Ongemerkt vloei informasie in elektroniese netwerke heen-en-weer en eksplorieer “megabite-mense” soos wafferse ridders op die “rûe van muise” nuwe virtuele wêreld.

Die veelvuldige perspektiewe van die nuwe tegnologie dra daartoe by dat die grense tussen realiteit en fantasie vervaag en die eertydse geloof in 'n objektiewe rasionele realiteit ondermyn word. Tegnologiese vooruitgang bring mee dat ons bewus is van verskeie vorme van kennis in die natuur- en sosialewetenskappe, uiteenlopende gelowe en 'n “vrye” keuse van leefstyle (Burr 1995). In meer beskrywende terme skryf Kvale (1992) dat postmoderniteit verwys na die verlies aan die geloof (wat stam uit die Verligting) in emansipasie en progressie wat verkry word deur die opgaar van kennis en wetenskaplike navorsing. Die postmoderne gemeenskap bestaan uit minder totaliteite wat bestuur word deur voorafopgestelde modelle. Ook neem die desentralisering van heterogene plaaslike kontekste af wat gekenmerk word aan buigsaamheid en

⁴ Hier word nie gepoog om die terme te definieer en met mekaar te vergelyk nie. Die beskrywing lig bloot verskeie betekenis toe.

verandering. Of soos Cees Nooteboon dit stel: "Lisabon, Amsterdam, Venice, dear capitals of vanished empires, lessons to London and Paris. Hegemony does not last for ever" (2002: 133). In die postmoderne era word die onderskeidslyne tussen realiteit en fantasie uitgewis. Die vervaging van die onderskeid tussen realiteit en fantasie dra daarom by tot die ondermyning van die modernistiese objektiewe realiteit. Die modernistiese strewe na 'n getroue beeld van "die reële" veronderstel dat 'n objektiewe waarheid en objektiewe realiteit moet bestaan (Holzman 1999).

Met al hierdie invloede en die toeganklikheid daartoe word dit al hoe moeiliker om 'n geïsoleerde (pre)moderne bestaan te voer of selfs 'n moderne bestaan wat gebaseer is op 'n georganiseerde waardesisteem. Interne "burger-oorloë" woed in byna al die prominente modernistiese dissiplines en waardestrukture. Aanhangers pendel in en uit gelowe en eienaardige nuwe variante soos vryemark kommunisme, feministiese Christenskap en "New Age" wetenskappe ontstaan. "We are living in a new world, a world that does not know how to define itself by what it is, but only by what it has just-now ceased to be" (Anderson 1997: 6).

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat enige streng definiëring wat 'n opposisionele verhouding tussen Postmoderniteit en Postmodernisme skep te reduksioneel is. 'n Onderskeid van die aard veroorsaak dat artistieke, filosofiese en kulturele bewegings geskei word van die sosiale omgewing waarin dit geskep is (Malpas 2001: 1-11). Postmodern is nie net 'n ander woord waarmee nuwe style beskryf word nie. Dit is veel meer. Dit dui die vermenging van kulture aan, korreleer 'n nuwe tipe sosiale lewe en kondig 'n nuwe ekonomiese orde aan (Jameson 2001: 233). Postmodernisme word dikwels gebruik om 'n algemene kulturele transformasie in Westerse gemeenskappe aan te kondig (Polkinghorne 1992: 119-134).

Die term Postmodernisme ontwyk betekenis en interpretasie, en juis daarom veroorsaak dit 'n intellektuele dilemma vir kontemporêre skrywers en denkers. Buitendien, hoe kan die betekenis van die term agterhaal word indien die Postmodernisme nie ten gunste is van die gebruik van definisies nie? (Minda 1995: 2). Minda skryf die problematiese situasie waarin die Postmodernisme ons dompel daaraan toe dat die postmoderne eerder verwys na 'n bewustheid, estetika of intellektuele styl wat teenstrydighede en paradokse in tradisionele bewustheid, estetika en intellektuele style erken en insluit. "Postmodernism announces something that resists a stabilized identity; it problematizes the very form, the very discourse used to announce its existence without

attempting to offer an alternative theory of discourse. One does not get a better sense of postmodernism by excising this critical reflexivity (and its attendant difficulties)” (Minda 1995: 2).

Die weerstand wat die Postmodernisme bied teen stabiele identiteit en metanarratiewe wat die bestaan van die benadering kan verwoord ontlok kritiek uit teen die perspektief. Dit beteken dat een van die teoretiese steunpilare van die Verligting – rasionaliteit – verwerp word. “This view leads to the criticism of paradoxically throwing out the baby – the large historical narrative – with the bathwater – the philosophical metanarrative. Uncertainty, unpredictability, and unknown, however, do not necessarily equal nihilism, solipsism, or relativism” (Anderson 1997: 36). In reaksie op die kritiek kan verder geargumenteer word dat die wegdoen met ‘n absolute waarheid nie beteken dat niks bestaan nie. Om pluralisme aan te hang beteken nie dat enigiets deug nie. Inteendeel, Postmodernisme moedig sosiale kritiek aan. Vanuit ‘n postmoderne perspektief kan enigiets bevraagteken word, die Postmodernisme in kluis (Anderson 1997). Postmodernisme verwerp beide die bestaan van ‘n geloof in absolute waarheid en strukturalisme. “Postmodernism is a rejection of both the idea that there is one world as we see it as the result of hidden structures” (Burr 1995: 13).

Die pogings om artistieke uitbeelding in verband te bring met die kontemporêre sosiale het daartoe bygedra dat die Postmodernisme beskryf word as 'n bewustheid of 'n kulturele toestand. Dit kondig nuwe horisonne van die kulturele, filosofiese en politieke aan. Die postmoderne verwys na hoe die wêreld nou vir ons is (Malpas 2001: 1-11). Of soos Anderson dit stel:

Postmodern thought moves toward knowledge as a discursive practice, toward a plurality of narratives that are more local, contextual, and fluid; it moves toward a multiplicity of approaches to the analysis of subjects such as knowledge, truth, language, history, self, and power. It emphasizes the relational nature of knowledge and the generative nature of language (1997: 36).

In *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge* beskryf Lyotard die postmoderne bewustheid as: “[s]implifying to the extreme, I define postmodern as incredulity toward metanarratives” (1984: xxiv). Lyotard meen dat die Postmodernisme (primêr) handel oor ‘n uitdrukkingswyse in die kuns, letterkunde, filosofie en politiek. “[T]he ‘post’ of

'postmodern' does not signify a movement of *comeback*, *flashback* or *feedback*, that is, not a movement of repetition but a procedure in 'ana-' : a procedure of analysis, amanuensis, anagory and anamorphosis which elaborates an 'initial forgetting' (Lyotard 2000: 412).

Lyotard se beskrywing verwys daarna dat die Postmodernisme twyfelagtig staan teenoor metanarratiewe. 'n Metanarratief is 'n storie wat mitiese proporsies aanneem, en groot genoeg en betekenisvol genoeg is om die filosofie, navorsingswêreld, politiek en kuns met mekaar in verband te bring. Twyfelagtigheid teenoor die metanarratiewe impliseer nie dat mense nie meer in teorieë glo nie, maar dat die teorieë nie meer so effektief funksioneer nie, bloot omdat daar te veel teorieë bestaan.

Drie temas waarteen die Postmodernisme onder andere in reaksie optree is die modernistiese beskrywing van die waarheid, realiteit en objektiwiteit. Hierdie narratiewe is so diep ingebed in die wyse waarop ons dink en kommunikeer, so nou verwant aan ons navorsingsmetodes en verweef met moderne wetenskap dat waarheid, realiteit en objektiwiteit die faktore is wat bepaal waarin ons glo en die wyse waarop ons verstaan. Metanarratiewe is die moderne gode en funksioneer met soortgelyke outoriteit as Zeus, Thor en ander mitologiese gode. Postmoderne filosowe en kritici ontbloot die gode van die Modernisme (die metanarratiewe en funderende vooronderstellings) vir wat dit is – naamlik stories en mites (Holzman 1999: 56).

Postmodernisme (en die Sosiale konstruksionisme) verwerp die idee dat die wêreld verstaan kan word in terme van metanarratiewe. Klem word eerder geplaas op ons saambestaan en pluralisme. Postmoderniste argumenteer dat die wêreld nie tot begrip gebring kan word deur een oorkoepelende sisteem van kennis nie (Burr 1995: 80-87). "[P]ostmodern thought does not militate against practices of research or moral deliberation. Rather it invites us to place them in broader cultural and historical context. By striking our banners of truth and morality, we might live less aggressively, more tolerantly, and even more creatively with others in the world" (Gergen 1994b: 414).

Kvale (1992: 1-16) sluit hierby aan wanneer hy aanvoer dat Postmodernisme as 'n kulturele uitdrukkingswyse die kunsvorme *collage* en *pastiche*, die popkuns van Andy Warhol, argitektuur in die Las Vegas-styl, die media se ontbinding van die onderskeid tussen realiteit en beeld en die dramatiese verandering van perspektiewe in veral musiekvideo's insluit. In 'n postmoderne bestel is popkuns nie ondergeskik aan die werk van byvoorbeeld Da Vinci en Michelangelo nie. Of soos Gergen dit so gepas formuleer:

“[w]e do not ask of Verdi or Mozart whether their operatic arias, duets and choruses are true, but whether they can move us to ecstasy, sadness or laughter” (1992: 57).

Die Sosiale konstruksionisme word nie afgespeel teen enige ander benadering wat ook insiggewende bydraes kan lewer tot die evolusie van interpretasie en kennis nie. Vir die doeleindes van die studie kan die Sosiale konstruksionisme as die woordeskat beskou word waarmee ‘n alternatiewe beskrywing van die tradisionele mee verwoord word. Teen (of eerder in) hierdie opkomende postmoderne agtergrond is dit moontlik om die sosiaal-konstruksionistiese grondbeginsels te ondersoek.

2 Die Sosiale konstruksionisme as postmoderne benadering ⁵

‘n Sameloop van omstandighede het bygedra tot die ontwikkeling van die sosiale konstruksionisme. Die ontstaan van die benadering kan toegeskryf word aan verskeie redes, soos byvoorbeeld die spanning tussen endo- en eksogene perspektiewe, en die prominente werk van Berger en Luckmann. In die sosiale studies word die ontwikkeling van die Sosiale konstruksionisme teruggevoer na die vroeë werk van die sosioloog Berger

⁵ In die teks word deurlopend verwys na die Sosiale konstruksionisme en nie na die Sosiale konstruktivisme nie, daarom dat ek dit nodig vind om die ooreenkomste en verskille tussen die benaderings uiteen te sit of ten minste te reëfer. Konstruktivisme en Konstruksionisme is verwant in twee opsigte. Ten eerste, in hul beskouing dat kennis gekonstrueer is, staan beide benaderings skepties teenoor waarborges van empiriese wetenskaplikheid. Ten tweede, beide benaderings bevraagteken die tradisionele siening dat die individuele kognitiewe ‘n meganisme is wat die karakter en bepalinge van ‘n onafhanklike wêreld reflekteer (Gergen 1994b: 412-416).

Die verskil tussen Konstruksionisme en Konstruktivisme is onder andere geleë in die oorsprong daarvan. Laasgenomede fokus op biologiese persepsie en kognisie. Konstruktiviste, soos byvoorbeeld Maturana, Varela, Von Foerster en Van Glaserfeld argumenteer dat sensoriese data verskeie transformasies ondergaan wanneer dit ontvang en verwerk word. Dit blyk gevolglik – volgens konstruktiviste – dat dit onmoontlik is om te weet hoe eksterne realiteite werklik daarna uitsien. In kontras met die biologiese oorsprong van die Konstruktivisme, stam die Konstruksionisme uit die kunste en literatuur. In sosiale studies word die Sosiale konstruksionisme terug gevoer na die werk van die sosioloog Berger en Luckmann. In hul invloedryke boek *The Social Construction of Reality* (1966) stel die sosioloog ‘n verhouding voor tussen individuele perspektiewe en sosiale prosesse, wat gevolglik verband hou met ‘n veelvoud van moontlike interpretasies en die sosiale aard van kennis (Anderson 1997: 48-54, Burr 1995: 34).

Die Sosiale konstruktivisme plaas klem op die kognitiewe strukture wat die mens vorm ten einde die eksterne realiteit te interpreteer. Ook word dié term dikwels gebruik om te verwys na die teoretiese perspektief van Piaget. Sosiale konstruksionisme hierteenoor verwys nie na die kognitiewe strukture nie, maar aksentueer die prosesse wat binne die sosiale strukture plaasvind. Hierdie sosiale strukture moet in die wydste sin van die woord verstaan word siende dat dit alle sosiale praktyke insluit en onder ander ook na die politieke en kulturele aspekte van die samelewing verwys (Gergen 1985: 266-275, Hoffman 1990: 1-12).

en Luckmann *The Social Construction of Reality* (1966). Meer onlangs word die Sosiale konstruksionisme geassosieer met teoretici soos Bruner, Burr, Goodman, Gergen, Harré, Shotter, Plikinghorne, Sarbin, Kvale en Geert wat elkeen 'n eiesoortige interpretasie aan die benadering heg. "Although different writers may share some characteristics with others there is not really anything that they all have in common" (Burr 1995: 2). 'n Enkele beskrywing van wat die Sosiale konstruksionisme is sal daarom nie deug nie, want daar is nie een eienskap wat 'n sosiale konstruksionistiese posisie identifiseer of definieer nie.

Die Sosiale konstruksionisme is 'n postmoderne benadering wat konvensionele beperkinge uitdaag. Kenneth Gergen – wat as die leidende eksponent van die benadering beskou word – beskryf dit as:

[a]n inquiry that is principally concerned with explicating the processes by which people come to describe, explain, or otherwise account for the world (including themselves) in which they live (...) [Social constructionism] views discourse about the world not as a reflection or map of the world but as an artifact of communal interchange (1984: 266-275).⁶

Gergen (1985) identifiseer verder vier basiese aannames waarop die Sosiale konstruksionisme steun naamlik: (1) die wyse waarop die wêreld verstaan word; (2) die aard van die terme waarin ons die wêreld beskryf; (3) die geldigheid van teorieë; en (4) onderhandelde begrip wat sosiaal gekonstrueer word.

Ondervindinge van die wêreld bepaal nie hoe die wêreld verstaan moet word nie. 'n Positivistiese empiristiese begrip van kennis doen leed aan die siening dat wetenskaplike teorieë realiteit reflekteer of karteer in enige direkte of gedekontekstualiseerde wyse. In 'n reeks vrae wat Gergen stel toon hy 'n mate van skeptisisme teenoor die Positivisme, Empirisme en die reïfikasie van terme. Hoe kan teoretiese kategorieë voorgestel word deur positivistiese metodologie (waarneming) as die proses waarin die eienskappe van observasie afhanklik is van individuele prosesseringskategorieë? Hoe kan teoretiese kategorieë realiteit reflekteer of karteer as

⁶ Shotter beskryf die Sosiale konstruksionisme as:

They [social constructionists] have become much more concerned with what it is like to be a particular person living within a network of relations with others, who is positioned or situated in relation to them in different times. It is this 'positioning' or 'situating' of what we have to say in relation to the activities of a social group of some kind – sometimes 'inside' them, sometimes 'outside' [...] that typifies the movement in general (Anderson 1997: 41).

elke definisie wat kategorie en observasie verbind gedefinieer moet word? Hoe kan woorde realiteit karteer wanneer die beperkinge oor die gebruik van woorde deur 'n linguistiese konteks bepaal word?

In sy reaksie op die vrae stel Gergen (soos Lyotard 1984: xxiii) voor dat die Sosiale konstruksionisme twyfelagtig moet staan teenoor wêreld wat as vanselfsprekend aanvaar word. Die Sosiale konstruksionisme vra dat ons die geloof dat algemeen aanvaarde kategorieë (of metanarratiewe) legitimasië verkry deur waarneming moet opskort. Terselfdertyd moet ons die objektiewe basis van konvensionele kennis bevraagteken (Gergen 1985: 266-275).

Gergen se tweede argument waarop die Sosiale konstruksionisme steun is dat die terme waarin die wêreld verstaan word as sosiale artefakte of produkte van historiese gesitueerde interaksie tussen mense beskou kan word. Sosiaal-konstruksionistiese betekenis word sosiaal gekonstrueer tussen mense in verhoudings. Gergen plaas veral klem op die ontwikkeling van verhoudings. Die huidige beskrywing van kontemporêre lewe moet bevraagteken word om uit te vind hoe die sielkunde buite kulturele kontekste staan en steeds sin daarvan probeer maak (Gergen 1985: 266-275).

Ten derde meen Gergen dat die graad waartoe 'n teorie uitstyg, voortbestaan of onderhou word nie afhanklik is van 'n perspektief nie, maar hang saam met die wisselvallighede van sosiale prosesse. As sosiale prosesse identifiseer hy onder andere kommunikasie, onderhandeling, konflik en retoriek. Die reëls wat bepaal wat beskou word as 'n bepaalde objek is inherent dubbelsinnig, ontwikkel voortdurend en is vry om te verander volgens die voorkeure van die wat dit gebruik. Interpretasie kan voorgestel word en selfs vasgepen word, maar verander soos sosiale verhoudings oor tyd verander daarom dat ek 'n ander manier van "kyk" voorstel. Daarom dat Gergen van mening is dat realiteit onderhandel kan word en dat hy nie gemaklik met reïfikasie is nie (Gergen 1985: 266-275).

Gergen se vierde aanname is dat die vorme van onderhandelde begrip belangrik is vir die sosiale lewe, omdat dit al die aktiwiteite waaraan mense deelneem met mekaar verbind. Beskrywings van die wêreld is self sosiale aktiwiteite. Sekere beskrywings onderhou dus sekere patrone wat ander uitsluit. Om beskrywings te verander bedreig sekere patrone en nooi ander uit (Gergen 1984: 266-275). Gergen waarsku dat daar nie te veel staat gemaak moet word op reïfikasie nie, omdat reïfikasie die moontlikhede van

betekenis beperk. Indien betekenis vas (gereïfeer) is sluit dit noodwendig ander betekenismoontlikhede uit.

In aansluiting by Gergen se waarskuwing teen reïfikasie meen Burr (1995: 2) dat die Sosiale konstruksionisme krities staan teenoor kennis wat as vanselfsprekend beskou word. “It [social constructionism] is therefore in opposition to what are referred to as positivism and empiricism in traditional science – the assumptions that the nature of the world can be revealed by observation, and that what exists is what we perceive to exist” (Burr 1995: 3). Die Sosiale konstruksionisme bevraagteken verder ook aannames wat die aard van die wêreld (werklikheid) verklaar. Dit beteken dat die kategorieë waarin ons die wêreld verdeel nie noodwendig “werklik” bestaan nie. So byvoorbeeld word geargumenteer dat poësie, klassieke musiek of fiksie tot hierdie kategorieë (be)hoort omdat ons die kategorieë skep.

Die wyses waarop ons die wêreld verstaan en die kategorieë en konsepte wat ons gebruik om die wêreld te verklaar is histories en kultureel spesifiek. “Whether one understands the world in terms of men and women, pop music and classical music, urban life and rural life, past and future, etc., depends upon where in the world one lives” (Burr 1995: 4). Dit beteken dat die wyses waarop ons die wêreld verklaar en verstaan histories en kultureel relatief is.⁷ Nie alleen is hierdie wyses spesifiek ten opsigte van 'n bepaalde periode en kultuur nie, dit word ook beskou as produkte van daardie periode en kultuur. Ons verklaringswyses is ook afhanklik van bepaalde sosiale en ekonomiese strukture teenwoordig in 'n bepaalde kultuur op 'n bepaalde stadium. “The particular forms of knowledge that abound in any culture are therefore artifacts of it, and we should not assume that our ways of understanding are necessarily any better (in terms of being any nearer the truth) than other ways” (Burr 1995: 4).

Kennis word volgens sosiale konstruksioniste onderhou deur sosiale prosesse. Indien kennis van die wêreld en die wyses waarop ons die wêreld verklaar nie afkomstig is van die wêreld soos dit “werklik” is nie, waar kom dit dan vandaan? Die sosiaal-konstruksionistiese antwoord hierop is dat kennis tussen mense gekonstrueer word (Gergen 1985: 266-275). Deur daaglikse interaksie tussen mense, in die loop van die sosiale lewe word verskillende variante van kennis gekonstrueer. Onder die verskillende soorte interaksies sonder die sosiale konstruksionis taal uit as een van die belangrikste

⁷ Die WVK is daarom 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse proses wat in beginsels nie vergelyk kan word met voorafgaande prosesse nie.

sosiale agente. Dit wat plaasvind tussen mense in die loop van ons daaglikse doen en late word beskou as die praktyke waartydens gedeelde variasies van kennis tot stand kom. Dit wat as “waar” (eg) beskou word is nie ‘n produk van objektiewe observasie nie, maar van sosiale prosesse en interaksies waarby die mense voortdurend betrokke is.

Die veelvuldige konstruksie van sosiale betekenis kom onder andere aan die lig wanneer sekere postmoderne temas bespreek word. Eie aan ‘n postmoderne filosofie is die temas wat in hierdie hoofstuk bespreek word nie onderworpe aan ‘n hiërargiese struktuur nie. Vir die doeleindes van hierdie studie is vyf verbandhoudende postmoderne temas geïdentifiseer wat vervolgens bespreek word.⁸

3 “Vyf horries van”...⁹

Belangrik en omvangryk is die temas inderdaad. Maar, selfs belangriker is die reperkussies daarvan. In wese word die ganse sosiale wêreld deur die inhoud van hierdie temas versteur. Tog poog ek nie om ‘n beskrywing van hierdie temas te doen wat metodologies beantwoord aan wetenskaplike presiesheid nie, maar eerder om “nuwe” interdisiplinêre verhoudings tot stand te bring. Die doel van die beskrywing is om die postmoderne bewustheid wat ek voorstel te onderlê.

In ooreenstemming met die Oerknal-teorie (“Big Bang”), is onder andere realiteit, taal, waarheid, betekenis en interpretasie voortdurend aan’t uitbrei en strek dit oor die modernistiese grense van konvensionele kennis. ‘n Nougesette bespreking van elke tema sal nie deug nie, en verwante aangeleenthede kan onder verskillende temas aangespreek word. So byvoorbeeld word objektiwiteit en subjektiwiteit onder die opskrif interpretasie bespreek: tog hou dit direk verband met betekenis. Onder die opskrif taal word die narratief wat ‘n sentrale rol in postmoderne studies speel bespreek en ewe belangrik is met verwysing na die WVK en *Country of My Skull*. Maar die narratief is van so ‘n aard dit ewe tuis is onder die bespreking van realiteit en waarheid. Legitimasie en die polemieke wat ‘n postmoderne begrip van relatiwiteit beskryf word verduidelik tesame met die ewe omstrede konsep, realiteit.

⁸ Die vyf temas wat hier bespreek word is nie verteenwoordigend van “al” die postmoderne temas nie. By die lys kan onder andere gevoeg word: kennis, mag, politiek en die self. Ten einde die fokus in te perk is temas wat in direkte verband staan met die primêre doelstelling geïdentifiseer.

⁹ Uit *Otters in bronslaai* antisipeer “vyf horries van a.e. samuel (geb. krog)” die vyf postmoderne temas wat ek bespreek. Miskien gee die problematiek van hierdie vyf postmoderne temas moderniste die horries?

Realiteit

Gestel net twee mense oorleef 'n buiteruimtelike aanval op die aarde soortgelyk aan die in *The hitchhiker's guide to the galaxy of Independence Day*. Die twee mense is 'n man van die Nenet-stam in noord Rusland en 'n Pedi vrou van Polokwane. Hulle het nie taal, godsdiens of kultuur in gemeen nie, en moet ter wille van oorlewing op een of ander manier saamwerk om die spreekwoordelike pot aan die kook te kry en aan die kook te hou. Die man besluit om daaglik kos en water te soek terwyl die vrou 'n skuing bou en met skrapnel "klere" vir hulle maak. Sonder dat hulle mekaar verstaan kom hulle "ooreen" op die pligte wat elkeen daaglik gaan uitvoer.

Tussen die twee "stigerslede" van hierdie gemeenskap sal die gewoontes en rolle wat elkeen aanneem veranderbaar bly. Tog sal hulle onthou dat hulle ooreengekom het op 'n bepaalde manier van doen. Die verhouding sal ten minste minder gespanne wees indien elkeen 'n bepaalde rol aanneem. Hoewel hulle bewus kan wees daarvan dat daar variante op hulle sosiale struktuur bestaan kan sekere gebruike gevestig raak. "For the children of the founding generation, 'This is how we decided...' will be more like 'This is how the elders do it,' and by the third generation it will be 'This is how it's done'" (Freedman & Combs 1996: 23). By die opkoms van die vierde geslag van ons denkbeeldige gemeenskap sal die "dit is hoe dit gedoen word" verander in "dit is hoe ons wêreld funksioneer, en dit is ons realiteit". In die voorbeeld word 'n institusionele wêreld beleef as objektiewe realiteit (Freedman & Combs 1996: 23).

Uit die voorbeeld blyk dit dat ons realiteit gesamentlik konstrueer soos ons dit leef. 'n Sentrale aanname van 'n postmoderne wêreldbeskouing is dat onder andere gelowe, wette en sosiale gewoontes – met ander woorde byna alles wat die psigologiese kostuum van realiteit saamstel – tot stand kom deur sosiale interaksie. Reeds in 1988 skryf Anderson en Goolishian (377) dat: "[...] this emerging position has, at its core, the belief that reality is a social construction". Die postmoderne konseptualisering van realiteit as 'n multiversum van betekenis, wat geskep word in dinamiese sosiale interaksie en kommunikasie, elimineer die probleme wat geassosieer word met enkelvoudige waarhede. Postmodernisme stuur ons in die rigting van 'n multiversum wat diverse konflikterende persepsies van die wêreld akkommodeer. Binne hierdie raamwerk bestaan reële eksterne entiteite nie, maar slegs kommunikatiewe talige menslike individue (Anderson & Goolishian 1988: 378). Die Postmodernisme vervang die idee dat realiteit

onafhanklik van die waarnemer tot stand kom met 'n idee dat taal as sosiale aktiwiteit perspektiewelike sosiale realiteite skep (Kvale 1992: 1-16, Sluzki 1992: 217-231).

Integraal deel van 'n postmoderne wêreldbeskouing is die erkenning van veelvuldige perspektiewe van realiteit waarvan een nie superieur is nie (Bertrando 2000: 83-103, Stewart & Amundson 1995: 70-79). Daar bestaan nie meer 'n absolute waarheid nie, maar eerder waarhede wat plaaslike waarde en geldigheid dra binne die gemeenskap waarin dit sosiaal gekonstrueer, "gedefinieer" en aanvaar word (Bertrando 2000). Dit beteken dat die aard van verskillende realiteite wat deur verskillende waarhede gekonstrueer word in verskillende gemeenskappe anders kan wees. In Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat die verskillende kulturele gemeenskappe van Suid-Afrika verskillende waarhede en realiteite op kan roep oor die eertydse apartheidstelsel. Interpretasie en regsinterpretasie van hierdie stelsel kan gevolglik nie universeel eenders daarna uitsien nie.

Sosiale konstruksioniste meen dat indien realiteit geskep of gekonstrueer word, terwyl die fisiese entiteit onafhanklik van die waarnemer bestaan, dit geen betekenis bevat totdat die waarnemer in interaksie met die sosiale of verbale gemeenskap betekenis skep nie (Gergen 1984: 266-275, Ryan 1999: 483-502). Gekonstrueerde realiteite is vloeibaar en kan met die verloop van tyd geherdefinieer en herkonstrueer word (Gergen 1984: 266-275 & 1992: 17-30). As gevolg van die aard van postmoderne realiteit kan kontemporêre regsinterpretasie geherkonfigureer word. Regsinterpretasie hoef gevolglik nie staties te bly nie, en daarom kán ons wanneer 'n interpretasie die realiteite van ander ontken die interpretasiebestel herkonfigureer.

Die sosiale konstruksie van realiteit

Siende dat realiteit gekonstrueer word is dit logies om die drie prosesse wat Berger en Luckmann identifiseer te ondersoek, wat belangrik is vir die skep en onderhou van realiteit. Hierdie prosesse word genoem - tipering, institutionalisering en legitimering. Berger en Luckmann gebruik die term - reïfikasie - om te verwys na die oorkoepelende proses waarvan die genoemde drie prosesse onderafdelings is.¹⁰

¹⁰ Reïfikasie word volgens Berger en Luckmann (Freedman & Combs 1996: 25) beskryf as:

[...] the apprehension of the products of human activity as *if* they were something else than human products – such as facts of nature, results of cosmic law, or manifestations of divine will. Reification implies that man (*sic*) is capable of forgetting his own authorship of the human world (emphasis on original).

Tipering is die proses waardeur mense hul persepsies verdeel in klas of tipe.¹¹ Tipering gebaseer op ras en geslag kan ook plaasvind en staan in die sosiologie bekend as die illusie van uitgroep homogeniteit en ingroep differensiasie. Uitgroep homogeniteit verwys daarna dat lede van een groep bepaalde eienskappe homogeen toeskryf aan lede van 'n ander groep. Dit beteken dat lede van die uitgroep in meer opsigte eenders is as lede van die ingroep. In teenstelling hiermee verwys ingroep differensiasie daarna dat lede van dieselfde groep baie meer uiteenlopend is as lede van ander groepe (Baron & Byrne 1997: 270-280). In *Country of My Skull* verwoord Krog 'n narratief waar hierdie vorme van tipering na vore kom:

Look at this poor guy Webber who lost his arm in an APLA attack [says Kondlo]. Why does he come alone every day? All the black victims are accompanied by their families and people from their communities. And Webber? Is it because he really has no one in the world, or is it because whites do not care about each other? (1998: 44).

Indien versoening prioriteit geniet behoort hierdie variasies van realiteite erkenning te geniet en verder te strek as om bloot 'n punt op die akademiese agenda te wees. Deur verskeie stories te aanvaar erken die WVK multirealiteite en poog daardeur om versoening te bewerkstellig. Die WVK verrigtinge moet beskou word in die lig van die tiperingsproses omdat apartheid self 'n proses van tipering was (is?) en ons realiteitsbeleving beïnvloed.

Institusionalisering is 'n proses waardeur instellings tot stand kom na aanleiding van die tiperings wat ons doen. Die WVK is 'n voorbeeld van 'n instelling wat tot stand

Reïfikasie as kombinasie van tipering, institusionalisering en legitimasie blyk onvermydelik te wees. Reïfikasie is nodig om nie alleen te dink nie maar ook "effektief" te kommunikeer. Sonder reïfikasie sal ons voortdurend ons uitings moet (her)kwalifiseer en (kon)tekstualiseer. Freedman & Combs meen: [...] we can say that the linguistic *typifications* and *institutions* of the families into which we were born tend to *legitimate* the *reification* of different worldviews even now (1996: 27).

Hoewel reïfikasie 'n onbetwisbare rol speel in alledaagse kommunikasie lewer dit ook probleme. Terme help ons om effektiewe verwysings te doen, maar word problematies indien ons vergeet dat definisies handige sosiale konstruksies is en dit behandel asof dit deel is van 'n eksterne realiteit wat reeds bestaan.

¹¹ So byvoorbeeld groei 'n persoon op in 'n Rooms-Katolieke familie wat as die "ons" bekend staan. Na ander Christene word verwys as, "byna ons maar nie heeltemal nie", en enige groep buite die Christendom staan bekend as die "hulle".

gekom het na aanleiding van tipering. Institutionaliserings help gemeenskappe om kennis te versamel en uit te brei, maar soos tipering het dit 'n verblindende effek wat ander moontlikhede verhuul. Die idee van postmoderne realiteit poog juis om hierdie effek te oorkom.

Die derde proses wat Berger en Luckmann identifiseer wat aansluit by institutionalisering is legitimering. Legitimering word gebruik om te verwys na daardie prosesse wat legitimiteit verleen aan instellings in die gemeenskap. Die Interim Grondwet¹² legitimeer die bestaan van die WVK. Met genoegsame legitimisasie beskik instellings oor 'n realiteit van hul eie. Die gevolg hiervan is dat waardes in relatiewiteit verval.

Sentraal tot sy analise van die postmoderne bewustheid staan Lyotard se kritiese bespreking van legitimering. Legitimering handel oor die vraag na wat geldig, wettig, korrek en regverdigbaar is. Lyotard staan krities teenoor die modernistiese strewe na legitimisasie deur te steun op metanarratiewe. Of soos Gergen dit in sosiaal-konstruksionistiese terme uitdruk: “[c]onstructionism asks one to suspend the belief in commonly accepted categories or understandings that receive their warrant through observation” (1984: 267). Lyotard gebruik die term “modern” om enige wetenskap te karakteriseer wat ditself legitimeer deur te verwys na metadiskoerse (1984: xxiii). Lyotard (2000) gaan verder deur legitimisasie te beskou as 'n modernistiese geneigdheid om te glo dat inisiatiewe, ontdekkings en institusies legitiem is solank dit bydra tot die emansipering van die mensdom. Emansipering van enkele groepe is ook voldoende om legitimisasie te regverdig.

So byvoorbeeld kan geargumenteer word dat die immorele “onwettige” apartheidswetgewing gelegitimeer is deur 'n ewe “onwettige” stelsel. Die positivistiese regstelsel van apartheid Suid-Afrika was die metanarratief waarmee die ongelykhede van die verlede gelegitimeer is. Om hierdie toedrag van sake te voorkom moet ons soos Bertrando (2000: 83-103) dit stel globale sisteme (metanarratiewe) soos apartheid verwerp wat dit voordoens as absoluut en waar.

Van der Walt (1998: 70) se idee dat geweld in die reg en in die taal van die reg aanleiding gee of as't ware 'n *sine qua non* vir verdere geweld is, stem ooreen met Derrida se begrip van die regsorde en apartheidswetgewing.¹³ Volgens Derrida word die

¹² Art 232 van Wet 200 van 1993. Sien 'n uitgebreide bespreking oor die WVK in hoofstuk 5.

¹³ Hierdie aspek van Van der Walt se beskouing word verder toegelig in hoofstuk 4.

regsorde beskou aan die hand van 'n konstante sirkulêre beweging tussen die onwettige gewelddadige tradisie van die reg (wat gelegitmeer word deur die onwettige geweld waarmee dit ditself bemagtig) en die onderhou van geweld in die reg (wat goedgekeur word deur die oorspronklike onwettige gewelddadige orde).¹⁴ Nie alleen was die wet onwettig nie, maar ook die skepper daarvan en die legitimering van beide skepper en produk is gelegitmeer deur 'n (in retrospek) nie-legitieme metanarratief.¹⁵

Tans bestaan 'n intense belangstelling in narratiewe of die vertel van stories. In teenstelling met eksistensiële legitimasië deur metanarratiewe verkondig Lyotard intrinsieke legitimasië deur narratiewe kennis wat nie voorkeur gee aan die vraag om selflegitimasië nie. Narratiewe bevat self die kriteria vir hul eie bevoegdheid en illustreer hoe hulle toegepas behoort te word. Narratiewe word gelegitmeer deur die feit dat dit bloot doen wat dit doen (Lyotard 1984: 37). Die storie skep en onderhou sosiale grense. Die narratiewe van 'n gemeenskap dra by tot en onderhou die waardes en sosiale strukture van die gemeenskap (Kvale 1992: 1-16).

Met die opkoms van die Postmodernisme word die waarde van plaaslike narratiewe erken. In stryd hiermee het metanarratiewe kredietwaardigheid verloor ongeag of dit 'n spekulatiewe of emansiperende narratief is. "The decline of narrative can be seen as an effect of the blossoming of techniques and technologies since the Second World War, which has shifted emphasis from the ends of action to its means [...]" (Lyotard 1984: 37).

Volgens wat postmoderniste noem moderne metanarratiewe, kan gedekontekstualiseerde waarheid akkuraat beskryf word as objektiewe aannames van oorsaak en gevolg. Hierdie aanname veronderstel 'n gestruktureerde realiteit wat gemeet, voorspel en gekontroleer kan word (Krippner 1999: 21-50, Neuman 1997:160-180). In postmoderne terme kan ons nie net aanvaar dat dit wat daar buite is noodwendig enkelvoudig, stabiel en voorspelbaar is nie. Of soos Atkinson *et al* dit stel: "Some aspects of it (reality) might be, but we do not assume it to be" (1991: 162). Die fokus in

¹⁴ "[...], Derrida explains legal order in terms of the incessant circular movement between the illegal violent institution of law (which becomes legal by means of the very illegal violence with which it founds itself), and the violent maintenance of law (which is authorised by the initial legal and violent institution of order)" (Van der Walt 1998: 78).

¹⁵ Docherty verduidelik Derrida se posisie ten opsigte van Westerse legitimering as volg: "[...] the West is reasonable because it says so, and, since it is the definer and bearer of reason, it must be universally reasonable to accede it this proposition. This, as Derrida argues, is clearly a false and troubling logic" (1993: 13).

postmoderne studies val op die sosiale en linguistiese konstruksie van perspektiewelike realiteite.¹⁶

Die ontwikkeling van tegnologie (veral die elektroniese media) vergroot die moontlikheid van blootstelling aan verskillende perspektiewe wat die geloof in een objektiewe realiteit ondermyn (Gergen 1991: 27-30, Kvale 1992: 1-11). In 'n wêreld waarin die media 'n prominente rol speel word die grense tussen realiteit en fantasie afgebreek en vervang met hiperrealiteit - 'n wêreld van selfreferensiële tekens. Lemert (1997: 66) beskryf die Radikale Postmodernisme met die aksent op die spanning tussen postmoderne hiperrealiteit en moderne realiteit. Hierdie netwerk van sosiale teorieë beskou die kontemporêre wêreld as konstruksie van hiperrealiteit eerder as wat dit bestaan uit moderne objektiewe realiteit.¹⁷ In die postmoderne gemeenskap verwys tekens na ander tekens en tekste (Kvale 1992). "Objektiewe" realiteit word gekonfronteer en stelselmatig vervang met kontemporêre pseudo of opgevoerde realiteite. Pseudo realiteite blyk in byna alle dissiplines onstuitbaar te wees.

Edelman ('n politieke wetenskaplike) argumenteer dat selfs die politieke sfeer bloot 'n produksie is eerder as wat dit "realiteit" self is (Gergen 1991). Hierdie produksie skep daarom een van die vele skouspelle waarin ons leef. "What we find, then, is that the entire sense of what may be termed the *national reality* is no picture of 'what is the case,'

¹⁶ Die narratiewe terapeut is egter vasgevang in 'n paradoks indien al die narratiewe en metanarratiewe waarmee gewerk word ewe "waar" is. Om geen teoretiese benadering te aanvaar nie beteken dat 'n posisie waarin ander benaderings verwerp word aanvaar word. In die ekstreme beteken dit dat die narratiewe terapeut die postmoderne weersprek omdat dit 'n voorafopgestelde idee het om alle teorie te verwerp. "But, for example, what would the majority of postmodern narrative therapists say if someone were to claim that gender, or violence, or abuse problems are 'just stories as any other stories', and therefore subject to the very relativism to which the systemic view is subjected?" (Bertrando 2000: 93). Tog sal aansprake soos die geldig wees in postmoderne diskoers omdat bogenoemde posisie waar is vir die wat dit huldig.

¹⁷ Hiperrealiteit kan beskryf word as 'n: "[...] radical postmodernist concept that describes the world as being so much under the sway of mediated culture that the sense of reality is intensified such that simulation of reality (like Disneyland or television) are experienced as more real than the realities they simulate (Lemert 1997: 66). Selfs die *Telly Tubby* wêreld waarvan Van der Walt (2001) (in verdediging teen Davis (2000a) se aantuigings dat Van der Walt self 'n postmodernis is), postmoderniste beskuldig om in te speel is meer reël as wat "moderniste" (of dekonstruksie teoretici) sal toegee om te wees. Van der Walt meen: "Post-modernists play around in a fake *Telly Tubby* world in which everything is possible and therefore nothing (significant) is possible" (2001a: 466). Selfs die *Telly Tubbies* is deel van die gekonstrueerde postmoderne wêreld waarin ons leef, of ons (Van der Walt) daarvan hou of nie. Hoewel moderniste die postmoderne as bedreiging ervaar en ander dimensies antagoniseer, sal postmoderniste nie poog om "geweld" te doen aan moderniste deur hulle te proselitiseer nie.

but a massive linguistic production” (Gergen 1991: 21). Gergen se beskrywing van realiteit as linguistiese produksie impliseer nie dat daar geen Oos Wes-skeiding betaan nie of, geen apartheid, of geen ver(gif)nis bestaan nie. Hierdie is slegs woorde en terme wat deur sekere groepe gebruik word om (deur reïfikasie) ‘n spesifiek doel na te streef naamlik te institusionaliseer.

‘n Perspektieflose posisie of outoritêre stem wat namens ‘n gemeenskap praat bestaan nie (Gergen 1991: 22). Die plaasvind van sekere gebeure kan nie ontken word nie, maar met die verloop van tyd word die gebeure onderwerp aan verskeie representasies. Dagboeke word geherdefinieer en -formuleer deur televisie en films, biografieë beïnvloed die skryf van historiese novelle, vertelde geskiedenis word getransformeer in toneelstukke, en elke vertelling lê die eksperimentele basis vir opvolgende hervertellings. “Realities accumulate, accentuate, interpenetrate, and ultimately create the world of hyperreality – itself in continuous evolution into the future” (Gergen 1991: 122).

Relatiewe realiteit in die greep van nihilisme

Die postmoderne aanvaarding van meervoudige realiteite grens aan relativisme en ontlok juis kritiek teen die denkraamwerk. Sommige kritici betreur die verlies aan “klassieke” standaarde en vrees dat anargie en kulturele disintegrasie sal seëvier (Lather 1992). “Others see a slide into relativism that is dangerous for the dispossessed in its undercutting of grounds for social justice struggle and its feeding of nihilism and quietude” (Lather 1992: 98).

Dit is nie maklik om af te sien van die idee dat daar nie ‘n realiteit “daar buite” is nie. Ewe moeilik is dit om te aanvaar dat woorde nie realiteit reflekteer nie. Maar, die bekommernisse oor hierdie ontwikkeling blyk verband te hou met ‘n vrees vir nihilisme. Soos Anderson en Goolishain die vrees verwoord: “How will we know what to do if we give up our empirical positions and call into question our familiar processes of diagnosis?” (1988: 386). Die sosiaal-konstruksionistiese perspektief hou in dat elke waarneming, elke omskrywing van ‘n probleem en begrip daarvoor uniek is binne die kommunikatiewe realiteite waaraan ons deelneem. “These realities are always flux and never stay the same” (Anderson & Goolishian 1988: 386).

Om hierdie rede word die Postmodernisme daarvoor gekritiseer dat dit vloeibaar rondbeweeg tussen perspektiewe en komponente uit verskillende raamwerke sintiseer

(met ander woorde 'n pastiche skep). Die kritiek teen die vryheid wat die Postmodernisme voorstel is dat die vryheid die beweging nihilisties stem (Bellah 1992: 53-55, Maze 2001: 393-417). Ten einde die kritiek aan te spreek moet kortliks verwys word na Ivan Turgenev se roman *Fathers and Sons* (1862) waarin die nihilisme waarskynlik vir die "eerste" maal aanwending gevind het.¹⁸

In die roman is die nihilisme verduidelik as 'n negatiewe houding teenoor tradisie en gesag veral op politieke en maatskaplike front. Hierdie vorm van nihilisme grens aan anargie. In sy roman grond Turgenev die Bazarof-karakter op die nihilistiese trekke soos beskryf deur die vroeëre nihilistiese skrywers Dobroljoebow, Dimitri, Pisaref en Tsjernisjewski. Hierdie skrywers het almal die bestaande maatskaplike orde verwerp en voorgestel dat dit met 'n geheel nuwe bestel vervang moet word.¹⁹

Die Postmodernisme word as 'n nihilistiese stroming beskou omdat kritici meen die benadering die bestaan van fisiese objekte ontken. Alles waarvan die mens kennis dra word: geken deur, gevorm in en gekommunikeer deur taal. Taal is realiteit. En, hiermee word nie bedoel dat "ware" gebeure nie plaasvind nie. Mense word vermoor, die Wêreldhandelsentrum het in duie gestort en een of ander maanlanding het inderdaad plaasgevind. Gebeure vind plaas, maar ons moet onthou dat die betekenis wat ons daaraan heg gekonstrueer word deur taal (Anderson 1997: 201).

In die algemeen ontken postmoderniste nie die bestaan van fisiese verskynsels nie. Soos Ryan (1999: 493) dit stel: "[postmodernists] know about the dangers associated

¹⁸ Vanuit die reg en letterkunde benadering deel Owen Fiss in die stryd teen die nihilisme. Fiss se reaksie is onder andere gemik teen Stanley Fish wat aanvoer dat interpreteerders nie tekste dekodeer nie maar dit skep. Betekenis word daarom geskep en nie ontdek nie. Fiss beskryf wat bedreig word deur die nihilisme as volg:

[T]his nihilism calls into question the very point of constitutional adjudication; it threatens our social existence and the nature of public life as we know it in America; and it demeans our lives. [...] It must be combated and can be, but perhaps only by affirming the truth of that which is being denied – the idea that the Constitution embodies a public morality and that a public life founded on that morality can be rich and inspiring (1982: 739).

Hoewel Fiss teen die nihilisme optree meen Patterson (1983) dat Fiss fouteer deur nihiliste op hul eie speelveld te ontmoet. Patterson skryf: "[...] the nihilist is much like the radical skeptic in morals who, when presented with an otherwise cogent argument, will respond, 'That is merely your point of view!'" (1983: 681).

¹⁹ In die na-Kantiaanse filosofie word die nihilis beskryf as: "[...] someone whose reason does not permit him to affirm the existence of anything – God, the external world, others' minds, even his own self – and whose representations really represent nothing. In its original sense, then, the term 'nihilism' denotes the alleged solipsistic consequences of all rational enquiry" (Beiser 1999: 25-26).

with the extreme form of subjective idealism and are not about to fall into that trap". Die betekenis wat 'n waarnemer vorm wanneer 'n fisiese objek teëgekrom word is wat postmoderniste realiteit noem. Maar, hierdie realiteit (die postmoderne realiteit) moet nie verwar word met die fisiese objek self nie. Dit sal ook nie korrek wees om te dink dat die betekenis wat ontstaan tussen waarnemer en objek alleenlik die resultaat van kollektiewe sosiale interaksie is nie. Die objek self het eienskappe wat dit na die ontmoeting bring en dit is deur die interaksie tussen waarnemer en objek wat betekenis tot stand kom. Fisiese objekte beskik oor relatief stabiele eienskappe wat dit by herhaling openbaar. Die gevolg is dat betekenis bestendig raak of gereïfeer word (Ryan 1999).

Deur relativisme te onderskryf ondermyn postmoderniste moderne metanarratiewe. Metodologieë waarop moderniste hulle beroep vir die legitimasie van kennis word in twyfel getrek wat die vrese vir relativisme verklaar. "In sum, fears of relativism and its seeming attendant, nihilism or Nietzschean anger, seems to be an implosion of Western, white male, class-privileged arrogance – if we cannot know everything, then we can know nothing" (Lather 1992: 100).²⁰ Is dit nie juis hierdie modernistiese vrese wat nihilisties blyk te wees nie?

Die postmoderne propagering van relativisme, veelvuldige waarhede en hiperrealiteite strek verder as 'n filosofiese bespreking van teoretiese konsepte. Uit die volgende aanhaling blyk dit dat selfs metafore (wat beskou kan word as dimensies van realiteit) nie die gruwel dade van apartheid kan verbloem nie. "If today they sound like imaginary events it is because, as we shall recall, the horror of day-to-day life under apartheid often outdid the efforts of the imagination to reduce it to metaphor" (Krog 1998: 87). Metafore kan besonder kragtig wees en deel in die funksies van fiksie en relativisme. "Undoubtedly there are many individuals who suffer from rigidities, from too constraining a conception of themselves or too narrow and impoverished a vision of the past; for them *fictionalism* and *relativism* might well be therapeutic" (Sass 1992: 171). Hierdie positiewe

²⁰ In die volgende aanhaling reageer Cherryholms op die polemieë omtrent relatiwiteit:

Relativism is an issue for structuralists because they propose structures that set standards. Relativism is an issue if a foundational structure exists that is ignored [...]. A Derridian might argue, however, that the issue is *différance*, where meanings are dispersed and deferred. If dispersion and deferral are the order of the day, what is relative under structuralism is difference under deconstruction, if there is no foundation, there is no structure against which other positions can be 'objectively' judged (Lather 1992: 99).

waarde wat sosiale konstruksioniste aan fiksie en relatiwiteit heg moet nie by voorbaat as negatiewe nihilistiese trek verwerp word nie.

Taal

Op die agenda van vyf postmoderne temas is taal die tweede. In die gedeelte word die postmoderne en sosiaal-konstruksionistiese idees omtrent taal in verband gebring met die narratologie, stories en die terapeutiese waarde van narratiewe. Die rolle wat Krog en die WVK vertolk strek byvoorbeeld verder as bloot die van outeur en kommissie. Hul rolle kan onder andere geïnterpreteer word as die van terapeute. Indien ons taal vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief beskou volg dit dat die terapeutiese en interpretatiewe aktiwiteite in taal plaasvind en, daarom oor die vermoë beskik om die verlede en hede te oorbrug en in verskillende dimensies van realiteit te manifesteer.

Vanuit 'n algemeen modernistiese perspektief korrespondeer taal op 'n een-tot-een basis met die objekte en gebeure in die reële wêreld (Neuman 1997: 140-145 Gergen 1994b: 412-416). Hierdie kenmerkende modernistiese een-tot-een kommunikasiepatroon word bevestig deur die verskeidenheid kommunikasiemodelle wat teoretici ontwikkel het om kommunikasiesisteme te verduidelik. So byvoorbeeld verduidelik McQuail en Windahl (1981) verskeie kommunikasiemodelle waarin aanvanklik eenrigting en later tweeringting kommunikasie tussen sender en ontvanger van 'n boodskap plaasvind.

In sy opvatting omtrent die semiologie verbind Saussure die betekenaar (sender) en betekende (ontvanger) met komplekse strukturalistiese diagramme waarin betekenis wedersyds gevorm word en pluraal is (Thibault 1997).

“The sign in its totality is, then, a form comprising two layers of structural organization [...] [I]n Saussure's account the signifier *per se* is a form which expresses or carries a meaning [...] Saussure does not reify meaning as something distinct from and separable from the forms which create meanings” (Thibault 1997: 59).

Elke term in die taalsisteem kry dus betekenis uit die besondere posisie wat dit beklee ten opsigte van die posisie van ander terme. Linguistiese tekens verwys nie na dit wat dit voorstel nie, maar na ander tekens. Dit beteken dat alle terme altyd teenwoordig moet wees en aan die taalspel deelneem (Hollinger 1994). Saussure poog om met wiskundige

formules 'n vlak van gelykvormigheid tussen taal en linguistiese teorie te bereik (Thibault 1997).

Op sy beurt streef Derrida na die dekonstruksie van die gesproke en die geskrewe woord, deur aan te voer dat nie alleen is die geskrewe woord 'n byvoegsel van die gesproke woord nie, maar dat alle linguistiese tekens in 'n sekere mate geskrewe is, daarom dat daar niks buite die teks bestaan nie. Bennington verduidelik Derrida se idee van "difference" as volg:

[...] all signifiers refer for their meaning only to other signifiers (this part of the argument drawing on the Saussure of the linguistic 'system of differences' as against the more traditional Saussure of the sign); if metaphysics wants to call 'signifier of signifier' by the name 'writing,' it had therefore better call all language writing if it wants to be consistent (Bennington 1999; 551).²¹

Moderniste glo weer dat daar 'n definitiewe onderskeid is tussen die objektiewe (reële) wêreld en die subjektiewe (kognitiewe) wêreld, en dat taal die verbintenis is tussen die objektiewe en subjektiewe. Die reële wêreld is skynbaar iewers daar buite en kan deur taal verken en geken word. Daar word geglo dat indien ons taal verstaan die idees van die spreker ook verstaan sal word en dat die spreker se taal objektiewe waarheid kan (oor)dra (Gergen 1991). Ons kan taal, volgens moderniste - meer spesifiek realiste - gebruik om sonder dubbelsinnigheid die eksterne werklikheid te representeer en ons interne representasies is daarom akkurate refleksies van die eksterne realiteit (Gergen 2002).

Taal in postmoderne terme

In postmoderne kringe word eerder gefokus op die wyse waarop die taal wat ons gebruik ons wêreld en oortuigings konstrueer. In taal skep gemeenskappe hul persepsies omtrent realiteit. Vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief is taal nie representatief nie, dit wat ons "realiteit" noem setel en word uitgedruk in ons beskrywings van gebeure, idees en gevoelens (Sluzki 1992). Vir postmoderniste is die enigste wêreld wat ons kan ken

²¹ Dekonstruksie teoretici meen dat woorde betekenis kry deur die verhouding waarin dit staan met ander woorde. So byvoorbeeld kry literêre tekste betekenisinhoud deur die wyse waarop dit in verband staan met ander tekste. 'n Taal kry daarom nie karakter uit of van realiteit nie, maar van ander tale (Gergen 1991: 106-110).

daardie wat ons in taal ken. Taal is nie meer 'n uiterlike uitdrukking van innerlike sake nie, maar die oorsprong daarvan is sosiaal. Die taalsisteem bestaan ook nie meer onafhanklik van die mense wat dit gebruik nie (Anderson 1997: 201).

Taal kan beskou word as 'n inherente tipe verwantskap wat slegs betekenis dra indien ander betekenis daaraan verleen (Gergen 1991). 'n Sosiaal-konstruksionistiese begrip van taal moet beskou word in die lig van wat Gergen sê omtrent betekenis: "For social constructionism, in contrast [with traditional psychology], the chief locus of understanding is not in 'the psyche' but in social relationships" (Gergen 1997: 724). Hieruit volg dat konstruksioniste taal nie as 'n foto of kaart van die werklikheid beskou nie, maar taal kry betekenis deur die gebruik daarvan in menslike interaksies. Sosiale konstruksioniste beklemtoon die funksie van taal om betekenis te skep. Taal verduidelik met ander woorde nie wat aangaan nie, maar dui aan hoe die wêreld betekenis gee aan tradisies, gemeenskappe en verhoudings (Gergen 2002). Of soos Van der Walt na Nietzsche verwys: "[...] language and the meaning that we establish in language are never a reflection of a reality out there" (1998: 72).

Taal en kennis speelbeeld nie meer realiteit nie, maar konstrueer realiteit sosiaal (Edley 2001). Taal is nie meer mimeties nie of anders gestel, taal het nie net 'n representatiewe funksie nie, maar is ook (in)formatief (Gergen 1997: 723-746, Shotter 1992: 58-73). Elke taal konstrueer spesifieke aspekte van realiteit op eiesoortige wyse. Taal kan beskou word as linguistiese en sosiale konstruksie van realiteit en fokus op interpretasie en die onderhandel van betekenis in deurleefde wêreld (Kvale 1992). Selfs wanneer ons die deurleefde wêreld betree is ons in taal. Anderson meen dat:

[w]e are born into language and inherit all that comes with it: history, culture, tradition, and so on. Language is the vehicle through which we exist and share with each other and with ourselves. It is the primary way in which we construct out realities, our worlds, our observations, and our understandings, through action with others. It is the vehicle through which we ascribe meaning, make sense of our lives, give order to our world, and relate our stories. We act and react through language, using it to relate, to influence, and to change (1997: 204).

Sosiale konstruksioniste gebruik nie die woord - taal - om te verwys na 'n spesifieke fokus op tekens, strukture of style nie: "[r]ather, we refer to the linguistically mediated and

contextually relevant meaning that is interactively generated through the medium of words and other communicative action” (Anderson & Goolishian 1988: 377). Die gegengereerde betekenis met ‘n spesifieke sosiale konteks ontstaan uit ‘n dinamiese sosiale proses van kommunikatiewe dialoog. Ons leef en werk saam met ander “in die loop van taal”.

Taal of die kommunikatiewe funksie onderliggend daaraan kan eerder beskou word as ‘n interaktiewe proses wat nie berus op die passiewe ontvang van voorafopgestelde waarhede nie. Richard Rorty (Freedman & Combs 1996: 28) beskryf die verhouding tussen taal, die wêreld en waarheid as volg:

Truth cannot be out there – cannot exist independently of the human mind – because sentences cannot so exist, or be out there. The world is out there, but descriptions of the world are not [...] The world does not speak. Only we do. The world can, once we have programmed ourselves with language, cause us to hold beliefs. But it cannot propose a language for us to speak. Only other human beings can do that.

Die invloed van stylfigure op die betekenis van taal

Literêre taal word dikwels gedefinieer in terme van die verskille wat dit met alledaagse of ordinêre taal toon. Maar, soos baie veralgemenings is hierdie stelling nuttig tog misleidend. Die stelling neem aan dat literêre tekste gekarakteriseer kan word deur stylfigure. Die gebruik van stylfigure word beskou as vervorming of afwyking van gewone of letterlike taalgebruik. Sogenaamde gewone taal bevat meer letterlike taal, taal wat nie in verhulde fraserings kommunikeer nie (Bennet & Royle 1999). Die betekenis van ‘n teks kan nie geskei word van die vertolking of uitdrukkingswyse daarvan en die stylfigure daarin nie.

Figuurlikheid is onontbeerlik deel van ons wêreld en lewens. ‘n Verandering in die wyse waarop ons die wêreld bekyk (beskryf) beteken ook ‘n verandering in die wyse waarop die wêreld funksioneer. Wick (1996) meen dat metafore gebruik kan word om die gapings in betekenis te vul. As voorbeeld kan Ralph Ellison se *Invisible Man* (1952) gebruik word. Die teks gebruik deursigtigheid as metafoor vir marginalisering, onderdrukking en verontmensliking van swartmense in Amerika. Ellison open die proloog van sy novelle so:

I am an invisible man. No, I am not a spook like those who haunted Edgar Allan Poe; nor am I one of your Hollywood-movie ectoplasms. I am a man of

substance, of flesh and bone, fiber and liquids – and I might even be said to possess a mind. I am invisible, understand, simply because people refuse to see me. Like the bodiless heads you see sometimes in circus sideshows, it is as though I have been surrounded by mirrors and hard, distorting glass. When they approach me they see only my surroundings, themselves, or figments of their imagination – indeed, everything and anything except me (Ellison 1952: 3).

Die deursigtigheid van die man stimuleer verskeie interpretasiemoontlikhede. Sigbaarheid en deursigtigheid word hier gebruik as metafore vir die sosiale, politieke en ekonomiese ontkenning en gevolglike onderdrukking van swart mense. Die man beskryf homself as deursigtig juis omdat hy nie kan ontsnap van voorafopgestelde idees wat ander oor hom gevorm het nie. Die idees kom tot stand deur 'n persepsie wat omtrent sy velkleur gevorm word. Die persepsie is die gevolg van 'n retoriese figuur wat "synecdoche" (wat soortgelyk is aan die Gestalt-beginsel) genoem word. Dit beteken dat 'n gedeelte (in die geval die vel) die geheel (die man) verteenwoordig. Karakterisering en kategorisering van die aard is te reduksionisties. Hierdie waarhede word gebou op grond van prekonsepsies en stereotipes.

Om 'n karakteranalise van 'n persoon te doen wat gebaseer is op een uiterlike eienskap is 'n desperate poging wat hulpeloos terug hunker na die uitgediende teorieë: atavisme en frenologie.²² Die kategorieë swart, wit en bruin is daarom niks anders as die retoriese figuur "synecdoche" en gevolglik kunsmatig. Dit wat ons sien is daarom 'n metafoor: 'n versinsel van die verbeelding. In hierdie opsig is Ellison se verteller onsigbaar omdat lesers dink hulle sien 'n swart man en in der waarheid niks sien nie, omdat die metafoor hulle as't ware verblind.

²² Atavisme beteken : "Die verskyning van eienskappe wat by die verre voorouers aanwesig was, maar nie by die ouers of onmiddellike voorouers voorgekom het nie" (Plug *et al* 1997: 32. Frenologie (wat ook bekend staan as skedelleer) is:

'n Uitgediende leer van F. J. Gall en andere dat die mens oor bepaalde vermoëns beskik wat in bepaalde dele van die brein gelokaliseer is, dat die graad van elke vermoë (bv. moed en skerpsinnigheid) bepaal word deur die grootte van die betrokke breindeel en dat laasgenoemde aan die skedeloppervlakte vasgestel kan word. Hierdie laaste aanname is veral deur neurologiese lokalisering van breinareas as totaal foutief bewys" (Plug *et al* 1997: 110).

Die teks stel voor dat apartheid of Positivisme deur 'n taalhandeling in 'n ander lig beskou kan word. Die uitwis van die swart man is daarom 'n taalhandeling wat met of deur 'n taalhandeling "gekorregeer" kan word. Sonder die woordeskat van vooroordeel, rassisme en stereotipes is enige uitwissing ondenkbaar. Is rassisme daarom bloot 'n gevolg van taal? Rassisme kan beskou word as 'n gevolg van taal. Maar, dit beteken nie dat rassisme nie bestaan en die gevolge daarvan nie beleef word nie. Die deursigtige man kan waargeneem word deur alternatiewe metafore en stylfigure. En net die wat hierdie stylfigure kan lees of sien kan ook die man (mens) in die swart sien. Metafore maak dit vir ons moontlik om dit te sien wat onsigbaar is. Verhulde vooroordeel en uitgewiste uitwissing word sigbaar deur die lense van die metafoor (Bennet & Royle 1999).

Die metafore waarin vertellers en outeurs stories vertel beskryf ook die perspektief waaruit hulle die wêreld beskou. In *Country of My Skull* gebruik die vertellers van die apartheid narratief sig of blindheid as 'n metafoor wat hul verligting (versoening) of gevoelens van haat oordra. Die wat van stem ontnem was kan hul vermoë om te praat net met woorde wat met sig en sigbaarheid geassosieer word uitdruk. Die kragtigheid van die vermoë om te kan sien het in 'n mate ook die rol van die ander sintuie oorgeneem. Na aanleiding van die Queenstown slagting vertel een van die slagoffers: He [Barnard] pointed his fire arm at me. I felt something hitting my cheek. I felt my eyes itching. I was scratching my eyes and yelling for help. Since then I've been blind ... and unemployed ... and alone and homeless. But today ... today it feels as if I can nearly see" (Krog 1998: 29). Of soos Zimmerman en Dickerson dit stel: "[W]oman [and in general victims of apartheid] have lost their voice[s]: others narrate their stories for them in a manner more suited to the other's experience" (1994: 236). Maar nou met die narratiewe geleentheid wat die WVK skep gebeur dit dat by sig spraak gevoeg word en soos Krog dit stel: "[...] and the eye plunges into the mouth" (1998: 29). Dit wat aanvanklik net gesien is mag nou oor gepraat word. Die stories wat nie met die outoritêre storie van sy (en nie haar) tyd akkoord gegaan het nie, mag nou in woorde uitdrukking vind.

Die metafoor is dus meer as net 'n talige konstruksie wat betekenis kan verlig of verduister. Die metafoor brei die betekenis van woorde so ver uit dat 'n enkele frase die ganse apartheidsgeskiedenis kan oproep en daarmee vertroosting bring. Die metafoor is nie net 'n literêre stylfiguur nie, dit is op sigself 'n storie wat om interpretasie vra.

Al vertellende die storiewêreld in...

Lank, lank gelde en ook meer onlangs is en word byna alles tot begrip gebring deur stories. Daar kon en kan altyd staat gemaak word op stories om dit wat ons wil weet tot begrip te bring. Ons vertel stories vir onself en luister na die stories van ander en rig ons lewens volgens die stories. Om hierdie stories aanhoudend te vertel boots nie alleen die lewe na nie, maar skep ook lewe en word uiteindelik ons realiteite. Stories is egter nie so simplisties nie: “[a story] is itself a situated action, a performance with illocutionary effects” (Gergen 1994b: 247). Of soos Parry en Doan skryf: “The more we face and acknowledge the plurality of persons and perspectives in the postmodern world, the more we are brought up against the unfathomable mystery of the human imagination, the author of all stories” (1994: 29). Stories skep, onderhou en verander wêreld van sosiale verhoudings.

Stories help om betekenis te gee aan die wêreld. Dit is waarmee die mens sin maak van die wêreld. “With fictions we investigate, perhaps invent, the meaning of human life” (Miller 1990: 68). Narratiewe (of stories) het ook ‘n ander funksie as om bloot kultuur te “polisieër”. ‘n Narratief bied ook ‘n relatief veilige plek waarin heersende kulture gekritiseer kan word. In ‘n teks kan met alternatiewe aannames geëksperimenteer word sonder dat dit noodwendig “letterlike” gevolge het. Narratiewe kan die heersende kultuur tegelyk bekragtig en bevraagteken en juis daarin lê die transformerende krag van die narratief.

Ons vertel stories vir onself, en ons is die getuies daarvan, maar ons vertel dit ook vir die Ander, en die Ander word dan getuies of waarnemers van ons lewens. Of soos Anderson dit stel:

[L]ife is a matter of telling ourselves stories about life, and of savoring stories about life told by others, and of living our lives according to such stories, and of creating ever-new and more complex stories about stories – and that this story making is not just about human life, but *is* human life (Freedman & Combs 1996: 30).

Indien ons akkoord gaan met Anderson se beskrywing van stories, beteken dit dat ons ‘n postmoderne beskrywing daarvan onderskryf. Dit impliseer verder dat ons ‘n wisselwerkende verhouding tussen stories en die wêreld aanvaar, en dat literêre tekste

inderdaad 'n invloed op die wêreld kan uitoefen. Teks en wêreld moet egter nie van mekaar geskei word nie.

“This distinction [between text and world] is, of course, a very common way of thinking about literature: it is implicit in notions of mimesis or imitation, of realism and naturalism, and of representation, as well as in metaphors which figure literary texts as offering a window onto the world [...] or as holding a mirror up to the world (Bennett & Royle 1999: 28).

Die verhouding tussen teks en wêreld is ook geleë in die strukturelemente waarmee moderniste 'n “goeie” storie reduceer tot begin, middel en einde. Buiten vir die teenwoordigheid van die epiese kategorieë (karakterisering, tyd en ruimte) meen Miller dat 'n storie ten minste drie eienskappe moet vertoon: omwenteling, personifikasie en herhaling. “However important plot may be, without personification there can be no storytelling. The minimal personages necessary for a narrative are three: a protagonist, an antagonist, and a witness who learns” (Miller 1990: 75). Soms ruil die rolle om en is die protagonis die antagonist of is die leser die getuie. Die eerste element verwys daarna dat 'n aanvanklike omwenteling moet plaasvind, of 'n reeks gebeure moet aanleiding gee tot die omkeer van 'n gebeurtenis. Herhaling vind plaas sodat patroonmatigheid van sleutel-elemente narratiewe ritme skep. Ritme is weer nodig sodat woorde en stylfigure gemoduleer kan word. Selfs narratiewe wat nie hierdie elemente vertoon nie kry betekenis deurdat dit heel ironies teen die ontvanger se verwagtinge inwerk (Miller 1990).

Country of My Skull kan as 'n postmoderne literêre teks beskou word omdat dit 'n collage van stories met dieselfde tema is wat met mekaar verweef is. Krog kan beskou word as die protagonis van die narratief wat sy vertel. In sekere opsigte beantwoord *Country of My Skull* aan die modernistiese strukturelemente. Die aanvanklike omwenteling wat aanleiding gee tot die skryf van die teks kan teruggevoer word na die apartheidsstelsel. Ritme word verkry deur die herhaling van die ellendes wat die apartheidsbestel meegebring het af te wissel met persoonlike ervarings. Hoewel *Country of My Skull* “voldoen” en “afwyk” van bepaalde strukturelemente is die kragtigheid daarvan geleë in die terapeutiese waarde wat dit vir beide skrywer en leser bied.

Hierdie verweefde verhouding tussen stories en die lewe bepaal ook die wyse waarop ons die verlede verstaan. As voorbeeld dien 'n vyfjarige se gefragmenteerde storie, oor wat die dag by die skool gebeur het. Die kind beskryf 'n pen, 'n vriendin se

hare en sluit af met 'n feëverhaal wat die dag in die wolke afgespeel het. "Because the events are not related to each other; there is no direction or 'point' to the account, no drama, no proper sense of beginning and ending" (Gergen 1991: 161). Die bestaan van hierdie eienskappe – soos die verhouding tussen gebeure, die drama en die tydelike finaliteit – is nie duidelik sigbaar in die lewe nie. Hierdie elemente kom net voor in stories wat by herhaling geredigeer is. Teen die tyd dat die kind ses is sal stories "behoorlik" gestruktureer word en teen twintig sal haar idee van 'n lewensverhaal die narratiewe struktuur van die geskiedenis aanneem (Gergen 1991: 161).

Country of My Skull stem wat die rekonstruksie van die verteldetyd betref ooreen met die skryf van die verlede. Maar, soos die vyfjarige is ook *Country of My Skull* soms struktureel gefragmenteerd. Dink byvoorbeeld aan die asteriske wat stories van mekaar skei, en die vertelling van die Mutase-moorde word onderbreek deur 'n brand in die Munitoria gebou.²³ Die "isolering" van individuele stories dra by tot 'n gevoel van afgebrokenheid en naiwiteit. Tog doen dit nie afbreek van die verhaal in geheel nie, maar intensiveer die afgebrokenheid eerder bepaalde momente. So byvoorbeeld is die *staccato*-agtige vertelling van herhaalde misdade teen vroue in hoofstuk sestien besonder effektief omdat dit die persoonlike aard van hierdie stories aksentueer.

Dit volg noodwendig dat persoonlike narratiewe nie neutraal is nie. Bennett en Royle meen immers dat: "Literary texts, that is to say, are always constructed by and within a context or tradition" (1999:6). Hierdie konteks en tradisie word gewoonlik deur die verteller self (as protagonis) bepaal, daarom dat die vertellers van die Mutase-moorde die verhaal onderskeidelik anders interpreteer (Krog 1998: 85-89). Narratiewe word dikwels geskep deur persone wat betekenis wil vind in die afwykings van dit wat kultuur voorhou as normaal. Mense ervaar gewoonlik hul eie bedoelings as goed, daarom dat hul narratiewe verantwoording doen en hul gedrag regverdig as die enigste weergawes van die storie. "[P]eople interpret or make sense of the circumstances of their life's in ways that take into account their own good intentions" (Zimmerman & Dickerson 1994: 238).

'n Gevolg van die narratiewe proses is dat daar ook gesoek word na betekenis van die ander se teenwoordigheid. Aangesien eie ervarings as goed beskou word, word verwag dat die probleem (soos apartheid) teenwoordig is in die ander se interpretasie van die storie. Die ander se gedrag word verklaar deur hulle bedoelings te interpreteer.

²³ Op metaforiese vlak verdig die vermenging van die moord en die brand die teks, omdat die brand die vernietigende en vererende gevolge van die apartheidstorie beklemtoon.

“The other’s actions (and assumed interactions) then become the mitigation circumstances that justify one’s own actions do not necessarily fit what is culturally or personally acceptable” (Zimmerman & Dickerson 1994: 326).

Dit wil voorkom asof dieselfde storie en variasies op dieselfde tema (soos apartheid as tema) dit aanhoudend aan ons voordoen. Waarom is die herhaling van dieselfde stories dan nodig? Die antwoord op hierdie vraag is nouer verwant aan die kultuurskeppende funksie van die narratief as die kritiese funksie daarvan. As ons stories nodig het om sin te maak van ons ondervindinge dan behoort ons dieselfde stories herhaaldelik te hoor om die sin daarvan te bekragtig en die herinterpretasie daarvan moontlik te maak (Miller 1990).

Reordering by narrative may therefore have as its functions [...] the affirmation and reinforcement, even the creation, of the most basic assumptions of culture about human existence, about time, destiny, selfhood, where we come from, what we ought to do while we are here, where we go – the whole course of human life. We need the ‘same’ stories over and over, then, as one of the most powerful, perhaps the most powerful, of ways to assert the basic ideology of our culture (Miller 1990: 71-71).

In die narratief-metafoor word mense beskou as organiseerders van hul ondervindinge in storieformaat. Van nature is dit so dat ‘n storie nie alle ervarings van ‘n mens kan omskryf nie daarom val sekere ervarings buite die fokus van ‘n storie (Parry & Doan 1994: 147). In die narratief-metafoor soek die terapeut na ervarings wat nog nie vertel is nie, en nie in die dominante narratief pas nie. Sielkundiges wat gebruik maak van die narratief-metafoor poog om die proses waarin betekenis geskep word te verdiep deur na stories te luister en mense te help om nuwe stories te ontwikkel (Widdershoven 1993: ix-xv). Dit is daarom nie die spesifieke ondervinding wat van belang is nie, maar die potensiële betekenisvolheid van die storie (Zimmerman & Dickerson 1994: 235).

Die narratief-metafore gebruik ook eerder ondervinding as veranderlike as byvoorbeeld informasie of data. Die narratief akkommodeer nie alleen die storie van die wat ondersoek word nie, maar ook die van die verteller. Zimmerman en Dickerson (1994) meen dat die narratief ‘n terapeutiese fokusverskuiwing meebring. Die verhouding tussen mense is nie meer die objek van terapie nie maar die stories oor die verhouding wel.

“[T]he implication that experience is larger than the problem-filled stories suggests a new role for the therapist” (Zimmerman & Dickerson 1994: 235). Die terapeut skep die konteks waarbinne ‘n hervertelling plaasvind en die verteller self intervensie doen. Hoewel die WVK intervensie in die vorm van amnestie en die ongewone vorm van storie vertelling doen, skep dit as ‘n tipe terapeut ‘n nuwe konteks waarin die vertel van die storie die intervensie van die verteller is.

Widdershoven (1993) meen dat ondervinding min waarde het as dit nie aan stories verbonde is nie, maar: “[t]his is not only true of relatively unimportant experiences, such as going to the theater. It also holds for experiences that are supposed to change our whole life, for example experiences of deep love or grief” (Widdershoven 1993: 7). Die volgende aanhaling uit *Country of My Skull* dien as voorbeeld waar beide die verteller en ons as lesers die sinrykheid van die ondervinding besef wanneer die storie daarvoor vertel word: “Beloved, do not die. Do not dare die! I, the survivor, wrap you in words so that the future inherits you. I snatch you from the death of forgetfulness. I tell your story, complete your ending – you who once whispered beside me in the dark” (Krog 1998: 27). Uit hierdie aanhaling blyk dit duidelik hoe die storie die gebondenheid van ‘n kortstondige bestaan transendeer en in ‘n ander tyd afsluiting aan ‘n lewe gee wat voorheen daarvan ontnem is. Alleen in woorde en stories kan die verlede en hede in die toekoms opgeneem en verenig word. Ons word eers van die betekenisvolheid van die ondervindinge bewus wanneer ons stories daarvoor vertel en dit ineensmelt met die groter netwerk van ander stories. In hierdie proses word die voorafgaande narratiewe struktuur van die ondervinding geartikuleer en verander in ‘n narratiewe patroon (Widdershoven 1993: 8).

Narratiewe terapie²⁴

Vanuit ‘n modernistiese benadering behels terapie dat mense waargeneem word sodat gedagtes, gevoelens en gedrag vergelyk kan word met voorafopgestelde normatiewe kriteria soos vervat in die “Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders” en die “International Classification of Diseases”. Teorieë oor terapie bevat dus voorveronderstellings ten opsigte van die oorsake van patologieë, die metode waarop die

²⁴ Ter aanvang is dit nodig om in gedagte te hou dat die betekenis van *Country of My Skull* nie gereduseer word tot alleen die terapeutiese waarde wat dit openbaar nie. Soos Krog by geleentheid gesê het, indien die teks net as terapeutiese werk beskou word het sy in haar doel, om die onmenslikheid van die apartheidstelsel uit te lig, misluk.

probleem gediagnoseer word en die wyse waarop die patologie geëlimineer kan word. Volgens Gergen meen moderniste dat: “[t]he scientific narrative, [...], has the seal of professional approval” (1994b: 239). Hierdie denkwysse saal terapeute met ten minste twee dilemmas op.

Ten eerste; die modernistiese terapeut is geïsoleer van die individu of groep waarmee sy werk. “This sustains her belief that she is an expert with special knowledge that allows her to observe, assess, diagnose, and treat without herself being subject to the same processes as the persons with whom she is interacting” (Weingarten 1998: 4). Moderniste beskou die terapeut as ‘n waarnemer wat onafhanklik is van die kliënt(e) wat waargeneem word. Daar word verder aangeneem dat die terapeut meer begrip sal toon vir die kliënt as wat die kliënt vir haar eie probleme kan toon. Vanuit ‘n postmoderne narratiewe perspektief is dit juis die kliënt se kennis wat ontgin en verlig moet word (Weingarten 1998: 4, Doan 1998: 379-385).

Die tweede dilemma hou verband met die modernistiese benadering tot mag. ‘n Modernistiese benadering neem aan dat elke party wat deelneem aan die interaksie gelykmatig bydra tot die situasie. Reeds bestaande magsverhoudings veroordeel deelname met vooroordeel. Indien die modernistiese terapeut hierdie eienskap van die sosiale lewe ignoreer word die bestaande magsverhoudings onbewustelik onderhou (Weingarten 1998: 4). Anderson en Goolishian beskryf in 1988 (372) die rol van die terapeut as volg: “The role of the therapist is that of a master conversational artist – an architect of dialogue – whose expertise is in creating a space for and facilitating a dialogical conversation. The therapist is a participant-observer and a participant-manager of the therapeutic conversation”. Hierdie vroeë werk van Anderson en Goolishian sluit aan by die modernistiese benadering dat net diegene met spesialiskennis by magte is om die storie te interpreteer. *Country of My Skull* behoort gevolglik net vir die met kennis (mag?) oor die reg, letterkunde en sosiologie toeganklik te wees.

Narratiewe terapie hou direk verband met postmoderne denke en die Sosiale konstruksionisme. Parry en Doan (1994) meen dat narratiewe terapie ontwikkel het uit die postmoderne konteks waarin ons leef. Indien dit die geval is, hoe vind die postmoderne sosiaal-konstruksionistiese benadering tot narratiewe en stories neerslag in die sielkunde? Wat is die relevansie van stories vir sielkundiges en regsgeleerdes? Waarom is dit nodig om modernistiese terapie in te ruil vir sosiaal-konstruksionistiese (of

postmoderne) narratiewe terapie? Wat is die verband tussen narratiewe terapie, die WVK en regsinterpretasie?

In teenstelling met die modernistiese terapeut is die postmoderne narratiewe terapeut nie meer 'n kenner wat alleen probleme kan oplos nie.²⁵ Inteendeel, die narratiewe terapeut is 'n medereisiger, wat toegewyd luister na die stories wat ander oor hul lewens vertel. Die postmoderne narratiewe terapeut moet 'n bewustheid en sensitiwiteit ten opsigte van die magsverhoudings in terapie ontwikkel. Terselfdertyd moet die terapeute besef dat hul dissipline beskou kan word as 'n reeks magspraktyke en narratiewe van en oor mag. "Besides assuming a not-knowing position, the therapist should avoid any practice that could in any way constrain the clients' freedom by forcing them in a particular direction, looking for their collaboration instead" (Bertrando 2000: 87). Die vermoë van die kliënt om uit haar eie ondervinding oplossings te vind geniet voorkeur. Weingarten (1998) meen dat die postmoderne narratiewe terapeut glo in die vertel en hervertel van ons stories en wanneer ons luister (en wanneer daar na ons geluister word), kan alternatiewe tot die probleem uit hierdie proses spruit.

Vir die postmoderne narratiewe terapeut bestaan daar nie net een "ware" storie of meester narratief nie (Freedman & Combs 1996, Parry & Doan 1994, Weingarten 1998). Die narratiewe terapeut stel belang in diskoers wat verskeie moontlikhede bied ten einde sosiale probleme te transendeer. Saam met die kliënt konstrueer die narratiewe terapeut narratiewe wat die kliënt se lewensverwagtinge die beste pas, ongeag of ander dink dit gepas is of nie.

Gergen (1992: 17-30) meen dat die terapeutiese ontmoeting nie 'n byeenkoms is tussen twee geïsoleerde individue – waarvan die een geëtiketteer word as disfunksionele en die ander as helende kundige – nie. Die ontmoeting kan eerder beskou word as 'n nuwe verbinding of verwantskap. Of soos Parry en Doan dit so gepas stel: "It follows that a meaningful therapy will help clients gain a sense of 'being their own experts' via enabling them to author stories based upon their experiences, thoughts, and feelings" (1994: 46).²⁶

²⁵ Uit eie ondervinding skryf Weingarten dat: "I am not the expert. I don't know the 'truths' of peoples' lives and I don't know what they should do. It is a great relief no longer to believe that I must know" (1998: 5).

²⁶ Parry en Doan meen verder dat: "A useful therapy [...] is one that connects [people] to meaningful narratives compatible with their preferences, instead of separating and isolation people via placing them outside of 'normal' stories and dramas" (1994: 47).

Narratiewe terapeute verkies die stem van die kliënt eerder as die van formele akademiese diskoerse of metanarratiewe. In *County of My Skull* staan Krog geen ruimte af aan akademiese diskoerse nie, en laat eertydse onderdrukte lokale narratiewe die botoon voer. Doan (1998: 379-385) verklaar dat die narratiewe terapeut se doel juis is om die kliënt te bevry van onderdrukkende metanarratiewe wat individue uitsluit van sekere stories en die Ander marginaliseer.

Elke terapeut se stem word self-legitimerend. "Attempts by other therapists to question the validity of such stories are themselves illegitimate" (Doan 1998: 384). Siende dat die vertel van narratiewe aangemoedig word en almal self-legitimerend is hoef die terapeut nie met die "maatband van stories" die legitimiteit daarvan te bepaal nie. Krog en die WVK hoef nie die legitimiteit van stories te bepaal nie, maar kan self oor die geloofwaardigheid daarvan besluit.

In die narratiewe gemeenskap is almal in die narratiewe netwerk ingewef. Ooreenstemming en verskil kan nou eerder gevier word. Die narratief-metafoer is vloeibaar en kan in en oor tyd aanpas. In narratiewe handel dit eerder oor ondervinding as oor die informasie wat dit dra. Die narratief stel gevolglik 'n nuwe rol vir die terapeut voor (Zimmerman & Dickerson 1994). Die waarde van sielkundige diskoers is nie daarin geleë dat dit die waarheid reflekteer nie, maar in die vermoë om verhoudings te dra (Gergen 1994b: 412-416). Op soortgelyke wyse fasiliteer Krog en die WVK verhoudings in 'n oorgangsfase.

Narratiewe terapie het tot gevolg dat daar weg beweeg word van, die idee dat die mens se individuele psige na binne gekeer is, na die postmoderne idee van teenwoordigheid binne in die wêreld saam met ander mense. Die fokus is verskuif van die binnekant van 'n *tabula rasa* "psigiese houer" na die buitekant van 'n deurleefde menslike wêreld.

Krog en die WVK fasiliteer doelbewus of onwetend 'n tipe terapie. Deur dialoog en narratiewe poog hulle om onderdrukte, vergete en verslete waarhede te genees, herstel en te verlewendig. "[N]arrative therapy is about the retelling and reliving of stories. As people retell their stories in therapy, they often notice that they have already experienced participating in an alternative story" (Freedman & Combs 1996: 33). Dit is nietemin nie voldoende om 'n nuwe storie voor te dra of 'n ou storie oor te vertel nie. Stories is slegs tansformerend in die nimmereindigende opvoer daarvan.

Die opvoer van stories vind plaas wanneer ons dit vertel. Die (her)vertel en (her)interpreteer van die Mutase-moorde is een voorbeeld waar verskillende waarhede en realiteite dieselfde narratief opvoer. Kaptein Hechter, Paul van Vuuren, John Miles en Joe Mamasela vertel almal dieselfde storie op so 'n wyse dat Krog in 'n reduksiemoment van hierdie verhaal die volgende verklaar oor een van die kragtigste narratiewe in *Country of My Skull*:

So there are actually two stories: the story and the under-story, the matrix, the propelling force determining what is left out, what is used, how it is used. [...] Every narrative carries the imprint or its narrator. [...] And though the narratives may differ in the information they bear, the core elements stay the same. They overlap. [...] Telling is therefore never neutral, and the selection and ordering try to determine the interpretation. [...] Their truth is validated by the majority, they say. Or you bring your own version of the truth to the merciless arena of the past – only in this way does the past become thinkable, the world becomes habitable (Krog 1998: 85-89).

Beide Krog en die WVK is in 'n posisie soortgelyk aan die van die psigoterapeut: “[...] who operate from a narrative point of view [and] try to further the process of meaning-making by listening to stories and helping people to develop new stories” (Widdershoven 1993: 16). Diegene wat vanuit die perspektief kyk stel nie belang in die waarheidswaarde van die feite van 'n saak nie, maar in die storie. Daar word eerder in terme van narratiewe gedink as paradigmatische denkskole. In teenstelling met 'n paradigmatische denkwys wat poog om beskrywings te bevry van konteks is narratoloë daarop uit om konteks en tydelikheid te begryp. Narratoloë is daarom betrokke by die praktyke van die mense waarmee hulle omgaan en poog om die lewe te verstaan deur dit te interpreteer (Widdershoven 1993).

Moderniste benader stories deur dit te verklaar aan die hand van onderliggende strukture. *Country of My Skull* sou byvoorbeeld geëvalueer kon word op grond van die getrouheid van die teks aan die “ware feite”. Vir postmoderniste verleen die betekenisvolheid van die antwoord geloofwaardigheid aan die storie, eerder as wat die feitelike getrouheid daarvan die geloofwaardigheid bepaal. Die ontvanger van die boodskap glo dat die storie waar is omdat dit betekenisvol is eerder as om te glo dat dit betekenisvol is omdat dit waar is (Parry & Doan 1994). Dit beteken dat *Country of My*

Skull waar is, omdat dit betekenisvol is. Die enigste narratiewe (stories) wat betekenis gee aan ons lewens en legitimasië aan ons verpligtinge verleen is ons eie stories daarom dat Krog persoonlik teenwoordig is in die teks.

Vanuit 'n postmoderne perspektief word die storie toegelaat om ditself te vertel en is dit vir almal toeganklik (Parry 1991: 37-54). Die narratiewe waarin mense hul stories vertel is gewoonlik elementêr en staan in verband met alledaagse ondervindinge. Narratiewe identiteit word dus nie net in klassieke literêre tekste verwoord nie, maar ook in die eietydse stories wat deur die WVK aangehoor is.

In die opsig kan die WVK beskou word as 'n postmoderne instelling omdat dit gehoor gee aan sosiale konstruksioniste se versoek dat aandag gevestig moet word op kulturele, kontekstuele stories en individuele stories. Stories gee betekenis aan die lewe. Dit veroorsaak verdeeldheid en in dieselfde asem verenig dit ons. "People's sense of being part of a shared story is connected to the feeling that they exist within some story larger than themselves" (Parry & Doan 1994: 50). Stories noop Krog om simpatie teenoor slagoffers van apartheid te toon, en terselfdertyd bemoeilik die "Afrikaner narratief" (of haar identiteit as Afrikaner) haar poging om afstandelikheid met die outeurs van apartheid te kry. Ons word deurleef deur die stories van ons tyd en ons blote teenwoordigheid verbind ons met die stories wat tans vertel word. Ons was en is deur die storie noodwendig deel van die (post-) apartheidsnarratief.

Identiteitsvorming van die pastiche persoonlikheid

Met die skryf van die postmoderne storie, skryf ons onself weg van die moderne verhaal. Gedurende die skryfproses word dit al hoe moeiliker om getrou te bly aan die Modernisme. Die ideaal van oorspronklikheid bly bloot 'n ideaal wat uitrafel en die betekenis van opregtheid en getrouheid verval in indeterminisme. In aanskoue van dit wat kan wees kwynt ook die skuldgevoel van selfskending. Soos die skuldgevoel en bewustheid van kunsmatigheid kwynt word ons terselfdertyd voorberei op die koms van die postmoderne pastiche persoonlikheid. Gergen verduidelik hierdie terme as volg: "The pastiche personality is a social chameleon, constantly borrowing bits and pieces of identity from whatever sources are available and construction them as useful or desirable in a given situation" (1991: 150).

Wat is die relevansie van die pastiche persoonlikheid vir postmoderne regsinterpretasie? Indien ons aanvaar dat die wêreld uit verskillende stories en tekste

bestaan kan ons ook aanvaar dat die mens uit verskillende “persoonlikhede” of samestellende dele bestaan. Ons loop egter die gevaar om ons blind te staar teen enkele dele van die pastiche persoonlikheid wat veroorsaak dat die geheel as of goed of kwaad beskou word. Bewustheid van die pastiche persoonlikheid dwing ons om niemand as net goed of net kwaad te beskou nie. Aan beide kante van die apartheidstryd is misdadigers en slagoffers nie net boos nie. Die pastiche persoonlikheid is ‘n metafoer waarmee versoening, in ‘n land van verdeeldheid waarin die een die ander op ‘n bipolêre skaal sien, bevorder kan word. Kennis van die pastiche persoonlikheid kan meebring dat ons nie onverdraagsaam en antagonisties die “ander” as een-dimensionele persoonlikhede beskou nie.

Volgens poststrukuralistiese teorieë leef ons in netwerke van veelvoudige voorstellings van klas, ras, geslag, taal en sosiale verhoudings. Binne een individu verskil die betekenis van hierdie voorstellings en die waarde wat ons daaraan heg. “This focus on the fundamentally relational nature of identity results in the historically constituted and shifting self versus the static and essentialized self inherent in the concept of the free and self-determining individual” (Lather 1992: 101). Identiteit word voortdurend verplaas en vervang. Die mens is dus nie gefikseer nie. In die wisselwerkende stryd om subjektiwiteit is ons aktief maar nie soewerein nie. Terwyl persoonlikheid gedestabiliseer word, verloor Verligtingskonsepte soos die optimaal stabiele persoonlikheid ook geloofwaardigheid. Die mens word gefigureer en geherkonfigureer binne ‘n konteks waarin konflikterende boodskappe dit voortdurend teister (Lather 1992: 101).

Løvlie (1992: 119-134) dui aan dat die frase - dood van die subjek – die outonome bewuste agent elimineer. Wat oorbly is ‘n anonieme individu wat onderworpe is aan die strukture en magte van (meta)narratiewe. Die self kan beskou word as ‘n ensemble van verhoogpersoonlikhede wat die rol van ‘n relatiewe self vertolk en bewus is daarvan dat dit relatief is. “The self is the proliferation of roles, the progressive showing of (sur)faces” (Kvale 1992: 14). Løvlie meen dat die radikale postmoderne filosowe nie die individu oplos nie, maar die subjek wat as kern van die wêreld voorgehou word beskou as deel van die teks van die wêreld.

So byvoorbeeld kan die teks wat ‘n outeur skryf ook ‘n invloed uitoefen op die persoonlikheidsontwikkeling van die outeur, en word die teks die wêreld en persoonlikheid van die skrywer. Met die verskyning van Benjamin Wilkomirski se memoir *Fragments: Memories of a Wartime Childhood* wat in 1995 gepubliseer is, is dit beskryf

as 'n kragtige weergawe van die outeur se ondervindinge as 'n kind gedurende die Holocaust. Die gefragmenteerde (*Fragments*) en abstrakte styl van die teks was nie alleen 'n representasie van die outeur se lewe nie, maar het ook die effek wat trauma op die outeur uitgeoefen het verwoord. Omstredenheid omtrent die outeur se pseudoniem, ouderdom en geboorteplek het daartoe gelei dat die oorspronklikheid van die teks bevraagteken word (Hungerford 2001: 67-92).

Wilkomirski doen later aanvullings tot die "oorspronklike" teks waarin hy byvoorbeeld skryf dat hy in sy geestesoog kan sien hoe sy vader na die gaskamer geneem word. In reaksie daarop dat Wilkomirski die teks hersien het, skryf Hungerford dat:

[...] the new facts might suggest that he values some version of lived reality over the story he has told about himself, that he wants to correct what might be erroneous in his memoir, I would suggest, in a preliminary way, that the very fact of the story's constant evolution reveals its priority as the source of identity (2001: 70).

Wilkomirski se narratief het sy lewe geword, en die narratief sal voortgaan om al die nuwe feite uit Wilkomirski se verlede te assimileer en die ondervindings te word wat sy toekoms antisipeer.

Wilkomirski se teks en sy werkswyse kan op verskeie maniere geïnterpreteer word. Sy behoefte aan persoonlike waarde kon hom daartoe dryf om homself te herkonstrueer as 'n Holocaust slagoffer en oorlewende. Ook kan die verhouding tussen sy persoonlike geskiedenis en persoonlike identiteit ondersoek word. Hungerford (2001) se protes teen Wilkomirski se hersiening van sy memoir is kommerwekkend, want hoe is dit vir die persoonlikheid (memoir) moontlik om te ontwikkel en aan te pas indien van dit verwag word om staties te bly?

Voorbeelde van hierdie dinamiese pastiche persoonlikheid is onder andere Madonna en Winnie Madikizela-Mandela. Madonna se collage wissel van rebellerende tiener popster op *MTV* tot 'n besigheidsgedrewe moederfiguur in *Hallo!*, van 'n seksualiteitsikoon in *Sliver* tot 'n akteur *cum* kunsversamelaar in *Evita*. Ons beeld van die Madonna-collage is in geheel afhanklik van gefragmenteerde vlietende flitse in die elektroniese media.

Op soortgelyke wyse skets Krog, Winnie Madikizela-Mandela se karakter in sewe beelde. Een: in die parlement sit Winnie stil in 'n agterste ry. Maar, buite by 'n straatverkoper se kraampie teken haar gesig stilswyend protes aan op sleutelhouers. Twee: as politikus speel sy 'n dubbelrol. Tuis verteenwoordig sy groepe wat ontevrede is met die stelsel, en op Amerikaanse televisie is sy die moederfiguur vir die diaspora uit moeder Afrika. Drie: "Much of Winnie's power is non-verbal. She doesn't need to shout 'Amandla!' She just has to raise her fist. She lives in iconic images – the haunting footage of her sensual, liberated beauty set of against the dusty, desolate, corrugated-iron township of Brandfort" (Krog 1998: 244). Wanneer sy staan, staan sy triomfantlik alleen. En wanneer sy sit, sit sy alleen en is die lug gevul met sameswering en vrees. Vier: sy is ook 'n "sondaar" wat mense in die steek laat. Vyf: sy is ook 'n figuur van onsmaaklike populêre media. Ses: Winnie is ook 'n pre- en postfeminis wat met Helena van Troje en Lady Macbeth vergelyk word. Sewe: die individu (Winnie) staan ook gelyk aan die geheel van die ANC. "Media experts say she's like a chameleon, moving across boundaries in quite an extraordinary way. And her honour depends on public acknowledgement. Public opinion forms the constant tribunal before which the claims of honour are tested" (Krog 1998: 224).

Die veelvuldige persoonlikhede wat deur hierdie vroue verteenwoordig word herinner aan wat vroeër genoem is die veelvuldige persoonlikheidsversteuring en wat nou bekend staan as die dissosiatiewe persoonlikheidsversteuring. Dit wat moderniste as 'n versteuring beskou is in postmoderne terme 'n algemeen aanvaarde pastiche persoonlikheid. Hoewel dit algemene praktyk is om te aan te neem dat elke persoon net oor een "lewenstorie" (persoonlikheid) beskik, beteken dit dat indien die self in verskillende omstandighede erken word daar nie net een storie te vertel is nie of net een persoonlikheid aan die woord is nie (Gergen 1994b: 412-416).

Verskillende beelde van die self kom na vore in verskillende kontekste. In verhoudings skep die kollektiewe verskillende moontlike stories oor myself, jouself en hulleself. Insteede daarvan om na 'n essensiële self te soek, poog die narratiewe terapeut eerder om verskeie persepsies van die self te erken en aan te toon watter self in verskillende kontekste verkies word (Freedman & Combs 1996). Die self integreer en internaliseer verskillende (kon)tekste wat aanleiding gee tot die ontstaan van die postmoderne pastiche persoonlikheid.

Die pastiche persoonlikheid moet nie as 'n regverdigingsgrond vir misdade beskou word nie, maar kan ons eerder daarop attent maak dat die reg al hoe meer ooreenstem met die dinamiese gefragmenteerdheid van die pastiche gemeenskap en pastiche persoonlikhede wat dit bewoon.²⁷ Dit beteken nie dat die reg skielik verval in 'n "anything goes" dissipline nie (Van der Walt 2001: 466). Die sielkunde, letterkunde en kunste wat lank reeds die pastiche persoonlikheid gepersonifiseer het, word nie daardeur geïnhibeer nie. Hoewel die ontwikkeling van 'n pastiche persoonlikheid vir die reg sensitief benader moet word, kan die interpretasiemoontlikhede wat dit bied regsinterpretasie verryk.

Waarheid

Sosiaal-gekonstrueerde waarhede

In hierdie gedeelte word die aard van waarheid ondersoek. Daar word onder andere geargumenteer dat waarheid sosiaal gekonstrueer word en dat die verlies aan outoritêre waarheid die simptome "storieskok" tot gevolg het. Die waarhede van die WVK word in verband gebring met postmoderne subjektiwiteit wat aanleiding gee tot die verklaring van die onmoontlikheid van objektiwiteit.

'n Positivistiese interpretasie van die waarheid kan ten beste geïllustreer word aan die hand van die modernistiese masjien-metafoer. Net soos 'n masjien geprogrammeer word om bepaalde metodes en instruksies te volg en uit te voer, glo positiviste dat die waarheid deur wetenskaplike metodes blootgelê kan word. Hierdie perspektief lei daartoe dat dissiplines as fabriek van kennis beskou word waarin objektiewe waarhede "gefabriseer" word (Gergen 1991).

Die waarheid in postmoderne diskoers is, om die minste te sê, 'n problematiese aangeleentheid. Die Modernisme toon 'n filosofiese verbintenis met die waarheid, rasionaliteit en rasionalisering. Moderniste glo dat wetenskaplike analise die metode by uitstek is waarvolgens die wêreld kenbaar word en die waarheid ontbloot kan word (Fox 1993). In die postmoderne era word die waarheid en realiteit daarvan (of die realiteit van waarheid) radikaal ontwig. Net soos realiteite die talige konstruksie van narratiewe en stories is, word die waarheid ook sosiaal in verhoudings geskep (Anderson 1995, Gergen 1994b).

²⁷ Sien in die algemeen Benson (1990: 123) se argument dat gevorderde rekenaardatabasise die presedenteleer tot 'n vloeibare legkaart herrangskik wat die reg vir regters, regsgeleerdes en leke toeganklik maak.

(Post)moderne tegnologiese middele (veral in die media) maak dit moontlik dat 'n verskeidenheid nuwe stemme gehoor word wat sosiale realiteite en waarhede skep (Gergen 1991: ix-xiv). Stemme word nou gehoor wat dit waag om geïntitusaliseerde waarhede te bevraagteken en uit te daag. Minderheidsgroepe en onderdrukte mobiliseer nou, skep nuwe waardes, maak ongeregtighede bekend en verander wette om sodoende nuwe waarhede te skep. Met die opkoms van elke nuwe gemeenskap word die gevestigde objektiewe waarhede in suspisie gehul. Verskeie nuwe dissiplines kom tot stand en deur die invloed van die Modernisme dring elkeen daarop aan dat dit dié “waarheid” verkondig (Gergen 1991: xi-xiv).

Tot die kern van Gergen se argument is dat hy voorstel dat sosiale versadiging (“social saturation”) 'n algemene verlies vir ons aannames oor die waarheid meebring. Soos wat ons veelvuldige stemme absorbeer vind ons dat elke waarheid gerelativeer is deur ons gelyktydige bewustheid van gebiedende alternatiewe stemme. Ons besef daarom dat elke waarheid oor onself 'n konstruksie van die oomblik is. Tussen verhoudings is die waarheid slegs 'n moontlike waarheid vir 'n bepaalde oomblik (Gergen 1991: 119-122).

In beide die wetenskappe en die sosiale dien stories as gemeenskaplike entiteit wat mense in aaneenlopende verhoudings gebruik. So beskou beteken dit dat narratiewe in mindere mate 'n refleksie van die wêreld gee as wat dit die wêreld skep (Sluzki 1992). Daarom dat Gergen meen dat: “[...] it is largely because of existing narrative forms that ‘telling the truth’ is an intelligible act” (1994b: 189).

Die ontwrigting van realiteit en waarheid kan juis met behulp van stories onderskep word. Of soos Young dit stel: “Stories shape meaning in listeners and tellers, and so come to be believed as true; it is not that they are meaningful because they are true” (1997: 39). Om buite gedeelde stories te leef beteken dat afstandelikheid, onsamehangendheid en onsekerheid uitgenooi word. Om in die storielandskap te leef sonder dat een ware storie die leidende narratief is laat ons besef dat alle stories bloot moontlike variasies van die waarheid is. Hierdie moontlike variasies van die waarheid gee daartoe aanleiding dat ons aan “storieskok” lei.

Die delegitimasië van of ongelowigheid teenoor universele metanarratiewe het saam met dit sekere gevare gebring. Sonder 'n outoritêre waarheid lei mense nou aan wat Young (1997) noem storie skok (“story shock”). Die postmoderne narratiewe terapeut moet nou die kliënt bystaan om die vertellersrol op te eis, sodat ons karakters in ons eie

stories kan wees eerder as om dormante karakters in ander se stories te wees. Persoonlike stories is nou self-legitimerend. "A story told by a person in his / her own words of his / her own experience does not have to plead its legitimacy in any higher court of narrative appeal, because no narrative has any greater legitimacy than the person's own" (Parry & Doan 1994: 26-27). In 'n tyd van verskillende wêrelde en verskillende tale, sal verskillende meervoude van die self opgeroep word om die verskillende opvoerings wat ons in verskillende wêrelde opvoer uit te voer (soortgelyk aan die "opvoerings van die pastiche persoonlikheid"). Die gedelegitimeerde postmoderne wêreld is 'n ruimte waarin geen waarheid universeel gerespekteer word nie, en geen interpretasie daarvan superieur is nie.²⁸ Dit beteken noodwendig dat 'n modernistiese waarheid nie meer alleen-heerskappy het nie.

Indien die Sosiale konstruksionisme moderne idees omtrent die waarheid laat vaar, dring dit self daarop aan dat dit die waarheid verkondig? Ter aanvang is dit belangrik om in gedagte te hou dat 'n geloof in die waarheid – hetsy empiries, rasioneel, fenomenologies of spiritueel – nie self bydra tot die waarheidswaarde van die benaderings nie. Empiriste meen dat hulle gebonde is aan 'n geloof in 'n objektiewe waarheid, maar hierdie geloof dra nie by tot die waarheidswaarde van die Empirisme nie. Die objektiewe waarheid waarna empiriste streef is 'n subjektief gekonstrueerde doelstelling. 'n Verbintenis aan analitiese waarheid beteken nie dat die analitiese die waarheid bewys nie. Gergen meen dat om te verkondig dat iets die waarheid is: "[...] is an exercise in warranting or justification, in inviting others to accept a set of propositions by virtue of a particular juxtaposition of words" (1994b: 77). Om te waarborg dat sekere regverdigings die waarheid is, sal op hulle beurt weer regverdig moet word.

Daar is geen teorie wat kan waarborg dat dit waar en geldig is nie. Anders as fundamentaliste wat poog om narratiewe of waarhede te beperk, wil konstruksioniste nie alternatiewe vernietig nie. Die Sosiale konstruksionisme maak nie aanspraak op die waarheid nie, maar nooi eerder alternatiewe benaderings uit om in konstruktiewe verhouding daarmee te staan.

²⁸ Ten opsigte van die legitimasie van waarheid meen Luntley dat:

[...] the legitimisation of concentrating our attention on our own stories and our own predicaments and averting our gaze from the philosophical misconception that truth must always involve a 'turning in' to the divine. The prize is the ideal that there is truth aplenty to be had right here and now from within the local human perspective" (1995: 18).

Die vraag na waarheid - en meer spesifiek wie se waarheid - kom ook aan die lig in Jerry Gafio Watts se kodifikasie van Afro-Amerikaanse kultuur getiteld *Heroism and the Black Intellectual* (1994). Die teks het 'n sosiologiese ondertoon en baie waarde kan geheg word aan die wyse waarop alledaagse lewensdilemmas en die vraag na waarheid hanteer word. Watts skryf vanuit die perspektief van 'n swart intellektueel en baseer sy teoretiese inslag op wat hy noem die slagofferstatus-sindroom. Hierdie sindroom tipeer dan ook die etniese identiteit van die 20^{ste} - eeuse Afro-Amerikaan (Lemert 1997). Die volgende aanhaling uit *Heroism and the Black Intellectual* moet gelees word teen die agtergrond van *Country of My Skull*, omdat Watts (soos Krog) hierin die verhouding ('n moontlike waarheid) tussen die slagoffer en die oortreder aanraak:

The victims are actually torn between hatred and envy of the victimizer. In desiring to be like the victimizer, the victims internalize values that are antithetical to their freedom, for in effect, they valorize the victimizer for denying their own freedom. In this sense, the victims are torn between their hatred and envy of the victimizer. The state of being torn is one in which the victims simultaneously adhere to their own values (the desire to be free and the values that support that desire) and the victimizer's values (the desire to deny freedom and the values that rationalize this combination) (Watts 1994: 18-19).

Die implikasies van hierdie perspektief is dat die algemene waarheid 'n situasie is waarin, die waarheid wat gedefinieer word deur die geviktimizeerde kultuur, verskillende betekenis het vir die wat geviktimizeer is.

Wanneer ons *Heroism and the Black Intellectual* en *Country of My Skull* saamlees moet ons onthou dat die postmoderne skrywer soos 'n kunstenaar te werkgaan. Die werk wat geskep word staan nie onderdanig aan voorafopgestelde reëls nie, en dit kan nie beoordeel word deur 'n beslissende oordeel wat gevel word in ooreenstemming met bepaalde kriteria nie.

The artist and the writer, then, are working without rules in order to formulate the rules of what *will have been done*. Hence the fact that work and text have the characters of an *event*; hence also, they always come to late for their author, or what amounts to the same thing, their being put into work, their realisation (*mise en oeuvre*) always begin too soon. The

postmodern world would have to be understood according to the paradox of the future (*post*) anterior (*modo*) (Lyotard 2001: 62).

Ook die WVK staan in die metafoor van die postmoderne en die gevolge daarvan kan ook beskou word teen die paradoks van die toekomstige oorspronklikheid. Die WVK sluit egter op sigwaarde aan by die postmoderne bewustheid omdat dit as narratiewe instelling meervoudige waarhede aanvaar. Hoewel die WVK se waarhede 'n religieuse kleur toon is dit nie vry van kritiek nie.

Die “heilige waarheid” van die WVK

Na die waarheid van die Waarheidskommissie kan inderdaad verwys word as die “heilige” waarheid. Die voorsitter van die Kommissie was (en is) immers 'n aartsbiskop van die Anglikaanse kerk. In die WVK-verslag staan daar ook: “[The Commission] also highlighted the potentially dangerous confusion between a religious, indeed Christian, understanding of reconciliation, more typically applied to interpersonal relationships, and the mere limited, political notion of reconciliation applicable to democratic society” (1998 vol 1: 108). In die verslag word daar ook melding gemaak dat die publiek nie te vinnig te veel van die versoeningsproses moet verwag nie.

Die waarhede wat deur die Kommissie “ontsluit” is kan mense help om met verskillende geskiedenis af te reken en 'n gevoel van “afsluiting” te ervaar. Die versoening van slagoffers met hul eie pyn is 'n komplekse persoonlike proses wat onvoorspelbaar is. Om 'n “geheelbeeld” van die menseregteskendings te kry, of selfs net die grusame storie van elke saak te hoor, hoef nie noodwendig tot versoening te lei nie. Die waarheid kan bydra tot verdere konflik en die skeuring wat bestaan vergroot. Of soos dit in die WVK-verslag gestel word: “Although truth does not necessarily lead to healing, it is often a first step towards reconciliation” (1998 vol 1: 107). Die behoefte aan “waarheid” is onder andere in 'n verklaring van Vader Micheal Lapsley sigbaar. Hy het beide sy arms en 'n oog in 'n sekuriteitspolisie aanval verloor en reageer daarop as volg: “I need to know who to forgive in order to endeavour to do so” (WVK-verslag 1998 vol 1: 107).

In die breë het die Kommissie die waarheid van die “twee” kante van die apartheidstorie aangehoor: aan die een kant is die waarheid van die slagoffers aangehoor en aan die ander kant die waarheid van die oortreders. Hoewel die storie van

die slagoffers meer gewig gedra het as di"e van die oortreders impliseer die bestaan van die een noodwendig ook die bestaan van die ander (Krog 1998).

Die kompleksiteit en uiteenlopende idees van die waarheid het die Kommissie genoop om te onderskei tussen vier variant(e) van die waarheid: feitelike of forensiese waarheid; persoonlike of narratiewe waarheid; sosiale of dialogiese; waarheid en helende en herstellende waarheid (WVK-verslag). Vervolgens word hierdie waarhede bespreek ten einde die postmoderne toon van die Kommissie te beklemtoon.

Feitelike of forensiese waarheid

In 'n poging om die seën van geloofwaardigheid van die god van die wetenskappe af te bid, erken die Kommissie feitelike en forensiese waarheid. Hiermee word bedoel dat: "The familiar legal or scientific notion of bringing to light factual, corroborated evidence, of obtaining accurate information through reliable (impartial, objective) procedures, featured prominently in the Commission's findings process" (WVK-verslag 1998 vol1: 111).

Reeds in die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening²⁹ word daar van die Kommissie verwag om 'n verslag saam te stel waarin dit die aktiwiteite en bevindings wat gebaseer is op die objektiewe en feitelike versameling van data.³⁰ Die nastreef van feitelike waarheid vereis die ondersoek van twee belangrike elemente.

Die eerste verwys na bevindings wat gemaak word op individuele vlak. Beslissings moes gemaak word ten opsigte van spesifieke gevalle en spesifieke persone. Vrae waarop antwoorde gevind moes word sluit in: wat het met wie gebeur, waar, wanneer en hoe, en wie was betrokke? Ten einde in die doel te slaag het die Kommissie 'n uitgebreide beleid van verifikasie en valsifikasie aanvaar om seker te maak dat beslissings gebaseer is op "akkurate en feitelike" inligting.

Die tweede area wat ondersoek moes word hou verband met kontekste, oorsake, patroonmatighede en skendings. In hierdie opsig moes die Kommissie verslag doen oor die onderliggende patrone van menseregteskendings en die redes en oorsake daarvoor ondersoek. Die Kommissie moes dus analyses maak, dit interpreteer en gevolgtrekkings hieruit aflei. "In this regard, it became necessary for the Commission to adopt a social scientist's approach – making use of the information contained in its database and from a range of secondary sources" (WVK-verslag 1998 vol 1: 111).

²⁹ Wet no 34 van 1995, hierna bekend as die Versoeningwet.

³⁰ Artikel 3 (1) (d) van Wet no 34 van 1995.

Van sekere beperkinge kan selfs die Suid-Afrikaanse WVK nie ontsnap nie. In die verslag verwys die Kommissie na Michael Ignatieff wat die funksie van 'n kommissie reduseer tot die volgende:

All that a truth commission can achieve is to reduce the number of lies that can be circulated unchallenged in public discourse. In Argentina; its work has made it impossible to claim, for example, that the military did not throw halfdead victims in the sea from helicopters. In Chile, it is no longer permissible to assert in public that the Pinochet regime did not dispatch thousands of entirely innocent people (WVK-verslag 1998 vol 1: 111).

Indien Ignatieff se beskouing dat die hoeveelheid leuens verminder word, toegepas word op die WVK, beteken dit dat dit onmoontlik is om byvoorbeeld daarop aan te dring dat 'n positivistiese benadering nie verantwoordelik was vir apartheid nie, dat slegs 'n klein groep verantwoordelik was vir die skending van menseregte of dat sekere slagspreuke nie bygedra het tot plaasmoorde nie. Indien hierdie benadering daartoe bydra dat sekere groepe in die gemeenskap die waarhede van die WVK as 'n "wanindruk" van die verlede beskou, verloor die WVK kredietwaardigheid. Maar miskien is dit die risiko wat die WVK moes neem. Die risiko sluit in dat persoonlike en narratiewe waarhede erken moes word.

Persoonlike of narratiewe waarheid

Aartsbiskop Tutu het by die Kommissie se sitting in Port Elizabeth gesê: "This Commission is said to listen to everyone. It is therefore important that everyone should be given a chance to say his or her truth as he or she sees it" (WVK-verslag 1998 vol 1: 112). Persoonlike en narratiewe waarheid word ontbloot wanneer beide slagoffer en oortreder hul stories vertel waarmee betekenis gegee word aan apartheid Suid-Afrika.

Hierdie persoonlike waarhede is deur die media aan die breër publiek oorgedra. In die Suid-Afrikaanse konteks waar baie waarde aan die orale literatuur geheg word, het die proses waarin stories vertel is 'n belangrike rol vertolk. Hierdie eienskap van die WVK onderskei dit juis van ander kommissies soos in Argentinië en Chili waar die vertellings nie publiek gemaak is nie. Wet no 34 van 1995 erken die helende potensiaal van die vertel van stories. In artikel 3(1)(c) word een van die doelstelling van die Kommissie as volg verwoord:

[...] die lot of verblyfplek van slagoffers vas te stel en bekend te maak en deur die menslike en burgerlike waardigheid van daardie slagoffers te herstel deur aan hulle 'n geleentheid te bied om hulle eie relase te gee van die skendings waarvan hulle die slagoffers is, en deur herstelmaatreëls ten opsigte van hulle aan te beveel.

Bogenoemde Wet erken eksplisiet die helende potensiaal van die vertel van stories. Of soos dit in die WVK-verslag uiteen gesit word: "The stories told to the Commission were not presented as arguments or claims in a court of law. Rather, they provided unique insights into the pain of South Africa's past, often touching the hearts of all that heard them" (1998 vol 1: 112).

In die narratiewe omgewing wat die Kommissie geskep het kon slagoffers hul eie stories verwoord. Hierdeur word 'n bydrae gelewer tot versoening omdat die waarhede omtrent die verlede ook die individuele subjektiewe ondervindings van mense wie voorheen stemloos was ingesluit en as geldig beskou word. Die Kommissie het juis soveel moontlik perspektiewe, stories, mites en ondervindings probeer opneem. Hiermee het die Kommissie probeer om gedeeltes van die sosiale geheue te inkorporeer wat vroeër geïgnoreer is.

Tog is dit gans onmoontlik om al die stories wat die WVK aangehoor het in 'n verslag weer te gee, en die Kommissie staan nie blind voor hierdie taak nie. "In this report, the Commission has tried, through a range of detailed 'window cases' and selections from the testimonies of many victims, to capture some part of the richness of the individual accounts heard before it" (WVK-verslag 1998 vol 1: 113). Sonder die aanvaarding van narratiewe waarheid sou die Kommissie nie met hul werksaamhede kon voortgaan nie.

Persoonlike of narratiewe waarheid dui op die gewig wat die Kommissie aan individuele vertellings heg. Narratiewe waarheid verbind die Kommissie met die letterkunde. Of soos Sanders dit stel: "Acknowledging a form of truth it calls 'personal and narrative truth' makes the Commission a kind of listening- and recording-machine" (2000: 75).

Individuele getuies het gehelp om die bestaande feite oor vergete oortredings te ontbloot en daardeur bygedra om die narratiewe waarheid te skep. Narratiewe waarheid (die tipe waarheid wat die Kommissie aan die vertel van stories heg) is ook 'n tipe

waarheid wat nie in kontras met valsheid staan nie (Sanders 2000: 73-91). Valsheid is iets anders. Die verslag distansieer ditself van hierdie iets anders deurdat dit, dit teenoor valsheid stel of selfs as valsheid beskou. Sanders meen dat dit in hierdie konteks is wat die verslag na die letterkunde verwys: “[...] in a way which appears to open to the literary in a sense not restricted to books, to orature [or oratorio]” (2000: 76).

Die meeste slagoffers wat getuig het was swart Afrikane, en deur te luister na hulle sal iets wat verlore was hopelik herwin word. Die Kommissie skep ‘n ruimte waarin Afrikane hul stories kan vertel, en tog is die Kommissie as ‘n getuie vervreem daarvan. Hierdie dubbelsinningheid kom na vore in die verslag se enigste verwysing na die literatuur wat in die bespreking oor die waarheid voorkom. In hierdie geval word die Suid van Suid-Afrika in hakkes geplaas: verenig en geskei van Afrika. In die (Suid) Afrika(anse) konteks speel die orale tradisie ‘n belangrike rol. Soos persoonlike en narratiewe waarheid word die orale tradisie van (Suid) Afrika nie verduidelik nie, behalwe dat die verslag dit ondergeskik wil stel aan feitelike of forensiese waarheid. Net so word die geldigheid van individuele subjektiewe stories wat voorheen stemloos was ondergeskik gestel aan feitelike of forensiese waarheid. Deur die vertel van stories as subjektiewe aktiwiteit te beskou plaas dit stories in opposisie met feitelike bewyse wat die Kommissie aan die lig sal bring met behulp van betroubare, onafhanklike, objektiewe prosedures. Ten einde feitelike waarheid te dien moes die Kommissie ‘n uitgebreide mandaat van verifikasie en samewerking aanneem: “[...] to make sure that findings were based on accurate and factual information” (WVK-verslag 1998 vol 1:111), selfs al is die vertel van stories vanuit ‘n postmoderne perspektief nie waar of vals nie.

Sosiale of dialogiese waarheid

Deur die belang van dialogiese of sosiale waarheid te aanvaar, erken die Kommissie die belang van deelname en deursigtigheid. Een van die doelstellings van die Kommissie was om bo die verdeeldheid van die verlede uit te styg en krities te luister na die komplekse motiewe en perspektiewe van almal betrokke by die proses. ‘n Omgewing is geskep waarin alle moontlike perspektiewe geakkommodeer kon word. Uit alle oorde is mense uitgenooi om deel te neem aan die proses. Deur die media is nie alleen die publiek betrek by die proses nie, maar ook was (is) die media die kanaal waarmee die publiek kritiek teen die Kommissie gelewer het.

Regter Sachs het by geleentheid 'n onderskeid getref tussen wat hy noem mikroskopiese waarheid en dialogiese waarheid. "The first is factual, verifiable and can be documented and proved. Dialogue truth, on the other hand, is social truth, the truth of experience that is established through interaction, discussion and debate" (WVK-verslag 1998 vol 1: 113). Sacks stel dialogiese en sosiale waarheid gelyk aan mekaar wat beteken dat die een nie sonder die ander kan geskied nie. Dialoog kan immers net in sosiale verhoudings plaasvind. Hierdie sosiale verhouding is deur die WVK nageboots ten einde die sosiale en dialogiese waarheid bloot te stel.

Helende of herstellende waarheid

In die verlag van die WVK word daar uitdruklik na helende of herstellende waarheid verwys as 'n verwerping van die algemene aanname dat daar slegs twee variante van die waarheid is naamlik, dat die waarheid of feitelike, objektiewe informasie is of dat dit subjektiewe opinies weerspieël. Helende waarheid word verklaar as daardie tipe waarheid wat feite binne die konteks van menslike verhoudings plaas. Hierdie tipe waarheid staan sentraal tot die werk van die Kommissie.

Wet 34 van 1995 het van die Kommissie verwag om beide terugskouend en toekomsgerig na die waarheid te kyk. In die opsig moes 'n waarheid geformuleer word wat sou bydra tot die herstel van skade uit die verlede en die voorkoming van die oorsake van hierdie sake in die toekoms. Dit was bloot nie genoeg om die verlede te herkonstrueer nie (WVK-verslag 1998).

Van die vier verskillende waarhede wat die Kommissie geïdentifiseer het, herinner feitelike of forensiese waarheid die meeste aan die moderne tradisie, omdat dit objektief verifieerbaar is. Persoonlike of narratiewe waarheid stem ooreen met postmoderne idees omdat dit erkenning gee aan die individuele realiteite van mense. Sosiale of dialogiese waarheid agterhaal die klem wat die Postmodernisme plaas op die sosiale konstruksie van waarheid in verhoudings. Helende en herstellende waarheid antisipeer 'n optimistiese geloof in die vermoë van die waarheid om versoening te bewerkstellig. Na my wete deel die sosiale konstruksionisme nie in hierdie optimistiese geloof nie. Die vermoë van die WVK om in hierdie waarheid te glo hou verband met die doelstellings van die WVK.

Die WVK weerspreek dit egter met die aanvaarding van verskillende waarhede. Want hoe kan dit tegelykertyd objektiewe feitelike en forensiese waarheid saam met die

ander vorme van subjektiewe waarhede aanvaar? Meer nog, die erkenning van verskillende waarhede hou verband met die verwerping van objektiwiteit. Objektiwiteit impliseer immers die bestaan van net een samehangende waarheid.

Gergen verduidelik die onmoontlikheid van objektiwiteit aan die hand van die skryf van 'n antropologiese verslag. Indien geskiedenis as storie vertel word, en daar sekere vereistes vir narratiewe gestel word, dan kan weergawes van die geskiedenis nooit objektief wees nie. Die geskiedenis moet altyd beskou word saam met die behoeftes wat narratiewe stel. So byvoorbeeld is antropoloë besorg oor die objektiwiteit van etnografiese studies. Gergen meen dat: "the reports of the Western anthropologists take place within the writing conventions of the home culture" (1992: 23). So byvoorbeeld is 'n geïsoleerde onafhanklike subjek wat ander se handeling waarneem, reeds in 'n modernistiese Westerse wêreldbeskouing opgeneem.

In 'n postmoderne wêreld fokus etiek op spesifieke persone in spesifieke ondervindings, en daarom staan postmoderniste skepties teenoor die moontlike aanwending van enige afdwingende, universele, "one size fits all" aanspraak op die waarheid. Freedman en Combs (1996) meen dat die etiek van verskillende diskursiewe gemeenskappe verskil omdat die diskoerse, stories is wat altyd vanuit 'n bepaalde perspektief vertel word.

Insteede daarvan om alle stories as gelykwaardig te beskou lei, hierdie idees ons daartoe om ons etiese posisie vanuit verskillende perspektiewe krities te ondersoek. Die Sosiale konstruksionisme is 'n akkommoderende benadering wat die ondervindings van gemarginaliseerde groepe beklemtoon wat op die periferie van dominante kulture geleë is of wat op die bodem van 'n kulturele hiërargie is. Die Sosiale konstruksionisme neem 'n streng etiese posisie in waarin die stories van hierdie groepe hoorbaar word sodat dit verstaan en op gerespondeer kan word (Freedman & Combs 1996).

Betekenis

Van moderne begrip tot postmoderne betekenis

Vanuit 'n moderne epistemologie beteken die konsep verstaan om iets te weet oor iets anders. Newman en Holzman meen dat: "[I]t is more likely the case that we cannot situate our experiences in stories without performing (meaning) than it is the case that 'we cannot perform meaning ... without situating our experience in stories'" (1999: 92).

Kulturele stories vorm ons individuele lewensnarratiewe. Ons maak sin van die lewe deur beide die kulturele narratiewe waarin ons gebore is en die persoonlike narratiewe wat ons in verhouding met die kulturele narratiewe konstrueer. In byna alle kulture is sekere narratiewe dominant oor ander narratiewe. Hierdie dominante narratiewe skryf geloofswyses en gedragswyses binne die kultuur voor. Sommige kulture het ander gekolonialiseer en onderdruk. Die narratiewe (betekenis) van die dominante kultuur word af geforseer op die mense van die gemarginaliseerde kulture (Freedman & Combs 1996). Daarom dat modernistiese betekenis enkelvoudig is en apartheid byvoorbeeld nie die betekenis van die stelsel vir gemarginaliseerde groepe in ag geneem het nie.

Tot die kern van die positivistiese teorieë is die geloof in die beginsel van verifieerbare betekenis. Dit beteken dat die betekenis van 'n aanname steun op die moontlikheid van verifikasie deur waarneming ("sien" is immers "glo") (Gergen 1994b).

Positivistiese teorieë skryf betekenis toe aan abstrakte entiteite wat in eie reg onafhanklik van die mens bestaan. Volgens die teorieë impliseer dit dat die verstaan van betekenis ontstaan deur die waarneem van objekte. Dit beteken dat die objektiviteit van betekenis relatief maklik gevestig kan raak. Dit bied 'n moontlike verduideliking waarom apartheid nie in 'n positivistiese sisteem bevraagteken is nie.

Gergen (1999a: 113-115) argumenteer dat die belang van diskoers daarin geleë is dat dit vanself(sprekende) realiteit vorm en die belang van verhoudings in die generering van diskursiewe betekenis beklemtoon. Postmoderniste glo dat daar beperkings is op die moontlikheid van die mens om die wêreld te meet en te beskryf in 'n presiese, absolute, universele, toepasbare wyse. Daarom is die bestaan van gedeelde betekenis onseker. Terwyl moderniste gemoeid is met feite en reëls van kommunikasie, is postmoderniste geïnteresseerd in betekenis. In hul soeke na en verduideliking van betekenis, vind postmoderniste die metafore van die sosiale studies meer gebruikersvriendelik as die metafore van die natuurwetenskappe.

Die sosiaal-konstruksionistiese perspektief verwerp 'n wetenskaplike benadering tot die sosiale studies en fokus eerder op 'n wêreld van betekenis en hermeneutiek. Hierdie model verskuif die wêreld van terapie vanaf patologiese sosiale strukture na die wêreld van betekenis. Betekenis en begrip word ontwikkel deur individue in gesprek met ander waarin die Ander verstaan wil word. "Meaning and understanding are thus intersubjective" (Anderson & Goolishian 1988: 390).

Die Postmodernisme ontken dat die mens kennis dra van natuurlike essensies. Die mens is nie meer 'n kenner van die natuur nie, maar is eerder voortdurend in gesprek daarmee. Gesprek (taal- en kommunikasiehandelinge) vorm deel van die hermeneutiese strewe om begrip te bewerkstellig tussen die met wie ons in gesprek is. Dit beteken dat taal nie meer 'n spieëlbeeld van die wêreld bied nie, maar die kenbare wêreld skep. Betekenis en begrip kan daarom nie taaluitinge voorafgaan nie (Anderson & Goolishian 1988: 371).

Vir konstruksioniste word beskrywings en verduidelikings nie deur die wêreld voorgeskryf nie en is dit nie geneties of strukturele eienskappe van die individu nie. Beskrywing en verduideliking is die gevolg van gekoördineerde menslike handelinge. Woorde kry betekenis in die konteks van aaneenlopende verhoudings. "This means that to achieve intelligibility is to participate in a reiterative pattern of relationship, or if sufficiently extended, tradition" (Gergen 1994b: 49). Ons kan slegs deur die instandhouding van vorige verhoudings begrip ontwikkel.

As gevolg van die relatiwiteit van realiteit en waarheid kan kontekste nie identies wees aan mekaar nie, daarom is die presiese betekenis van woorde nooit gedetermineer nie. In essensie beskik woorde nie oor betekenis nie. Betekenis word eers toegevoeg wanneer die woorde in gebruik is. Woord se betekenis hang primêr van taal af. Gergen verduidelik die verhouding tussen woorde en betekenis as volg:

The meaning of a word is not to be found in its underlying intention or locked deeply within the unconscious. Rather, the meanings of words as well as actions are realized within the unfolding patterns of relationship. The problem is thus not to look inward to an interior region for the meaning of a word or action but outward into the continuously expanding horizon of the relationship (Gergen 1988: 46).

Gergen (1988) argumenteer verder dat die ander persoon die woord toelaat om betekenis te maak. Die woord en sy gebruik behoort nie aan 'n spesifieke persoon nie, maar aan almal wat dit gebruik.

Riikonen en Smith (1997) meen dat die betekenis van die teks afhanklik is van die konteks en die gebruike daarvan. Die teks maak staat op 'n hele sisteem van betekenis. Maar, betekenis kan ook in tyd dubbelsinnig wees. "They [meanings] are all the time transformed and destabilized by what happens afterwards and what is imaginec

to happen in future utterances and on future lines and pages” (Riikonen & Smith 1997: 46).

insteede daarvan dat betekenis gedefinieer word deur die korrespondensie tussen woord en wêreld of tussen teken en feitlike referent, kan betekenis nou gevind word in die verhouding tussen tekens. Onafhanklike uitinge dra gevolglik geen betekenis nie (Gergen 1994b: 164). Dit beteken dat tekens nie self draers van betekenis is nie, maar betekenis kry deur die kenmerkende plek wat dit inneem in hul verhoudings met ander tekens in die netwerk van taal (Løvlie 1992). “The patterns, and not the ‘official’ meaning of each term, are what make for meaning, along with there intrarelationships. So, too, Lacan says that the movement of the signifier – its position – is what creates meaning; not the signified” (Meltzer 1990: 160). Of soos Gergen dit beskou, kommunikasie is die betekenis van ander. “To communicate is thus to be granted the privilege of meaning by others. If others do not react on” utterances as communication, if they fail to coordinate themselves around the offering, such utterances are reduced to nonsense” (Gergen 1994b: 247).

Kenmerkend aan die Postmodernisme is dat betekenis onbestendig is. Dit wat op een moment vas en duidelik is, is die volgende moment dubbelsinnig en onduidelik. Die vermoë om betekenis te skep stam uit die verhoudings waarin ons verkeer. “We are all in this way interdependently interlinked without the capacity to mean anything, to possess an ‘I,’ except for the existence of a potentially assenting world of relationships” (Gergen 1994b: 168).

Interpretasie

Een van die kontroversiële aannames in kontemporêre literêre kritiek (nou ook in ander dissiplines, insluitende die reg) is dat literêre tekste beskik oor radikale indeterminisme wat die moontlikheid van regte of verkeerde interpretasie onmoontlik maak. Hierdie aanname skep die probleem onder akademici dat ‘n arbitrêre houding teenoor interpretasie bestaande navorsing ondermyn. Moderniste argumenteer onder andere dat sonder stabiele gedetermineerde betekenis daar geen kennis in interpretasie kan wees nie, en geen kennis in die geesteswetenskaplike dissiplines wat gebaseer is op tekstuele interpretasie nie (Graff 1990).

In die kritiek van die middel 20^{ste} eeu het die geneigdheid om die literatuur te definieer as die teenoorgestelde van wetenskap daartoe aanleiding gegee dat

tweeledigheid van betekenis 'n onderskeidingsfaktor van goeie literatuur word. 'n Betekenisvolle groep van hierdie era, die *New Critics*, wat in Amerika en Engeland na Wêreldoorlog II argumenteer het dat tweeledigheid in laboratoriumomstandighede katastrofiese gevolge kan hê, maar 'n noodsaaklike eienskap is van literêre tekste.³¹ "Whereas science speaks directly by means of prepositional statements that aspire to have one and only one meaning, poetry speaks obliquely through metaphors of images, which multiply the number of meanings rather than restrict it (Graff 1990: 164). In die wetenskappe word gepoog om terminologie en betekenis te stabiliseer, om woorde as't ware in denotatiewe betekenis te giet. Hierteenoor word betekenis in die letterkunde ontwig en van woordeboekbetekenis gestroop.

Postmoderne interpretasie

Vanuit 'n postmoderne perspektief is die moontlikheid van objektiewe interpretasie onmoontlik en slegs subjektiewe interpretasie wel moontlik. Hoewel alles tekste is (Gergen 1991), beteken dit nie dat die interpretasie die "oorspronklike" teks is nie. Postmoderne interpretasie is gemaklik met die subjektiewe aard daarvan. So byvoorbeeld vertel Krog (1998) dat sy die kode vir objektiewe joernalistiek verbreek die oomblik tot sy blomme vir Aartsbiskop Tutu in die hospitaal gee. Krog se weergawe van die WVK-proses is subjektief, en tog aanvaar ons dat dit haar interpretasie daarvan is.

In dieselfde mate geld dit ook vir 'n joernalis, geskiedskrywer of politieke wetenskaplike wat 'n bepaalde narratief analiseer en daarop aandring dat die spreker se bedoelings en motiewe hierdeur onthul word. Die probleme met hierdie aannames hou onder andere verband met die leser of gehoor. Ten einde betekenis te maak van 'n ander se woorde neem die gehoor 'n bepaalde perspektief as vertrekpunt. Ander se woorde word nie vergesels met 'n handleiding wat aandui hoe dit geïnterpreteer moet word nie.

Gergen (1991: 104) verwys na Gadamer wat argumenteer dat mense 'n teks benader met 'n voorstruktuur van begrip vir interpretasie. Met die verloop van tyd word die voorstruktuur oop vir verandering. Die horisonne van begrip is voortdurend onderhewig aan verandering wat meebring dat ons sekere perspektiewe goedkeur in een tydperk wat in 'n ander absurd voorkom. Vanuit 'n kontemporêre perspektief kan 'n

³¹ New Critici: "konsentreer op analise van die literêre werk self, of op die woord op die bladsy soos hulle dit uitgedruk het. Die skrywer [wetgewer] se bronne, sy geestestoestand, politieke en sosiale faktore, of wat ook al, is geheel en al van minder belang [...] (Bisshoff 1992 341).

persoon se gesproke uitinge op onbewustelike begeertes dui, tog sou die interpretasie nie twee eeue terug aanvaarbaar gewees het nie. Dit beteken nie dat ons vermoë om te verstaan verbeter het nie, maar dat ons horisonne vir begrip verander het. Ons kan sekere tekste net verstaan in terme van ons huidige konvensies van interpretasie en daar is geen manier waarop die ooreenkomste tussen huidige konvensies met dié uit die verlede vergelyk kan word nie. Elke poging om 'n konvensie uit die verlede te interpreteer sal self 'n interpretasie wees wat geskoei is op kontemporêre konvensies.

Fish meen dat ons tans verskeie interpretasieraamwerke het om van te kies. Elke raamwerk put geldigheid uit 'n spesifieke interpretasiegemeenskap. Die gemeenskap bestaan uit 'n groep individue wat deur oorreding en instemming ooreenkom op sekere beginsels waarvolgens 'n teks na behore gelees kan word. Elke leser benader 'n teks met sekere inherente interpretasiestyle wat deur die interpretasiegemeenskap waaraan die persoon "behoort" gereflekteer word. Die wyse waarop die teks geïnterpreteer word sal noodwendig afhang van hierdie interpretasiestyle (Gergen 1991: 104).

Hoewel ons steeds interpretasiekonvensies het wat superieur bo ander is, geld die tradisionele standaard van akkuraatheid of korrektheid nie meer nie. Die klem wat geplaas word op interpretasiegemeenskappe impliseer ook probleme vir die regsgemeenskap. "When the Supreme Court issues an interpretation of the Constitution, in what sense do the justices reflect the 'true intent' of the founding fathers' [mothers'] intention?" (Gergen 1991: 105). Word kontemporêre subjektiewe waardes nie in die konstitusie "in" gelees nie? Hoe kan ons in elk geval anders as om ons eie waardes in die teks in te lees as ons deel is van die teks?

Ons interpretasie van die outeur se woorde kan nie beoordeel word aan die hand van die interne prosesse met die ander nie, omdat die sosiale lewe bloot voortgaan. Waarom moet ons dan aanneem dat daar sielkundige prosesse (soos bedoelings en behoeftes) is waarvolgens interpretasie "waar" moet wees? Om uitdrukking te gee aan dit wat jy bedoel verg die gebruik van gemeenskaplike taal. Wanneer daar in hierdie taal met ander gekommunikeer word, het die ander nie veel van 'n keuse as om dit te interpreteer in terme van plaaslike of algemene konvensies nie.

Die vraag ontstaan nou waarom ons voorkeur gee aan die denke agter die teks? Gergen beantwoord dit as volg: "To write or speak is not, then, to express an interior world, but to borrow from the available things people write and say and to reproduce them for yet another audience" (1991: 105).

Postmoderne interpretasie bevraagteken alle outoriteit

Indien die subjek van kennis gedekonstrueer word, en tekste (in beginsel) nie waar of vals kan wees, dan word alle outoritêre aansprake (en aansprake op outoriteit) bevraagteken. “Scientists, elder statesmen, Supreme Court justices, ministers, rabbis, business leaders, medical doctors, psychiatrists, economists, professors ... all those traditionally granted status as ‘knowing something’ are brought into question” (Gergen 1991: 124). Maar wat is die gronde vir hierdie aansprake op outoriteit? Deel outoritêre figure nie bloot perspektiewe waaraan hulle voorkeur gee wat voortdurend aanspraak maak op die waarheid, ondervinding en kennis nie? Soos ons, is die sogenaamde outoritêre figure ook slagoffers van gemeenskaplike smake, waardes en ideologieë wat alles die wyse waarop ons die wêreld verstaan en interpreteer, kleur.

Die spektrum van stemme wat kommentaar lewer op hierdie aangeleentheid moet uitgebrei word. Een van hierdie stemme is die “Critical Legal Studies” (CLS) –beweging. Die CLS daag die idee van geregtigheid uit soos dit voorgestel word in die reg en uitgevoer word in die howe. Tradisioneel word aanvaar dat daar algemene regsbeginsels of abstrakte redegewende liggame is wat die doeleindes van geregtigheid in die gemeenskap dien. Deur bepaalde prosedures te volg sal hierdie regsbeginsels in regsopnies opgeneem word wat “onpartydig” en sonder politieke vooroordeel en sonder persoonlike partydigheid is. CLS teoretici meen dat nie een van hierdie aannames geregverdig kan word nie. “Worse, to make such assumptions blinds one to the ways in which existing legal codes are molded by political and personal interests” (Gergen 1991: 124). Dit wat kwalifiseer as ‘n korrekte regsbeginsel, dien tipies die klasbelange van die bourgeoisie en die toepassing van die reg word deurgevoer deur selfbelang en vooroordeel wat belangrike dele van die kultuur onderdruk en misvorm. Met die idee van die “false consciousness” toon die CLS aan dat die regsisteem sekere klasse se belange beskerm ten koste van ander groepe, omdat: “things are the way they are because they *have to be that way*” (Johnson *et al* 2001: 95-100). Hierdie probleem in die interpretasiesisteem kan deur die CLS se werkswyse “trashing” gewysig word sodat die alternatiewe gemeenskap ontbloot kan word. Die valse bewustheid dat die onwettige apatheidsisteem dominant is kan ondermyn word deur die fundamentele kontradiksie. Dit beteken dat CLS teoretici sal aantoon dat die apartheidsisteem nie koherent en deurdringend genoeg is om dominant te wees nie.

Beginsels van regsinterpretasie lewer probleme wat nie maklik oorkom kan word nie. Nietemin bied die Sosiale konstruksionisme sekere riglyne wat in gedagte gehou kan word by die interpretasie van regstekste. Hierdie riglyne vereis dat ons krities moet staan teenoor beginsels, dat ons daarvan bewus moet wees dat ons self bepaal wie protagoniste en antagoniste in die interpretasie-narratief is en dat interpretasie uit meer as net dialoog bestaan. Die ophef van die verdeeldheid tussen pro- en antagoniste hou drie belangrike gevolge vir interpretasie in.

(1) 'n Kritiese houding teenoor beginsels van interpretasie impliseer dat die fokus verskuif moet word vanaf beginsels wat die diskoers reël na die gespreksdeelnemers. Westerse kulture toon 'n tradisie waarin die reaksie op konflik abstrakte sisteme van regverdiging, reëls, beginsels of wette vasstel wat ons kan red van ons verskille. In die Middeleeue het mense antwoorde in die Bybel gesoek, romantici het morele beginsels gesoek en moderniste maak staat op rasonale rede. Vanuit 'n postmoderne perspektief is oplossings wat steun op beginsels nutteloos en misleidend. Geen beginsel is onpartydig nie. Elkeen stel 'n bepaalde perspektief voor en begunstig diegene wat dieselfde perspektief huldig of daarmee akkoord gaan. Om 'n probleem met logika op te los verneder diegene vir wie emosionele waarheid belangrik is. Geen taalsisteem verklap die afkoms van spesifieke realiteite nie, en niks omtrent geregtigheid gee 'n aanduiding waar dit toegepas moet word nie. Of 'n reël of bepaalde kriteria toegepas moet word hang af van plaaslike onderhandeling, en enige abstraksie (morele gebod of rasonale beginsel) kan oral toegepas word indien die deelnemers oor die nodige onderhandelingsvermoë beskik.

Insteede daarvan om toevlug te vind in "valse" transendentale beginsels, bied die Sosiale konstruksionisme ons die onmiddelikheid van interafhanklikheid. Ons word ontmoedig om skuiling te soek in taalsisteme (soos God of die Grondwet) wat buite en bo ons is en wat ons moet lei. Die teendeel blyk egter: ons is alleen in hierdie strewe. "By resorting to abstract systems of justice, laws, and moral codes, we succeed primarily in lending virtue to our own position, fortifying our senses of righteous purpose, and further denigrating the opposition" (Gergen 1991: 257). Die Sosiale konstruksionisme noop ons om hierdie aktiwiteit te verlaat ten gunste van direkte interaksie met die ander. Insteede daarvan om die ander (soos die AWB en APLA en die Cradock-vyf) se stemme uit te sluit van die publieke forum, is dit belangrik om die moontlikhede van dialoog te verbreed. In die algemeen beskou die gemeenskap hierdie groepe as verworpe vreemdelinge, en die

groepe beskou die res van die gemeenskap ook as sodanig. Uitsluiting van die Ander bring ons nêrens nie, en los geen interpretasieprobleme op nie. Inteendeel, die teendeel blyk “waar” te wees.

(2) Diegene wat geëtiketeer word as die “vyand” of teenstanders is slegs die “vyand” uit hoofde van dié wat hulle as die “vyand” beskou. Ons bepaal immers self die voorwaardes vir antagonisme. Vorme van dialoog moet aangemoedig word waarin vrye betekendes bestaande taalstrukture afbreek en diskoerse toelaat om te vermeng. Soos genres vermeng kan ons sien hoe teenstellendes uit die gebruik van taal ontwikkel, en nou die betekendes van een geloofsisteam betekenis van ander kry. Verder het ons ook gunstige toestande nodig waarin nuwe metafore gehuisves kan word sodat die begrip vir gegewe posisies geherformuleer kan word, of sodat die verskille tussen antagoniste verminder kan word.

Nuwe historiese narratiewe (soos dié wat die WVK konstrueer) word verlang sodat dit die gaping tussen oorsake van verdeeldheid vernou en die ooreenkomste in gedeelde erfenis aandui. Soos die betekenaars meng en die grense tussen begryplikheid degenerer, so behoort antagonisme tussen betekenaars af te neem. Gergen meen dat: “There are other possible metaphors around which the definition of ‘human being’ may be constructed than those now separating such groups. And both share a common history of values, the very commonality of which forms the basis for the antagonism” (1991: 258). Indien ons minder steun op wette en abstrakte regte, en meer klem plaas op oop en kreatiewe dialoog oor mense, dan is daar hoop om insluitende of akkommoderende begripsmoontlikhede te konstrueer.

(3) Die oplos van bestaande interpretasieprobleme moet verder strek as dialoog. Verskille in religieuse en politieke oortuigings kan ‘n ondergeskikte rol vertolk in algemene lewenstyle. Hierdie oortuigings is diskoersvorme en om die een bo die ander te kies is nodeloos. Die postmoderne waarskuwing teen die objektivering van diskoerse is heel toepaslik. In hierdie geval konfronteer ons ook die beperkinge van linguistiese wisselwerking. Selfs al kan ons middele identifiseer vir die versoening van ongelyksoortige realiteite sal die konflik steeds bestaan. ‘n Fokusverskuiwing kan daarom plaasvind vanaf die linguistiese onderhandeling van realiteite na die koördinerende van alledaagse handelinge.

Hoewel die Postmodernisme hierdie interpretasiemoontlikhede uitnooi, is dit nie ten gunste daarvoor dat konflik geheel en al opgehef moet word nie. Soos Gergen dit

stel: "When conflicts are untenable, postmodernism opens the way to means of melding; from the postmodern perspective, however, a certain degree of conflict in society is both unavoidable and desirable" (1991: 259). Konflik is onvermydelik, want wanneer ons deelneem aan enige diskoers gebeur dit vanuit verskillende morele en politieke posisies wat teenoor ander gesitueer is. Elke diskoers wat onder bepaalde aannames funksioneer sluit noodwendig ander aannames uit. Gevolglik sal daar altyd spanning wees tussen diegene in die diskoers en die wat deur die diskoers gemarginaliseer word, soos wat byvoorbeeld met die apartheidsdiskoers gebeur het. Indien diep en destruktiewe antagonisme vermy moet word, is daar rede dat die betekendes "vrygelaat" moet word, opposisionele realiteite moet gegeneer word en die interne logika van die dominante diskoerse moet bevraagteken word (Gergen 1991). So byvoorbeeld het die WVK slagoffers se stemme vrygelaat, opposisionele realiteit van strydere vir en teen apartheid is ingewin en bo alles is onregverdige dominansie van die apartheidsstelsel bevraagteken.

Postmoderniste glo dat die ongesproke nie iets is wat reeds bestaan nie. Dit lê nie dormant in die onbewuste, wagterend om beskryf te word in kubernetiese strukture nie. Die ongesproke duik op en neem vorm aan soos ons in wisselwerkende diskoers tree. Om te luister is daarom nie 'n passiewe aktiwiteit nie. Wanneer ons luister interpreteer ons, of ons wil of nie (Freedman & Combs 1996).

3

“Waiting for Meaning”...?

‘n vreemde lover laat jou anders vashou
jou skouers skil anders uit haar palms
jou borste bondel anders in sy nek
omdat sy vreemd is, is jy bevreemd heel

1 Inleiding

Soos die voorafgaande hoofstukke word hoofstuk drie ook ingelei deur en betitel met ‘n Krog-gedig. Die gedig “Waiting for Meaning” kom uit afdeling drie (“Sgraffito”) van die bundel *Kleur kom nooit alleen nie*. Om op betekenis te wag hou verband met die doel van die hoofstuk, naamlik om op die betekenis te wag wat verkry word uit die beskrywing van die huidige stand van interpretatiewe sake. Om op betekenis te wag kan ook beteken om sensitief te wees vir die betekenis wat ander aan betekenis heg. Die gedig stel daarom voor dat daar in die lydende vorm gedweë op betekenis gewag word.

Soos ‘n “vreemde lover” laat ‘n onbekende benadering jou anders na die wêreld kyk. Ander betekenis word op nuwe maniere verkry. Daar kan op nuwe maniere met die reg en regsinterpretasie omgegaan word wanneer die “onbekende lover” (wat teen dié tyd ‘n meer bekende postmoderne benadering geword het) die huidige greep wat ons op regsinterpretasie het, ontwig.

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk bespreek ek die Positivisme en Natuurregbenadering as oorhoofse teenpole op die regsinterpretasie kontinuum. Hoewel die spanning tussen hierdie benaderings geen “nuwe” verskynsel is nie, bly dit relevant, omdat die stryd steeds regsinterpretasie en mense se lewens beïnvloed. As positivistiese en natuurregtelike interpretasie-strategieë word die tekstuele en kontekstuele benaderings onderskeidelik bespreek.

Die twis tussen die Positivisme en Natuurreg word in die tweede gedeelte voortgesit onder die opskrif - Invloedryke metanarratiewe. As uitgangspunt van die Positivisme word die teorie van Herbert Hart bespreek met die Natuurregbenadering van Lon Fuller as teenargument. Hierdie debat is veral relevant vir Suid-Afrikaanse regsinterpretasie, omdat dit onder andere verwys na die tirannie van Nazi-Duitsland wat

vergelykbaar is met apartheid Suid-Afrika. Met die bespreking van Ronald Dworkin se teorie van reg as integriteit en Stanley Fish se literêre benadering tot regsinterpretasie, word die Positivismes verlaat vir Natuurregidees.

In die laaste gedeelte van dié hoofstuk word regsinterpretasie in Suid-Afrika onder die loep geneem. Die gedeelte is gestruktureer aan die hand van drie prominente hofbeslissings en die diskoerse wat daardeur gestimuleer is. Hierdie hofsake is: *Segale v Governement of the Republic of Bophuthatswana*,¹ *S v Mhlungu & Others*,² en *Southern Insurance Association v Bailey NO*.³ Hoewel die tweestryd tussen die Positivismes en Natuurregbenaderings ook in die sake aan die lig kom neem die bespreking 'n wending. Dit is veral in laasgenoemde saak dat die diskoers tussen Johan van der Walt, Wessel Le Roux en Denis Davis 'n postmoderne toon aanneem wat die aard van die bespreking in hoofstuk vier antisipeer.

2 Die dominante metanarratief op die kontinuum van regsinterpretasie

Die dispuut oor die aard van die reg is waarskynlik die een tema wat sentraal staan tot die regsdiskoers. Die stryd tussen die Positivismes en die Natuurregbenadering kan terug gevoer word na Sophocles se toneelstuk *Antigone* wat dateer uit die vroeë vyftiende eeu voor Christus (Van Blerk 1996). Kreon, die heerser van Thebes, het aangekondig dat Poluneikes, wat gesterf het in 'n stryd om die stad Thebes vir homself te oorwin, nie begrawe sal word nie maar vir die voëls en honde gelos moet word. Hierdie is 'n regspositivistiese uitspraak siende dat dit sonder kompromie gehoorsaamheid teenoor die wette van die staat afdwing. In stryd met Kreon se verordening besluit Antigone om haar broer (Poluneikes) se lyk te begrawe. "Sy is vasberade om haar plig teenoor die dooies na te kom, selfs ten koste van haar lewe, en die gebod van die gode te gehoorsaam (natuurlik dat die gees van 'n afgestorwene nie tot rus kan kom voordat die lyk begrawe is nie)" (Van Reeth 1994: 23). Antigone beroep haar dus op 'n "wet" wat beantwoord aan 'n veel "hoër" reg.

Antigone is nadat sy haar broer begrawe het, deur Kreon in 'n rotsgraf opgesluit. Kreon besluit teen sy vroeëre beslissing en wil Antigone van die graf dood red, maar helaas, Antigone het reeds haar eie lewe geneem. 'n Tragedie speel af nadat Kreon se

¹ 1987 (3) SA 237 (B).

² 1995 (3) SA 867 (CC).

³ 1984 (1) SA 98 (A).

seun, wat Antigone se minnaar was, ook selfmoord pleeg. Kreon se vrou doen dieselfde wanneer sy hoor van haar seun se dood. Kreon besef dat die noodlot genadeloos op hom toegeslaan het, en dat die gode hom gebruik het om hierdie onafwendbare loop van gebeure 'n aanvang te laat neem. Die toneel eindig met 'n eg premoderne boodskap, naamlik dat die verloop van gebeure gepredetermineer is deur 'n onveranderlike natuurlike kosmiese orde (Van Blerk 1996: 1-10).

Veel dieper as die persoonlike vete tussen Antigone en Kreon is die metafore wat hulle voorstel. Antigone kan geïnterpreteer word as verteenwoordiger van die hoër morele reg van die individu, en Kreon verteenwoordig 'n kollektiewe sekulêre regsisteem wat deur die mens (of meer gepas die Aristoteliaanse man) geskep is (Van Blerk 1996: 1-10).

Die onderskeid tussen die Positivisme en Natuurregbenadering kan terug gevoer word na die premoderne bewuswording van die verskille tussen kollektiwiteit en individualisme. Die val van die onafhanklike Griekse stadstaat, wat meegebring is deur die toename in handel en die uitbreek van oorloë, het daartoe aanleiding gegee dat die individu binne die kollektiewe gemeenskap verlos is van gedetermineerde rolverdelings en 'n onveranderlike kosmiese orde. Die relativisme van die Sofiste het daartoe gelei dat die rolle van individue gehumaniseer is en nie deur die natuur (God) voorgeskryf is nie. Premoderniste onderskryf die beginsels van die Natuurreg en soek na geregtigheid buite die regsisteem. Die inhoud van 'n regsreël moet gevolglik 'n morele toets slaag ten einde geldig te wees.

Tog is geglo dat die orde wat deur die natuur voorgeskryf is harmonie in die kosmos sal bring. Die objektiewe goedheid wat voorgeskryf is deur die natuurlike orde is egter in die moderniteit met die opwel van die Empirisme as 'n subjektiewe idee beskou. Dit het veroorsaak dat daar 'n skeiding tussen die reg (as publieke aangeleentheid) en die algemene goedheid (as individuele aangeleentheid) ontstaan het. Ten einde regverdigbaar te wees moes die reg in die moderne staat objektiewe neutraliteit nastreef. Dit is juis hierdie mensgemaakte reg wat in die moderne era (veral tussen die twee Wêreldoorloë) die omwenteling veroorsaak het van positivistiese denke na 'n Natuurreg filosofie. Dit wat in die algemeen goed is vir die gemeenskap is vervang met die privaat belange van die geïsoleerde individu. Die politiek fokus ook eerder op die beskerming van individuele belange eerder as die bevordering van dit wat gemeenskaplik goed is. Dit beteken dat die regte van die rasonele individu prioriteit geniet bo dit wat in die algemeen

goed is. Moderne denke word geassosieer met die Positivisme. In teenstelling met die Natuurregbenadering se strewe na moraliteit in die reg, meen positiviste dat morele vraagstukke nie 'n invloed op die reg uitoefen nie. Dit is nie die inhoud van 'n wet wat die geldigheid daarvan bepaal nie, maar wel die aannemingsprosedure daarvan. Hart (1994) verklaar immers dat Regspositivisme beteken dat die reg nie sekere aansprake van moraliteit sal beantwoord of navolg nie. Die reg is bloot dit wat dit is en daar word nie, soos deur die Natuurregbenadering, gestreef na dit wat die reg behoort te wees nie.

In Engeland het die Positivisme van Austin en Bentham die regsfilosofie in die 19^{de} eeu gedomineer. Na die Britse anneksasie van die Kaap in 1806 het die Positivisme ook in Suid-Afrika meer as net posgevat. Die Natuurregbenadering van Grotius en Voet is vinnig oorrampel deur die Positivisme. Daar is twee primêre redes waarom die Positivisme in Suid-Afrika aanvaar is: (1) die afname in belangstelling in die Natuurregbenadering in Europa, en (2) die verspreiding van die invloed van die Engelse reg. Die Positivisme het selfs in die onderrig gedomineer. Regsgeleerdes is geleer om by die reëls van die reg te hou, en om dit meganies toe te pas sonder dat daar gespekuleer word oor hoe die reg behoort te wees. "As advocates in the Cape Colony were originally obliged to be members of the United Kingdom Bar or doctors of law of Oxford, Cambridge or Dublin, South African advocates and judges were exposed to full positivist influence" (Dugard 1971: 185).⁴ Of soos Chaskalson dit stel: "For a long time South African lawyers trained in the positivist tradition were taught to believe that decisions should depend on the rigid application of precedent and legal rules of interpretation, without regard to the result produced by doing so. Hard cases made bad law" (1998: 2).

Teorieë van interpretasie

Die verloop van die Positivisme / Natuurreg-debat kan nie geskei word van die ontwikkeling van teorieë of strategieë van interpretasie nie. Interpretasie-strategieë verdeel in die algemeen in twee, naamlik die tekstuele en kontekstuele interpretasie-strategieë. Hierdie benaderings, en die onderliggende positivistiese en Natuurregtelike idees wat dit weerspieël, het en oefen ongetwyfeld steeds 'n groot

⁴ Dugard is onder andere deur Forsyth en Shiller daarvan beskuldig dat hy regsneutraliteit in 'n onregverdige regsstelsel uitsluitlik toeskryf aan die Regspositivisme. Hierop het Dugard as volg gereageer: "My empirical study of the legal process in South Africa has led me to conclude that judges adopt a neutral, non-activist position in their approach to human rights issues and that a form of positivism may account for this phenomenon" (Dugard 1981: 373).

invloed uit op kontemporêre Suid-Afrikaanse regsinterpretasie (Botha 1996: 26-32, Eskridge 2000: 41-71).

Die tekstuele benadering

Volgens Botha (1996: 27) kan die tekstuele benadering ook die letterlike - of *plain fact*-benaderings genoem word. Hierdie benadering vereis van die interpreteerder om primêr te fokus op die tekstuele betekenis van die teks wat uitgelê moet word. Die tekstuele benadering het 'n Engelse oorsprong en die bestaan daarvan kan aan vier faktore toegeskryf kan word.

(1) Die opstel van wette in Engeland is gedoen met die doel om regsekerheid te bevorder. Regsekerheid kan net bereik word deur wette so gedetailleerd moontlik op te stel om vir alle toekomstige situasies voorsiening te maak. Die wetgewer moes dus alles wat geregleer moet word reeds by die opstel van die teks voorsien. (2) Die *trias politica*-leerstuk (die skeiding van magte) het die rol van die regsprekende gesag beperk: "tot die uitleg en toepassing van die wetgewer se wil, soos dit in die teks van die betrokke wetgewing voorkom" (Botha 1996: 28-29). (3) Die posisie van die tekstuele benadering is ook bevorder deur die Regspositivisme. Die premoderne idee dat die verordeninge van die staat die reg is, en dat die reg steun op die bevelteorie het daartoe bygedra dat houe staatsbevele bloot afdwing. Regters het gevolglik bloot die reg toegepas en geen kreatiewe regskeppende rol aangeneem nie. Die passiewe rol van die regter het veroorsaak dat die konteks van die saak buite rekening gelaat is by die maak van 'n beslissing (Barrie 2000: 271-278). (4) Die Engelse gemeenregtelike tradisie waarin die houe regskeppend met gemeenregtelike beginsels te werk kan gaan het ook 'n invloed op die tekstuele benadering uitgeoefen. "Wetgewing word as die uitsondering op die reël beskou wat die gemenereg so min as moontlik moet versteur" (Botha 1996: 29).

In die tekstuele uitlegproses is daar sekere stappe wat gevolg moet word om die tekstuele betekenis te ontbloot. Die primêre reël is dat daar gevolg gegee moet word aan die inhoud van die wet. Geregtelikheid setel dus in die teks. Die tweede en waarskynlik die belangrikste reël (ook bekend as die "goue reël") impliseer dat daar van die letterlike betekenis afgewyk kan word indien die letterlike betekenis dubbelsinnig, vaag of onduidelik is en tot absurde gevolge kan lei. In hierdie omstandighede is die hof daarop "geregtig" om van sekondêre hulpmiddels (soos die langtitel of opskrifte van 'n wet)

gebruik te maak. Indien die teks steeds onduidelik is moet tersiêre hulpmiddels (die gemeenregtelike vermoedens) gebruik word (Botha 1996).

Die tekstuele benadering is reeds in 1875 deur die beslissing in *De Villiers v Cape Divisional Council*,⁵ in die Suid-Afrikaanse reg ingevoer. In die saak is beslis dat: “[...] wetgewing wat na die Britse oornam van die Kaap aangeneem is, volgens die Engelse reëls van wetsuitleg uitgelê moes word” (Botha 1996: 29).⁶

Die sentrale beginsel van die tekstuele benadering is dat regters wette moet interpreteer gebaseer op die algemene betekenis wat sprekers van die taal aan die wet sou gee. Hoewel tekstualiste ontken dat hulle literaliste is, beperk hulle die kontekstuele ondersoek tot die regteks en ekstrinsieke hulpmiddele soos woordeboeke. Tekstualiste verwerp tegnieke wat van ekstrinsieke kóntekstuele middele gebruik maak om die interpretasie te bereik wat ten beste die wetgewer of publieke doelstelling van die wet weerspieël. Die tekstuele benadering stem dus ooreen met positivistiese moderne benaderings wat aanneem dat interpretasie handel oor die rasonale individu en nie oor publieke moraliteitsoorwegings nie.

Die *plain fact*-benadering is ‘n positivistiese interpretasieteorie wat in die werk van Hart (spesifiek *The Concept of Law*) gekomplimenteer word, en wat deur Dworkin, as die konvensionalisme, gekritiseer word. Die aanloklikheid van die *plain fact*-benadering is grootliks toe te skryf aan David Hume wat aangevoer het dat feitelike proposisies radikaal verskil van waardebepalings (Guest 1991: 108-127). Hume meen dat proposisies van empiriese feite in beginsel bereik kan word deur die wêreld waar te neem. Hierdie proposisies verduidelik hoe die wêreld is deur die oë van ‘n “waarnemingsbenadering”.

Die teenoorgestelde van feitelike proposisies is waardebepalings. Hierdie onderskeid is ook belangrik om die Positivisme te verduidelik, omdat vrae na waardes nie altyd met moraliteit vereenselwig word nie. Om byvoorbeeld te sê dat Hart ‘n “beter” teoretikus is as Dworkin is ‘n waardebepaling. En om byvoorbeeld te argumenteer dat apartheid geregverdig was, is ook ‘n waardebepaling met morele waarde.

⁵ 1875 Buch 50.

⁶ Hoewel die tekstuele benadering dominant was veral in die apartheidsjare van die Suid-Afrikaanse geskiedenis poog Amon Dhlamini in sy artikel *Is there a literal interpretation in law?* (1991) om aan die hand van nege sake aan te dui dat daar in die periode vanaf 1930 tot 1940 beslissings was wat nie ten gunste van die letterlike benadering was nie.

Botha (1996) meen dat gemeenregtelike vermoedens 'n sentrale rol tydens die interpretasie van wette móét vertolk. Maar, volgens die tekstulebenadering word hierdie vermoedens uitgestel as laaste uitweg.

Die tekstuele benadering kan gekritiseer word vir die wesenselement waarvoor dit staan. Volgens hierdie benadering is die wetgewer se bedoeling vasgevang in die letterlike betekenis van die woorde van die wet. Interne en eksterne hulpmiddels word as laaste uitweg gebruik om die bedoeling te bepaal. Of soos Botha dit stel: "Tensy die letterlike betekenis van die teks onduidelik en dubbelsinnig is, speel die konteks van die wetgewing 'n baie onbenullige rol tydens wetsuitleg" (1996: 31).

Die tekstuele benadering is 'n subjektiewe benadering. Die dubbelsinnigheid en onduidelikheid van die teks wat geïnterpreteer word, word subjektief deur die hof bepaal. Botha meen dat die subjektiwiteit van die hof die benadering negatief stem en verklaar dat: "[...] die 'bedoeling van die wetgewer' afhanklik [is] van die hof se beslissing oor die 'duidelikheid' van die betrokke wetgewende teks" (1996: 31). In postmoderne diskoers is subjektiwiteit 'n noodwendigheid wat nie noodwendig 'n negatiewe eienskap is nie.

Botha (1996) kritiseer ook die tekstuele benadering daarvoor dat dit tekste voorhou as primêr duidelik en ondubbelsinnig. Botha meen dat geen teks so duidelik is dat dit vir net een interpretasie vatbaar is nie en argumenteer verder dat: "[i]ndien die howe telkens meen die wetstek is 'plain and unambiguous', hoekom is daar dispute oor die betekenis daarvan wat soms deur die Appèlhof opgelos moet word?" (1996: 32). Tog laat dié benadering sekondêre en tersiêre hulpmiddels toe wat beteken dat dit erken dat tekste nie altyd duidelik en ondubbelsinnig is nie.

Eie aan die positivistiese oorsprong van die tekstuele benadering is die meganistiese rol wat dit aan die hof toeskryf. Botha het gelyk wanneer hy sê: "[h]ierdie siening skep verkeerdelik die indruk dat sodra die wetgewer gespreek het, die howe ophou met enige regskeppende funksie" (1996: 32). Voeg hierby die slaafse navolging van die *trias politica*-leerstuk, en enige moontlikheid op regskepping deur die howe word uitgesluit. Die meganistiese uitleg van wette is verder bevorder deur die reël dat dit die funksie van die hof is om wetgewing uit te lê en nie te skep nie.⁷ Ook steun die *casus omissus*-reël die 'meganistiese benadering" deurdat howe nie weglatings in die wet mag aanvul nie.

⁷ Volgens die beslissing in *Harris v Law Society of the Cape of Good Hope* 1917 CPD 449 is howe gebonde aan die wet en kan net die wetgewer gebreke van 'n wet regstel.

Botha is ten gunste daarvan dat howe regskeppend te werk gaan binne die beperkinge van die doelstellings van die wet. De Ville meen dat: "In terms of his (Botha's) model, the interpreter is and should be coined by the purpose of the legislation. This is not substantially different from a positivistic approach which says that a judge has no choice but to apply the provisions of the statute as he or she finds it" (1999b: 379). Die bedoeling van die wet kan nie die regter meer beperk as wat die taal van die teks dit doen nie. En hierdie proses is nie in geheel subjektief of objektief nie (De Ville 1999b). Ook Du Plessis spreek sy kritiek teen die benadering uit: "The root error of literalism lies in its denial of the distinction between meaning and language, and its consequential confusion of the medium as means, with the message as goal or end" (1986: 50).

De Ville verskil egter van Du Plessis en voer aan dat die letterlike benadering nie die verskil tussen taal en betekenis ontken nie. Die letterlike benadering verduidelik dat die taal van 'n wetstek die primêre of uitsluitlike bron van die reg is, omdat die teks alleen beskou word as die beste gids om by die bedoeling van die wetgewer uit te kom. Geskrewe taal is vir litteraliste nie konstatief van betekenis nie maar referensieel. Taal is bloot die medium waardeur die outeur betekenis en bedoeling oordra (De Ville 1999b).

Die kontekstuele benadering

Die kontekstuele benadering (ook bekend as die doeldienende benadering) is daarop gebaseer dat wetgewing nie na willekeur geskep word nie, maar die gevolg is van verteenwoordigers van die gemeenskap wat glo dat wetgewing tot die welvaart van die gemeenskap lei. Die kontekstuele benadering plaas die belang van die gemeenskap en die gemeenskaplike algemene goedheid, soos premoderne benaderings, sentraal. "Judges act as partners with the legislature in this public-spirited endeavour, and interpretive judgement should therefore further the purpose underlying the legislation" (Eskridge 2000: 48). Insteede daarvan om aan te neem dat die wetgewer 'n bepaalde bedoeling voorskryf wat die uitkoms van sake bepaal, meen kontekstualiste dat die wetgewer nie noodwendig vir alle gevalle voorsiening maak nie (met ander woorde, nie getrou kan bly aan die premoderne natuurlike orde nie), en dat dubbelsinnighede opgelos kan word ooreenkomstig die breër gemeenskapsdoelstellings wat die wet onderlê.

Botha beskryf die kontekstuele benadering as volg: "Aangesien die wetgewersfunksie 'n doelgerigte aktiwiteit is, moet 'bedoeling' deel word van die doeldienende verwysingsraamwerk van die oogmerk van wetgewing" (1996: 34). Die

bedoeling moet objektief bepaal word en die subjektiewe kriteria wat na die bedoeling van die wetgewer verwys, soos Botha (1996: 34) dit stel: “[...] vervang word met bedoeling in objektiewe sin [...],” soos voorgeskryf deur moderne benaderings. Hierdie benadering plaas met ander woorde klem op die bepaling van die objektiewe doel van die wetgewer. Nie alleen die teks nie, maar ook die konteks (insluitende sosiale en politieke beleidsoorwegings) word in ag geneem wanneer die bedoeling van die wetgewer bepaal word. Die teksbetekenis kan dus aangepas word om by die doel te pas. Anders as die tekstuele benadering waar die hof ‘n enkelvoudige meganistiese rol vertolk het die hof, volgens die kontekstuele benadering, ‘n inherente regskeppende funksie. Die diskresie word egter beperk tot gevalle waar die strekking en doel van die wetgewing duidelik is, en ‘n betekeniswysigende uitleg deur die teks ondersteun word (Botha 1996).

Sentraal tot die kontekstuele benadering staan die sogenaamde “mistandsreël” (Botha 1996, Du Plessis 1986). Botha verduidelik die mistandsreël as volg: “Volgens die mistandsreël moet eksterne hulpmiddels aangewend word, dit wil sê, wat was die regsposisie vóór die probleem wat opgelos moet word, die gebreke in die reg, gebreke waarvoor nie voorsiening gemaak word nie, nuwe oplossings en die rede vir die nuwe oplossings” (1996: 35). Anders as die tekstuele benadering kan die hof wanneer die doeldiennende benadering gebruik word uit die staanspoor wetgewing kontekstueel uitlê. Die konteks is dus nie net relevant in gevalle waar die teks onduidelik en dubbelsinnig is nie. Die kontekstuele benadering handhaaf ‘n balans tussen die letterlike en kontekstuele betekenis van die teks: “[s]odoende word die uniekheid en buigsaamheid van taal en al die intratekstuele en ekstratekstuele faktore in die voortdurende tydraamwerk waarbinne wetgewing funksioneer, geakkommodeer” (Botha 1996: 35).

Die Konstitusionele hof het beslis dat die geskiedenis omtrent die opstel van ‘n bepaling in die Grondwet ‘n rol kán speel by die interpretasie van die bepaling. In *S v Makwanyane*⁸ het Arthur Chaskalson (die president van die Konstitusionele hof) gesê dat agtergrondinligting gebruik kan word om aan te dui waarom bepaalde bepalings in of uitgesluit is in die Grondwet. Chaskalson verklaar verder:

It is neither necessary nor desirable at this stage in the development of our constitutional law to express any opinion on whether it might also be relevant for other purposes, nor to attempt to lay down general principles offering the admissibility of such evidence. It is sufficient to say that where

⁸ 1995 (6) BCLR 665 (CC).

the background material is clear, is not in dispute, and is relevant to showing why particular provisions were or were not included in the Constitution, it can be taken into account by a Court in interpreting the Constitution.⁹

Volgens Botha (1996) is die doel van die interpreteerder om die enkele korrekte betekenis van die teks te ontdek deur die bedoeling van die teks te vind. De Ville staan egter skepties teenoor hierdie gepriviligeerde posisie wat aan bedoeling toegedeel word. Vir bedoeling om te bestaan moet dit in en deur taal gekonstrueer word deur gebruik te maak van die hulpmiddels en vermoedens van interpretasie (wat self ook in taal uitgedruk word en dus onvolmaakte middele is). De Ville (1999b: 171-389) meen dat net soos betekenis nie taal voorafgaan nie, maar daarna geproduseer word, net so is bedoeling 'n afgeleide, 'n nie-oorspronklike.

Betekenis kan nie gestabiliseer word deur te verwys na die bedoeling of doel van 'n teks nie (Botha 1996). Beide doel en bedoeling is interpretatiewe konstruksie. Die doel van 'n teks moet deur die hof vasgestel word. Hoewel die doel van die teks kan bydra tot die bepaling van die betekenis van 'n wetstek, stabiliseer dit nie betekenis wat tot 'n korrekte interpretasie kan lei nie. Moderne metanarratiewe (soos die Positivisme van Hart) poog in dieselfde mate om deur 'n teorie betekenis te bestendig.

3 Invloedryke metanarratiewe

Die Positivisme van Herbert Hart

Hart se bekendste werk is waarskynlik *The Concept of Law* (1994)¹⁰ en het 'n groot invloed uitgeoefen op regsdenke in die tweede helfte van die twintigste eeu. Hart is ook bekend vir sy betrokkenheid in debatte teen Natuurregdenkers. So byvoorbeeld het hy met Lon Fuller geargumenteer oor die verhouding tussen die Positivisme en Nazi-regte, met Delvin oor die legaliteit van algemene moraliteit en met Dworkin oor die kriteria wat regters in moeilike sake moet gebruik.

Hart het sy belangrikste werk geskryf in 'n periode van na-oorlogse rekonstruksie wat gekenmerk word aan ekonomiese vooruitgang en sosiale rekonstruksie. Hart se regsfilosofie is in tyd met die optimisme van die Moderniteit.

⁹ 1995 (6) BCLR 665 (CC) par 19.

¹⁰ Deurgaans verwys ek na die tweede uitgawe van *The Concept of Law* en nie na die oorspronklike teks wat in 1961 verskyn het nie.

Op intellektuele vlak is Hart beïnvloed deur die linguistiese filosofie van Wittgenstein en J L Austin, en die Positivisme en Utilitarisme van Bentham en J L Austin. Wittgenstein het aangevoer dat die filosofie van taal nie mag inmeng met die gebruik van taal nie. Die filosofie van taal vervul bloot 'n beskrywende funksie. Wittgenstein se idee dat taal bloot beskryf en daar gelaat moet word is deur Hart vertolk as 'n empiriese metodologie wat daarop gemik is om die reg akkuraat te beskryf en die reg te laat soos dit is, eerder as om 'n etiese evaluering van die reg soos dit behoort te wees toe te laat (Guest 1991: 11). Dit beteken dat die reg nie beïnvloed moet word deur insette van die moraliteit en politiek nie. Die tweede punt van Wittgenstein en Austin se taalfilosofie was dat dit algemene taal verhef het bo tegniese of teoretiese taal. Austin is oortuig daarvan dat die algemene betekenis van woorde voldoende is, omdat die betekenis daarvan reeds vir eeue in konsekwente gebruik is. Wat Austin oor die gebruik van algemene taal sê is deur Hart in sy filosofie vertaal as 'n gebondenheid aan die algemene betekenis van woorde soos dit in die reg gebruik word (Johnson *et al* 2001: 145).

Hoewel Hart se teorie ooreenstem met Bentham en Austin se strewe na 'n universele regstelsel, die Utilitarisme en regsekerheid deur ondubbelsinnigheid, aanvaar hy nie die tradisioneel positivistiese bevelteorie nie. In sy kritiek teen die bevelteorie onderskei Hart tussen gevalle waar die mens verplig is om iets te doen en waar ons onder die verpligting staan om iets te doen. Om onder die verpligting te staan om iets te doen beteken dat 'n handeling verplig word sonder dat straf noodwendig opgelê sal word. Hart meen dat die bevelteorie nie hierdie idee van 'n plig of verpligting in ag neem nie. Selfs strafreg wetgewing val buite die beskrywing van die bevelteorie, omdat dit van toepassing is op beide die wat die wet skep en die wat dit moet navolg. Die bevelteorie is volgens Hart nie geslaagd nie omdat: "[...] the elements out of which the theory was constructed, viz. The ideas of orders, obedience, habits, and threats, do not include, and cannot by their combination yield, the idea of a rule, without which we cannot hope to elucidate even the most elementary forms of law" (Hart 1994: 80).

Reëls vorm dus die basis van Hart se teorie. Die reg moet gevolglik nie beskou word as 'n stel onafhanklike verpligtinge nie, maar as 'n sisteem van geïntegreerde reëls. Hart se reël-gebaseerde teorie onderskei die volgende begrippe van mekaar: (1) interne en eksterne aspekte van reëls, (2) verpligte sosiale reëls en ander sosiale reëls, (3) reëls van moraliteit en regsreëls, (4) primêre en sekondêre reëls, en (5) sekondêre herkenningsreëls en beregting.

Interne en eksterne aspekte van reëls

Eksterne aspekte van reëls kan beskou word deur die eksterne waarnemer wat nie die reëls aanvaar nie. Die interne aspekte van reëls is slegs sigbaar vir 'n lid van die groep wie dit aanvaar as rigtingwysers. 'n Regstelsel wat net op die eksterne aspekte van reëls fokus is eng. Hart verklaar dit so:

What the external point of view, which limits itself to the observable regularities of behaviour, cannot reproduce the way in which the rules function as rules in the lives of those who normally are the majority of society. These are the officials, lawyers or private persons who use them, in one situation after another, as guides to the conduct of social life, as the basis for claims, demands, admissions, criticism, or punishment., vis., in all the familiar transaction of life according to rules. For them the violation of a rule is not merely a basis for the prediction that a hostile reaction will follow but a reason for hostility (1994: 90).¹¹

Eksterne aspekte van reëls toon bloot aan dat reëls nagekom word. Interne aspekte van reëls verklaar waarom mense reëls nakom. Interne aspekte hou dus verband met mense se kritiese refleksiewe houding. Die kritiese refleksie van mense op die reg sluit, volgens Hart, normatiewe oorwegings in (Hart 1994: 57).¹² Interne en eksterne aspekte van reëls moet nie onafhanklik van mekaar staan nie. 'n Geldige reël moet daarom beide die interne en eksterne aspekte van reëls inkorporeer, en daar moet kritiese refleksie daarop wees. Apartheid reëls konformeer aan beide die interne en eksterne aspekte van reëls en kan kritiese refleksie geniet wat beteken dat, hoewel apartheidswette onregverdigte ongelykheid bewerkstellig, dit in terme van Hart se teorie geldige reëls bly.

¹¹ Hierdie is met ander woorde die reëls wat die alledaagse antagonisme tussen swart en wit gedurende die heerskappy van apartheid gereël het.

¹² Hart beskryf die kritiese refleksiewe houding as volg:

What is necessary is that there should be a critical reflective attitude to certain patterns of behaviour as a common standard, and that this should display itself in criticism (including self-criticism), demands for conformity, and in acknowledgements that such criticism and demands are justified, all of which find their characteristic expression in the normative terminology of 'ought', 'must', and 'should', 'right' and 'wrong'" (Hart 1994: 57).

Die onderskeid tussen verpligte sosiale reëls en ander sosiale reëls

Die onderskeid tussen verpligte sosiale reëls en ander sosiale reëls is daarin geleë dat daar sosiale druk bestaan om verpligte reëls na te kom. “What is important is that the insistence on impotence or *seriousness* of social pressure behind the rules is the primary factor determining whether they are thought of as giving rise to obligations” (Hart 1994: 87). Verpligte reëls is nodig omdat dit die oorlewing van die gemeenskap dien en soms moet die individu eiebelang negeer ten einde die verpligte reël na te kom. So byvoorbeeld is die verbod op aanranding ‘n verpligte sosiale reël.

Maar ‘n verbod op aanranding as “verpligte sosiale reël” verlig nie die pyn van interrogasie slagoffers van die Sekuriteitspolisie nie. Zubeida vertel immers: “And the next thing he came back and he beat me right across the room into the wall and he kept on beating me right into the wall [...]” (Krog 1998: 184). En die einde van haar ontbering was dit nie. “Now at that point I didn’t think anything of it like (that she was being poisoned), I was just seeing all my veins dilating, it looked like worms – it looked like worms coming out of my hands (Krog 1998: 184).

Die verpligting om hierdie reël uit te voer stam uit die erns of belang van die sosiale druk wat aandrang op die reël. Hart meen dat verpligte sosiale reëls die bestaan van ‘n gemeenskap beskerm. Maar sy Positivisme beskerm die bestaan van een gemeenskap ten koste van ‘n ander.

Hart verdeel verpligte sosiale reëls in twee subkategorieë: moraliteitsreëls en regsreëls. Regsreëls kan van moraliteitsreëls onderskei word op grond van die sosiale druk wat op diegene geplaas word wat nie die reëls nakom nie. Regsreëls word verder verdeel in primêre en sekondêre reëls. Primêre reëls bestuur beperkte natuurlike bronne en beperk geweld, diefstal en bedrog (Hart 1994:81). Hart meen dat ‘n gemeenskap net kan oorleef indien die lede daarvan die primêre reëls nakom. In die apartheidsstelsel blyk dit of beperkte natuurlike hulpbronne bestuur kon word ten koste van ander, selfs al gaan dit gepaard met oormatige geweld. Hart se primêre reëls geld immers ook vir die toepassers van apartheid en die gevolge daarvan manifesteer onder ander ook in Nosipho Marxewu se storie:

After a week they took me again for interrogation. They tripped me. They jumped on my body. They took me by my belt, they lifted me and then banged me on the floor [...] They grabbed the hair and lifted me by my hair. They put a bag over my head and poured water over it so I couldn’t breathe

[...] They spangled me, they pulled down my headscarf – they pulled it down my neck and one pulled on the left and the other from the right. I lost all strength. I urinated on myself. I was pregnant at the time. They said I must tell the truth” (Krog 1998: 188).

Die toepassers van apartheid regverdig geweld in die naam van die waarheid. Selfs die reëls wat hierdie geweld versoek is deel van Hart se geldige regsisteem. Die geldige regsisteem vereis dat (1) lede van die gemeenskap primêre reëls moet nakom, en (2) dat die amptenare van die gemeenskap die sekondêre herkenningreëls en reëls van verandering en beregting aanvaar.¹³

Die beregting van moeilike sake

’n Sentrale punt in Hart se teorie handel oor die wyse waarop regters sake bereg in gevalle waar die reg onduidelik is. Moeilike sake kom voor omdat algemene taal volgens Hart nie al die moontlike gevalle wat voor regters voorkom kan antisipeer nie.

In all fields of experience, not only that of rules there is a limit, inherent in the nature of language, to the guidance which general language can provide [...] Whichever device, precedent or legislation, is chosen for the communication of standards of behaviour, these, however smoothly they work over the great mass of ordinary cases, will, at some point where their application is in question, prove indeterminate; they will have what has been termed an open texture” (Hart 1994: 127-128).

Hart identifiseer twee wyses waarop regters moeilike sake kan benader. Die eerste wyse (die skeptiese benadering) impliseer dat regters moeilike sake benader vanuit eie morele en politieke oorwegings. Hierdie persoonlike oorwegings word dan regverdig deur toepaslike regsreëls daarvoor te soek.

¹³ Hart definieer sekondêre reëls as: “[...] they provide that human beings may by doing or saying certain things introduce new rules of the primary type” (1994: 81). Sekondêre herkenningreëls identifiseer regsreëls. “Wherever such a rule of recognition is accepted, both private persons and officials are provided with authoritative criteria for identifying primary rules of obligation (Hart 1994: 100). Reëls van verandering reguleer weer die prosedure wanneer primêre reëls verander word, en reëls van beregting reguleer die posisie wanneer daar nie prosedure bestaan vir die oplos van dispute nie.

Die tweede wyse is 'n formalistiese benadering wat impliseer dat daar vir elke praktiese probleem in die formele sisteem van reëls 'n suiwer oplossing is. Hart is ten gunste van 'n posisie tussen die skeptisisme en die formalisme, 'n posisie waar hy meen die waarheid lê (Hart 1994: 147). Hart meen dat die reg nie volkome seker kan wees nie (soos die formaliste glo), maar ook nie volkome relatief is nie (soos die skeptici glo). Hoewel die reg oor 'n oop tekstuur in moeilike sake beskik, is daar gebiede in die reg waar die reëls seker is. In moeilike sake het die reëls opgedroog en moet regters hul eie diskresie gebruik. In hierdie gevalle verander die hof se verantwoordelikheid om die reg te interpreteer na 'n regskeppende funksie. In die naskrif van die tweede uitgawe van *The Concept of Law* meen Hart dat regters is soos die: “[...] conscientious legislator, on his sense of what is best and not only on any already established order of priorities prescribed for him by law” (1994: 275). Hierdie uitlating veroorsaak dat Hart beskryf word as 'n sagte positivis omdat sy reëls vir moeilike sake hom lei om morele kriteria implisiet aan regsreëls toe te skryf.

Die beregting van moeilike sake en meer spesifiek “[...] the interpretation of rules in concrete cases where doubts are initially felt and argument develops about their meaning” wat die spilpunt is van die diskoers tussen Hart en Lon Fuller (Hart 1958: 627). Hart meen dat beide die relevansie en die onderskeid tussen die reg soos dit is en soos wat dit behoort te wees gering is.

Its net effect is that in interpreting legal rules there are some cases which we find after reflection to be so natural an elaboration or articulation of the rule that to think of and refer to this as 'legislation,' 'making law,' or a 'fiat' on our part would be misleading” (Hart 1958: 628-629).

Hart se argument is gevolglik dat dit misleidend is om te onderskei tussen wat 'n reël is en wat dit behoort te wees. “‘Legal Positivism,’ like most terms which are used as missiles in intellectual battles, has come to stand for a baffling multitude of different sins. One of them is the sin, [...] on the separation of law as it is and law as it ought to be” (Hart 1958: 595).

Die skeiding van die reg en moraliteit van die positivistiese apartheidsisteem toon veral ooreenstemming met die gebeure in Nazi-Duitsland tydens Wêreldoorlog II. Die Positivismen en die gevolge daarvan word onder andere deur Lon Fuller gekritiseer. 'n Bespreking van Fuller se perspektief is belangrik omdat hy meen regters nie die

Positivisme kan gebruik om hul beslissings tydens apartheid te regverdig nie. Fuller verwag van regters 'n hoër morele regterlike verantwoordelikheid.

Die Natuurregbenadering van Lon Fuller

Lon Fuller het sedert 1948 regsfilosofie aan die Universiteit van Harvard gedoseer. Fuller het die gebeure van Wêreldoorlog II deurleef wat verklaar waarom die Nazi-regstelsiem so dikwels in sy werk manifesteer. Fuller se perspektief op Nazi-Duitsland is ook vergelykbaar met apartheid Suid-Afrika. *The Morality of Law* (1969) is sy gesaghebbendste werk waarin hy die Natuurregbenadering verdedig. Ewe gesaghebbend is sy debat en kritiek teen die Positivisme van Hart in die artikel *Positivism and Fidelity to Law – A Reply to Professor Hart* (1958).

In die artikel verduidelik Fuller die penarie waarin na-oorlogse Duitse howe dit bevind het:

It was impossible [for the German courts] to declare the whole dictatorship illegal or to treat as void every decision and legal enactment that had emanated from Hitler's government. Intolerable dislocations would have resulted from any such wholesale outlawing of all that occurred over a span of twelve years. On the other hand, it was equally impossible to carry forward into the new government the effects of every Nazi perversity that had been committed in the name of law; any such course would have tainted an indefinite future with the poisons of Nazism (1958: 648).

Fuller se bemoeienis met die legaliteit van die Nazi heerskappy stam onder andere uit die saak van 'n Duitse soldaat wat gedurende die oorlog vir 'n kort tydjie by sy vrou gaan kuier het. Die man het met afkeuring van Hitler en die Nazi-bestel gepraat en aan sy vrou vertel dat hy spyt was dat Hitler nie in 'n sluipmoordaanval omgekom het nie. Terwyl haar man militêre diensplig gedoen het, het die vrou met ander mans uitgegaan en wou na die oorlog van hom ontslae raak. Sy deel toe die plaaslike Nazi-leier mee van haar man se uitlatings en meen dat 'n persoon met dié houding nie verdien om te leef nie. Die soldaat is gevolglik verhoor en die doodstraf is opgelê. Hoewel die vonnis nie voltrek is nie is die man terug na die gevegsfront verplaas (Fuller 1958: 652-653).

Na die oorlog is die vrou vervolg op grond daarvan dat sy haar man onwettig van sy vryheid ontnem het. In haar verdediging het die vrou gesteun op die regsrag van

wetgewing waaronder sy haar man aangegee het wat geldig en in werking was tydens die oorlog. Sy het volgehou dat sy bloot 'n misdadiger aan die reg oorgegee het. Die Duitse hof het die vrou skuldig bevind omdat sy met persoonlike kwaadsigtigheid opgetree het (Fuller 1958: 653-654).

Fuller meen egter dat die hof verder moes gaan deur die Nazi wet wat die vrou se gedrag onwettig verklaar, op grond van morele oorwegings, ongeldig te verklaar.

If all Nazi statues and judicial decisions were indiscriminately 'law', then these despicable creatures [like the wife] were guiltless, since they had turned their victims over to processes which the Nazis themselves knew by the name of law. Yet it was intolerable, especially for the surviving relatives and friends of the victims, that these people should go unpunished, while the objects of their spite were dead, or were just being released after years of imprisonment, or, more painful still, simply unaccounted for (1958: 648-649).

Fuller glo dat die reg sekere eienskappe moet toon om as die reg te kwalifiseer, en die boosaardige wette van Nazi-Duitsland kwalifiseer nie as die reg nie.¹⁴ Hy ontken die legitimiteit van die wette van Nazi-Duitsland omdat dit in kontras staan met Natuurreg-beginsels. In sy teorie oor prosedurele Natuurreg sit Fuller die minimum prosedurele vereistes uiteen waaraan reëls moet voldoen alvorens dit geldig is. Die wetgewer sal nie die reg kan skep as dit nie die volgende slaggate vermy nie, indien die wetgewer: (1) reëls skep wat lei tot onsekerheid; (2) misluk om reëls openbaar te maak; (3) misbruik maak van terugwerkende regskepping; (4) misluk om verstaanbare reëls te maak; (5) reëls maak wat mekaar weerspreek; (6) reëls maak wat onmoontlik is om na te kom; (7) reëls so dikwels verander dat dit onsekerheid bevorder; (8) en indien daar nie 'n verband is tussen die inhoud van die wet en die uitvoer daarvan in praktyk nie (Johnson *et al* 2001: 99-100).

Die agt negatiewe kriteria vir die identifisering van die reg konstrueer vir Fuller moraliteit wat die legaliteit van die reg waarborg. Fuller meen dat die reg wat nie die beginsels van interne moraliteit nakom nie, nie kan aandrang op respek nie. Die taal, seremonies en formaliteite is bloot 'n skans waaragter die boosaardigheid van immorele

¹⁴ Fuller definieer die reg as: "[...] something deserving loyalty, must represent a human achievement; it cannot be a simple fiat of power or a repetitive pattern discernible in the behaviour of state officials" (1958: 632).

regstelsel skuil. Verder identifiseer hy ook twee soorte moraliteit naamlik die moraliteit van aspirasie en verpligtingsmoraliteit, wat hy as volg van mekaar onderskei:

The morality of aspiration [...] is the morality of the Good Life, of excellence, of the fullest realisation of human powers [...] Where the morality of aspiration starts at the top of human achievement, the morality of duty starts at the bottom. It lays down the basic rules without which an ordered society is impossible, or without which an ordered society directed toward certain goals must fail of its mark (1969: 5-6).

Fuller meen dat wanneer die reg geëvalueer word dit ooreenkomstig die moraliteit van verpligting moet geskied. Verpligtingsmoraliteit stem ooreen met prosedurele Natuurreg en die moraliteit van aspirasie verwys na die hoogste ideale van die gemeenskap (Johnson *et al* 2001: 100).

Ten spyte daarvan dat die Positivisme nie daarin slaag om immorele wette af te keur nie, brei Fuller uit op twee verdere punte van kritiek. Deur die reg te skei van moraliteit slaag die Positivisme nie daarin om te verklaar waarom daar 'n morele verpligting is om die reg te gehoorsaam nie. Of soos Fuller dit stel:

'Under the Nazis there was law, even if it was bad law' [...] It is not necessary, however, to dwell on such moral upheavals as the Nazi regime to see how completely incapable the positivistic philosophy is of serving the one high moral ideal it professes, that of fidelity to law (1958: 646).

Fuller verwerp ook die aanname dat die reg verbind is aan dwang. Sy argument is dat: "[t]he notion that its authorization to use physical force can serve to identify law and distinguish it from other social phenomena [...] has done greater harm to clarity or thought about the functions performed by law" (Fuller 1969: 108). Waar die reg in primitiewe gemeenskappe steun op mag, steun dit in beskaafde gemeenskappe eerder op konsensus as op dwang.

Fuller meen dat Hart moraliteit beskou as enige buite-geregtelike idees oor dit wat behoort te wees, sonder om die oorsprong, bedoeling of intrinsieke waarde daarvan in ag te neem. Dit meen Fuller is veral te sien in Hart se beskouing van interpretasie waar ongekodifiseerde idees van dit wat behoort te wees, idees wat op die periferie van die reg staan beskerm en die kern van die reg onaangeraak laat (Fuller 1958: 636).

Fuller identifiseer ses punte van kritiek teen Hart se teorie. (1) Fuller verwerp Hart se aanname dat kwade bedoelings in gelyke mate samehangendheid en logika toon as goeie bedoelings. Fuller steun op die geloof dat samehangendheid en goedheid nouer verwant is aan mekaar as samehangendheid en dit wat kwaad is. Hy glo dat indien ons verplig is om verantwoording te doen vir ons optredes en dit moet regverdig, behoort die effek daarvan te wees dat ons hierdie optredes nouer verwant aan goedheid wil hê (Fuller 1958: 636). Vir 'n persoon wat *mala fide* optree, is die optrede nie noodwendig ook kwaad nie, maar 'n logiese goeie optrede. (2) 'n Positivistiese skeiding tussen die reg en moraliteit gee aanleiding tot immorele moraliteit. (3) Fuller meen dat die Positivisme nie die volgende vraag kan beantwoord nie: Sal 'n inherent bose regter hom of haar kan beroep op 'n hoër reg indien 'n wet bose gevolge het of sal die regter steun of die maxim "die reg is die reg"? (4) Verder meen Fuller dat nie hy of Hart as lede van 'n benadeelde minderheidsgroep hulle sal beroep op die dominante moraliteit indien daardie moraliteit boos is nie. In dié geval sal beide die reg bo moraliteit verkies omdat die reg huiwerig is om onmenslikhede daarin op te neem. Hierdie huiwerigheid stam nie uit die skeiding tussen die reg en moraliteit nie, maar [...] "from an identification of law with those demands of morality that are the most urgent and the most obviously justifiable" (Fuller 1958: 637). (5) Hart word ook daarvan beskuldig dat hy die "reg as reg" formalisme van die Britse howe ontken. (6) Fuller meen dat die debat tussen die Positivisme en die Natuureg nie gereduseer moet word tot alleenlik die skeiding van die reg en moraliteit nie. "When this kind of issue is taken as the key to the whole problem of law and morality, the discussion is so denatured and distorted that profitable exchange becomes impossible" (Fuller 1958: 638). Ter afsluiting van sy argument meen Fuller dat die Positivisme negatief staan teenoor 'n kontekstuele benadering tot interpretasie, omdat die uiterste vorm van die kontekstuele benadering menslike vryheid en waardigheid bedreig (1958: 671).

In reaksie skryf Dugard dat Hart se perspektief naïef is en dat slegs 'n regsfilosoof wat in 'n liberale demokrasie bly waar die hardheid van die Positivisme met utilitêre filosofie versag word hierdie perspektief kan huldig. Dugard meen dat Duitse juriste as't ware onder die spel van die Positivisme was:¹⁵

¹⁵ Maar, in Hart en Fuller se debat oor Nazi-Duitsland en die Positivisme is nie een van hulle die protagoniste nie, maar soos Dugard aandui is Gustav Radbruch 'n leidende figuur. Radbruch het onder ander die volgende oor die Positivisme gesê:

Confronted with a sudden increase in unjust laws emanating from the lawfully constituted sovereign lawmaker, they had no jurisprudential inspiration upon which to draw. On the contrary, they had been led to believe that the sovereign's command was to be obeyed at all times, and that it was not the responsibility of the lawyer to concern himself with the moral content of the law (Dugard 1981: 378).

Dit beteken egter nie dat Duitse juriste vry was van die sosiale kultuur nie:

The Japanese had a culture of shame [...] The Germans had a culture of guilt. [...] People feel guilty when they violate the rights of others. They feel shame when they fail themselves, when they fail their group. [...] Shame requires an audience. Guilt does not. And shame is more overwhelming and more isolating than guilt (Krog 1998: 262).

Fuller se Natuurregtelike benadering kan eerder bydra tot 'n kultuur van skuld en skaamte as wat Hart se positivistiese benadering sal. Fuller dink homself immers in die posisie van 'n benadeelde groep in waaruit hy die afleiding maak dat wetlike benadeling nie stam uit die skeiding tussen reg en moraliteit nie, maar uit die vermoë van die reg om te identifiseer met dringende morele aansprake (Fuller 1958: 637). Apartheidswetgewing moet moreel ongeldig wees. Indien dit vanuit regsweë (uit 'n wet) ongeldig verklaar word, is die deelnemer aan apartheid (soos die Duitse vrou wat haar man verraai het) skuldvry (Fuller 1958: 648-649). Wetlike ongeldigverklaring van apartheidswette inhibeer die morele ervaring van skuld en skaamte.

Ultimately the task and duty and responsibility for legal knowledge and legal conscience [...] of the nation [...] belong to the legal profession and particularly to the law faculties of our universities. The German legal profession must, however, first subject itself to an examination of its conscience. Legal positivism, which has constituted nothing but an elevation of State caprice into law and which has equated legal conscience [...] with obedience, this idolatry of power has been merely the juristic representation of the period of the *real*-political and authoritarian State. We must first again become law and might, and we must see law again not in the first place as a decree of the State but rather as an attempt to achieve justice, and we should consider ourselves as its inspired collaborators; indeed, we should see ourselves as servants, not only of law, but, within the framework of law, of justice (Dugard 1981: 378-379).

John Dugard se kritiek teen die Positivisme in Suid-Afrika

Meer as 'n dekade na die Hart / Fuller-diskoers het John Dugard kritiek teen die Positivisme en apartheidsisteem in Suid-Afrika gelewer. Dugard het reeds in 1971 ons aandag daarop gevestig dat die Suid-Afrikaanse positivistiese regsisteem nog net twee maal aan kritiek onderwerp was. Die eerste vlaag van kritiek het gehandel omtrent die stemreg van gekleurde mense in Suid-Afrika en later van jare het die kritiek gehandel oor die 90- en 180-dae Detensie Wet. Na aanleiding hiervan beskryf Dugard die benadering wat die regbank in Suid-Afrika volg as 'n eng perspektief, of soos Dugard dit self formuleer: "It takes the view that the sole task of the court in interpreting a statute is to discover the legislature's intention through rules of interpretation" (1971: 182). Die hof se doel word geskou as suiwer meganies of fonografies. Die bedoeling van die wetgewer kan altyd ontdek word mits die regte reëls van interpretasie op die regte manier gebruik word. Regters word ontnem van enige kreatiewe mag in hul meganiese soeke na die bedoeling van die wetgewer. Beleidsoorwegings gebaseer op "tradisionele regswaardes" word as irrelevant beskou (Dugard 1971: 182).

Dugard is gekant teen hierdie benadering, omdat hy meen die wetgewer nie alle moontlikhede kan voorsien waarvoor 'n wet moet voorsiening maak nie. Dikwels moet regters die bedoeling van die wetgewer ontdek omdat die wetgewer nie vir bepaalde toestande voorsiening gemaak het nie. In die omstandighede is die "ontdek" van die wetgewer se bedoeling volgens Dugard 'n fiksie. "His (the judge's) findings is his own opinion of what Parliament would have intended had it applied its mind to the subject – which it did not!" (Dugard 1971: 183). In die formulering van 'n beslissing word die reëls van interpretasie gebruik om die regter se beslissing te begelei, maar dikwels word die reëls nie gebruik as riglyn nie, maar as regverdigingsgrond vir die regter se intuïtiewe beslissing. In die opsig vervul die regter 'n kreatiewe rol wanneer die gapings in wetgewing gevul word.¹⁶

Dugard skryf die houvas wat die fonografiese teorie op die Suid-Afrikaanse regstelsel uitoefen toe aan die regbank se aanvaarding van die Positivisme as 'n regsfilosofiese riglyn. Dugard (1971: 1981) meen dat die Positivisme steun op twee

¹⁶ Dugard verwys in die verband na Hart wat sake beskryf waarin regters op hul kreatiewe magte van interpretasie staat maak as die "penumbra of debatele cases" dit voordoende wat in kontras is met die "hard core of [...] settled meaning" (Dugard 1971: 183).

beginsels. Die eerste is die geloof in die waarheid van die bevelteorie, en die tweede is dat daar 'n streng onderskeid en skeiding is tussen die reg en moraliteit.¹⁷

Wat die eerste beginsel betref, meen Dugard dat Suid-Afrikaanse howe die onderskeid tussen wetgewende funksie en regterlike funksie, wat inherent aan die bevelteorie is, aanvaar. Howe beskou dit as hul verpligting om die wil van die wetgewer te analiseer, maar dit nie te bevraagteken nie. "This enables the judiciary to apply the harshest of laws with an easy conscience and sometimes results in a failure to grasp the extent to which technical rules of interpretation may be invoked to moderate the law's inequities" (Dugard 1971: 187).

Wat die tweede beginsel (die toename in die invloed van die Engelse reg op die Suid-Afrikaanse reg) betref lei die streng onderskeid tussen die reg en moraliteit tot die verwerping van regswaardes. "Positivism, by promoting a mechanical, value-free, approach to the judicial process, provides a jurisprudential cloak of concealment, and thereby encourages subliminal forces" (Dugard 1971: 189).

Dugard argumenteer dat 'n meganistiese positivistiese benadering tot interpretasie bloot 'n fasade is waaragter ongeartikuleerde vooronderstellings skuil. Dugard bied 'n aantal oplossings vir 'n positivistiese regstelsel aan. Die eerste oplossings is drievoudig: die regbank moet erken dat dit nie net 'n meganiese rol vertolk nie, en dat wanneer 'n wet geïnterpreteer word hulle nuwe reg kan skep deur die gapings in die wet te vul, en in dispute tussen die staat en individue dat onderbewustelike voorkeure gevare kan inhou. In die tweede instansie moet regters in hul beperkte wetgewende funksie gelei word deur tradisionele regsbeginsele (Dugard 1971).

Wanneer die kreatiewe mag van die regbank erken word sal dit makliker wees vir regters om gelei te word deur aanvaarde regsbeginsele eerder as onbewustelike voorkeure:

[...] legal realism on its own is too sceptical and too destructive a force. While it may serve a useful purpose in destroying harmful myths, it must be coupled with natural-law, value-oriented approach to legal processes and legal education. This places a burden on the law school to instil in its

¹⁷ Dugard (1971) verwys ook na John Austin as die hoë-priester van die Positivisme wat voorgestel het dat 'n duidelike skeiding tussen die reg soos dit is en die reg soos dit behoort te wees (moraliteit) gehandhaaf moet word.

students an awareness of the legal values upon which Western civilisation and our legal system are based (Dugard 1971: 200).¹⁸

Dugard meen dat die Positivisme die status van die regsprofessie verander het tot “technical trade”, en het die professie van leierskap in die gemeenskap beroof. Dugard sluit sy argument af sonder om voorskriftelik en dominant ‘n bepaalde benadering af te dwing, maar bloot met sekere opmerkings. “A new creed is called for, based upon the scepticism infusing legal realism and the idealism inherent in natural law. Such a creed, I believe, would transform our forensic bricklayers into social architects” (Dugard 1971: 200).

Dugard se voorstel is ook vatbaar vir kritiek. Om te dink dat regsgeleerdes as “forensic bricklayers” getransformeer kan word na “social architects” is idealisties. Dugard moet soos die Amerikaanse Realiste die invloed van die sosiale studies in ag neem in die transformering van regsgeleerders (Fisher, Horwitz, Reed 1993: 3-23). Met die inagneming van die Realiste se skeptiese houding teenoor die moontlikheid van objektiewiteit, die invloed van ander dissiplines op regsontwikkeling en die Natuurreg se geloof in die versoenbaarheid van die reg en moraliteitsoorwegings, is Dugard se voorgestelde verandering wel ‘n moontlikheid. Dugard beskryf die invloed van die Positivisme op die toepassing van apartheidswetgewing noukeurig:

Judges have adopted the sharp distinction between the legislative function and the judicial function inherent in the command theory of law, and regard it as their duty solely to analyse and interpret the will of Parliament. This has permitted them to apply unjust laws obediently, and has often resulted in a failure on their part to invoke common-law presumptions and principles in order to moderate the law’s injustices. This mechanical approach to statutory interpretation has been accompanied by a rigid adherence to the distinction between law and legal values, with neglect of considerations of human dignity and freedom of speech that, together with similar principles,

¹⁸ Dugard beskryf die regsbeginsels waarna hy verwys as volg: “They are the juridical postulates which form part of our legal heritage and are designed to foster the basic political and legal ideal of modern Western society – the well-being and free development of the individual” (1971: 197).

comprise the value system of the South African common law (Dugard 1981: 376).¹⁹

Ronald Dworkin se teorie van die reg as integriteit²⁰

Dworkin se teorie moet beskou word teen die agtergrond van die sosiale en politieke gebeurtenisse wat 'n invloed op sy denke uitgeoefen het. Die politieke onrus tussen 1960 en 1970 het Dworkin baie beïnvloed. In hierdie periode het onder andere die hippie kultuur, *Black Consciousness* beweging, die emansipering van vroue en die bewustheid van homoseksuele en ander minderheidsgroepe op die sosiale voorgrond getree (Van Blerk 1996: 84). Meer spesifiek het Dworkin opgetree in die Burgerregte-beweging, die massa-aksies teen die Viëtnam-oorlog en die val van president Nixon se regering met die Watergate-skandaal. Hierdie gebeure het daartoe aanleiding gegee dat die verskanste sekerhede van die Amerikaanse politiek en regstelsel bevraagteken word. Die Linkses het daarop aangedring dat die staat radikaal moet transformeer, en die Regses het

¹⁹ Hierdie siening word ook ondersteun deur Dyzenhaus (1998) in sy bespreking van die toestand van die reg gedurende die apartheidsjare:

Apartheid inflicted violence daily on all those who were the victims of its racist laws. That violence was 'ordinary' only in that it was part of the fabric of daily existence [...] Legal opposition to this cruel and degrading regime was virtually closed off to blacks during the 1960s. Illegal opposition was met with the iron fist of the security forces and even those who chose legal opposition often found themselves targeted by the police or the military (Dyzenhaus 1998: 6-7).

Die posisie geniet egter ook teenkanting uit die geledere van Suid-Afrikaanse positivistes. Anton Fagan is onder andere gekant teen regterlike regskeppende mag. In *S v Mhlungu and Others* argumenteer hy immers dat: "the Constitution affords the courts untold opportunities for extending the protection of human rights to citizens. Where it doesn't, they shouldn't (Fagan 1996: 89). Fagan se bespreking van *S v Mhlungu and Others* vervolg in afdeling 3 van hierdie hoofstuk.

²⁰ Dworkin het verskeie publikasies die lig laat sien waarvan die belangrikste die volgende insluit: *Takings Rights Seriously* (1978), *Law as Interpretation* (1983a), *A Matter of Principle* (1985) en *Law's Empire* (1986). Sy laaste werk *Law's Empire* is waarskynlik Dworkin se belangrikste werk omdat dit 'n vollengte beskrywing van sy teorie bied. In die voorwoord van *Law's Empire* verklaar Dworkin dat die aanval op die Positivism en die geen-regte-antwoord benadering soos in *Taking Rights Seriously* (1978) dieselfde bly. Die fokus van kritiek is verskuif vanaf die fenomenologiese defekte wat vroeër aangeval is na aspekte aangaande interpretasie. In die breedste sin beskou Dworkin die reg as sosiale praktyk. Hieruit vloei dat ons deur interpretasie poog om dit wat geïnterpreteer word so goed as moontlik te maak (Honeyball & Walter 1998, Johnson *et al* 2001).

aangedring op die versterking van die bestaande staatstrukture (Johnson *et al* 2001: 114).

In terme van die politiek het Dworkin die middeweg tussen Links en Regs voorgestel. Hy het Linkse kritiek teen die regering erken, maar terselfdertyd het hy steeds geglo in die moontlikhede van die sisteem om die demokratiese belange van die burgers te beskerm. In terme van die regsfilosofie in die Amerika posisioneer hy hom tussen die konserwatiewe Regspositivisme wat politiek en moraliteit uit regstudie verwyder, en die radikale kritiek van die CLS, wat poog om die Amerikaanse regsisteem te verpolitiseer en krities bevraagteken (Johnson *et al* 2001: 114).

Dworkin is ook beïnvloed deur die onvoorspelbare regsaktiwisme van hoofregter Earl Warren van die Amerikaanse Hoërhof. "The Warren court's activism was directed to advancing liberal causes, and conservatives were swift to point out when it passed judgements on social policies that were controversial, and quite possibly at odds with the will of the majority of US voters" (Johnson *et al* 2001: 114, Van Blerk 1996: 84). Warren se interpretasie van die Amerikaanse Grondwet het regskeppende mag aan die hof gegee wat nie in die Grondwet beskryf was nie. Dworkin het hierdie aktiwisme van die Warren-hof verdedig.

Hierdie sosio-politieke omstandighede het daartoe bygedra dat Dworkin sy teorie baseer op konsekwente beginselvaste optrede, met ander woorde, integriteit. Hy kontrasteer die reg as integriteit met twee ander teorieë, naamlik die reg as konvensionalisme en pragmatisme. Dworkin verwerp egter hierdie benaderings.²¹ Vervolgens word die aandag gerig op die reg as integriteit.

²¹ Die reg as konvensionalisme is volgens Dworkin (1986: 158-160) 'n regsinterpretatiewe teorie wat konvensionele regstekse (soos wetgewing en regspraak) beskou as die basis van regspraktyk. Hierdie regspraktyk word geïdentifiseer deur vaste reëls van herkenning toe te pas. Dit impliseer dat die reg voorspelbaar is. Dworkin meen dat die konvensionalisme 'n formalistiese regpositivistiese perspektief is, omdat dit uitsluitlik terugskouend is en nie ruimte laat vir interpretasie van huidige beginsels en beleid nie.

Die pragmatisme word beskou as 'n interpretatiewe teorie wat regters toelaat om die reg te interpreteer met dit wat die beste vir die gemeenskap is as doel voor oë. Hoewel die pragmatisme vooruitskouende is en vir regters ruimte laat om gemeenskapsbelange in hul interpretasie in ag te neem, meen Dworkin dat dit 'n verwant van die realisme is wat nie daarin slaag om individuele regte voldoende te beklemtoon nie. Dworkin meen dat die pragmatisme die regsreëls as dienaars van die toekoms beskou. Regsreëls is instrumente wat ons konstrueer om die toekoms te dien en het geen onafhanklike krag of gronde nie (Dworkin 1986: 158-160).

Reg as integriteit

Dworkin aanvaar 'n algemene definisie van integriteit wat verwys na konsekwente beginselvastheid. Op regeringsvlak vereis dit van die staat: “[...] to speak with one voice, to act in a principled and coherent manner towards all its citizens, to extend to everyone the substantive standards of justice or fairness it uses for some” (Dworkin 1986: 165).

Die beginsel van integriteit is verder van toepassing op beide die wetgewende en regsprekende vlakke van regering. Op wetgewende vlak vereis integriteit van die wetgewer om die geheel van regsreëls moreel samehangend te maak. Op regsprekende vlak impliseer dit dat: “[...] integrity instructs judges to identify legal rights and duties, so far as possible, on the assumption that they were all created by a single author – the community personified – expressing a coherent conception of justice and fairness” (1986: 225). In 'n neutedop verwys Dworkin na die reg as integriteit as volg:

Law as integrity asks judges to assume, so far as this is possible, that the law is structured by a coherent set of principles about justice and fairness and procedural due process, and it asks them to enforce these in fresh cases that come before them, so that each person's situation is fair and just according to the same standards (1986: 229).²²

'n Behoorlike interpretasie van die reg is volgens Dworkin geleë in die idee van integriteit. Die reg moet gepersonifiseer word asof dit oor 'n eie integriteit beskik. Integriteit sal aan die reg 'n morele karakter gee wat mense as gelykes behandel en dus voldoen aan Dworkin se kernbeginsel - integriteit. Reg as integriteit is ook belangrik met betrekking tot die regverdiging van staatsgesag.

Integriteit as 'n politieke ideaal verwag 'n diep personifikasie van die staat of gemeenskap. Integriteit veronderstel dat die gemeenskap as geheel verbind is tot beginsels van regverdigheid. 'n Gemeenskap, wat integriteit as 'n politieke waarde aanvaar is 'n spesiale soort gemeenskap wie se lede aanvaar dat hulle deur 'n gemeenskaplike beginsel bestuur word, en nie net deur reëls wat as politieke kompromie tot stand gekom het nie. Dworkin se voorkeur aan die idee van die reg as integriteit moet beskou word in die lig van sy siening van die gemeenskap en politiek. In dié verband

²² Die gepersonifiseerde gemeenskap kan ook vanuit 'n ander lig beskou word: “Legislative and judicial events of the past relate to decisions of the present by being part of one integral picture: the community's equal commitment to its citizens” (Guest 1991: 10).

meen Dworkin dat politiek in 'n reëlboek-assosiasie beskou word as 'n terrein waar daar om eie gewin meegeding word om regeringsmag.²³ Die Regspositivis meen Pragmatisme is onder andere reëlboek-assosiasies. Hierteenoor identifiseer Dworkin die gemeenskap van beginsels in die politieke sfeer as 'n goeie sisteem waarin die beginsels van geregtigheid en verpligting uit gewerk word. Dworkin meen dat wanneer die staat wette promulgeer dit vrywillig verbind is tot die nakom van daardie wette. By 'n openbare lesing het Krog 'n soortgelyke argument gehandhaaf. Die wetlike inwerkingtreeding van die WVK en die vervolging van menseregteskendings noop die huidige regering om dit nie skuldig te maak aan die oortredings van die apartheidsregering nie. 'n Regering wat menseregte beskerm en oortredings daarvan vervolg sal integriteit toon indien die regering self menseregte skend en ditself vervolg.

Indien die beginsel van die reg as integriteit in postapartheid Suid-Afrika aangewend word, waarsku dit howe om nie te veel te steun op "goeie" regters en die "regte antwoorde" wat hulle kry nie. Tog waarsku Davis dat die politisering van die reg gevaarlik is omdat dit demokratiese aktiwiteite inperk en dit plaaslike stemme smoor: "[...] and hand over the challenge of transformation to an institution that is so often a prisoner of the very ideology and political structure one seeks to transform" (Davis 1995: 129). Reg as integriteit verbreed ook die toepassingsgebied van die Handves van Menseregte. Davis meen dat Dworkin se teorie versigtig staan teenoor die politieke rol wat die reg aanneem. Omdat die reg se idee van transformasie eerder die gemeenskap spieël as uitdaag. "Were there clearly is a set of coherent legal principles to be found, rather than created by a judge, an expanded role for the fiduciary would be less dangerous to democratic politics" (Davis 1995: 129). In die geval is Davis se kritiek teen Dworkin dat sy teorie nie samehangendheid in die reg meebring nie. Indien verskeie sosiale groepe betrokke is in die gemeenskap is dit onmoontlik om 'n samehangende morele sisteem van politiek en beginsels saam te stel omdat elke groep, groepsmoraliteit op die politieke agenda sal plaas (Davis 1995: 129).

Ten opsigte van die politieke agenda van die WVK het verskeie groepe (vanuit groepsverband) hulle daaroor uitgelaat. So byvoorbeeld skryf 'n Vrystaatse joernalis: "Reject the Truth Commission [...] on untested evidence it tries to portray the Afrikaner as

²³ Die reëlboek gemeenskap funksioneer op grond van lojaliteit teenoor bestaande reëls. "The rules, however, are not derived from a commitment to the inherent principles that best justify those rules, but are a poor compromise between hostile interests" (Van Blerk 1996: 95).

the icon of all evil” (Krog 1998: 129). En in reaksie op ‘n vraag van Krog oor die WVK antwoord ‘n man in Ladysmith: “The SABC and the Truth Commission. *Fôkôf!*” (Krog 1998: 216). So meen die Nasionale Party dat: “[...] the Commission is not abiding by its own legislation” (Krog 1998: 157). En elke groep is van oordeel dat die Kommissie ‘n ander groep se belange bevorder.

Beregting van moeilike sake

Sentraal tot die teorie van Dworkin staan die vraag na die beregbaarheid van sake waarvoor bestaande reg nie riglyne bied nie. Dworkin noem hierdie sake waaroor die reg swyg sogenaamde moeilike sake of “hard cases”. In *Law’s Empire* (1986: 9) beskryf Dworkin hierdie sake as volg:

What should judges do in the absence of law? This new political question leaves room for a division of opinion [...]. For judges who have no choice but to make new law may bring different ambitions to that enterprise. Should they fill the gaps cautiously, preserving as much of the spirit of the surrounding law as possible? Or should they do so democratically, trying to reach the result they believe represents the will of the people. Or adventurously, trying to make the resulting law as fair and as wise as possible, in their opinion? Each of these very different attitudes has its partisans in law school classrooms and after-dinner speeches at professional organisations. These are the banners, frayed with service, of jurisprudential crusades.

Dworkin benader die debat oor moeilik beregbare sake op twee wyses. In die eerste geval waar bestaande reg nie ‘n aangeleentheid reël nie meen Dworkin moet regters hulle wend tot nie-reëlstandaarde (“non-rule standards”). Ten tweede meen Dworkin dat regters die beste beskikbare (of moontlike?) interpretasie moet maak deur konstruktiewe interpretasie toe te pas. Nie-reëlstandaarde en konstruktiewe interpretasie word vervolgens bespreek.

Nie-reëlstandaarde

Dworkin meen dat regters ook in moeilike sake getrou moet bly aan nie-reëlstandaarde. Hiermee word bedoel dat regters ‘n geringe mate van diskresie het om teenstellende

standaarde teenoor mekaar op of af te weeg. Regters is egter nie vry van die beperkinge wat wetgewing en presidente stel nie. Dworkin beskryf die rol wat diskresie vertolk in die beregting van sake aan die hand van die “doughnut”-analogie. Hiervolgens is: “[d]iscretion, like the hole in the doughnut, [it] does not exist except as an area left open by a surrounding belt of restriction. It is therefore a relative concept. It always makes sense to ask, ‘Discretions under which standards?’ or ‘Discretion as to which authority?’” (1978: 31). Dworkin se uitdaging aan die Positivisme is gebaseer op die argument dat die reg nie in moeilike sake opdroog nie maar dat dit regters se verpligting is om toevlug te neem in regsbeginsels. Hierdie posisie is onder andere geïllustreer in *Riggs v Palmer*.²⁴

In sy kritiek teen die Positivisme van Hart (wat meen dat regters diskresie kan uitoefen in moeilike sake) tref Dworkin ‘n onderskeid tussen beginsels en regsreëls. Beginsels verskil van regsreëls in die sin dat regsreëls in ‘n alles of niks manier toegepas word (indien dit toepassing vind moet dit toegepas word), en beginsels vind slegs toepassing na die een of die ander kant toe. Beginsels wat om geregtigheid of gelykheid vra beskik oor ‘n gewigsdimensie wat reëls nie het nie (Honeyball & Walter 1998, Van Blerk 1996).

Beginsels ontwikkel nie uit ‘n spesifieke beslissing van die wetgewer of hof nie, maar uit ‘n gevoel van gepastheid wat ontwikkel in die professie of publiek. Beginsels weerspieël dus die historiese waardes van die regsisteem en die politieke moraliteit van die gemeenskap. Omdat beginsels deel van die reg is regverdig dit die afwyking of verandering van ‘n reël deur ‘n regter (Dworkin 1978).

Dworkin illustreer sy argument dat beginsels deel van die reg is aan die hand van die *Riggs v Palmer*-saak.²⁵ Hy meen dat die regter in die hof van appèl nie diskresie gebruik het om ‘n ander beslissing te maak nie, maar eerder die reël in terme van die beherende beginsel geïnterpreteer het. “The principle is also a legal principle since it was not taken out of the air as a purely discretionary invention of the court but had been

²⁴ Dworkin illustreer die toepassing van nie-reëlstandaarde deur te verwys na die bekende saak, *Riggs v Palmer* 115 NY 506, 22 NE 188 (1889). In hierdie saak het Palmer sy oupa vermoor met die wete dat hy ‘n begunstigde in sy oupa se testament is. Hoewel Palmer tien jaar gevangenstraf opgelê is moes die hof besluit of Palmer steeds van sy oupa kon erf. Wetgewing in die staat van New York swyg oor gevalle waar die testateur vermoor word deur ‘n begunstigde. In die hof van eerste instansie is daar ten gunste van Palmer beslis, maar op appèl is daar op grond van die gemenereg teen Palmer beslis. Volgens Dworkin steun die regters op ‘n nie-reël standaard wanneer Palmer se erforsie hom ontsê word siende dat niemand voordeel mag put uit hul eie ongeoorloofde daade nie.

²⁵ 115 NY 506, 22 NE 188 (1889).

developed, applied and interpreted in earlier cases, and, until then, to different rules and under different circumstances” (Van Blerk 1996: 87).

Dworkin dring daarop aan dat regters nie sake beslis op grond van buite geregtelike gronde nie, maar die korrekte antwoorde vind in die institusionele geskiedenis en gemeenskapsmoraliteit. Indien die regter hierdie breë beskouing van die inhoud van die reg aanvaar, sal die rol van die regter kreatief wees (maar nie soos die van die wetgewer nie), omdat die regter geen buite-geregtelike materiaal gebruik om by die beslissing uit te kom nie. Die regter se beslissing of antwoord is korrek omdat dit inpas met die: “[...] great network of political structures and decisions of his community” (Dworkin 1986: 245). In ‘n demokratiese regstradisie sal die “regte” beslissing die een wees wat getrou is aan die liberale tradisie waarin die regte van die individu beskerm word (Van Blerk 1996).

Konstruktiewe interpretasie

Dworkin se tweede bydrae tot die vraag na die beregting van moeilike sake noep regters om die beste oplossings (of interpretasies) te vind. Een van die belangrikste gedagtes wat spruit uit die filosofie van Dworkin is sy idees omtrent konstruktiewe interpretasie. Konstruktiewe interpretasie beteken dat die inligting wat gelees word so geïnterpreteer word dat die data deur interpretasie die beste gemaak word wat dit kan wees. Die begrip “beste oplossing” is egter heel vaag omdat Dworkin die reg beskryf as regspraktyk, wat ‘n komplekse hoeveelheid reëls, beginsels, beleidsoorwegings en norme insluit. Om in hierdie komplekse netwerk steeds die beste beslissing te maak is besonder moeilik, daarom dat Dworkin die idee van konstruktiewe interpretasie voorstel. Dworkin besef dat dit nie voldoende is om bloot die wette en nie-reëlstandaarde te beskryf soos dit behoort te wees nie. Regters moet eerder ‘n beginsel van geartikuleerde konsekwentheid toe pas waardeur om die toepasbaarheid van wette, presidente en nie-reëlstandaarde te oorweeg. Die beginsels van konstruktiewe interpretasie en geartikuleerde konsekwentheid hou direk verband met Dworkin se voorstelling van die reg as integriteit:

Judges who accept the interpretative ideal of integrity decide hard cases by trying to find, in some coherent set of principles about people’s fights and duties, the best constructive interpretation of the political structure and legal doctrine of their community, they try to make that complex structures and record the best there can be (1986: 255).

Dworkin erken die beperkinge van konstruktiewe interpretasie en dat dit nie alle interpretatiewe probleme gaan oplos nie. Die regter sal gekonfronteer word met botsende eise wat elk voordoen om die beste konstruktiewe interpretasie van die politieke struktuur en regsgemeenskap te wees. Ter opsomming van die idees omtrent konstruktiewe interpretasie meen Mureinik dat: "Every interpretation must, fit or describe, or explain, what it interprets. Otherwise it is not making of its subject-matter the best that *it* can be: it is not interpretation, but invention" (1988: 184).

Dworkin brei sy teorie verder uit deur gebruik te maak van die kettingroman om konstruktiewe interpretasie te verduidelik; hy meen dat regsbeginnele wat die naaste aan die besonderhede van die saak is plaaslike voorkeur moet kry; en hy ontwikkel ook die fiktiewe regter Herkules.

Die kettingroman-metafoor²⁶

Ten einde konstruktiewe interpretasie te verduidelik vergelyk Dworkin die skryf van 'n kettingroman met die beregting van 'n saak. Hy verduidelik dit as volg:

In this enterprise a group of novelists write a novel *seriatim*; each novelist in the chain interprets the chapters he has been given in order to write a new chapter, which is then added to what the next novelist receives, and so on. Each has the job of writing his chapter so as to make the novel being constructed the best it can be, and the complexity of this task models the complexity of deciding a a hard case under law as integrity (1986: 229).

Die kettingskrywer moet interpretasies van onder andere die intrige, karakters, genre, temas en ruimte doen sodat die storielyn vloeiend verloop. Elke opvolgende skrywer is gebonde daaraan dat die nuwe hoofstuk moet pas en dat dit moet aanspraak op die morele maak. Elke hoofstuk moet met ander woorde in pas wees met die vorige. Die morele trefkrag van die teks is daarin geleë dat dit vanuit 'n morele perspektief so goed as moontlik geskryf is. Tesame beteken dit dat die hoofstuk wat pas en morele trefkrag het, telkens beter sal wees as die vorige hoofstuk.

In praktyk beteken dit dat die regter wat 'n gemeenregtelike saak beslis haar rol as die van 'n skrywer in 'n kettingroman moet sien. Die regter weet ook dat ander regters

²⁶ Dworkin se idee vir die kettingroman metafoor stam uit die pornografiese parodie *Naked Came the Stranger*.

soortgelyke sake bereg het, en die beslissing is deel van 'n lang storie. Volgens haar eie oordeel met die regter die storie so goed moontlik laat ontwikkel, en die regter se beslissing: "must be drawn from an interpretation that both fits and justifies what has gone before, so far as that is possible" (Dworkin 1986: 239).

Dworkin gebruik die konsep lokale (of plaaslike) prioriteit as kriteria waarvolgens regters tussen strydende reëls, beginsels en norme moet kies. Wanneer konstruktiewe interpretasie gedoen word moet regters steun op beginsels wat die naaste aan die feite van die saak geleë is eerder as om die beginsels te gebruik wat in ander gebiede van die reg te vinde is.

Die Herkules-metafoor

Dworkin het die fiktiewe regter Herkules geskep omdat hy glo dat daar uit al die verskillende interpretasies van 'n saak net een korrekte interpretasie is. Natuurlik beskik regter Herkules oor die vermoë om uit al die moontlike interpretasie die korrekte een te identifiseer. Reg as integriteit verwag immers dat die reg in geheel geïnterpreteer moet word. Dié korrekte interpretasie sal die hele korpus van regsreëls, en al die beginsels uit vorige sake in ag neem. Hierdie onbegonne taak kan slegs deur 'n regter met bonatuurlike kragte gedoen word, daarom dat sy (haar?) naam Herkules is. So beskou beteken dit dat die korrekte interpretasie ons altyd (of ten minste teoreties gesproke) sal ontwyk. Hoe mities of fiktief Herkules ookal is, die ideaal kan ten minste nagestreef word, en moet nie bloot omdat dit "fiktief" is verwerp word nie.

Herkules oefen nie sy diskresie uit in moeilike sake nie. Herkules bereg sake eerder soos Van Blerk dit stel: "[...] from the sum of his society's objectives, and from these ascertains the principles inherent to his society" (1996: 90). In retrospeksie bereg Herkules sake slegs in die lig van dit wat reeds gebeur het. Geen wet of presedent hoef die korrekte antwoord aan te dui nie, omdat die regte antwoord reeds voordat die saak aangemeld is bestaan.

Selfs 'n superheld het tekortkominge. Van Blerk vat die kritiek teen Herkules as volg saam: "The imaginary figure of Hercules has been described as a fraud, who spuriously imposes his personal political interpretation upon earlier decisions and assumes he has found the right answer to a hard case" (1996: 100). Kritici meen dat Herkules (en Dworkin inherent) arrogant is om te dink dat hy die reg korrek kan interpreteer en dat sy weergawe superieur bo ander weergawes is. Boonop word

Herkules gereduseer tot mitiese of fiktiewe oorsprong wat sy relevansie vir “werklike” regters verminder. Ook Hutchinson laat Herkules nie ongedeed daarvan afkom nie: “Hercules has been described as little more than Dworkin’s ‘*judicial alter ego*’, and a cross between the utterly rational Mr Spock of Star Trek and ventriloquist Edgar Bergen’s ingratiating dummy, Charlie McCarthy” (Van Blerk 1996: 100).

In haar kritiek teen die objektivisme van Fiss lewer Robin West ook kritiek teen Dworkin se Herkules. Sy is van mening dat objektiewe interpretasie wel ‘n mate van gewildheid vir die interpreteerder by die gemeenskap inboesem. “It ensures that Dworkin’s Hercules will be loved, in spite of the fact that he was not elected. But it does not guarantee that his decisions will be just, or that his actions will be good” (West 1987: 218).

Davis (1998) kritiseer Dworkin daarvoor dat hy nie Herkules kwalifiseer as ‘n verteenwoordigende eksperiment van die ideaal vir “die realiteit” nie, of as ‘n analitiese werktuig waarmee die regbank verstaan kan word nie. Davis meen dat die onderskeid belangrik is, omdat: “[...] if we are dealing with an ideal reading as advocated by one theorist, however distinguished he might be, the possibility must exist that there are, alternative, possibly competing readings of the same text” (1998: 140).

Aansluitend by die Herkules-metafoor is Dworkin se argument in *Law as Interpretation* (1983a) dat die reg polities is en dat regters politiese besluite neem. Hierdie toegewing, meen Dworkin, beïnvloed nie die geldigheid van die beregting nie. Hoewel etiese en politieke beginsels in beregting gebruik kan word, word die regter steeds beperk deur die beste moontlike interpretasie van die bestaande reg. Die politieke keuse van die regter is meer beperk as die van die wetgewer wat moet besluit watter wet die beste sal wees:

[...] in opposition to the ideas of various schools, including the Critical Legal Studies movement, Law and Economics, and modern Natural Law Theory, he [Dworkin] denies that law can be reduced to ideology, market forces of morality; he contradicts the indeterminacy theory of the various sceptics when he asserts that legal questions can be answered by legal reasoning and without resorting to extralegal sources; and in contradiction to the ideas of Critical Legal Studies and Law and Economics, he defends the view of law as a normative value system rather than an instrumental system of power or utility maximisation (Van Blerk 1996: 97).

Die verband tussen om die beste sin maak en moraliteit is geleë in regverdiging. Ons moet die reg interpreteer om die beste morele sin daarvan te maak. Met ander woorde, wanneer die reg iets voorskryf of verlang moet ons aanneem dat dit moreel sin sal maak. Waarom? Om sin aan die reg verleen. Dit sou tog sinneloos wees om handeling net vanuit regsweë te regverder en dit nie ook moreel te regverdig nie (Guest 1991).

Dworkin het spesifieke idees omtrent morele regverdiging. Hy meen dat wanneer ons sin van die reg maak, die beste sin daarvan mense gelyk behandel. Maar, watter een van twee botsende interpretasies maak die beste sin? Vir Dworkin is die beste interpretasie daardie een wat die naaste is aan 'n fundamentele beginsel. Dit beteken nie dat om sin te maak van die reg, dat die reg verander moet word in dit wat mense as gelykes behandel nie.²⁷

Dworkin se idee van interpretasie veronderstel 'n samehangende teorie van kennis, wat nadat dit toegepas is op die reg ruimte moet laat vir samehangendheid van integriteit. As sodanig is samehangendheid 'n leidende beginsel vir 'n strategie van interpretasie. "Law as integrity urges judges to grasp their adjudicative assignment as guided primarily by concern with the moral value of coherence" (Marmor 1992: 69). Regters moet eertydse politieke beslissings interpreteer op so 'n wyse dat die eertydse beslissings in beginsel konsekwent toegepas word.

Dworkin meen dat alles in die reg neerkom op interpretasie, en dit beteken dat die reg politiek is. "Lawyers and judges cannot avoid politics in the broad sense of political theory. But law is not a matter of personal or partisan politics, and a critique of politics, and a critique of politics that does not understand this difference will provide poor understanding and even poorer guidance" (1983: 249).

In aansluiting by Dworkin se argument dat regters politieke besluite neem, argumenteer Davis (2000a) dat die reg bestaan uit 'n verskeidenheid rasionaliserings waaruit regters vrylik kan kies. Davis posisioneer regters in die gemeenskap waarvan hulle lede is. Davis verduidelik die politieke aard van beregting as volg:

Adjudication is thus a highly political activity, for judges, whether acting in good faith or not, are involved in a political practice as they engage with the legal materials and make different choices from the available range of

²⁷ Guest verklaar dat: "If we are allowed to read law as subject to the foundational principles that all people be treated as equals, it seems that almost anything could count as law" (1991: 9).

material, and the application thereof, in the particular context within which the judge is operation at that time (2000a: 701).

Davis (2000a) meen dat die Suid-Afrikaanse “struggles” van die jare tagtig goed gedokumenteer is en dat dit die dubbelsinnigheid van die reg (die onderdrukkende en wettigende kwaliteit asook die ruimtes wat geskep is vir politieke aktiwiteite) weerspieël. Hierdie weergawe van die geskiedenis dui aan dat die reg ‘n politieke “struggle” was.

Opsommenderwys meen Dworkin dat regters spesifieke benaderings tot regsinterpretasie ontwikkel deurdat hulle politieke teorieë ontwikkel. Dit sal beide strukturele elemente (wat die algemene vereistes uit een sit sodat die interpretasie die historiese leerstellings pas) en substantiewe eise van sosiale doelstellings en beginsels van regters. Enige regter se opinie oor die beste interpretasie sal daarom die gevolg wees van oortuigings waarin ander regters nie noodwendig glo nie. “If a judge believes that the dominant purpose of a legal system, the main goal it ought to serve, is economic, then he will see in past accident decisions some strategy for reducing the economic costs of accidents overall” (Dworkin 1983a: 266). Ander regters wat nie gemaklik is met hierdie doel van die reg nie, sal nie hierdie strategie in die geskiedenis ontdek nie, maar sal konvensionele moraliteit, skuld en verantwoordelikheid herbeklemtoon. Dworkin (1983a) argumenteer dat indien ons aandring op ‘n hoë vlak van neutraliteit kan ons nie ons beskrywing van die natuur of van regsinterpretasie veel meer konkreet maak as wat hy dit maak nie.

Dworkin se drie-fase benadering tot interpretasie

Dworkin plaas ‘n hoë premie op moraliteit. Ten einde interpretasie moreel regverdigbaar te maak identifiseer Dworkin drie interpretasiefases. Die pre-interpretasiefase wat geassosieer word met identiteit (“identity”), die interpretasiefase verwys na pas (“fit”) en die post-interpretasiefase waarin gepastheid (“soundness”) prominent is (Dworkin 1986).

Struktureel beteken dit dat die interpreteerder die objek van interpretasie (die teks) moet identifiseer. In die vooraf-fase van interpretasie word die reëls en standarde van die tentatiewe inhoud geïdentifiseer. Uiteraard sal ook hierdie reëls en beginsels geïnterpreteer word (Dworkin 1986). In die tweede fase besluit die interpreteerder op regverdigings vir die interpretasie. In hierdie stadium word vasgestel of die interpretasie inderdaad pas (“fit”). Derdens, in die post-interpretasie- fase pas die interpreteerder aan

by wat die interpretasiepraktyk werklik van haar verwag sodat die regverdigings van die tweede fase beter gedien kan word. Indien die drie fases gevolg word behoort die reg moreel beter gedien te word (Dworkin 1986).

Interpretasie poog om die objek voor te hou as die beste van 'n soort. Om vooraf die genre te bepaal waartoe die objek hoort is 'n voorvereiste vir interpretasie. Marmor (1992) meen dat die toeskryf van genres eerder 'n produk van interpretasie moet wees as wat dit 'n voorwaarde daarvoor is.

In die interpretasiemodel wat Dworkin voorstel blyk dit dat die konsep – pas - 'n dubbele rol vertolk. Om dit te verduidelik moet die interpretasieproses oorweeg word. In die pre-interpretasiefase word die teks tentatief geïdentifiseer. In die fase identifiseer Dworkin twee belangrike eienskappe. Eerstens; Dworkin meen dat: “some kind of interpretation is necessary even at this stage” (1986: 66). So byvoorbeeld word die genre geïdentifiseer (of geïnterpreteer). Tweedens; vir interpretasie om as sosiale praktyk plaas te vind is konsensus ten opsigte van die identifikasie van die teks nodig.

In die tweede fase van interpretasie is die konstruktiewe model belangrik. Die tentatiewe interpretasie word in die laaste fase verfyn en heroorweeg. Om terug te keer na 'n passende interpretasie meen Marmor dat: “[...] the main difference between the interpretative and the post-interpretative stages is as follows: in the former, fit is basically a threshold requirement” (1992: 72) Die voorgestelde interpretasie: “must fit enough for the interpreter to be able to see himself as interpreting that practice, not inventing a new one” (Dworkin 1986: 66). Die verduideliking skiet te kort siende dat meerdere interpretasies by die teks kan pas.

Die post-interpretasiefase toon dat om te pas eerder 'n waardeoordeel is. Soos Marmor dit stel: “It involves the choice of that interpretation which is attributed the better, or actually, the best fit. In other words, when fit operates as a threshold requirement, it is more like a quasi-logical condition; the interpretation must account for enough parts of the ‘text’ and must consider paradigm cases as such” (1992: 72-73).

Stanley Fish se literêre benadering tot interpretasie

Met sy kettingroman-metafoor het Dworkin homself blootgesel aan die kritiek van die regsgeleerde en literêre kritikus, Stanley Fish. Fish (wat geskool is in die letterkunde) het die dissiplinêre skeiding oorgesteek om die aard van regsinterpretasie te ondersoek. Fish definieer regsinterpretasie as volg: “To interpret something is to determine what its author

(or authors) intend. Whether I am offering a reading of Milton's *Paradise Lost* or of *Shas v. Reno*, I am in the business of specifying, as fully and accurately as I can, what it is the author was getting at, meant to say, desired to communicate, had in mind, etc." (1999: 509). Fish bedoel nie dat die outeur as interpreteerder geprivilegieerd is nie. Die leser se interpretasie is net so belangrik as die outeur sin.

Fish se tweede punt ten opsigte van interpretasie is dat woorde self nie die bedoeling daarvan verklaar nie. Bedoeling moet deur die interpreteerder voorsien word en in verhouding met die toegeskryfde en betwiste bedoeling sal die woorde betekenis begin kry. Die toeskryf van betekenis kan nie opgeskort word of oorgelaat word aan die woorde self nie. In die afwesigheid van reeds aanvaarde betekenis sal woorde bloot 'n onwillekeurige geraas wees. Die toestaan van betekenis is onmisbaar vir en ononderskeibaar van interpretasie. "[T]he assignment of intention can be, and often is, the occasion for dispute, and for a dispute that cannot be settled by pointing to the words since the words will only say what they will say in the light of an intention, and will say different things in the light of different intentions" (Fish 1999: 510).

Om die rede meen Fish dat sy eie beskrywing van interpretasie van geen nut is vir interpretasie nie, en om te weet dat ons bedoeling soek lei ons nêrens nie.

What will lead you to it [meaning] is whatever you think to be evidence of it – letters, past behaviour, public records, horoscopes, medial conditions, martial conditions – and since your notions of where the evidence of intention is to be found will be disputable – others will seek it elsewhere or believe, mistakenly, that the text supplies it – the fact that both you and your rival interpreters are in search of the author's intention in no way narrows the possible scope of disagreement between you (Fish 1999: 511).

Fish is van mening dat die teks slegs "sigbaar" word deur die interpretasie daarvan. Literêre tekste en historiese regsmateriaal kan byna nie onderskei word van die interpretasies wat daaraan geheg word nie. Die interpretasie skep die teks: "[I]n linguistic and textual facts, rather than being the objects of interpretation, are its products" (Marmor 1992: 74). Die beperkinge wat op 'n moontlike interpretasie van die teks geplaas word is ekstern tot die teks. 'n Wet of presedent kan nie uit hoofde van wat dit is sekere interpretasies uitsluit nie. Fish (1983) meen dat dit die interpretatiewe gemeenskap is wat

beheer uitoefen oor interpretasie deur konvensies, verwagtinge, gedeelde begrip, die struktuur van die regsisteem en die argumenteringstrategieë van die interpreteerders.

Die interpretatiewe gemeenskap verduidelik die proses van interpretasie. Fish (1980: 355) verklaar dat die teks en leser nie geïsoleer is van mekaar nie, omdat die kontak tussen leser en teks altyd in die sosiale milieu van interpretasie strategieë plaasvind. Ons kan nie van die interpretatiewe konteks of gemeenskap ontsnap nie, daarom is interpretasie onvermydelik en samehangend met presedente: “because the only meaning given to the past is that which those in power in our community have construed from it” (Fish 1980: 355). Die bestaan van ‘n interpretatiewe gemeenskap elimineer die moontlikheid dat regters hul interpretatiewe rolle objektief vertolk.²⁸

Na dese moet ons steeds ‘n antwoord vind op die vraag: wat moet (of kan) ons doen om te interpreteer? In die verband verklaar Fish dat interpretasie nie ‘n teoretiese aangeleentheid is nie, en dat teorie nie iets kan byvoeg by ons vermoë wat ons reeds as lede van spesifiek praktyke het nie. As gesitueerde agente is interpretasie iets wat ons doen uit hoofde van ons interaksie met die wêreld. Ons oë organiseer dit wat ons sien nie nadat ons persepsies gevorm het nie, maar terwyl ons persepsies vorm. Die literêre kritikus wat ‘n gedig lees weet dat dit ‘n gedig is, en hoef nie te wonder wat om daarmee te doen nie. Die regsgeleerde wat ‘n saak lees kategoriseer dit vanselfsprekend onder byvoorbeeld die kontraktereg of deliktereg. Indien interpretasie nie ‘n teoretiese aangeleentheid is nie, omdat ons as lede van dissiplines en omdat ons betrokkenheid nie keuse verwant is nie, beteken dit nie dat interpretasie vry van probleme is nie. Fish sluit sy argument omtrent interpretasie met die volgende af: “There is, in short, no work for interpretative theory to do except for the perfectly pleasant work of building its castles ever higher in the non-resisting air” (1999: 515).

Die Fish-Dworkin debat

Vir Dworkin en Fish is begrip vir die reg (of eerder soos Martínez dit stel regswaarheid) ‘n produk van die verwantskap tussen die reg en taal en is begrip ‘n verhewe verklaringsmeganisme. Beide is ook van die oortuiging dat begrip in die reg hand-aan-hand gaan met interpretasie (Martínez 1997).

²⁸ Indien interpretasie plaasvind in ‘n gemeenskap van verhoudings kan dit tog nie objektief wees nie. Indien ‘n gemeenskap ooreenkom op ‘n bepaalde interpretasie dan is dit ‘n subjektiewe gemeenskapsinterpretasie.

In sy antwoord (getiteld *Working on the Chain Gang: Interpretation in the Law and in Literary Criticism*)²⁹ op Dworkin se kettingroman-metafoor meen Fish dat nie regsinterpretasie of literêre interpretasie vergelyk kan word met die kettingroman nie. Fish (1983) meen dat die interpretatiewe alternatiewe van opvolgende outeurs nie verminder nie. Die geskiedenis weeg nie swaarder op vir die nuwe interpreteerder as wat dit vir 'n voorganger opgeweeg het nie, beperkinge verslap of verstewig nie in verhouding tot die posisie van die outeur in die ketting nie.

Fish meen dat die veld van interpretasie verdeel is in twee: “[...] between those who believe that interpretation is grounded in objectivity and those who believe that interpreters are, for all intents and purposes, free” (1983: 271). Die interpreteerder is nie gebonde aan die verlede nie, hulle skep dit eerder soos hulle teorieë ontwikkel. Die interpreteerder verstaan nie eers dit wat voorafgegaan het nie om dit later met 'n huidige probleem te vereenselwig nie. In elke interpretasiehandeling is die regter of outeur se persepsie van die geskiedenis net so veel die gevolg van interpretasie as wat die nuwe aangeleentheid is. Fish meen dat interpretasie reeds plaasgevind het wanneer die beginsels en feite van interpretasie in oënskou geneem word. In terme van Dworkin se metafoor word die ketting van nuuts gesmee met elke interpretasie. In Fish se woorde; “To see a present-day case as similar to a chain of earlier ones is to resee that chain by finding in it an applicability that had not always been apparent” (1983: 277). Vir Fish is daar nie 'n ketting nie.

Die hoofpunte van kritiek teen die kettingroman metafoor is: eerstens, dat Dworkin meen dat die eerste outeur slegs in skeppende hoedanigheid funksioneer terwyl die opvolgende outeurs moet skep en interpreteer. Die idee is dat die eerste outeur vry is omdat sy nie al die vorige tekste hoef te lees nie en nie betrokke is by byvoorbeeld die karaktervorming nie. Maar, Fish meen dat die eerste outeur juis nie vry is nie omdat sy gebonde is aan die genre en die ander stylbeginsels waaraan die ander outeurs gebonde is. So byvoorbeeld moet die eerste outeur die teks laat begin, en die begin is gebonde aan sekere praktyke. Fish skryf oor die posisie van die eerste outeur dat:

²⁹ Dworkin se artikel *Law as Interpretation* het eerste verskyn in 1982 *Critical Inquiry* 9. Fish se respons het ook vir die eerste maal verskyn in dieselfde uitgawe. Beide Dworkin en Fish se bydraes verskyn later in die simposiumbundel van 1983 *The Politics of Interpretation* en is geredigeer deur W J T Mitchell. In die teks verwys ek deurlopend na Dworkin en Fish se artikels in *The Politics of Interpretation*.

[...] he is neither free nor constrained (if those words are understood as referring to absolute states) but free *and* constrained. He is free to begin whatever kind of novel he decides to write, but he is constrained by the finite (although not unchanging) possibilities that are subsumed in the notions 'kind of novel' and 'beginning a novel.' Moreover, those who follow him are free and constrained in exactly the same way (1983: 273).

Dworkin beskou die ketting van interpretasie as 'n interpretasie-strategie om moeilike sake te vereenvoudig. Schelly verwys op gepaste wyse na Dworkin se perspektief wanneer sy sê: "For Dworkin, as new facts are fitted to the same story, elements will more readily add up as predicted and the 'best' implications of that legal or literary enterprise will be realized" (1985: 160). Vir Fish is 'n reeks lesings (om te lees) nie aaneengeskakel deur 'n ketting nie, maar is dit eerder 'n reeks diskrete strukture. In literêre- of regsinterpretasie handel dit nie oor die opvolg van 'n ou storie nie, want daar is altyd 'n nuwe storie wat die oue vervang. Dit beteken nie dat die regter of skrywer arbitrêr die uiteinde bepaal nie. Intendeel, die regter of skrywer kies nooit 'n interpretasie nie. Hulle sal bloot die "einde" sien wat hulle as die beste beskou. Die korrektheid van die einde sal oorweeg word binne die gemeenskap waarin die regter of skrywer funksioneer.

Wat die kettingroman-metafoor betref staan Dworkin en Fish in kontras met mekaar. Dworkin vermeld dat die geskiedenis wat 'n aaneenskakeling van besluite en gebeure is 'n beperkende konteks vir besluitneming skep. Fish daarteen is van mening dat elke nuwe besluit die geskiedenis herskep (Schelly 1985).

In sy antwoord op Dworkin identifiseer Fish twee slaggate van beide literêre en regsinterpretasie. Aan die een kant is dit die literêre formalistiese en regspositivistiese geloof dat interpretasie beperk word deur dit wat in die teks is, en aan die ander kant die geloof van skeptici en sommige regsrealiste dat interpretasie net 'n rasionalisering is van subjektiewe behoeftes en motiewe. In reaksie argumenteer formaliste dat daar 'n ware teks is, en die geldigheid van interpretasie hang af van 'n stabiele gekanoniseerde teks. In die algemeen meen formaliste en positivistiese dat interpretasie tegelykertyd identifiseer en verskil van die teks wat dit voorstel.

Dworkin en Fish verlang interpretasie wat gelyk kompleks en moreel is. Interpretasie kan moreel wees omdat daar "regte" antwoorde is. Dit is waarskynlik wat Fish bedoel wanneer hy sê dat hy nie argumenteer vir 'n oneindigende plurale of oop teks

nie, maar hy argumenteer vir 'n teks wat stabiel is. Die implikasie is dat daar in elke stel interpretatiewe aannames 'n stabiele ondubbelsinnige teks is. Hierby voeg Dworkin dat daar vir alle praktiese doeleindes altyd 'n regte antwoord in die soomlose web van die reg sal wees (Schelly 1985).

Tog druis dit in teen Fish se wense dat sy beskrywing van die interpretatiewe onderneming nie getipeer word as 'n outoritêre teorie nie. Hy is immers van mening dat sy beskrywing geen riglyne bied vir die wat daarna soek nie:

The first thing to say is that I don't have a theory of interpretation, or, rather, my argument concerning interpretation is that it is not the kind of thing you could have a theory about, if by 'theory' you mean some general account of the process such that anyone persuaded of it would have some notion of what to do – how to proceed, how to make decisions or evaluate evidence – the next time a task of interpretation was called for. I certainly have something to say about interpretation, and while I think that what I have to say is true – it is an accurate description of what interpretation *is* – it is not helpful; it does not give you any direction in addition to or superior to the direction you already have by virtue of being a situated member of a practice. That is why it is not a theory; most people who look to theories look to them for guidance and my account of interpretation offers none (1999: 509).

Hoewel Fish in die algemeen gekarakteriseer kan word as 'n pragmaties en Lyotard as 'n etiese filosoof, stem Fish se “metodologiese” benadering ooreen met Lyotard se verwerping van dominante metanarratiewe. In aansluiting by Gergen meen Fish ook dat sy beskrywing vir homself waar is, en nie noodwendig superieur of meer waar is as 'n ander beskrywing nie. Fish meld ook heel pragmaties dat ons nie besorg hoef te wees oor onverifieerbare waarhede nie, omdat ons in elk geval sal glo wat ons wil glo. Anders gestel, waarheid handel primêr oor oorreding, en nie soos Gergen sê onderhandeling nie. Hoewel Fish voorkeur gee aan die postmoderne idee van veelvuldige waarhede kan een waarheid of interpretasie tog 'n ander oorreed en dus dominant word.

In reaksie verklaar Dworkin dat Fish nie alles kan reduceer tot oorreding nie: “No one who has a new interpretation to offer believes his interpretation better because it will

convince others, though he may believe it will convince others because it is better” (1983b: 297).

Beide Fish en Dworkin meen dat gesaghebbende interpretasie bereik kan word deur prosesse wat kompleks, gemeenskaplik en polities is. interpretasies word met ander woorde korrek soos wat dit sosiale objekte word. En dit is juis die politieke aspek van regsinterpretasie wat dit geldig maak. Schelly (1985: 158-180) verwys daarna dat Dworkin aan die regter ‘n politieke doel voorskryf en dat gemeenskapsmoraliteit nodig is vir die oplos van regsprobleme.

Dworkin beskryf regsinterpretasie as ‘n poging om nie net ‘n aanvaarbare interpretasie te maak nie, maar om die beste moontlike interpretasie te maak. Die interpretasie moet ook nie alleen pas nie, dit moet ook aanduidend wees van die beste beginsel of beleid. Fish argumenteer dat enigiets wat pas noodwendig ook die beste sal wees omdat interpretasie en analise gelyktydig plaasvind: “information only comes in an interpreted form [...] even when you first ‘see’ it, interpretation has already done its work” (1983b: 274).

Die reg bring die interpreteerders wat deur Dworkin en Fish beskryf is byeen in die hof. Dworkin vergelyk die interpreteerder met ‘n beoordelaar by ‘n skaaktoernooi wie se rol dit is om die reëls van die spel toe te pas op die aksies van die spelers. Fish se interpreteerder is een van die spelers (nie ‘n beoordelaar nie) wie se skuiwe altyd deel vorm van die spel, selfs ‘n skuif wat jou uit die spel plaas (Schelly 1985).

Selfs in hierdie metafoor kan Dworkin en Fish se posisie ten opsigte van die postmodernisme afgelei word. Dworkin posisioneer die interpreteerder (en homself) buite die gebeurlikhede van interpretasie wanneer hy verwys na die interpreteerder as beoordelaar. Eie aan ‘n modernistiese perspektief verwyder Dworkin homself van die navorsingsobjek om ‘n objektiewe interpretasie daarvan te gee. Fish daarenteen beskou die interpreteerder (en homself) as ‘n speler wat betrokke is by die beskrywing van interpretasie. Die interpreteerder (Fish) se betrokkeheid by interpretasie verbind Fish se idees omtrent interpretasie met die postmoderne idee van lokale narratiewe soos dit manifesteer in *Country of My Skull*. Soos Krog betrokke is by die narratiewe waarvan sy betekenis heg, stel Fish voor dat interpretasie ‘n betrokke aktiwiteit is waarop die interpreteerder ‘n invloed kán uitoefen. Schelly (1985: 158-180) tipeer Dworkin se

benadering as 'n "judge model" en Fish sin as 'n "lawyer model" wat miskien verduidelik waarom Dworkin 'n afstandelike en Fish 'n meer betrokke perspektief huldig.³⁰

4 Invloedryke plaaslike narratiewe

Hart se propagering van die Positivisme het nie alleen in die Verenigde Koninkryk nie, maar ook in Suid-Afrika 'n belangrike rol ten opsigte van regsontwikkeling vertolk. Die skeiding van die reg en moraliteit, en sy argumente oor die beregting van moeilike sake het 'n groot invloed uitgeoefen op die wyse waarop regters sake bereg het. Ook het Dworkin se idees omtrent die reg as integriteit, en die strewende na hoe die reg behoort te wees regters laat nadink oor die aard van die positivistiese stelsel van apartheid Suid-Afrika (Davis 1999: 157-161). Die narratiewe en diskoerse wat in hierdie gedeelte bespreek word hou direk verband met die "universele" stryd tussen die Positivisme en die Natuurregbenadering. In die Suid-Afrikaanse konteks het die sake van *Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana*³¹, *S v Mhlungo & Others*³² en *Southern Insurance Association v Bailey NO*³³ belangrike akademiese diskoerse aangemoedig wat handel oor die stand van Suid-Afrikaanse interpretatiewe sake.

Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana³⁴

Die formalistiese Natuurregbenadering van Dworkin en die positivistiese benadering van Hart ontken beide dat die reg bestaan uit gewelddadige bevels of reëls wat slegs deur meer geweld gesteun word. Hierdeur veronderstel hierdie teorieë die vooraf bestaan van 'n dieperliggende strukturele orde wat die betekenis van alle regsreëls bepaal, soortgelyk aan wat strukturalistiese linguïste sou argumenteer. Hart verwys na die strukturele orde met 'n sisteem van sekondêre reëls wat die erkenning, transformasie en toepassing van reëls reguleer. Dworkin verwys na 'n institusionele agtergrond moraliteit wat die integriteit van die reg bepaal. Soos Van der Walt dit stel: "law always concerns the violent imposition of a nominal order on society, the giving of an order where there is none" (1998: 79).

³⁰ Of soos Schelly die verhouding tussen Dworkin en Fish sien: "Dworkin's Oxfordian presentation makes him sound to Fish like a positivist: Fish's impish literary flair for paradox and inversions [...] makes him sound like a fashionable quasi-sceptic to Dworkin" (1985: 165).

³¹ 1987 (3) SA 237 (B).

³² 1995 (3) SA 867 (CC).

³³ 1984 (1) SA 98 (A).

³⁴ 1987 (3) SA 237 (B).

Hierdie geforseerde orde kan toegelig word met verwysing na die positivistiese bestel van apartheid Suid-Afrika. In *Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana*³⁵ het die hof dit uitgespreek oor die Suid-Afrikaanse benadering tot interpretasie.³⁶ Die intensionele benadering (wat dieselfde beginsels voorstaan as die kontekstuele of doeldienende benadering) word deur die hof as 'n eng letterlike interpretasieteorie beskou. Die hof moet die bedoeling van die wetgewer bevestig. Die bedoeling van die wetgewer dui op beide die kern van betekenis en die betekenis-objek van die woorde van die wet soos dit in 'n bepaalde konteks voorkom. Indien die woorde van die teks duidelik en ondubbelsinnig is, is die bedoeling van die wetgewer vermoedelik ook duidelik. Die taal van die wet en die bedoeling van die wetgewer is gelyk aan mekaar, op voorwaarde dat die taal duidelik en ondubbelsinnig is.

In die *Segale*-saak verwys regters Waddington en Khomalo na die interpretasie benadering van regter Hiemstra in *Smith v Attorney-General, Bophuthatswana*.³⁷ Hiemstra meen dat die Appèlafdeling van die Hoërhof van Bophuthatswana geskool is in die positivistiese leer wat wette volgens hul streng betekenis, soos afgelei uit die woorde, toepas.³⁸

³⁵ *Ibid.*

³⁶ In hierdie saak moes die Bophuthatswana Algemene Afdeling beslis of artikel 31 van die Interne Sekuriteitswet 32 van 1979 geldig is in terme van die Grondwet van Bophuthatswana, Wet 18 van 1977. Artikel 31 van die Interne Sekuriteitswet bepaal dat vergaderings van politieke aard van 20 of meer persone onwettig is. Indien die Minister daartoe toegestem het is dit wettig.

Artikel 15 (1) van die Bophuthatswana Grondwet bepaal:

Everyone has the right to freedom of expression; this right shall include freedom to hold opinions and to receive and impart information and ideas without interference by public authorities [...]

Artikel 16 (1) van die Bophuthatswana Grondwet bepaal:

Everyone has the right to freedom of peaceful assembly and to freedom of association with others.

Die hof bepaal dat dit nie nodig is om publieke vergaderings van politieke aard in Bophuthatswana te verbied nie en verklaar artikel 31 van die Interne Sekuriteitswet ongeldig.

³⁷ 1984 (1) SA 196 (BS).

³⁸ Regter Hiemstra verklaar in *Smith v Attorney-General Bophuthatswana* 1984 (1) SA 199F dat:

Although 'the intention of the Legislature' plays a robust part in interpretation, it does so only where the words allow of more than one reasonable construction. The approach to a Bill of Rights

Du Plessis en De Ville en interpretasie as normatiewe transposisie

Na aanleiding van die *Segale*-saak argumenteer Du Plessis en De Ville dat: “Clear language is in consequence decisive in determining and indeed constituting the intention of the legislature which in turn means that, at least in instances of clear language, language prevails over the actual, ‘psychological’ intention of the legislature” (1993a: 79). Hierdie benadering kan volgens Du Plessis en De Ville beskryf word as die letterlike-*cum*-intensionele benadering.

Indien die taal van 'n fel bepaling vaag is kan die hof prosedures in werking stel wat die gevolge van die bepaling versag. Du Plessis en De Ville lei hieruit af dat die hof, in gevalle waar die uitvoering van 'n wet afhang van die interpretasie daarvan deur die hof, net regverdig kan wees indien die wetstek grammatikaal verkeerd is. Die tekortkoming van hierdie benadering is dat dit nie werklik gemoeid is met wat betekenis, begrip en interpretasie is nie.

Gevolglik formuleer Du Plessis en De Ville hul beskouing van interpretasie as volg: “At bottom, interpretation as we see it, is normative transposition. This means, in the first place, that somebody who interprets something transposes data ‘from outside’ into the ‘key’ of his or her own consciousness or ‘world of experience’. This accounts for the *subjective* dimension of interpretation” (1993a: 79). Daar is ook 'n “objektiewe” dimensie, omdat genoemde verplasing, plaasvind ooreenkomstig kriteria of betekenisnorme waarop daar vroeër ooreengekom is.

Indien wetgewing geïnterpreteer word is 'n bewustheid van die teks se struktuur en die objektiewe kriteria waarmee die teks verstaan kan word nodig. Die begrip vir die teks is gebaseer op die aard van die interaksie tussen teks en omgewing. Du Plessis en De Ville meen dat hierdie tweede punt van regsinterpretasie in Suid-Afrika voldoende ontwikkel is, omdat hulle ten minste weet wat die kriteria vir interpretasie is. Hul ontevredenheid is egter dat die eerste beginsel (waarin data vanuit 'n eksterne sleutel verskuif moet word) deur Suid-Afrikaanse juriste geïgnoreer word en hul onvermoë om die kriteria vir interpretasie op betekenisvolle wyse aan te roep. Die oorbeklemtoning van eenvoudige regstaal is 'n simptoom van hierdie onvermoë. “Language is elevated to the foremost structural element of a legislative text and other elements are reckoned with

is entirely different and it is totally opposed to positivism. [...] The Bill of Rights is a declaration of values and a statement of the nation's concept of the society it hopes to achieve. It is the duty of the Court to make it identifiable as such.

only in instances where language fails. This is an unrealistic assumption” (Du Plessis & De Ville 1993a: 80).

‘n Wetgewende teks word geskep met verwysing na intra- en ekstra-tekstuele faktore. Eersgenoemde verwys na die tipe teks en laasgenoemde verwys na die omgewing waarmee die teks assosieer. Hierdie faktore, in interaksie met mekaar, bepaal die betekenis van die teks en help om die normatiewe kriteria vir interpretasie neer te lê.³⁹

Betekenis is nie inherent in die teks alleen nie. Om taal en betekenis gelyk aan mekaar te stel is om betekenis met betekenis te verwar. Ter verduideliking bied Du Plessis en De Ville die volgende metafoor aan:

A text is ‘made of’ language just as a jersey is made of wool. The jersey is much more than just wool – and its ‘distinctive structure’ goes beyond just ‘being wool’ – but to make a jersey, wool is indispensable. Because a legislative text is made of language there are certain criteria of rules of interpretation which direct one’s attention to that fact. However, to elevate these criteria above other criteria (or rules and presumptions) accounting for other intra- and extra-textual dimensions of the text as well, is to imply that the text is language instead of recognising, more realistically, that it is made of language (Du Plessis & De Ville 1993a: 80).⁴⁰

Duidelike taal alleen kan dus nie voldoende wees om die betekenis van ‘n teks te bepaal nie, en ander strukturele elemente moet ook in ag geneem word. Die omvang van hierdie elemente sal afhang van die wet self, die omgewing waarin dit is en die situasie waarvoor dit geïnterpreteer moet word. Die taal van ‘n wet kan duidelik wees wanneer die betekenis, tesame met al die intra- en ekstra-tekstuele elemente, vasgestel is. Dit beteken dat indien die teks vir iemand duidelik is omdat die taal suiwer is het reeds die teks voorheen of onbewustelik geïnterpreteer. “In this way literalism has become a

³⁹ Intratekstuele faktore waarmee rekening gehou moet word is onder andere: die lang titel van die wet, opskrifte, definisies, skedules en selfs dieselfde teks in ‘n ander amptelike taal. Ekstratekstuele elemente verwys na ander wetgewing, die historiese posisionering van die teks in die geheel van die regsisteem, die “logiese” struktuur daarvan en die sosio-politieke konteks (Botha 1996, Du Plessis & De Ville 1993a)

⁴⁰ In ‘n latere artikel verduidelik De Ville, ‘n aangepaste metafoor op ‘n meer uitgebreide wyse:

The jersey should be seen as a metaphor, not for the legislative provision, but for meaning. Language (wool) is indispensable for meaning (a jersey). In South Africa the rules, presumptions,

hallmark of both executive-mindedness (of subservience to the will and wishes of political authorities) and a judicial attitude of championing individual rights and liberties – the former, however, predomination by far” (Du Plessis & De Ville 1993b: 81).

Du Plessis se mening oor die generering van betekenis verskil van die van Botha. “The act or process of interpretation involves the transposition of external data into one’s own subjective world of experience, where it interacts with one’s own accumulated knowledge and experience, to produce the state or condition of understanding” (Du Plessis 1986: 48). Du Plessis verduidelik dat die betekenis van gestel X verwys na X se vermoë om getransponeer te word van die “eksterne wêreld” na die interpreteerder se eie “interne wêreld”. Dit gaan dus om die transponeerbaarheid van X. Hierdie betekenis is altyd onderworpe aan bepaalde norme. So byvoorbeeld word daar bewustelik of onbewustelik ooreengekom, deur die ontvangers van die eksterne data, dat sekere reëls tydens transponering gehandhaaf sal word. Bepaalde simbole in taal of kultuur lei die proses van transponering om tot ‘n beperkte hoeveelheid eindresultate te kom (Du Plessis 1986).

De Ville se kommentaar op Du Plessis en Botha

De Ville meen dat Du Plessis se idees omtrent transponering die nodigheid van taal uitsluit: “[...] in the process of understanding as it implies that (nonlinguistic) things (like the sky, the moon, the sun, etc) can have meaning to human beings without having been expressed in language” (1999b: 380). Sonder taal is betekenis nie moontlik nie. Ons versamelde kennis en ondervinding is net betekenisvol indien dit in taal uitgedruk word. Begrip kan net plaasvind deur taal of ‘n samesmelting van tale. Begrip, meen De Ville, is linguisties.

In die lig van regsinterpretasie beskryf Du Plessis taal as een van die kontekstuele of ekstra-tekstuele faktore wat help om die betekenis van ‘n teks (wet) aan die lig te bring.⁴¹ Du Plessis beklemtoon nie voldoende die belangrikheid van taal, gevolglik is dit

aids and maxims (the wool) interrelate in different ways (depending on the context of the specific case and the interpreter) so as to produce a new meaning (jersey) in each instance (1999b: 381).

⁴¹ Du Plessis verduidelik sy standpunt so:

An enactment is written in a certain *language*. This statement requires elaboration, as it may seem rather odd at first glance to refer to language as an *extra-textual* constituent of the menacing of a statute. The point, however, is that while an enactment is written in a certain language, the language can do no more than ‘surround’ it. As a matter of fact, written language

vir hom net die wet wat in taal geskryf staan. Ook speel taal nie 'n rol in die vermoedens en hulpmiddele van interpretasie nie.

Beide Du Plessis en Botha meen dat betekenis buite taal ontdek kan word. Hierop reageer De Ville vanuit 'n (post)strukturelistiese perspektief dat: “[...] both signifier and signified (which is itself a signifier) are elements (or signs) in the language system” (1999b: 381). Betekenis is geleë in die verhoudings tussen al die verskillende tekens in die taalsisteem en nie in realiteit nie. Daar is dus geen betekenis buite taal nie. Die betekenis van 'n wet sal bepaal word deur die wyse waarop ander tekens in die sisteem in interaksie is met die teken in die wet. Betekenis is slegs 'n funksie van die manipulerings van konteks waar (kon)teks alles insluit (De Ville 1999b).

De Ville (1999b) meen dat Du Plessis se negering van die belang van taal dit vir Du Plessis moeilik maak om te verduidelik waarom konteks in ag geneem moet word by interpretasie. Du Plessis verduidelik die belang van konteks immers so: “A statute as a structurally distinctive entity coheres and interacts with its environment: text and context can in other words never be divorced” (1986: 49). De Ville is van mening dat die verband tussen teks en konteks nie verklaar waarom die konteks die betekenis van 'n teks beïnvloed nie.⁴²

'n Beslissing kan intuïtief bereik word en daarna regverdig word deur te verwys na die norme van interpretasie. Die intuïsie kan geïnspireer word deur morele en politieke oortuigings, deur onbewustelike irrasionele faktore en (of) deur regskenntnis.⁴³ Indien hierdie posisie aanvaar word, meen De Ville dat, dít alleen nie die norme van interpretasie kan ondermyn nie. Die norme as redes moet self geëvalueer word as redes

need not necessarily serve as the only method for conveying the meaning of an enactment, although in the case and for the purpose of statute law as we know it, language is a primarily important extra-textual constituent of the meaning of an enactment simply because it is *the medium or means through which the meaning contents of the enactment is communicated*. Language allows the interpreter 'to enter' the meaning structure of an enactment, and in addition it fulfils a guiding function throughout the process of interpretation. *But* language is the medium through which meaning is transmitted: not the meaning itself. The meaning of an enactment can never be identified solely with its language as such (1986: 50).

⁴² In die opsig stem De Ville se siening ooreen met die van sosiale konstruksioniste wat van mening is dat konteks betekenis beïnvloed omdat betekenis sosiaal in verhoudings gekonstrueer word.

⁴³ So byvoorbeeld verwys die CLS se idee van onbepaalbaarheid daarna dat in elke saak twee kontrasterende moontlikhede is waaruit 'n regter kan kies. Hierdie keuse word nie noodwendig gedoen ten gunste van ander keuses nie. Die beslissing in 'n saak is polities en ideologies bepaald.

vir die beslissing. “The existence of the norms can be explained with reference to the (conscious or unconscious) realisation by the courts (and Parliament) that ‘meaning is context-bound, but context is countless’” (De Ville 1999b: 384). Die primêre doel van die norme van interpretasie is om te poog om die kontrole oor die teks te regverdig. Of anders gestel, om die verspreiding of uitgespreidheid van betekenis te beperk. Die “primêre reël” van interpretasie poog om die betekenis van ‘n teks te beperk tot die gewone betekenis van woorde of frases. Die “goue reël” van interpretasie laat ‘n afwyking van die gewone betekenis toe onder gekontroleerde omstandighede. Die “misstandsreël” beperk die betekenis van ‘n teks tot dit wat ooreenstem met die rede vir die wet. Die vermoedens van interpretasie sluit sekere betekenis uit en maak ander meer aanvaarbaar. Die reëls waarvolgens intra- en ekstra-tekstuele hulpmiddels beperk in die algemeen die hulp wat dit verleen tot gevalle waar dubbelsinnigheid die wetsteks oorheers. Die reëls vir uitgebreide of beperkende interpretasie beperk of verbreed die gewone betekenis van die teks, afhangende van die bedoeling van die wetgewer (De Ville 1999b). Ons moet in gedagte hou, soos De Ville maan, dat ook hierdie norme van interpretasie, onderworpe is aan interpretasie en toepassing in bepaalde kontekste. Om die rede is dit nie moontlik om ‘n objektiewe dimensie aan interpretasie te gee nie. Norme van interpretasie is nie deursigtige gereedskap wat gebruik en nagevolg word om by die regte antwoorde uit te kom nie. Hoewel interpretasiemetodiek tekste kan verlig, bestaan daar ook die moontlikheid dat dit aanleiding gee tot veralgemenings en stereotipes. De Ville (1999b) argumenteer dat dit nie die norme van interpretasie is wat die voorspelling van beslissings moontlik maak nie, maar ‘n gedeelde regs-kultuur waarop hierdie norme beskou word. Dieselfde norme kan lei tot kontrasterende beslissings.

Dubbelsinnigheid is die kriteria wat hoewe gebruik om gebruik te maak van kontekstuele faktore in die uitleë van wetstekste.

Once one accepts that words do not have an intrinsic meaning, that they do not derive their meaning from the intention of the legislature but from the context within which they are used, that the context can always be defined differently, and that statutory provisions can thus always be interpreted in two or more ways, it appears that all statutory provisions are in fact ambiguous (De Ville 1999b: 386).

Botha en Du Plessis beskou die norme van interpretasie as die meganisme waarmee objektiwiteit en sekerheid van betekenis verwerf kan word. Vir die outeurs is interpretasie 'n berekende proses wat objektief meetbaar is. Deur die metodes as filters vir objektiwiteit aan te neem verplaas Botha en Du Plessis die verantwoordelikheid vir betekenis van die regbank na die metodes en tradisies, en daarom dat die Positivisme die skuld vir apartheid moet dra (De Ville 1999b).

Die interpretasie en toepas van die norme van interpretasie is voortdurend in 'n stryd gewikkel. Hierdie norme is ook deel van ons onderdrukkende regstradisie in Suid-Afrika. In die naam van hierdie norme het howe apartheidswetgewing afgedwing. "The courts, by following a literal/intentionalist approach, attempted to place responsibility for meaning (exclusively) on the legal text / Parliament itself without themselves taking any responsibility for the interpretation" (De Ville 1999b: 388). Maar selfs 'n letterlike benadering verteenwoordig 'n gedeelte van 'n konteks. Daar is geen betekenis buite konteks nie, selfs nie letterlike betekenis nie. Die reg (wat interpretasienorme insluit) bestaan nie soos positiviste glo voordat interpretasie begin nie. Daar is geen verskoning dat regters gedurende apartheid immorele wette afgedwing het nie, omdat hulle die uiteindelijke verantwoordelikheid dra vir die uitvoer van die norme van interpretasie. De Ville sluit sy argumente oor die norme van interpretasie af deur aan te voer dat interpretasie moet nie daarop gemik wees om die teks te reproduseer nie, want die teks alleen dra nie betekenis nie. De Ville vat sy standpunt as volg saam:

There are no firm foundations in interpretation. The intention of the legislature, the clarity of the text and the purpose of the enactment cannot provide such a foundation. Without leaving the text, the courts should show a willingness to use the norms of interpretation to transform society in accordance with the ideals of the constitution (as interpreted) (1999b: 389).

In teenstelling met De Ville se posisie beskou Botha (1998) regsinterpretasie as 'n buigbare en objektiewe proses wat nie op vae raaisels van subjektiewe regsbeginsels gebaseer is nie. Regsinterpretasie is ook nie 'n meganiese herbeklemtone van die letterlike betekenis van 'n teks nie en die omstandighede wat die teks omring moet objektief nagevors word ten einde die bedoeling van die wetgewer en die doel van die

wet vas te stel. Daar moet uitvoering aan die wet gegee word in die lig van die beginsels wat die Grondwet voorskryf.⁴⁴

Hierdie omskrywing karakteriseer Botha as 'n modernis, omdat hy argumenteer dat 'n reeks objektiewe reëls die interpreteerder lei om die inherente korrekte betekenis van die teks te ontmasker. 'n Positivistiese benadering tot interpretasie dwing die interpreteerder om die korrekte betekenis van 'n teks vas te lê deur gebruik te maak van die doeldienende benadering. Ten spyte daarvan dat Botha na die omringende "objektiewe" faktore van die teks verwys, meen hy tog dat interpretasie nie 'n meganiese herhaling van die letterlike betekenis van die teks is nie. Ook meen hy dat die drie-fase benadering wat hy voorstel nie noodwendig meer korrek is as ander modelle van regsinterpretasie nie.

Ten spyte van die "gunstige" ontwikkeling van regsinterpretasie in die buiteland en deur plaaslike individue word die Suid-Afrikaanse regbank van vroeg reeds gekenmerk aan die letterlike (of positivistiese) benadering tot interpretasie wat dit aanneem.

Anders as in die "nuwe" Suid-Afrika waar die finale Grondwet uitdruklik verklaar dat wette moet ooreenstem met die waardes van die Grondwet, het apartheid Suid-Afrika 'n soewereine regering gehad wat geen beperking op sy wetgewende mag geniet het nie. Die enigste beperking was dat die staatshoof die wette moes onderteken sodat dit in werking kon tree. Hierdie toestand is uitgebuit en misbruik en aan die wetgewer is vrye teuels gegee. Regters het onder die "verpligting" gestaan om die wetgewing te interpreteer sodat uitdrukking aan die bedoeling van die wetgewer gegee word, selfs al was die wetgewing moreel afstootlik (Dyzenhaus 1998). Of soos Dlamini dit stel: "[...] positivism and the literal approach have helped to shield the judges from appearing to be partners in the policy and legislative processes of unpopular regimes and that therefore they are personally responsible for the application of the detested laws" (1991: 21). Om te skuil agter 'n meganistiese of positivistiese benadering kan geen regter vrystel van sy of haar aandeel in die administrering van ongeregtheid nie. "An open recognition of the judge's role in the political process, together with reliance on the principles of our common law, are steps towards the judge's performing his role properly" (Dlamini 1991: 21).

So byvoorbeeld het die hof reeds in *Farrar's Estate v Commissioner for Inland Revenue*⁴⁵ gesê: "The governing forte of interpretation – overriding the so-called 'golden

⁴⁴ Wet 108 van 1996. In die geval is dit belangrik om te let op artikel 39.

rule' – is to endeavour to ascertain the intention of the lawmakers from a study of the provisions of the enactment in question [...]". In dieselfde modernistiese asem argumenteer vakkundiges dat interpretasie 'n reëlgebonde proses of eerder die empiriese objektiewe soeke na betekenis is as wat die konstruksie van betekenis is.

Die positivistiese orde van apartheid Suid-Afrika wat immorele wette meganies toegepas het, het tot vele ongereghede gelei. Hierdie ongeregtighede kon anders daarna uitgesien het indien die positivistiese interpretatiewe sisteem die moontlikheid van meervoudige waarhede, realiteite en interpretasies (h)erken het. In *Minister of the Interior v Lochhat*⁴⁶ voer die klaer aan dat gunstige gebiede in Durban toegestaan word aan wit mense en gebiede van swakker gehalte aan swart mense beskikbaar gestel word. Lockhat het geargumenteer dat dié verdeling van grond onregverdig en diskriminerend was. Die Appèlafedling reageer deur aan te voer dat die vraag 'n suiwer regspraak is en dat dit nie die hof se plig is om te besluit of die wet diskrimineer of nie.

Die invloed van die Grondwet

Maar die aanvaarding van beide die Interim Grondwet in 1993⁴⁷ en die finale Grondwet in 1996 het belowende gevolge vir die interpretasie van wette ingehou. Met die verloop van tyd sou ons uitvind hoe belowend hierdie gevolge sou wees. Die interpretasie klousule (artikel 39) van die Grondwet het omvangryke gevolge vir die reg in Suid-Afrika meegebring. Hierdie klousule lees as volg:

- (1) When interpreting the Bill of Rights, a court, tribunal or forum –
 - (a) must promote the values that underlie an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom;
 - (b) must consider international law; and
 - (c) may consider foreign law.
- (2) When interpreting any legislation, and when developing the common law or customary law, every court, tribunal or forum must promote the spirit, purport and objects of the Bill of Rights.

⁴⁵ 1926 TPD 501 508.

⁴⁶ 1961 (2) SA 587 (A).

⁴⁷ Wet 200 van 1993.

(3) The Bill of Rights does not deny the existence of any other rights or freedoms that are recognised or conferred by common law, customary law or legislation, to the extent that they are consistent with the Bill.

Demokrasie, menslikheid, gelykheid en vryheid is dus die waardes wat die Grondwet vir interpretasie neerlê. Hoe belangrik hierdie waardes is kom aan die lig in die bespreking van die volgende sake.

In *S v Zuma*⁴⁸ (die eerste saak wat deur die konstitusionele hof aangehoor is) het die hof verwys na 'n stelling wat in die *Minister of Home Affairs (Bermuda) v Fisher*⁴⁹ neergelê is. Daar moet onder andere respek getoon word vir die taal wat in die Grondwet gebruik is ook vir die tradisies wat betekenis aan die taal gee. Reëls van interpretasie kán toepassing vind, om te dien as 'n vertrekpunt vir interpretasie waarin die Handves van Regte 'n prominente rol speel. In aansluiting by wat Lord Wilberforce in die *Fisher*-saak gesê het verklaar waarnemende regter Kentridge AJ die volgende in die *Zuma*-saak:

While we must always be conscious of the values underlying the Constitution, it is nonetheless our task to interpret a written instrument. I am well aware of the fallacy of supposing that general language must have a single 'objective' meaning. Nor is it easy to avoid the influence of one's personal intellectual and moral preconceptions, But it cannot be too strongly stressed that the Constitution does not mean whatever we might wish it to mean.

We must heed Lord Wilberforce's reminder that even a constitution is a legal instrument, the language of which must be respected. If the language used by the lawgiver is ignored in favour of a general resort to 'values' the result is not interpretation but divination.⁵⁰

Hierop reageer Chaskalson (1998) deur te sê dat woorde alleen nie ons probleme oplos nie. Woorde moet in konteks gelees word met inagnome van die waardes van die Grondwet. Hierby word ingesluit die historiese agtergrond waarteen die Grondwet

⁴⁸ 1995 (4) BCLR 401 (CC) par 14.

⁴⁹ (1980) AC 319 (PC) .

⁵⁰ (1980) AC 319 (PC) 328-329 par 17-18.

aangeneem is en die doel van die betrokke bepaling. Woorde, meen Chaskalson, is die aanvangspunt van die interpretasieproses.

Na aanleiding van die konstitusionele transformasie wat plaasgevind het in Suid-Afrika identifiseer Du Plessis (1998) drie beginsels van interpretasie wat heroorweeg moet word. (1) Du Plessis meen dat die grondwetlike orde vra om 'n indringende ondersoek na grondwetlike interpretasie en gewysigde interpretasiemoontlikhede. Wetgewende interpretasie sal, in 'n aangepaste weergawe, noodwendig hierdeur beïnvloed word. (2) Die gemeneregreëls vir interpretasie, wat uit die Engelse reg stam, sal waarskynlik nie in onbruik verval nie, maar sal heroorweeg en geherkontekstualiseer moet word. (3) Die interpretasie van 'n wetgewende teks behels 'n proses van toewysing wat in die "werklikheid" toegepas moet word. Du Plessis meen dat die teks nie bloot gelees kan word nie, maar ook (soos 'n musikale teks) uitgevoer moet word. Dit moet gelees word teen 'n werklikheidsagtergrond. "If someone who can read music reads a musical text, (s)he also 'hears' the music. Similarly, a legislative text cannot be read without 'hearing it performed' in real life" (Du Plessis 1998: 9).

Selfs nou in konstitusionele beslissings na 1995 óntken die Konstitusionele Hof dat dit politieke en morele verantwoordelikhede het. In *S v Makwanyane*⁵¹ sê regter Kriegler dat: "[...] the interpretative methods to be used are essentially legal, not moral or philosophical [...] The incumbents are judges not sages; their discipline is the law, not ethics or philosophy and certainly not politics". In dieselfde saak meen regter Sachs dat die hof se respons 'n suiwer juridiese respons is. Positivistiese waarheid en realiteit word bepaal deur dit wat die konkrete reg eksplisiet voorskryf. Interpretasie is dus niks anders nie as die meganiese toepas van hierdie konkrete "suiwer" regsbeginne. Positiviste hunker na die onmoontlike siende dat die reg, omdat dit direk met die sosiale verbind is, nooit net uit suiwer regsbeginne kan bestaan nie.

S v Mhlungo & Others⁵²

Davis (1996) posisioneer sy argument in 'n konstitusionele bestel waarin die letterlike benadering tot interpretasie na aanleiding van die *Mhlungo*-saak opwel. Meer spesifiek is dit Eduard Fagan se analise van die *Mhlungo*-saak wat Davis aanspoor om tot die debat toe te tree.

⁵¹ 1995 (6) BCLR 665 (CC) par 207.

⁵² 1995 (3) SA 867 (CC).

In die breë handel dié saak oor die interpretasie van artkiel 241 (8) van die Interim Grondwet wat as volg lees:

All proceedings which immediately before the commencement of this Constitution were pending before any court of law, including any tribunal or reviewing authority established by or under law, exercising jurisdiction in accordance with the law then in force, shall be dealt with as if this Constitution had not been passed: Provided that if an appeal in such proceedings is noted or review proceedings with regard thereto are instituted after such commencement such proceedings shall be brought before the court having jurisdiction under this Constitution.

Vyf beskuldigdes is aangekla van moord en ander misdade wat gepleeg is in 'n periode voor April 1993. Die aanklag is in Afrikaans, op 11 Maart 1994 uitgereik. Die beskuldigdes het versoek dat die aanklag in Engels bedien word wat op 4 Mei 1994 uitgereik is. Op 18 Mei 1994 het die beskuldigdes skuldig gepleit.

Die vraag het ontstaan of die verrigtinge wat reeds voor die inwerkingtreding van die Interim Grondwet 'n aanvang geneem het, maar wat op die stadium nog hangend was, deur die Interim Grondwet gereguleer moet word.

Minderheidsuitspraak

Waarnemende regter Kentridge het bevind dat artikel 241 (8) van die Interim Grondwet dit uitdruklik stel dat sake (soos die van *Mhlungu*) wat hangende is wanneer die Grondwet in werking tree bereg moet word asof die Grondwet nog nie in werking getree het nie. Hy regverdig sy beslissing as volg:

[...] when the language is clear it must be given effect, and this has been stressed in cases in several different jurisdiction [...] with all respect to the judges who have taken a different view I find it difficult to see what meaning other than that which I have suggested can reasonably be given to the language used.⁵³

Kentridge meen dat artikel 241 (8) bloot rigtinggewend is en nie die hof van bevoegdhede stroop nie. Indien howe beperk moes word, moes twee oorwegings in ag geneem word

⁵³ 1995 (3) SA 867 (CC) 828.

naamlik: (1) dat howe en tribunale bemagtig moet word om hangende sake af te handel; (2) dat die howe en tribunale ook aangesê moet word hoe om met die sake te handel bloot as om net die pre-konstitusionele en konstitusionele regsordes uit te wys. Howe kon aangeraai word om met hangende sake te handel in ooreenstemming met die Grondwet of asof die Grondwet nog nie aanvaar is nie. Uit die Grondwet blyk die tweede keuse die aangewese een te wees.

Die minderheid erken dat: “[...] the reluctance of some judges to give literal effect in particular cases to the language of section 241 (8) is no doubt understandable.”⁵⁴ Kentridge waarsku egter dat die waardes van die demokratiese gemeenskap wat gebaseer is op vryheid en gelykheid, nie bevorder sal word deur geweld te doen aan die bewoording van die Grondwet ten einde komplekse sake te remedieer nie.

Meerderheidsuitspraak

Adjunkpresident Mahomed het drie probleme met ‘n letterlike interpretasie van artikel 241 (8) geïdentifiseer. In die eerste plek is hy bekommerd dat ‘n letterlike interpretasie tot onregverdig en absurde gevolge kan lei. Dit sal die geval wees waar ‘n beskuldigde aangekla word voor 27 April 1994 en die saak uitgestel is tot 27 April 1994. Dit sal bereg moet word buite die grense van die Grondwet. Selfs al is die Grondwet reeds in werking vir ‘n jaar sal die saak nie daaronder ressorteer nie. Dit beteken dat sake in dieselfde tydraamwerk op verskillende regsgronde geëvalueer moet word.

Ten tweede, die doodstraf of lyfstraf wat reeds ongrondwetlik verklaar is kan opgelê word deurdat die hof buite die grense van die Grondwet moet optree. Tog kan hierdie strawwe nie opgelê word nie omdat artikel 7 (2) van die Grondwet dit beperk.

Laastens, indien hangende gedinge bereg moet word asof die hele Grondwet nog nie in werking getree het nie, behoort ‘n laer hof nie ‘n aangeleentheid na die Grondwetlike Hof te kan verwys nie. Mahomed plaas ook besonder klem op die frase: “[...] exercising jurisdiction in accordance with the law then in force [...]” van artikel 241 (8). Die kwalifikasie dat dit ‘n geregshof of tribunaal moet wees, voeg geen betekenis by die woorde “any court of law or tribunal” sonder verdere kwalifikasie nie.

Mahomed meen dat die minderheid die frase: “exercising jurisdiction in accordance with the law then in force” as oorbodig ag. Vir die minderheid beteken dit bloot dat die hof hangende sake volgens die reg voor die Grondwet in werking getree het

⁵⁴ 1995 (3) SA 867 (CC) 831.

moet bereg. Vir Mahomed sit artikel 241 (8) 'n grondwetlike tradisie voort waar daar 'n verandering in die regsisteem is. Sake wat nog nie afgehandel is nie onder die ou bestel moes beskerm word teen 'n moontlike aanval op grond daarvan dat die huidige hof nie die outoriteit het om die saak te bereg na die nuwe bestel oorgeneem het nie.

Fagan se kritiek teen die meerderheidsuitspraak

Fagan (1996) argumenteer dat die beslissing van die meerderheid verkeerd is op grond van twee beginsels: die beslissing is gebaseer op 'n wanbegrip van taal en dit doen geweld aan die bewoording van artikel 241 (8). Volledigheidshalwe haal ek Fagan se eerste punt van kritiek in geheel aan:

The misconception about language is that any meaning is as good as any other meaning, so long as the meanings are all capable of being derived, semantically, from the syntax. On this approach, the role of the court is to choose from among all the possible meanings the one which it regards as the best, presumably either for overt moral reasons or because it is most consistent with what the court regards as the overall purpose of the text from which the syntactical structure in question is drawn. The misconception is neatly illustrated by a story about a computer parser developed at Harvard University in the 1960's. Asked to phrase the apparently unambiguous sentence *Time flies like an arrow*, the computer came up with five different meanings, among them, *Measure the speed of flies in the same way that you measure the speed of an arrow* and *Flies of a particular kind, time-flies, are fond of an arrow*. In truth, of course, the sentence really is unambiguous. We know that it means *Time proceeds as quickly as an arrow proceeds* because we are not computer parsers, but complex adaptive systems able to rely on our experience of the language or languages we control in order to determine appropriate meanings. No more than this is implied when courts refer to the ordinary meaning of language in statutes (1996: 84).

Die tweede punt van kritiek is dat Mahomed erken dat die betekenis wat Kentridge aan die bepaling verleen ooreenstem met die letterlike woorde van die subartikel. Fagan (1996) meen dat die minderheid nie die taal van die Grondwet in diskrediet wil plaas nie,

omdat Kentridge aanvoer dat hul interpretasie toegelaat word deur die taal en konteks van die relevante bepalings. Op hierdie punt, meen Fagan, verskil die minderheid en meerderheid nie veel nie.

Davis se respons

Davis (1996) meen dat Fagan taal benader as 'n eenvoudige sisteem wat nie deur ideologie beïnvloed word nie en dat betekenis ongehinderd in die teks op ons wag. Daarom meen Davis dat Hart en Raz se Positivisme van 'n nie-konstitusionele verskanste regsisteem herleef. Fagan se teorie verwys nie na die subjek nie. Of die subjek die spreker of interpreteerder is wat die vermoë het om komplekse sisteme te verklaar strek verder as die verduideliking wat deur eenvoudige regstaal aangebied kan word (Davis 1996). Fagan se reaksie op die *Mhlungu*-saak hou direk verband met sy benadering tot taal. Davis (1996) meen dat Fagan se letterlike benadering tot taal dieselfde vasberadenheid as wat Kentridge toon. Of soos Davis dit verwoord: "There is only one answer, there can only be one answer, and any judge who comes to a different conclusion is not performing his or her task as a judge" (Davis 1996: 511).

Regsinterpretasie is volgens Davis 'n regs-kulturele praktyk wat op bepaalde wyse met regsmateriaal omgaan. Hoewel dit 'n gedeelde praktyk is sal elke interpreteerder se individuele geskiedenis en denkwyse die interpretasie direk beïnvloed. Davis meen dat geen regter haar kan onttrek uit die omgewing na 'n posisie van neutraliteit of 'n staat bereik waar haar denke willekeurig is nie.

Konstitusionele interpretasie vereis noodwendig meer as die uitsluitlike gemak van 'n letterlike benadering. Dit verwag dat regters op alternatiewe wyses oor die gewone betekenis van woorde dink. Saam met die Grondwet kom 'n nuwe konstitusionele regsorde wat ander uitdagings stel. Davis meen dat Kentridge se aanmaning in *S v Zuma*⁵⁵ korrek is dat die Grondwet nie alles kan beteken wat ons wil hê dit moet beteken nie. Ook stem Davis saam met Du Plessis dat Kentridge se beslissing nie melding maak van die moontlikhede wat ander interpretasie-strategieë inhou om die betekenis van 'n teks te beperk nie.

Davis meen dat die beslissing in die *Mhlungu*-saak 'n botsing tussen twee vorme van regs-kommunikasie voorstel. Die beslissing illustreer hoedat Mahomed en Kentridge vanuit verskillende linguistiese perspektiewe, die een 'n tradisionele "Westminster-

⁵⁵ 1995 (4) BCLR 401 (CC) 412.

benadering” en die ander ‘n konstitusionele benadering op dieselfde feite toepas. Die toepas van ‘n eenvoudige taalteorie het ‘n politieke doelstelling teenoor ander teorieë van interpretasie. Die duidelikheid waarop eenvoudige regstaal aanspraak maak verwyder grondwetlike regte van die politieke agenda omdat dit gefikseerd en onveranderlik word. In teenstelling hiermee meen Davis dat die inhoud van regte bevraagteken moet word, dat ‘n grondwet vergelyk kan word met ‘n onvoltooide simfonie waarby die aard van die politieke “struggle” en die ervarings van die verlede nuwe kontekste, temas en betekenis voeg. Grondwetlikheid handel oor verset, verskil en bestryding en eenvoudige (regs)taal oor politieke sluiting.

A dispute about meaning should not be used to develop the facile reply that the alternative proposed is that ‘anything goes’ and that the text means anything a post modernist might wish. But an approach to interpretation must deal with the problem that membership of a class of an interpretative community has an effect on the interpretation of a text (Davis 1996: 511-512).

Algemene of eenvoudige regstaal verteenwoordig maar een teorie, dit is nie die enigste nie.⁵⁶ Daarom dat Davis, Mahomed se uitspraak as volg beskryf: “Mahomed DP’s judgement provides the clearest indication from the Constitutional Court that it might develop a jurisprudence that represents ‘a ringing break from the past’” (Davis 1996: 511).

De Ville se respons

Volgens De Ville (1997) is die meerderheidsuitspraak in *S v Mhlungu* nie ‘n wanopvatting oor die aard van taal of dat die uitspraak geweld doen aan die bewoording van artikel 241 (8), maar is ‘n bevestiging van die wetgewende teks (en alle ander tekste) se intertekstualiteit en analogieë.

De Ville se kritiek teen Fagan moet egter teen die agtergrond van die dekonstruksie en postmoderne idees omtrent taal, begrip en die teks beskou word. De

⁵⁶ Davis reageer ook op Ziyad Motala in *The Need For Disciplining Rules; A Reply to Ziyad Motala* (1999b), nadat Motala die meerderheidsuitspraak in die *Mhlungu*-saak afgemaak het tot regsnihilisme en ‘n ondermyning van die reg. Davis se argumente is reeds in die teks hierbo uiteengesit, maar hy sluit sy argument teen Motala af deur te sê: “[...] the debate about Mhlungu has little to do with one judgement and much to do with the lack of intellectual ambition in our jurisprudence (1999b: 161).

Ville (1997) meen dat 'n teks nie 'n self-geslote eenheid is nie, maar 'n samestelling (collage) van tekste is waarvan die outeur aanvanklik 'n leser is. Elke frase, woord of bepaling is 'n verwerking van ander tekste wat dit omring of voorafgaan. Die teks is dus nie 'n geslote geheel met duidelike grense nie. De Ville se tweede punt is dat, wanneer 'n teks gelees word, die leser die teks tegemoetgaan met 'n verwysingsraamwerk van alle vorige tekste wat sy al gelees het.

De Ville is van mening dat taal van so 'n aard is dat dit onmoontlik is om finaliteit van betekenis en interpretasie te eis. Siende dat daar nie sluiting of finaliteit van betekenis is nie bevestig dit wat De Ville hierbo aanvoer naamlik dat die teks ook nie 'n self-geslote entiteit is nie. Die alles insluitende tekstualiteit van artikel 241 (8) sluit onder andere in, maar is nie beperk tot: die bedoeling van die Grondwet, die langtitel, die voorwoord, die konteks en benaderings van interpretasie nie.⁵⁷ Die betekenis van artikel 241 (8) is dus versprei en steun dit (soos alle ander tekste) op ander tekste vir betekenis.

De Ville (1997) vra egter hoe betekenis in 'n spesifieke geval bepaal kan word indien die konteks daarvan onbegrens is? Ten einde betekenis te bepaal moet die oneindige spel van die teks en die verspreiding daarvan momenteel tot halt geroep word. In hierdie oomblik moet ons 'n raam van betekenis trek, die konteks fikseer en sekere faktore in ag neem en van ander wegdoen. "Drawing a frame is, however, always an ethical-political act, it is never normal, objective, neutral, a-political. It always involves 'unnatural' relations of power" (De Ville 1997: 510).⁵⁸ De Ville wend hom verder na Stephen Feldman wat verklaar dat begrip 'n politieke handeling is, want wanneer die betekenis van 'n teks aangekondig word definieer dit normatief en substantief die interne en eksterne. Voorafopgestelde grense bestaan met ander woorde nie (De Ville 1997).

Uitsluiting is altyd onnatuurlik. Dit wat uitgesluit is kan wanneer die teks weer geïnterpreteer word ingesluit word en daarom bydra tot die oneindigende verandering van betekenis. De Ville meen dat elke interpretasie van artikel 241 (8) (en elke ander bepaling van die Grondwet (en elke ander bepaling)) 'n misinterpretasie is. Nie omdat dit

⁵⁷ Sien De Ville (1997) 508-510.

⁵⁸ De Ville se idee dat betekenis "gestabiliseer" kan word deur 'n raam om die collage van tekste, kontekste en ander faktore te trek kan terug gevoer word na 'n ander konteks. Die werkswyse van impressionistiese kunstenaars soos Monet, Renoir, Degas en Manet herinner aan vlietende oomblikke wat soos foto's (maar nie fotorealities nie) op die doek vasgevang is. Op soortgelyke wyse lyk dit vir my of De Ville voorstel dat die raam soos die foto momentele betekenis vasvang.

verkeerd is nie, maar omdat elke interpretasie inherent nie oor die vermoë beskik om waar, volledig, finaal, objektief of onpartydig te kan wees nie.

De Ville (1997) meen dat Fagan se analise waardevol is omdat dit 'n illustrasie gee van die wyse waarop konteks funksioneer (en gemanipuleer word) om betekenis vaste stel. Fagan se gevolgtrekking ten opsigte van die interpretasie van artikel 241 (8) is dat taal ondubbelsinnig gebruik is en dat die gewone betekenis voor-die-hand-liggend is en konsekwent is met die konteks waarin die subartikel verskyn.

Fagan dui met die twee tekste wat hy in die konteks identifiseer die kompleksiteit van sy beperkte konteks aan. Hierdie twee tekste is die riglyne van interpretasie vir vergunnende of beslissende bepalings, en die vermoede teen retroaktiewe wetgewing. Die riglyne skep die moontlikheid dat artikel 241 (8) nie beslissend is nie, maar vergunnend. Die teks word nie net deur die minderheidsuitspraak onderdruk nie maar ook deur Fagan, en so beskou doen ook Fagan geweld aan die teks. Die vermoede teen retroaktiwiteit sluit ook 'n uitsondering in naamlik gevalle waar dit die individu sal bevoordeel. De Ville se argument kan as volg saamgevat word:

Through interpretation the law is confirmed as not only what is, but what ought to be. Uncritically adhering to convention (in casu misread by Fagan), is an attempt at evading individual responsibility. The acceptance of Fagan's analysis would at the same time clear the South African judiciary of all blame (responsibility) for the enforcement of apartheid legislation (1997: 512).

Prognostiese moontlikhede

Du Plessis se opstel *The jurisprudence of interpretation and the exigencies of a new constitutional order in South Africa* (1998) handel primêr oor die tegnieke wat aangewend kan word ten einde interpretasie in die nuwe konstitusionele orde by te staan. Du Plessis identifiseer drie groepe hulpmiddels naamlik, (1) die dringendheid van 'n "nuwe" taal, (2) grondwetlike oppergesag en self opgelegde wetgewende inperking en (3) vyf interpretasietegnieke.

(1) Suid-Afrikaanse regstekse is in die verlede (en word in 'n mate steeds) in taal geskryf wat bedoel is om skuiwergate in die reg te beperk. Die gevolg was dat komplekse wetgewing meer komplekse hofgedinge (of "hard cases") opgelewer het en in effek nie veel gesê het nie (Du Plessis 1986, Du Plessis 1998). In teenstelling hiermee is die

Grondwet in breë of algemene en eenvoudige regstaal geskryf. Suid-Afrikaanse juriste het egter nie 'n keuse nie, en moet die wyse waarop hulle tekste lees en begryp wysig om aan te pas by die nuwe styl van wetgewende tekste.

Eenvoudige regstaal is “per definisie” breed en inklusief. Eenvoudige regstaal in 'n wet of in die Grondwet bly regstaal en verander nie in alledaagse gesprekstaal nie. Du Plessis (1998) meen dat eenvoudige taal bloot die teks meer toeganklik maak. Taal is volgens hom die middel wat toeganklikheid tot die betekenis van die teks fasiliteer. Du Plessis gebruik hierdie argument om te verklaar waarom moeilike konsepte soos die reg op lewe⁵⁹ in eenvoudige regstaal uitgedruk kan word.⁶⁰

Du Plessis (1998) wys ook op die gemenerereg reël van interpretasie dat woorde in 'n wetstek hul “gewone” betekenis moet dra. Maar, wanneer woorde in 'n wet staan verloor dit hul gewone betekenis en kry regsbetekenis. “Their ordinary meaning could facilitate access to that legal meaning, but legal meaning [...] goes beyond ‘ordinary meaning’ [...]” (Du Plessis 1998: 11). Die doel van eenvoudige regstaal is volgens dié outeur om die gewone landsburgers met die wet te laat identifiseer, en dit is ook die toegang tot betekenis vir die kenner.

Eenvoudige regstaal bevestig ook dat nie net kenners bevoeg is om regstekste te lees nie want: “[...] constitutional interpretation is an endeavour which also involves an open community of interested interpreters emerging from civil society” (Du Plessis 1998: 12).

Eenvoudige regstaal is nie so eenvoudig as wat dit voorgee om te wees nie. Vanuit 'n pragmatiese perspektief maak dit sin om in “eenvoudige regstaal” te skryf maar meer filosofies beskou beteken - eenvoud - nie vir die wetgewer en vir die burgers wat die wet moet eerbiedig noodwendig dieselfde nie. Om die waarheid te sê, eenvoudige regstaal behoort vir niemand dieselfde betekenis te dra nie. Verder skep hierdie benadering 'n persepsie dat indien die teks in eenvoudige taal uitgedruk word die konsepte wat dit beskryf ook eenvoudig is, soos wat Du Plessis illustreer met die problematiek van die reg op lewe. Eenvoudige regstaal los nie begrips- en interpretasieprobleme op nie.

⁵⁹ Artikel 11 van die Grondwet lees as volg: “Everyone has the right to life”.

⁶⁰ Hoewel die bepaling in artikel 11 van die Grondwet op sigwaarde heel “eenvoudig” daarna uitsien het dit omvangryke gevolge, omdat die volgende vrae onder andere ontstaan: Wanneer begin en eindig lewe vir grondwetlike doeleindes? Is 'n fetus lewend en is 'n persoon wat breindood is lewend?

Die nuwe taal wat Du Plessis aanvra is 'n konkrete taal waarmee duidelike betekenis oorgedra kan word. 'n Nuwe konkrete taal kan waarskynlik ook nuwe interpretatiewe probleme oplewer wat beteken dat ons gestrand bly in taal. Die probleme wat interpretasie bied kan miskien eerder oorkom word deur taal as metafoor vir 'n ander bewustheid voor te stel. En hierdie bewustheid is die postmoderne bewustheid.

(2) Grondwetlike oppergesag daag tradisionele regsinterpretasie op twee vlakke uit. Eerste, duidelike en ondubbelsinnige taal kan die bedoeling van die wetgewer uitdruk en kan die nodigheid van ander reëls van interpretasie uitskakel. Tweede, grondwetlike oppergesag daag ook die feit uit dat regsinterpretasie hoofsaaklik gemik is daarop om die bedoeling van die wetgewer vas te stel (Du Plessis 1998).

In die verband verklaar Du Plessis (1998) dat taal bepaal of geregtigheid geskied. Die taal van geregtigheid transendeer beide eenvoud en onduidelikheid. Die taal van geregtigheid vereis dat geregtigheid die belangrikste oorweging sal wees tydens interpretasie. Maar, die Grondwet waarborg nie dat die taal van geregtigheid altyd gehandhaaf kan word nie. Die waardes vervat in artikel 39 (1) van die Grondwet kan 'n aanduiding gee van die aard van geregtigheid. Dit beteken ook dat die bedoeling van die wetgewer nie meer gevind hoef te word nie, maar eerder wat die Grondwet bedoel. Tog vind ek dat die fokusverskuiwing van "bedoeling van die wetgewer" na die "bedoeling van die Grondwet" bloot 'n strewe na objektiwiteit is en nie veel aan die bedoeling van die teks gaan verander nie, want onthou alles (ook die wetgewer) is volgens sosiale konstruksioniste, teks (Gergen 1994b: 412-416).

(3) Du Plessis (1998) meen dat regsinterpretasie nou vrygestel moet word van die wetgewer se bedoeling en van eenvoudige regstaal. Die interpretasietegnieke wat Du Plessis meen grondwetlike interpretasie kan rig is: grammatikale, sistematiese, teleologiese, historiese en vergelykende interpretasie. Grammatikale interpretasie fokus op die letterlike betekenis van 'n teks sonder om 'n finale interpretasie te gee. Die taal van die teks is meer as die woorde daarvan en ook nie die uiteindelijke determinant van betekenis nie. Sistematiese interpretasie poog om die betekenis vas te stel van 'n bepaling beskou teen die geheel van die teks. Dit maak dus staat op die sisteem of logika van die teks as geheel. Teleologiese interpretasie is 'n doeldienende benadering. "Teleological interpretation does not simply mean that effect be given to the purpose or objects of a provision or of a legislative text as a whole. Interpretation is about establishing this purpose" (Du Plessis 1998: 15). Historiese interpretasie verwys na die

bedoeling van die opstellers van die teks. Du Plessis meen dat die verskillende bedoelings van die verskillende opstellers van 'n teks die teks onbruikbaar subjektief maak. Vergelykende interpretasie geskied wanneer veronderstelde regsisteme met mekaar vergelyk word (Du Plessis & De Ville 1993, Du Plessis 1998). Vergelykende interpretasie blyk minder belangrik te wees aangesien artikel 39 (1) (c) van die Grondwet vergelykende interpretasie toelaat maar nie afdwing nie. Inherent beklemtoon hierdie bepaling eerder die belang van plaaslike narratiewe voordat vergelyking met verwyderde (meta)narratiewe geskied.

Southern Insurance Association v Bailey NO⁶¹

Die bespreking van die *Bailey*-saak fokus spesifiek op die gesprek wat geïnisieer is deur Johan van der Walt se artikel *The language of jurisprudence from Hobbes to Derrida (the later's quest for an impossible poem)* (1998). Op hierdie artikel het Wessel Le Roux 'n respons geskryf, en Dennis Davis het in sy artikel (waarin hy Duncan Kennedy oproep om Suid-Afrikaanse regsinterpretasie uit te daag) na Van der Walt verwys. Sentraal tot hierdie gesprek is die hof se interpretasie van die *Bailey*-saak wat die gespreksdeelnemers noop om die invloed van die Modernisme en Postmodernisme op regsinterpretasie te oorweeg.

Op 26 Desember 1987 is Danderine Bailey, wat op daardie stadium twee jaar oud was, deur 'n motor raak gery. Sy was onmiddellik bewusteloos en het eers op 29 Januarie 1989 haar bewussyn herwin. Die breinbeserings wat Danderine opgedoen het, het haar emosioneel en intellektueel gestrem gelaat. Verder het sy ook beheer oor van haar liggaamsfunksies verloor.

Danderine se pa het 'n aksie teen die versekeraar van die voertuig ingestel waarop die hof die omvang van die algemene skade en die verlies aan toekomstige verdienste moes bereken. In verband met die berekening van vergoeding het die hof as volg reageer:

Any enquiry into damages for loss of earning capacity is of its nature speculative, because it involves a prediction as to the future, without the benefit of crystal balls, soothsayers, augurs or oracles. All that the Court can

⁶¹ 1984 (1) SA 98 (A).

do is to make an estimate, which is often a very rough estimate, of the present value of the loss.⁶²

Die hof kan twee moontlike benaderings volg om hierdie skatting te beraam. (1) Die hof meen dat 'n regter 'n geskatte bedrag kan toeken wat volgens hom (en die hof sê nie haar nie) billik en regverdig is. "That is entirely a matter of guesswork, a blind plunge into the unknown".⁶³ (2) Alternatiewelik kan die hof steun op 'n evaluering van die saak wat gebaseer is op wiskundige berekenings. Hierdie berekenings stam uit aannames gegrond in die bewyse. Die hof regverdig die gebruik van die tweede benadering as volg:

In a case where the Court has before it material on which an actuarial calculation can usefully be made, the first approach goes not offer any advantage over the second. On the contrary, while the result of an actuarial computation may be no more than an 'informed guess', it has the advantage of an attempt to ascertain the value of what was lost on a logical basis; whereas the trial Judge's 'gut feeling' as to what is fair and reasonable is nothing more than a blind guess.⁶⁴

Die beslissing in die *Bailey*-saak handel oor die skadevergoeding wat aan 'n tweejarige meisie, wie se ma 'n appelplukker was, toegeken is wat ernstig beseer is in 'n motorongeluk. Die hof se wiskundige berekeninge lei dit om die bedrag wat die hof *a quo* toegestaan het vir die verlies aan verdienste verminder van R68 696 tot R58 000, en die bedrag vir algemene skade is verminder van R50 000 na R35 000.

Diskoerse oor die saak

Van der Walt (1998: 91-92) se kritiek teen hierdie uitspraak blyk uit die volgende aanhaling:

Nicholas JA did not explain why he raised the discount for contingencies to exactly 25 per cent, rather than, say, 15 per cent or 30 per cent. How could he? Is there any reliable criterion with which discount for the contingencies that a 2-year-old child could come to face in the course of a lifetime can be

⁶² *Ibid* 99B.

⁶³ *Ibid*.

⁶⁴ *Ibid* 99B-C.

assessed with any degree of conviction? What we do know, however, is that Nicholas JA and his five colleagues, unquestioningly assumed the labour market of apartheid South Africa to be a sound basis for their unanimous assessment of Danderine Bailey's loss of future income. They never entertained the idea that Danderine Bailey might have become anything other than an apple grader. They discarded the possibility of Danderine Bailey having the natural ability of, for instance, a concert ballerina, singer or actress, despite the fact that these things do happen. In assessing her loss of earning capacity on the basis of the career of an apple grader, in grading her as an apple grader, they simply opted to inscribe her into the socio-economics of apartheid.

Hoewel die berekeningswyse bevaagteken kan word, lê die grootse probleem in die regverdiging van die uitspraak. Verlang geregtigheid nie meer van ons as bloot die weerspieëling van die onvoorspelbare gebeure wat op Danderine Bailey wag en die vertaling daarvan in ekonomiese terme nie? Van der Walt vra dan of geregtigheid nie juis 'n weersin in ekonomie verlang nie? En indien betekenis 'n ekonomiese beperking op die taalspel plaas, verwag geregtigheid nie dan van ons 'n weersin in betekenis nie? Verwag geregtigheid nie van ons om 'n gedagte te dink wat niks is nie?

Does justice not then demand from us a resistance to economics? And, given the argument above that meaning is nothing but the product of an economic termination of the spendthrift play of language, does justice not require from us a resistance to meaning? Does justice not demand from us a deconstruction that attempts 'to think that thought that means nothing'? (Van der Walt 1998: 92).

In sy antwoord op hierdie vrae steun Van der Walt op die dekonstruksie van Derrida. Volgens Van der Walt meen Derrida dat geregtigheid 'n gedagte is wat niks is nie. "Justice does not make sense. It calls for the insanity of an infinite responsibility, a responsibility which spends itself entirely without expecting a return" (Van der Walt 1998: 92-93). Geen geld kan Danderine Bailey vergoed nie.⁶⁵ Ons verantwoordelikheid strek so

⁶⁵ Dit is interessant om daarop te let dat Van der Walt deurentyd na Danderine Bailey verwys en nie na byvoorbeeld die *Bailey*-saak nie. Hierdie retoriese tegniek is ook deur Nelson Mandela in die *Revonia*-verhoog

ver dat ons saam met haar moet verwelk en wegkwyn. Van der Walt verwys immers na Derrida wat meen dat geregtigheid onmoontlik is. Daarom meen Van der Walt dat ons, ons moet vereenselwig met die rol van ekonome, linguïste en regsgeleerdes. Tog noop Van der Walt ons om antwoorde te soek op die volgende vrae: “But can we, in the end, reconcile [concile?] ourselves conclusively with this self-serving servility? Is there any dignity in such a servile self-preservation, such a conclusively Hobbesian understanding of ourselves?” (Van der Walt: 1998: 93). En die antwoord hierop is:

A mourning that would not triumphantly deny loss, but attempt to remain at the wake of irretrievable loss, an economy thus, inevitably so, that would paradoxically and precariously open up an uneconomic space, in which the gift of extra time beyond our hermeneutics, the gift of the morning [...] may yet arrive?” (Van der Walt 1998: 96).

In sy repliek roep Wessel Le Roux (1998) ons weg van die wegsterwende klanke van Van der Walt se *totentanz*. In aansluiting by die sentrale tema in Van der Walt se artikel - naamlik “die kleur van die dood”- noop Le Roux ons as treurendes om te wag op die gees. Uit hierdie melodrama spruit ‘n suggestie van die etiek van moraliteit wat deur dekonstruksie teorie geïmpliseer word. Van der Walt meen dat om eties te leef beteken dat ons moet leef asof ons dood is. Gelykwaardigheid tussen ons en Dandrine Bailey kan slegs plaasvind in die dood. Hieruit volg dat die dood noodwendig eties moet wees. Een noodwendigheid waarvan niemand (nie appelpakker of filosoof) kan ontsnap nie is die dood.

Tog staan Van der Walt skepties teenoor die aanneem van die kleur van die dood omdat dit immers “onmoontlik” is (Van der Walt 1998: 96). Om die rede kan ons nie die dood ken nie en daarom ook nie die etiek nie. Le Roux wys daarop dat indien ons nie leef asof ons dood is of in die positief gestel, indien ons leef asof ons lewend is kom dit neer op ‘n slaafse self-preservering wat aan waardigheid te kort skiet. “Living the dead (the impossible) is here enlisted on the side of ethics, justice and dignity; life (that which is possible) on the side of utilitarian economics” (Le Roux 1998: 113).

gebruik waarin hy die behoeftes van die “struggle” uitdruk as: “Africans want to be paid a living wage. Africans want to perform work [...] Africans want to be allowed to live [...] (Maxwell-Mahon & Titlestad 1994: 155). Met hierdie herhallingstegniek word die gehoor duidelik bewus gemaak van wat Afrikane wil hê. Die herhaling van haar naam draal in Van der Walt se artikel asof hy daarmee die gewete van die skeppers van Dandrine se lot wil aanspreek. Hetsy bewustelik of onbewustelik toegepas, hierdie tegniek is subtiel maar uiters doeltreffend.

Van der Walt se begrip van die taal van die regsfilosofie en suggestie van 'n etiek van moraliteit deel dieselfde antagonisme teenoor die lewe as denkers soos Hanna Arendt en Richard Rorty. Hulle deel dieselfde suspisie wat in die metafisika teenwoordig is om die lewe "finaal reg" te kry (Le Roux 1998: 113).

Le Roux wend hom tot Arendt wie se suspisie teenoor die lewe deur die aardgebondenheid van die mens en pluraliteit van die menslike toestand na vore tree. Op haar beurt wend Arendt haar tot Kant en formuleer 'n filosofie wat nie steun op gedetermineerde oordeel nie en dus die reduksiemoment uitstel. Daarom dat ons voortdurend na "nuwe" betekenis soek.

Kritiek teen Van der Walt is dat hy nie ruimte laat vir refleksiewe oordeel nie. Vir hom is oordeel 'n algemene kwasi-transendentale waarheid wat net voorsiening maak vir die ekonomie. In die afwesigheid van kriteria vir die kwasi-transidentalisme verlos dit ons van 'n sekulêre hunkering na oordeel. Van der Walt vra dan of die beoordeling van die *Bailey*-saak regverdigbaar is. Van der Walt beweeg weg van die inhoud van apartheid-ekonomie en dit gaan nie meer oor wat goeie ekonomie is nie maar oor wat goeie berekening sou wees. In hierdie lig het geregtigheid geen waarde nie (Le Roux 1998: 111-113). Le Roux meen dat daar aangetoon moet word hoe die onmoontlikheid van geregtigheid die impak van ekonomiese berekening beïnvloed.

Hoewel dit nie vir Van der Walt primêr handel oor die korrektheid van die beslissing nie, argumenteer hy dat ons nie gronde het om die korrektheid te bevraagteken nie (Van der Walt 1998: 92). Le Roux meen dat Van der Walt hom gevolglik vereenselwig met die gewelddadige sintaksis van apartheid, daarom dat ons, ons moet versoen met ons rolle as ekonome, linguïste en regsgeleerdes (1998: 113).

In sy repliek sluit Le Roux af deur te sê dat: "Johan van der Walt's suggestive reflections on the impossibility of justice unfortunately becomes an abstract, disembodied discourse written in the colour of the dead" (1998: 113). Siende dat die kleur van die dood nie kan realiseer nie, en 'n onbeliggaamde diskoers geesagtig of metafisies daarna uitsien blyk Van der Walt se argumente (volgens Le Roux) net soos geregtigheid 'n onmoontlikheid te wees wat in die niet te wees.

Selfs feller is die aanslag wat Dennis Davis op Van der Walt loods. In sy artikel met die titel *Duncan Kennedy's A Critique of Adjudication: A Challenge to the 'Business as Usual' Approach of South African Lawyers* (2000a) steun Davis primêr op die insigte van Duncan Kennedy en Hermann Heller in sy oorweging van huidige regsdenke.

Kennedy skep die konsep “beperkte aktivisregter”. Hiermee bedoel hy dat die regter die grense van die materiaal waarmee gewerk word aanvaar en dus getrou bly aan tekstuele grense. In teenstelling met Van der Walt se poging om interpretatiewe geweld so vermoontlik te beperk, blyk dit of Davis dit eens is met Kennedy dat, hoewel regters gebonde is aan die teks, hulle nuwe betekenis daaraan gee deur geweld aan die teks te doen. Regters is in ‘n sekere sin vry maar ook gebonde. Soos Davis dit stel: “[t]hey give meaning to the rules of the legal system in which they operate, but they do so within the context of materials that they *inherit*” (2000a :700).⁶⁶ Tog is regters meer gebonde as vry omdat dat hulle beide die grense van die teks moet respekteer, en ook noodwendig die erfgename van die teks is.

Davis se ontevredenheid as “erfgenaam” kom duidelik na vore in *S v Swarts*,⁶⁷ waarin hy ook die kettingroman-metafoor van Dworkin kritiseer:

This Court now finds itself in the position of a chain novelist. The first chapter has been written by another court and this Court is now expected to complete the work on the basis of a framework determined by another author. It is a most unsatisfactory system. I well understand that in the lower courts this has occurred previously, but that does not militate against my conclusion. As a result of this chain novel system of criminal justice which has been chosen by the Legislature, much of the evidence led in this Court appeared to go more to conviction than to sentence in order to reduce the impact of the offence on which the accused had been convicted. In other words evidence was led which seemed less about mitigation and more about highlighting ambiguities in the evidence which led to the conviction of both accused.⁶⁸

⁶⁶ Eie kursifering

⁶⁷ 1999 (2) SACR 380.

⁶⁸ 1999 (2) SACR 383C-F. Ook in *S v Dzukuda en andere* 2000 (3) SA 229 (W), steun regter Lewis op Davis se argumente in die *Swarts*-saak. Lewis voer aan:

I agree fully with the views expressed by Davis J in this regard. And I consider that the reasoning led to the decisions in the Eastern Cape Division is probably a function of judicial dislike of the fragmented procedure created by the legislation that a result of a purposive reading of the [...] Act.

Die kettingroman-metafoor van Dworkin dien as metafoor vir die regter of hof as erfgename in die presedente leerstelsel. Davis is bekend daarvoor dat hy die Regspositivisme in Suid-Afrika kritiseer en sedert 1994 propageer hy 'n doeldienende benadering tot konstitusionele interpretasie. Davis beskryf sy benadering tot konstitusionele interpretasie as volg:

I acknowledge that we are involved in interpretative work; but the process is about competing interpretations and outcomes, each of which requires justification. That the text gives indicators as to which justification is in keeping with the nature of the constitutional enterprise is, it is submitted clear. That which is more in keeping with the community's conception of the constitutional society is likely to prevail. By acknowledging the context, we leave open the possibility for deliberation, change, and therefore politics (Davis 1999: 48).

Davis (2000a) meen dat die opposisionele verhouding tussen die Positivisme en Natuureg opgehef moet word deur 'n kategorie te skep wat hy noem politieke redenering. Davis meen dat beide die Natuureg en die Positivisme van die veronderstelling uitgaan dat daar 'n korrekte antwoord is vir elke regsprobleem. Davis stel voor dat regsprobleme, meer spesifiek konstitusionele dispute, in der waarheid politieke probleme is. Hy meen dat die regsfilosofie die realiteit van politieke verskille moet erken, eerder as om dit te verhuul in formele regstaal.

Davis se kritiek teen Van der Walt is dat die dekonstruksieteorie steeds nie Danderine Bailey se posisie onder die apartheid bestel verbeter nie. Van der Walt se obsessie met die geweld wat met die reg gepaardgaan sluit in: "[...] a refusal to engage with the need to halt the infinite play of the text" (Davis 2000a: 711).

Van der Walt (2001a) poog in sy respons op Davis se kritiek om die regverdigende taal van die evaluering van die *Bailey*-saak te ontbloot as selfregverdigend. Regverdiging, meen Van der Walt, in terme van geregtigheid is niks anders as selfregverdiging. Regverdiging is die onmisleibare afsluitingspunt in taal en politiek of die politiek van taal is onvermeidelik offerend. Om ons regverdigings as geregverdig te beskou sal dit ontnem van hul offerende aard. "It would deny the fact that they sacrifice the *often* (to be sure, not *always*) equally justifiable or at least conceivably equally justifiable concerns of an other (Van der Walt 2001: 468). Selfregverdiging reduceer regverdiging tot 'n

miskenning van die ander. Selfregverdiging of die miskenning van die ander gee aanleiding tot die verbreking van die verhouding tussen die self en die ander. Of soos Van der Walt dit stel: "It is the destruction of the coming together of more than one, it is the destruction of plurality" (2001: 469).

Offerende regverdiging bevorder en verswak die kultuur vir regverdiging. Regverdiging van ons offerende praktyke word verswak maar hierdeur bevorder dit ook die onderliggende politieke gebaar van regverdiging waardeur ons gevra word om te beantwoord aan ander, en dat ons nie vry is om te doen wat ons wil nie.

In dieselfde mate kan die WVK-proses beskou word as 'n verklaring van die regverdiging van apartheid. Tog poog die WVK nie om deur die aanhoor van die regverdiging van apartheid, om apartheid te regverdig nie. Die WVK vereenselwig dit nie met wat "intellektuele" Afrikaners skryf nie, soos dat: "[...] thanks to Apartheid the new Government inherited the most sophisticated infrastructure in Africa. Thanks to Apartheid political prisoners all obtained quality degrees [...] Fewer people died under Apartheid than were killed in Rwanda. So how bad could Apartheid have been?" (Krog 1998: 3). In aansluiting by Van der Walt poog die WVK om aan te toon dat die selfregverdiging of die miskenning van die ander, aanleiding gee tot die verbreking van die verhouding tussen die self en die ander. En deur te luister word die versoeningsproses regverdig.

4

“Land van genade en verdriet”

1 Inleiding

Hoofstuk vier is vernoem na die gedig met dieselfde titel uit die reeks “Wondweefsel” in Krog se bundel *Kleur kom nooit alleen nie*. “Land van genade en verdriet” is ‘n reeks wat uit tien afdelings bestaan waarin Krog die Suid-Afrikaanse verlede, hede en toekoms teen mekaar afspeel. Ter aanvang, in afdeling een, kwalifiseer sy die verhouding tussen haar en die “ander” waarop sy die vraag, wat deur die gedig en dié teks eggo, vra “waar gaan ons heen van hier”? Krog se bepeinsing van ons sosiale toekoms is ook belangrik vir die studie, omdat die reg en die sosiale wisselwerkend mekaar beïnvloed. Afdeling twee open met “in die begin is sien” waarby die sig-metafoor later uitgebrei word na “by sien word eindelijk woord gevoeg”. Dit wat stom aangekyk is in apartheid Suid-Afrika word nou in ‘n nuwe era hoorbaar. Maar die grootskaalse skending van menseregte waarvan daar nou rapport gedoen word laat selfs die woordkunstenaar stom wanneer Krog in afdeling drie “woordeloos staan” en haar beroep op religieuse gegewe en vra “waar sal my woorde vandaan kom”? Vanaf afdeling vier onderneem die verteller ‘n emosionele reis wat weerkaats teen die verlede waarop sy in die negende afdeling vra “wat doen mens met die oue [...] hoe herken mens die oue / met sy rassisme en slym”. Die oue kan slegs in die verskil in tyd herken word. Die verlede word geskei van die hede deur: “ ‘n punt / ‘n lyn wat sê: van hier af / van die moment af / gaan dit anders klink”. En juis “hiér begin dit”. Die verandering begin hier omdat Krog in die slotafdeling meen dat introspeksie en retrospeksie van die verlede die hede en die toekoms bepaal:

(maar as die oue nie skuldig is nie
nie skuld bely nie
kan die nuwe natuurlik ook nie skuldig wees nie
en nooit voor stok gekry word nie
as hy die oue herhaal nie
alles begin dus van voor af aan
dié slag anders ingekleur)

“Alles begin dus van voor af aan / dié slag anders ingekleur” of geïnterpreteer? Uit die slotafdeling van “Land van genade en verdriet” regverdig Krog die WVK as ‘n instelling wat ‘n presedent skep. Indien apartheid in sy vele gedaantes dit weer sou voordoen aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap moet ‘n nuwe kommissie verantwoording daarvoor eis. Oortreders moet immers verantwoording vir hul dade doen want verantwoording: “creates a communal starting point. To make a clean break from the past, a moral beacon needs to be established between the past and the future” (Krog 198: 24). In aansluiting by Krog is die sosiaal-konstruksionistiese interpretatiewe perspektief anders ingekleur. ‘n Gewysigde meer gevoelvolle manier van kyk word voorstel. Dit is ‘n ander manier van kyk wat onderlê word deur ‘n akkommoderende postmoderne bewussyn. Regsinterpretasie kan anders ingekleur wees, en alles (veral die self) kan anders daarna (uit)sien.

Descartes se dictum: “I think, therefore I am,” kan vanuit ‘n sosiaal-konstruksionistiese perspektief vertaal word as: “we communicate, therefore I am” (Gergen 1992: 56). Ek (of die self) is slegs ‘n self in verhoudings, en ek kan slegs bewus wees van my gedagtes en emosies omdat ek deelneem aan kultuur. In die postmoderne wêreld kan ons die veiligheid van die waarheid, objektiwiteit en outoriteit verloor omdat ons in verhoudings is. Ons kan selfs die self as die middelpunt van betekenis opgee. “Yet we may gain something we have scarcely known in Western culture: the reality, the centrality and the fundamental necessity of relatedness” (Gergen 1994a: 57). In Westerse kulture ontbreek hierdie sin vir verwantskap en *ubuntu*. Daarom dat Kóndlo opmerk dat Webber altyd alleen by die verhore opdaag. “All the black victims are accompanied by their families and people from their communities. And Webber? Is it because he really has no one in the world, or is it because whites do not care about each other?” (Krog 1998: 44).

Die WVK en *Country of My Skull* fasiliteer ‘n nuwe verwantskap tussen verskeie gespreksdeelnemers. In die algemeen word ‘n nuwe verwantskap gefasiliteer tussen die moderne en die postmoderne. ‘n Nuwe verwantskap word gefasiliteer tussen die reg en letterkunde met *Country of My Skull* as die spilpunt van hierdie verwantskap. Die WVK poog om ‘n nuwe verwantskap tussen die slagoffers van apartheid en die wie apartheid afgedwing het te fasiliteer.

Hierdie hoofstuk bestaan uit drie afdelings wat in wese handel oor die fasiliteer of interpreteer van verwantskappe en verhoudings. (1) Ter aanvang word die verhouding

tussen die reg en die letterkunde ondersoek ten einde die rol wat *Country of My Skull* (as 'n narratief wat sosiale transformasie kan bevorder) bloot te lê. *Country of My Skull* as hibriede joernalistieke teks word beskou as 'n postmoderne werk wat nie alleen die brug span tussen die reg en letterkunde nie, maar ook tussen wit en swart, en apartheid en versoening. (2) Die opvolgende gedeelte handel oor die rol van die WVK in die fasilitering van die verhouding tussen die mense van Suid-Afrika en ons gedeelte geskiedenis. Daar word onder andere gekyk na die terapeutiese dialogiese ruimte van die WVK en die invloed wat die WVK op die letterkunde uitgeoefen het. (3) In die laaste gedeelte word *Country of My Skull* en die postmoderne temas wat in hoofstuk twee bespreek is met mekaar in verband gebring. In die lig van die teorieë van regsinterpretasie wat in hoofstuk drie bespreek is, word die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie as sintese tussen die Sosiale konstruksionisme en *Country of My Skull* bespreek. Die moontlikheid van postmoderne regsinterpretasie word as 'n reduksiemoment "volbring" in die Epiloog.

2 Reg en letterkunde

Die reg en letterkunde beweging het waarskynlik ontstaan in 1908 toe John Wigmore *A List of Legal Novels* gepubliseer het. Met regsnowelle het Wigmore bedoel: tekste waarin regsgeleerdes belang behoort te stel (Baron & Epstein 1998). Gedurende 1940 tot 1970 was die beweging geïnteresseerd in regstemas wat in literêre tekste beskryf is. Vandaar dat die benadering bekend staan as die - reg in letterkunde - beweging. In hierdie tydperk is die benaming reg in letterkunde verander na - reg as letterkunde - om die gedeelte interpretasie-strategieë van die dissiplines te beklemtoon (Britt 1998, Goodman 1999, Ward 1995). Deur die werk van die "stigterslede" James Boyd White, Owen Fiss, Ronald Dworkin en Robert Cover (wat almal uit die regsprofessie stam) het hierdie beweging onder andere die vertel van stories, die retoriek en literêre tegnieke gebruik om regsinterpretasie te bevraagteken en te bevorder. Deur klem te plaas op literêre werke is meer aandag ook gevestig op humanitêre en etiese aangeleenthede. In die laat tagtigerjare is hierdie perspektief verder verryk deur die politieke en filosofiese bydraes van Stanley Fish en Walter Benn Michaels wat verbonde was aan Engelse taaldepartemente.

Deesdae word daar in die algemeen meer verwys na die - reg en letterkunde beweging - omdat die voegwoord (en) 'n meer geïntegreerde verhouding tussen die

dissiplines voorstel. Dit gaan dus oor veel meer as net dissiplinêre identifikasie. Die reg en letterkunde beweging verwys na interdissiplinêre integrasie (Ward 1995: 29).

Die regsdissipline, so meen Papke (1998: 246-247), beskou ditself as 'n outonome wetenskap eerder as wat dit die sosiale studie van menslikheid voorstel. Wanneer narratiewe en die literêre eienskappe van "regsartefakte" in kulturele, historiese, filosofiese en sosiale paradigmas beskou word, ontsluit dit die nougesette wetenskaplike bestudering van die reg. Reg en letterkunde kursusse weerlê hierdie nougesette beeld van die reg deurdat dit waardes wat aanvanklik net waargeneem word, bestudeer en uiteindelik in regsdiskoerse opneem. Gevolglik skep die letterkunde die geleentheid : "[...] to shout out that the legal emperor has no clothes" (1998: 247). Die letterkunde kan dus kritiek lewer op die reg en rigting gee aan sosiale hervorming. In die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit soos Thabo Mbeki sê: "Reconciliation will only be possible if whites say: Apartheid was evil and we were responsible for it. Resisting it was justified [...]" (Krog 1998: 58). En *Country of My Skull* doen juis verantwoording van ons kollektiewe verantwoordelikheid.

Behalwe vir die onderskeid tussen die reg "en," "as" en "in" letterkunde tref Baron en Epstein (1998: 662) ook 'n onderskeid tussen reg en letterkunde en - reg en narratiewe. Hierdie onderskeid is egter van so 'n aard dat dit eerder die ooreenkomste tussen die letterkunde en narratiewe beklemtoon. Beide groepe steun op dieselfde materiaal (soos romans, toneelstukke of stories) en teorieë (soos die dekonstruksie en hermeneutiek) buite die gewone regsgebied. Beide die bewegings bevraagteken die vermoë van regstaal om die ondervindinge en aspirasies van die gemeenskap – die magteloses en die maghebbers - uit te druk. Die verskil is daarin geleë dat die reg en narratiewe benadering meer klem plaas op plaaslike stories en die invloed daarvan op die reg.

In *Country of My Skull* gaan Krog om met die stories van uitgeworpe vreemdelinge en misplaastes. So meen Krog dat narratiewe-begrip ons mees primitiewe verklaringswyse is. "We make sense of things by fitting them into stories" (Krog 1998: 196). Stories wat medeverslaggewers vertel lewer ook kommentaar op moraliteit en gevolglik die reg. So vertel Mondli in ligte luim: "Let us drink to the end of three centuries of fractured morality" (Krog 1998: 45). Mondli beskryf die moraliteit onderliggend aan die regsisteem wat apartheid onderhou het as gebroke. In 'n nuwe regsorde wat gebaseer is op demokratiese beginsels moet moraliteit anders geformuleer word. Mondli meen dat:

“[...] morality [must be] based on our common humanity” (Krog 1998: 45). In die opsig beantwoord *Country of My Skull* aan die reg en narratiewe beweging se idee dat plaaslike narratiewe (Mondli se uitlatings) kommentaar lewer op metanarratiewe (die positivistiese apartheidsbestel) in die reg.

Die reg en letterkunde benadering het begin om die reg as 'n diskursiewe praktyk te beskou. Die reg is dus 'n sisteem van idees wat oorgedra word deur en gebaseer is in taal, en dit is 'n metode waarop sosiale organisering plaasvind. So beskou reflekteer literêre- en regstekste nie alleen die geloofstelsels waaraan dit verbonde is nie, maar ook neem dit deel aan die vormingsproses van hierdie stelsels. “Thus, fictive and legal texts alike – poems, plays, novels; statutes, judicial opinions, contracts – provide particular sets of documents for studying both cultural ideas and social change” (Baron & Epstein 1998: 673). Ook *Country of My Skull* dra by tot sosiale verandering omdat Krog skryf: “reconciliation [...] is my daily bread” (1998: 36). Versoening vereis immers verandering want daarsonder is: “[...] no relationship, no work, no progress [...] possible. Yes. Piece by piece we die into reconciliation” (Krog 1998: 36). Met hierdie woorde sluit Krog aan by Van der Walt wat vra: “(what are we doing today?), only a mournful commemoration that would give effect to spectral return, of Aristotle, of justice, of Danderine Bailey's real loss? (1998: 96). Om selfofferend die kleur van die dood aan te neem blyk inderdaad die enigste manier te wees waarop ons nie geweld aanrig teen die ander nie.

Hoewel Krog kwalik as 'n regsgeleerde, wat “behoort” aan een van hierdie bewegings, getipeer kan word toon *Country of My Skull* ooreenkomste met die doelstellings van hierdie bewegings. So byvoorbeeld kan *Country of My Skull* as 'n joernalistieke (outo)biografiese roman beskou word. En in hierdie eiesoortige formaat steun sy ((on)bewustelik?) op die narratologie as “teoretiese” verwysingsperspektief om rapport te doen van 'n kwasi-judisiële proses. En soos die reg en letterkunde of narratief benaderings lewer Krog se taalgebruik kritiek op sogenaamde regstaal en die onvermoë daarvan om die stories van veral die magteloses uit te druk.

Temas van die reg en letterkunde benadering

Ten minste twee temas kan in die reg en letterkunde benadering geïdentifiseer word. Hierdie temas is die morele opheffingsprojek en die hermeneutiese projek. (1) Die morele opheffingsprojek handel oor die humanisering van die reg deur die letterkunde. Die studie van die reg het volgens hierdie benadering te tegnies en gekodifiseerd geword. Die reg

het gevolglik verwyderd geraak van die karakter en waardes van die mense wie dit beïnvloed. Die letterkunde kan regsdenke herverbind met die waardes waarvan dit verwyderd (en in apartheidsjare vervreemd) geraak het (Baron & Epstein 1998: 664). Die WVK en *Country of My Skull* poog om deur stories, regsdenke te verbind met die morele waardes waarvan die reg verwyderd is.

Die morele opheffingsprojek argumenteer dat die letterkunde die middele verskaf waarmee begrip vir menslike optrede verkry word. "Indeed, many of the leading works of the more contemporary Law and Literature movement examine texts that are not 'legal' in the sense Wigmore proposed, ranging from Homer's *Iliad* to Toni Morrison's *Beloved*" (Baron & Epstein 1998: 664). In aansluiting hierby meen Nussbaum (1995: 1477-1519) dat regters nie net hulle tegniese vaardighede moet ontwikkel nie maar ook hulle vermoë vir menslikheid. Die letterkunde vorm dan nie net die regter nie maar in die algemeen ook burgerskap en die sosiale lewe waaroor die regter 'n invloed uitoefen. Die letterkunde se volgehoue bemoeienis met die mens se omstandighede beklemtoon die argument dat die reg maar een van vele sosiale instellings is wat menslike en sosiale interaksies vorm. Baron en Epstein verwys na Nussbaum wat die volgende sê:

[L]iterary works typically invite their readers to put themselves in the place of people of many different kinds and to take on their experiences [...] [T]hey promote identification and sympathy [...]

One may be told many things about people in one's own society and yet keep that knowledge at a distance. Literary works that promote identification and emotional reaction cut through those self-protective stratagems, requiring us to see and to respond to many things that may be difficult to confront (1998: 664).

(2) Die hermeneutiese projek beskou regstekste soos wette en saakbesprekings as gevormde taalproduksies. Literêre studies bied die mees omvangryke kritiese leserstegnieke. Gevolglik meen hermeneutici dat regsgeleerdes literêre metodologieë moet gebruik vir die analisering van regstekste. Soos literêre hermeneutici het regshermeneutici ook betrokke geraak in hewige debatte oor aangeleenthede soos die bedoeling van 'n outeur, die formalisme en die moontlikheid van objektiewe interpretasie. Deur hulle te wend tot literêre kritiek het regsgeleerdes begin debatteer oor wat die

betekenis van 'n teks bepaal en hoe om die betekenis van 'n teks te bepaal.¹ Die sleutelvrae handel oor die objektiwiteit (of onbetrokkenheid) van die interpreteerder by die “eksterne” teks, en in watter mate indien enige, oefen die teks beheer uit oor die leser? (Baron & Epstein 1998).

In die praktyk word onder andere dokumente, kontrakte, wette en opinies geïnterpreteer. In teorie beteken dit dat die hermeneutiese projek vir regspraktisyns en akademici ewe belangrik behoort te wees (Baron & Epstein 1998).

Temas van die reg en narratief benadering

Die reg en narratief benadering plaas veral klem op die vertel van stories as 'n effektiewe kommunikasie-strategie.

This strand of interest in narrative within law has been supplemented by two others, one offering stories as evidence of facts and experiences left out of conventional legal accounts and the other offering stories – usually multiple accounts of a single event – as a challenge to the notion of objectivity in law (Baron & Epstein 1998: 668).

In teenstelling met die morele opheffingsprojek en die hermeneutiese projek van die reg en letterkunde benadering fokus die reg en narratief benadering op drie temas naamlik, strategieë, bewysmaatstawwe en veelvuldige realiteite. (1) Met strategieë word verwys na die oorredende krag van stories. 'n Storie is 'n strategie waarmee daar op beide die emosionele en intellektuele aanspraak gemaak kan word. Individue sosialiseer deur middel van stories, en argumente in storienvorm steun op 'n breë kulturele basis.

Die strategie onderliggend aan die gebruik van 'n storie is dat argumente wat onwaarskynlik en onverstaanbaar blyk toeganklik word. Komplekse gebeure kan op verstaanbare wyse in storiemaat oorgedra word. Die bekende formaat van stories maak kontroversiële argumente meer “aanvaarbaar”. So byvoorbeeld word diskriminasie wat onbewustelik plaasvind oortuigend en geloofwaardig deur Ralph Ellison in *Invisible Man* oorgedra. “The strategic strand of the Law and Narrative movement thus offers storytelling as a particularly powerful communicative tool to be employed in the service of

¹ Sien in die algemeen: Botha *Statutory Interpretation: An Introduction for Students* (1998), De Ville *Meaning and statutory interpretation* (1999b), Du Plessis *The Interpretation of Statutes* (1986), Dworkin *Law as Interpretation* (1983a) en Fish *Working on the Chain Gang: Interpretation in Law and Literature* (1983).

persuasion” (Baron & Epstein 1998: 669). Die oorredingsvermoë van stories is juis geleë in die kragtigheid daarvan. Die vroue van Mdantsane kon nie eens deur die afwesigheid van sommige kommissielede tot swye geroep word nie: “[...] no rain, no power failure, no men could silence their stories today” (Krog 1998: 190).

(2) Die bewysmaatstaf beginsels fokus meer op die inhoud van stories as op die formaat daarvan. Hierdie beginsel beklemtoon die stories van individue om inligting te verskaf oor die wyse waarop die reg in plaaslike narratiewe funksioneer (Baron & Epstein 1998: 669). Ten einde aannames oor ‘n positivistiese apartheidsbestel van Suid-Afrika te maak, sal die inligting wat bekom word van die mense wat in die bestel geleef het, net so gesaghebbend wees as metanarratiewe daaroor. Een manier hoe die inligting oor hierdie tydperk verkry kan word is deur te luister na die stories van die slagoffers van apartheid. In die opsig poog die bewysmaatstaf-beginsel om inligting wat nie in die reg vervat word nie, te bekom. Hierdie inligting is belangrik vir die formulering van regsbeginnels, omdat regsbeginnels volgens Dworkin (1978) die historiese waardes van ‘n regsisteem werspieël. Stories wat aangebied word vir bewys doeleindes behandel die beskryfde ondervinding as eg. Die stories vertel gebeure wat werklik plaasgevind het en wat deur ‘n “ingeligte” regsisteem in ag geneem behoort te word.

(3) Die derde tema van die reg en narratief benadering – die veelvuldige realiteite tema – bied stories aan om die idee van die “werklikheid” uit te daag. As voorbeeld kan die Mutase-moorde geneem word. Kaptein Hechter, Paul van Vuuren, John Miles en Joe Mamasela vertel almal dieselfde storie op so ‘n wyse dat Krog haar weergawe daarby voeg en sê: “So there are actually two stories: the story and the under-story, the matrix, the propelling force determining what is left out, what is used, how it is used” (1998: 85). Baron en Epstein meen dat: “The very multiplicity of these inconsistent stories should give pause, raising question about whether any single account can capture the truth” (1998: 670).

Geen storie is omvangryk genoeg om vergestaltung aan die waarhede van apartheid te gee nie. In teenstelling met die deursigtigheid van die Suid-Afrikaanse WVK, het die verrigtinge van die waarheidskommissie in Chili agter geslote deure plaasgevind. Die geheimhouding het skrywers genoodsaak om voor te gee dat hulle weet wat vertel is.

Die WVK het in Suid-Afrika gesorg vir 'n opbloei in literatuur,² maar in Duitsland het die Nuremberg verhore nie 'n opbloei veroorsaak nie. Ariel Dorfman het dit so aan Krog verduidelik:

[...] the argument goes, [...] artists should keep their grubby hands off the stories. German artists could not find a *form* in which to deal with Auschwitz. They refused to take possession of their own history. So the inevitable happened, Hollywood took it away from them. A soap opera laid claim to the statistic, the metaphor, the abstraction that was Auschwitz (Krog 1998: 238).

Hoewel waarheid nie vir Krog (1998: 36) so belangrik was soos die versoening wat uit die transformasieproses vloeï nie, is die WVK inderdaad bemoei met die waarheid. Om die waarheid oor apartheid bloot te lê was egter nie die enigste doelstelling van die WVK nie. In die volgende gedeelte word onder andere gefokus op die doelstellings wat wetgewing die WVK opgelê het en die doelstellings wat slagoffers aan die WVK toegeskryf het.

3 Die Waarheid- en Versoeningskommissie

Hoewel daar reeds in die Interim Grondwet na die WVK verwys is, is die WVK in die lewe geroep in terme van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening nommer 34 van 1995.³ Die Kommissie se eerste sittings het plaasgevind in April 1996. Die Suid-Afrikaanse WVK is bedoel om die brug te span tussen die verlede, hede en toekoms. Die Kommissie word reeds in die naskrif van die Interim Grondwet (artikel 232 (4)) met hierdie taak belas om die volgende te versoen:

[...] between the past of a deeply divided society characterised by strife, conflict, untold suffering and injustice, and a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful coexistence and development of opportunities for all South Africans, irrespective of colour, race, class, belief or sex.

² Dink byvoorbeeld aan die interessante versameling opstelle in Nuttall en Coetzee *Negotiation the past: The making of memory in South Africa* (1998), Brink se *Die Jogger* (1997), Boraïne en Scheffer se *Dealing with the Past: Truth and Reconciliation in South Africa* (1997) en die roman *Southern Star* (2003) deur Turner.

³ Hierna bekend as die Wet op Versoening.

Die naskrif het sekere van die eienskappe van die WVK geïdentifiseer en die parlement is grondwetlik verplig om die WVK in die lewe te roep. Die WVK het in die vooruitsig gestel dat die mense van Suid-Afrika (eufemisties gestel) die verdeeldheid, skending van menseregte, haat, vrees en wraak wat apartheid meegebring het kan oorkom. Hierdie wandade kan nou aangespreek word op die basis dat daar 'n behoefte aan begrip en nie wraaksug en vergelding is nie, en dat daar 'n behoefte aan *ubuntu* is en nie viktimisering nie (Dyzenhaus 1998).⁴

Die Interim Grondwet en die produkte daarvan soos die WVK is die gevolg van onderhandeling tussen verskeie politieke partye wat betrokke was by die ontwerp van die Nuwe Suid-Afrika. Siende dat die oorgawe van mag onderhandel is, was dit nie nodig om strafverhore soos die by Nuremberg te hou nie waar die oortreders gestraf is vir hul wandade. Suid-Afrika het 'n model aangeneem soortgelyk aan die van Chili, Argentinië en El Salvador. Die Suid-Afrikaanse WVK verskil van ander kommissies in die sin dat daar 'n direkte verband was tussen die getuienisse en die toestaan van amnestie. Ten einde amnestie te kry moes oortreders daarvoor aansoek doen by die Kommissie en voldoen aan die vereiste dat alle inligting ontbloot sal word.

Kommissies het in gemeen die offisiële ondersoek na vroeë doen en late van 'n vorige regering. Die WVK verskil egter van die ander kommissies in die sin dat dit in onderhandelinge tydens die oorgaan na 'n demokrasie bestel bespreek is, en dat dit ontwerp is deur 'n parlement eerder as 'n presidensiële kommissie.

Artikel 3 (1) (a) van die Wet op Versoening stipuleer dat die Kommissie onder andere die volgende mandate kan uitvoer:

(a) so 'n volledig moontlike beeld te verkry van die oorsake, aard en omvang van die growwe skendings van menseregte wat gedurende die tydperk 1 Maart 1960 tot die afsnydatum gepleeg is, met inbegrip van die voorafgaande gebeure, omstandighede, faktore en konteks van sodanige skendings, asook die perspektiewe van die slagoffers en die beweegredes en perspektiewe van die persone wat vir die pleeging van die skendings verantwoordelik is, deur ondersoek te doen en verhore te hou.

⁴ Die volle spreekwoord lui as volg: "Ubuntu ungamntu ngabanye abantu" en direk vertaal beteken dit dat mense, mense is deur ander mense. In die breë beteken "ubuntu" dat individuele menslikheid uitgedruk word in die verhouding met ander en dat die ander se menslikheid na vore tree deurdat die ander die individu se menslikheid erken (Barrie 2000).

Die WVK het dus 'n drievoudige funksie wat ook die eienskappe daarvan aandui. Ten eerste, dit is veronderstel om die waarheid omtrent die onderhoudende strukture van apartheid aan die lig te bring. Die waarheid omtrent die binnewerke van apartheid tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 moes ontbloot word. Ten tweede moet dit 'n basis vir versoening lê deur hierdie waarhede publiek te maak. Strafregtelike en vergeldende geregtigheid is tersyde gestel met die hoop dat die waarheid sal voortspruit uit 'n kollektiewe proses wat daarop gemik is om versoening te bevorder. Ten derde, die insigte wat deur hierdie proses versamel is, en in die finale verslag van die WVK vervat is, is veronderstel om die transformasie van die institusionele regering by te staan. Dyzenhaus (1998: 6-10) meen dat indien die WVK geregtigheid laat geskied, hierdie geregtigheid rekonstruktief moet wees. Institusionele transformasie moet deur geregtigheid bewerkstelling word deur die verkeerde dade van die verlede te ondersoek. Die WVK se slagspreuk – “Truth: the road to reconciliation” – dui ook op die aspirasies van die Kommissie en die klem wat dit plaas op die verbintenis tussen waarheid en versoening (Dyzenhaus 1998: 1-3).

Die geskiedenis van apartheid Suid-Afrika gaan hand aan hand met die geskiedenis van die huidige konstitusionele bestel. Die apartheidsbestel van Suid-Afrika het immers 'n invloed uitgeoefen op die ontstaan van die demokratiese konstitusionele bestel. Oor die totstandkoming van die Grondwet meen De Ville:

[t]here can be no objective, disinterested, impartial (academic) account of the drafting process of any of the clauses of the constitution [...] Historiography is [...] influenced by epistemological assumptions, methods of working on materials, ideological positions and every-day pressures. Neutrality and objectivity will thus always remain elusive ideals” (1999a: 213).

Dit beteken egter nie dat historici op geen feite kan ooreenstem nie. Die bestaan van gedeelde aannames in interpretatiewe gemeenskappe impliseer dat geskiedkundige gebeure nie geheel subjektief is nie. Maar, om dieselfde rede is dit ook nie moontlik om 'n volledige en akkurate beeld van die verlede te skep nie, omdat gedeelde aannames daarvoor subjektief is. Ten spyte daarvan dat die WVK 20 000 verklarings van slagoffers ontvang het, 2 000 publieke verhore aangehoor het en 8 000 aansoeke om amnestie

ontvang het kan dit nie die apartheid verlede in geheel reconstrueer nie. Hierdeur kan die WVK bloot poog om begrip vir die verlede te ontwikkel.

Apart from the fact that everything that happened or was said was not recorded, even where textual traces do exist, they are partial, selective, subjective, personal and subject to the influence of error, space and time. The past, one can say, exists in virtual form only. This virtual pass can be described or interpreted differently by different persons, depending on their perspective (De Ville 1999a: 213).

In soortgelyke trant verklaar Buur ten opsigte van die werk van die WVK dat: “[...] the writing of the ‘new history’, where the public work of the TRC both *democratised memory* and *retraced a multiplicity of pasts*, so the history itself has undergone a huge national process of *change and revision*” (001: 42). De Ville (1999a) vergelyk sy siening van die verlede met ‘n objek wat deur ‘n teleskoop waargeneem word. Hoewel die objek bestaan, bestaan die beeld daarvan slegs omdat ons dit sien. Verskillende beelde van dieselfde objek is sigbaar. Die verlede kan nie opgeroep word tensy dit retories geskied nie. De Ville meen dat die verlede nie ‘n tekstuele gebeurtenis is wat slegs in oorblywende tekste bestaan nie. Dit beteken nie dat die verlede nie plaasgevind het nie, maar dat ons dit slegs kan binnetree deur tekste wat ons moet konstrueer.⁵ “There [...] is not only one potential history of each provision, but several which means that ‘the past’ can in principle be continually transformed through its incessant reinterpretation” (De Ville 1999: 214). Die apartheidverlede kan slegs betree word deur tekste wat in die hede geskep word. Besoek aan die verlede kan afgelê word deur onder andere *Country of My Skull* en die tekste van die WVK te bestudeer.

Die WVK word dikwels daarvan beskuldig dat dit nie onpartydig (objektief) genoeg is om respek by alle Suid-Afrikaners af te dwing nie, omdat dit alleen klem plaas op die

⁵ Wat die konstruksie van tekste betref verklaar De Ville die volgende in verband met die 1993 Interim Grondwet en die finale Grondwet van 1996:

One can thus say that the past, ie the actual negotiations and drafting of the two most recent constitutions, exists in virtual form only. The virtual past can be accessed only through (a) submissions of political parties; (b) working documents or drafts; (c) reports of technical committees on drafts; (d) the circumstances existing at the time the constitutions were adopted; (e) the comments of those involved in the negotiation process (*contemporaneae expositiones*); and (f) debates or speeches in parliament (1999a: 214).

oortredings van die spesiale magte van die eertydse apartheidsregering, en slegs die sondes van blankes beklemtoon. “Even those who are deeply skeptical of the good it [WVK] can do are required by their skepticism to reflect on their place in both the old apartheid order and the new democratic order” (Dyzenhaus 1998: 12). Dyzenhaus meen dat wit Suid-Afrikaners apartheid onderhou het, tensy hulle deelgeneem het aan die aktiwiteite van bevrydingsorganisasies of van regsweë apartheid beveg het. Selfs die wat onbewus was van apartheid is skuldig daaraan juis uit hoofde van hul onbewustheid en hul blote teenwoordigheid in die sisteem.

[...] the direct benefit of the ordinary violence of apartheid to all whites was a ‘cushy’ lifestyle, some (including myself) living in luxury virtually unattached in the rest of the world. But that benefit could be sustained only by the extraordinary violence of apartheid and so the TRC should open whites’ eyes to both the moral awfulness of apartheid and their responsibility for the way in which it was sustained (Dyzenhaus 1998: 12).

Die WVK poog om wit Suid-Afrikaners te dwing om hulself af te vra hoe hulle deel was van die apartheid-ideologie, en hoe hulle vir so lank die onderdrukking van die meerderheid Suid-Afrikaners kon ignoreer en regverdig (Dyzenhaus 1998: 12).

Artikel 3 (1) (a) van die Wet op Versoening stel drie doelstellings vir die WVK voor naamlik om (1) die waarheid oor apartheid te onthul, (2) ‘n basis vir versoening te lê, en (3) transformasie te antisipeer. Hierdie doelstellings kon natuurlik net verwesenlik word indien die Kommissie na die stories van die slagoffers van apartheid geluister het. “The voices of ordinary people have entered the public discourse and shaped the passage of history. They speak here to all who care to listen” (Krog 1998: viii).

Ook die eienskappe van kommissies hou verband met die vermoë om te luister, want sonder om te luister kan dit nie die verlede ondersoek nie en kan dit nie “gevolgtrekkings” maak nie. Volgens Priscilla Hayner (1994: 957) kan vier algemene eienskappe aan waarheidskommissies toegeskryf word. (1) Waarheidskommissies gaan in die algemeen retrospektief te werk. (2) Waarheidskommissies fokus nie net op enkele gebeurtenisse nie, maar poog om deur verskeie stories ‘n “volledige” beeld van die verlede te skets. (3) Die tydelike aard van waarheidskommissies veroorsaak dat dit termineer wanneer ‘n finale verslag oor die kommissie se werksaamhede ingehandig word. Hoewel die kommissie tydelik bestaan is die gevolge wat dit meebring langdurig.

(4) Waarheidskommissies beskik altyd oor 'n mate van outoriteit: "by way of its sponsor, that allows it greater access to information, greater security of protection to dig into sensitive issues, and a greater impact with its report" (Hayner 1994: 604). Hoewel die WVK 'n navorsingseenheid gehad het wat by magte was om mense te dagvaar, beskik die Kommissie nie oor die mag om aanbevelings af te dwing nie. Saam met die Kommissie het 'n gevoel vir verantwoording ontstaan, maar ongelukkig het hierdie gevoel saam met die Kommissie tot niet gegaan. Die onvermoë van die Kommissie en die regering om wedersyds met mekaar in gesprek te tree het hierdie verantwoordingsgevoel gesmoor (Krog 1998: 293)

Oorgangsgeregtigheid of morele kompromie?

Die WVK word onder andere daarvoor gekritiseer dat dit geregtigheid ondermyn (Allen 2001: 22-23). Twee teenargumente word hiervoor aangevoer. Allen voer aan dat die WVK 'n morele kompromie of transaksie aanbied en dat dit 'n samehangende begrip van geregtigheid onderhou. Die WVK bevorder oorgangsgeregtigheid – 'n tipe geregtigheid wat gepas is vir gemeenskappe wat in transito of oorgang is. Ander meen dat die WVK herstellende geregtigheid nastreef en gevolglik strafregtelike vergeldingsteorieë uitsluit.

In sy kritiek teen die beskouing dat die WVK 'n vorm van oorgangsgeregtigheid verteenwoordig, meen Allen (2001) dat dit moontlik is dat die WVK 'n persepsie van geregtigheid vertoon wat moreel superieur bo ons normale idees van strafregtelike geregtigheid is. Daar bestaan twee weergawes van die aanname dat die WVK 'n spesifieke soort geregtigheid voorstaan. Die eerste is 'n kontekstuele eis dat oorgangsgeregtigheid 'n spesifieke idee omtrent geregtigheid skep wat reageer op die omstandighede van 'n oorgangsregering. Die tweede argument is dat waarheidskommissies ditself bemoei met geregtigheid – of eerder herstellende geregtigheid. Hiervolgens is vergelding en straf nie vereistes van die strafreg nie, en daarom weerspieël die WVK 'n superieure moraliteit van herstellende geregtigheid.⁶ "In

⁶ Herstellende geregtigheid het vier oogmerke ten doel: (1) die herdefiniëring van misdade sodat dit nie beskou word as misdade teen 'n gesiglose staat nie, maar as dade teen ander mense; (2) die heling van al die partye betrokke (die slagoffers, oortreders, families en die gemeenskap); (3) die opbou van 'n strafregstelsel wat oortreders verantwoordelik hou en beide oortreders en slagoffers laat deelneem aan die proses sodat dit wat verkeerd is goed gemaak kan word, (4) en herstellende geregtigheid hou verband met herstel wat moontlik gemaak word deur 'n daad van vernietiging of geweld (Allen 2001: 30). Hieruit volg dit noodwendig dat versoening nie kan plaasvind indien geweld dit nie voorafgaan nie.

circumstances of transition from authoritarian to totalitarian rule, societies typically suffer from a deficit of truth – factual knowledge about past atrocities is lacking, officials resist acknowledging the existence of such events (even when this is a matter of widespread knowledge), and victims seek acknowledgement of their suffering” (Allen 2001: 27). In hierdie omstandighede poog kommissies nie net om feitelike of forensiese waarheid te ontbloot nie, maar om die waarheid te erken. Hierdie erkenning (wat deur beide Krog 1998: 129-130, en Dyzenhaus 1998: 12, afgepleit word) word deur slagoffers ervaar as die herstel van menswaardigheid.

José Zalaquett, 'n Chiliaanse filosoof wat betrokke was by die Waarheidskommissie van Chili, meen dat 'n beleid wat poog om verandering mee te bring 'n herhaling van vorige wandade moet voorkom. Dit sal daarom nodig wees dat ons 'n keuse moet maak tussen die waarheid en geregtigheid. Zalaquett meen dat ons die waarheid moet kies omdat: “ [t]ruth does not bring back the dead, but releases them from silence” (Krog 1998: 24).

Krog meen dat indien die WVK se belangstelling in die waarheid verbind is met amnestie en vergoeding, dan bemoei die Kommissie dit nie met die waarheid nie, maar inderdaad met geregtigheid. “If it sees truth as the widest possible compilation of people's perceptions, stories, myths and experiences will have chosen to restore memory and foster a new humanity, and perhaps that is justice in the deepest sense” (Krog 1998: 16).

Maar die geregtigheid wat die Kommissie onderhou hou ook verband met die moraliteit wat dit ondersteun. Frank Chikane het aan die Kommissie vertel: “The Truth Commission should bring a new morality to this country ... People demanding punitive justice are ignoring the greater justice a new morality could bring – a shared morality – freed from colonialism, oppression and greed ...” (Krog 1998: 18).

Die idee wat waarheidskommissies aan die waarheid heg is nou verwant aan die waarheid as erkenning of geregtigheid as erkenning. Dit is met ander woorde die geregtigheid wat bestaan `wanneer ander mense as gelyke bronne van die waarheid beskou word. Oorgangsgeregtigheid word deur Allen beskryf as 'n: “[...] commitment to the restoration of the human and civic dignity of victims by giving them an opportunity to emerge from a realm of silence and make their experiences audible” (2001: 27). In die opsig het die WVK self die dialogiese ruimte geword waarin slagoffers hul stories van pyn en oorlewing kan vertel.

Allen (2001) meen dat kommissies beskou kan word as instansies wat publieke erkenning aan slagoffers gee. Die doel van die kommissies is nie primêr om feitelike waarhede te ontbloot nie maar om die narratiewe waarheid van die slagoffers hoorbaar te laat klink in die publieke oor. Die erkenning wat die Kommissie aan slagoffers gee is nie beskikbaar in die normale strafregtelike prosedures nie.

Truth commissions are a remedial response to situations in which respect for justice has been undermined and in which the rule of law and the principle of equality before the law have been eroded. Part of their importance consists in their role as rituals of recognition of the suffering of victims of violence and abuse – hence the emphasis on giving people a chance to tell their stories (Allen 2001: 27).

Die WVK-proses was nodig omdat dit die geleentheid geskep het waar die doelbewuste pogings van die apartheidsregering om sekere groepe van morele besluitneming uit te sluit en gevolglik 'n politieke dood op hulle af te dwing, aan die lig te bring. Waarheidskommissies dien as't ware as politieke rituele wat toegang verleen tot die politieke lewe, rituele wat poog om slagoffers wat van morele bemiddeling uitgesluit was aanmoedig om hul stories te vertel. Geregshowe in stabiele en relatief billike gemeenskappe raak nie betrokke in soortgelyke remediërende aktiwiteite nie.⁷ Die rasionaal agter kommissies is dat dit as remedie dien vir gevalle waarin die reg afgedwing was of misbruik is. Die doel van 'n kommissie is dus nie net om stom stories hoorbaar te maak nie, maar ook om die voortou te neem om alle groepe voor die reg op gelyke voet te plaas. Die onderliggende doel is om die belang van geregtigheid te regverdig en die regserkenning wat voorheen ontken is in erkenning te verander (Allen 2001).

Die WVK fasiliteer inderdaad oorgangsgeregtigheid omdat dit van die geregtigheid van 'n positivistiese stelsel na die geregtigheid van 'n demokrasie bewind beweeg en dit terselfdertyd op moreel verantwoordbare wyse probeer doen. In ooreenstemming met Gergen, wat meen dat ons slegs in verhoudings kan leef, meen Tutu dat die mens slegs menslik kan wees in 'n menslike gemeenskap. Om in haat en wraak te leef verontmenslik nie alleen die mens nie maar ook die gemeenskap. "In the African *Weltanschauung* a

⁷ Allen (2001) maan egter dat hoewel kommissies voorsiening maak vir erkenning anders as die van geregshowe is dit nie 'n plaasvervanger of volledige alternatief vir strafregtelike prosedures nie.

person is not basically an independent, solitary entity. A person is human precisely in being enveloped in the community of other human beings, in being caught up in the bundle of life. To be ... is to participate” (Krog 1998: 110). Om deel te neem beteken ook om te erken dat die politiek en die reg wat apartheid onderhou het moreel veroordeelbaar is. Om te erken dat die sisteem verkeerd was skep 'n nuwe gemeenskaplike aanvangspunt. Zalaquett meen dat die gemeenskaplike aanvangspunt impliseer; “To make a clean break form the past, a moral beacon needs to be established between the past and the future” (Krog 1998: 24). In poëtiese terme beskryf Krog in “Land van genade en verdriet” hierdie aanvangspunt as:

'n punt
'n lyn wat sê: van hier af
van die moment af
gaan dit anders klink (Krog 2000).

Terapeutiese dialogiese ruimte

'n Paar dekades gelede onder die vaandel van die humanistiese sielkunde was die sleutelwoord “gevoel”. Meer onlangs het kognitiewe modelle klem geplaas op dit wat sigbaar is. Die toenemende belangstelling in die stem en die vertel van stories noop nie alleen terapeute nie, maar almal wat betrokke is in luisteraktiwiteite om met 'n nuwe oor te hoor (Hoffman 1990: 1-12). Die vermoë van die Kommissie om as “terapeut” te luister is gevolglik baie belangrik. Die doel van die “WVK-terapeut” is om 'n ou storie nuut te laat klink sodat die wat deur die apartheidsnarratief onderdruk was nie meer onderdruk word nie (Bertrando 2000: 83-103).

Veelvuldige stemme is waardevol wanneer verhoudings oorweeg en verander word. Die veelvuldige stemme dien as vormgewende elemente in die diskoerse wat ons met onself en ander voer. Verskillende stemme uit die verlede en hede dra almal by tot die transformering van betekenis. Die belangrikste gevolg wat die Sosiale konstruksionisme vir stemme of klank inhou is dat dit generatief is; dit is onvoltooid en wag op response en interpretasie. Soos Penn en Frankfurt (1994) dit stel hierdie stemme nooi die Ander in (of uit) na wat genoem kan word die dialogiese ruimte.

Ten einde die dialogiese ruimte te skep en te onderhou is die ideaal dat die gespreksdeelnemers die andersheid van die deelnemers beklemtoon. Penn en Frankfurt (1994: 217-231) noem hierdie erkenning van verskil – empatiese verpersoonliking. Dit

beteken dat een deelnemer voorgee om soos die ander te wees sodat die ander beter verstaan kan word. Hierdie proses begin by die terapeut wat deelnemend luister en as 'n getuie van die verteller se lewe begrip toon vir die Ander se dilemmas. Die terapeut verskuif dus van 'n buitestander status na 'n deelnemer met 'n binnestander perspektief. Die binnestander en buitestander se perspektief word oorgedra na die verteller na mate sy begrip toon vir haar eie en ander se personasies. "The clients [narrators] begin to adopt the therapist's willingness to step into the shoes of the other, which increases the clients' empathic capacity toward others" (Penn & Frankfurt 1994: 222).

Dit gebeur dikwels dat kliënte terapie benader met gefikseerde en beperkte narratiewe wat hul perspektiewe op die wêreld weerspieël. Die eerste stories wat vertel word is monoloë omdat dit eenstemmig, absoluut en geslote is. Hierdie narratiewe monoloë gee voor om die waarheid te verwoord wat boonop gepriviligeerde enkelvoudige beskrywings is. Vertellers van monoloë luister na hulself en reageer nie op ander nie. Ten einde die monoloog in dialoog te verander moet dit gerelativeer en gedepriviligeer word sodat dit ander perspektiewe kan akkommodeer. Anders as die monoloog is die dialoog meerstemmig. In 'n dialoog word daar na ander geluister, is die gesprek oop, relatief en ontvanklik, en toekomsgerig omdat dit nie 'n beperking op stemme plaas nie. Dialoog wag ... op antwoorde (Penn & Frankfurt 1994).

Dialogiese kommunikasie antisipeer 'n sekere verhouding tussen gespreksdeelnemers. 'n Outoritêre houding by een van die deelnemers stem die narratief in 'n monoloog. Hoewel die interne monoloog (die gefikseerde storie) eenstemmig is bevat dit nietemin die swyende stemme van ander. 'n Dialoog kan begin wanneer die terapeut die verteller help om die ander se stemme te hoor.

It is this terror ['the banality of evil'] that escapes the TRC. By focusing so selectively on some of the horrors of the apartheid past, its hearings, paradoxically, have the effect of diminishing the full iniquity of the past. By highlighting the trauma of families of activists, the Commission unwittingly silences the lived realities of the multitude, the thousand unnatural shocks that apartheid flesh was heir to. It defines resistance by the active challenges of heroic minority, but passes over the story endurance of the majority (Bundy 2000: 19).

In Stephen Ellis (2000: 57-72) se resensie van die WVK-verslag verwys hy na die kritiek wat Mahmood Mamdani teen die verslag uitspreek. Mamdani meen dat die WVK se beklemtoning van gewelddadige aanvalle op die individu soos moord en mishandeling die gevolg het dat daar gefokus word op 'n relatief klein groep oortreders en skenders van menseregte. Die gevolg is dat die hoofstroom wit gemeenskap dit kon distansieer van hierdie oortredeings wat in hul naam gepleeg is. Die WVK sou meer geslaagd gewees het indien dit vasgestel het wie bevoordeel is deur apartheid beleid eerder as om individuele skendings na te vors.

In reaksie voer die Kommissie aan dat die Versoeningswet uitdruklik van die Kommissie verwag om ondersoek in te stel na wat in artikel een genoem word "groot skending van menseregte". Die groot skending van menseregte word in artikel een van die Versoeningswet gedefinieer as:

- (a) die doodmaak, ontvoering, marteling of ernstige mishandeling van enige persoon: of
- (b) 'n poging, sameswering, uitlokking, aanstigting, bevel of oorhaling om 'n daad in paragraaf (a) bedoel, te pleeg, [...].

Teen die kritiek van Bundy en Mamdani kan ons die volgende aanhaling van Tutu lees as 'n verduideliking waarom individuele waarhede en narratiewe nodig was.

For the process of healing memories to have any validity, it is essential that the truth about gross human rights violations comes out into the open. To be able to forgive, one needs to know whom one is forgiving and why. Without the truth we cannot do that, and without forgiveness the future of our country would be dark indeed (Tutu 1997: vii).⁸

Volgens Tutu is al die narratiewe om die WVK belangrik en het families die reg op geregtigheid. Tog meen hy dat die Kommissie 'n veel belangriker funksie het en dat dit moet luister na die stemme van onbekende slagoffers. Hulle moet die aandag van die media en outoriteit geniet wat die basis vir die bekendmaking van slagoffers se

⁸ "The isolation of Jews in ghettos under subhuman conditions, their systematic degradation and murder in the camps, were not only the result of Nazi fantasies about the Jews but also the way in which these fantasies were translated into reality" (Furkenstein 1993: 27). In dieselfde mate as wat haat en fanatisme na die realiteit vertaal is deur wandade, moet die ongelooflikheid daarvan ook terug vertaal word na die tekstuele.

ondervinding skep (Krog 1998).⁹ Daarom dat Hungerford oor Wilkomirski se *Fragments: Memories of a Wartime Childhood* (1995) skryf dat:

[n]o matter how far removed Yale graduate students may be from the actual violence of the Holocaust, that violence underwrites the substance of what they are said to experience [...] And no matter how doubtful the facts behind Benjamin Wilkomirski's memoir have turned out to be, the violence described there is, for both Wilkomirski himself and his readers, the source of the story's power and its significance (2001: 79).

Hoewel die WVK ten minste 20 000 individuele stories in die terapeutiese dialogiese ruimte aangehoor het en momentele verligting gebring het, rimpel die terapeutiese gevolge daarvan verder uit soos 'n klip wat in 'n dam water gegooi word. Elke teks wat uit die WVK vloei, golf deur die samelewing en bied nie alleen 'n terapeutiese ruimte vir die outeur van die teks nie, maar ook vir diegene wat die teks lees. Die reperkussies van die WVK was en is inderdaad omvangryk en spoel kragtig die letterkunde in.

Literêre gevolge van die WVK

Die WVK het in 'n oorgangstydwerk tussen apartheid en die nuwe demokratiese bestel 'n prominente rol vertolk wat 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen het (en steeds uitoefen) op skrywers in Suid-Afrika en in die buiteland. André Brink noem onder andere twee gevolge wat uit die verhouding tussen skrywers en die WVK spruit. Die eerste is dat die persoonlike orde in Suid-Afrika polities geword het, en die tweede is dat sekere ondervindingsvelde wat vroeër taboe onderwerpe was of as fiksie geklassifiseer is nou bespreek kan word. In Brink se woorde:

In the spectrum of possibilities how opening up to the writer in post-apartheid South Africa, these silent places invite exploration, almost as a condition for future flowering. One might even say that unless the enquiries of the TRC are extended, complicated, and intensified in the imaginings of literature, society cannot sufficiently come to terms with its past to face the future (1999: 30).

⁹ Ook die pyn wat slagoffers voel word nie uitgesluit van die terapeutiese diskoers nie. "It has been transformed, rendered into other forms more amenable to the model of the human fabricated by sociology" (Fox 1993: 143). Die betekenis van pyn word dan die fokus, en die sosiologiese subjek word uitgewerp.

Volgens Brink is die Kommissie daarop uit om die waarheid en niks minder as die waarheid te ontbloot nie. In die konteks is die waarheid gelykstaande aan feite. En fiksie (die literatuur) meen Brink, veronderstel 'n proses waardeur die werklikheid nie bloot voorgestel word nie maar verbeel word of soos De Ville (1999a: 213) van oordeel is dat die verlede slegs in virtuele vorm bestaan. Daar word met ander woorde nie gepoog om die geskiedenis te herkonstrueer nie maar om dit deur die literatuur te verbeel. "We now accept that history 'as such' is simply (or, in the fashionable phrase, 'always already') inaccessible: our only grasp of Waterloo is attained through what has been written about it" (Brink 1999: 32). En dieselfde geld vir die geskiedenis van apartheid Suid-Afrika.

In die sin is Waterloo en apartheid Suid-Afrika taalhandelinge. Deur die tekstualisering van die gebeure word die gebeure ook in narratief geplaas wat ooreenstem met die proses van fiksie skrywe. In hierdie proses val die geskiedenis, geheue en taal soos 'n akkoord saam sodat dit ononderskeibaar van mekaar is. Die "oorsprong" van geskiedenis wat deur die geheue opgeroep word, word in taal gedekodeer, en elkeen van hierdie momente word 'n voorwaarde vir die bestaan van die ander (Brink 1999).

Die woord - histories - hou ook verband met stories: dit steun immers op dieselfde liniêre idee van tyd wat 'n begin, middel en einde antisipeer. En sentraal tot die proses wat ons geskiedenis noem staan die narratief en die literêre vorme daarvan. Maar die skryf van 'n virtuele geskiedenis vereis meer as net 'n "nuwe" interpretatiewe perspektief. Om 'n patriargale diskoers te vervang met 'n matriargale perspektief eerbiedig steeds die patrone en modelle van die oorspronklike metanarratief. Brink meen dat kontemporêre skrywers in ag moet neem dat die moontlikhede van skryf self verskuif het.

The past cannot be corrected by bringing to it the procedures and mechanics and mind-sets that originally produced our very perception of the past. After all, it is not the past as such that has produced the present of poses the condition for the future (this was the fatal delusion of Naturalism), but the way we think about it. Or, even more pertinently, the way in which we deal with it in language (Brink 1999: 33).

Brink herdink die storie en identifiseer daarom drie eienskappe van 'n storie. (1) Brink meen dat stories die gevolg is van internalisering en personalisering. In teenstelling met

die publieke narratiewe van die geskiedenis, eksplorieer stories die historiese vanuit 'n interne perspektief en internaliseer stories dit wat in die publieke arena aangaan. (2) Stories gee nie voor om die waarheid aan die lig te bring nie maar op die meeste word 'n weergawe van die waarheid aangebied. En die waarheid hiervan is dat dit die leser toelaat om verskeie beskikbare weergawes te vergelyk om een daarvan te aanvaar of om 'n kompromie daarvan te aanvaar. (3) Brink meen dat stories die verbeelding beliggaam.

[...] even when a story tacitly narrates an event 'based on reality' it is infused with, and transformed by, the notoriously unreliable complex of private motivations, hidden agendas, prejudices, suspicions, biographical quirks, chips on the shoulder, and conditionings that constitute the idiosyncratic, individual mind" (Brink 1999: 39).

Siende dat Krog verslag moes doen van die werksaamhede van die WVK eksplorieer sy die WVK stories vanuit 'n interne of persoonlike perspektief. In *Country om My Skull* maak Krog nie daarop aanspraak dat sy die enigste waarheid oor die WVK verkondig nie. Inteendeel na aanleiding van Jeff Benzien se verklaring, sluit Krog haar verslag vir *Radio Sonder Grense* af met: "Antjie Samuel reports" (Krog 1998: 75). Ook vind Krog by geleentheid 'n nota in haar posbus waarin sy as Antjie Samuel "onvergenoedge veldprediker" uitgeskel word (Krog 1998: 162). Hierdie waarheid is met ander woorde Krog se waarheid. Maar, Krog verwoord nie net haar waarheid nie, sy skep 'n collage van waarhede waarvan die leser kan besluit watter "waar" of "vals" is. Sy gaan immers te werk met: "[s]tories, complete stories with beginnings, middles and ends, are told for the first time over the news" (Krog 1998: 31-32). Wanneer historici (of skrywers) realiteit weergee kan hulle nie rekenskap doen van alle dokumente en stories nie. Hulle gaan eerder selektief te werk en stel 'n realiteit saam wat aan die narratiewe en kulturele eise van die konteks voldoen (Gergen 1991).

4 *Country of My Skull*

Indien daar onderskei word tussen interne en eksterne werklikhede kan die literêre teks beskou word as 'n artefak wat ontspring in die "eksterne" realiteit. Indien die eksterne werklikheid as't ware verantwoordelik is vir die ontstaan van die teks behoort daar 'n duidelike verband te bestaan tussen teks en werklikheid. Literêre tekste en die wêreld tree dus in wisselwerkende gesprekke met mekaar. In postmoderne terme is ook die

wêreld “daar buite” ’n teks. Meer genuanseerd gestel en in aansluiting by De Ville (1999a) en Gergen (1991), tekste tree dus in wisselwerkende diskoerse met mekaar. In *Country of My Skull* lewer Krog dus kommentaar nie alleen op die prosesse van die WVK nie, maar op die breër nasionale kollektiewe skryf van ’n ander weergawe van die Suid-Afrikaanse biografiese verbeelding. En hierdie biografie kry betekenis soos dit in verhouding staan met ander (kon)tekste. So gebeur dit dat teks storie word, en dat stories realiteite spieël en uiteindelik realiteite word. Hierdie proses is natuurlik net moontlik indien stories vertel word en ons daarna luister. *Country of My Skull* word vervolgens aan die hand van die vyf postmoderne temas (naamlik stories en die taal waarin ons dit vertel, waarheid en realiteit, betekenis en interpretasie) bespreek wat in hoofstuk twee geïdentifiseer is.

Stories en die taal waarin ons dit vertel

Op reis met die WVK moet Krog staat maak op verblyf in hotelle en gastehuse, en intussen “vervreem” sy van haar man en kinders. Kort voor lank word sy ’n vreemdeling in haar eie huis: “I walk into my home one evening. My family [...] seem like a happy, close-knit group [...] Everything has become unconnected and unfamiliar. I realize that I don’t know where the light switch is [...] I enter my house like a stranger” (Krog 1998: 47-49). Die vervreemding wat die vertellende self ondervind staan sentraal tot *Country of My Skull*. Ruimtelik omvou die teks die vreemdheid van die verteller se land sodat die vreemdheid kenbaar word en figureer in die titel as “skull”. *Country of My Skull* word die ruimte waarin ’n vervreemde Krog woon, en hierdie nuwe “woordehuis” word gebou met persoonlike en vreemde vertellings.

In dieselfde mate as wat die vertellershandeling ontlading aan slagoffers van apartheid bied, plaas die skrywershandeling Krog deur ’n proses bekend as abreaksie.¹⁰ Sanders meen dat: “[telling] helps her [Krog’s] story to mime, almost in silence, without in any way claiming an identity with apartheid’s victims, what takes place at the hearings, when witnesses testify to police or soldiers invading their houses, and to being forced from their homes” (2000: 79). Die verdubbeling van ruimtelike misplasing is ’n gedragspatroon wat die Kommissie, vertalers, joernaliste en dataverwerkers in gemeen

¹⁰ In die sielkunde verwys abreaksie na: “[d]ie proses waardeur ’n persoon verligting van spanning verkry deur die veroorsakende omstandighede in woord, daad of verbeelding te herleef, Die term dui gewoonlik op handeling wat ’n positiewe terapeutiese effek het” (Plug *et al* 1997: 4).

het met die slagoffers wie se stories hulle aanhoor. Hulle deel dieselfde simptome as die slagoffers. Die aanhoorders sal soos die slagoffers van apartheid magteloos en van woorde ontnem word. Woordloosheid en ontsetting verenig in *Country of my Skull* en mimiek die stories van die slagoffers. Dit laat uitinge oor aan stamelende woorde en laat die woorde van 'n getuie toe om by die skrywer te "spook" selfs wanneer hy of sy nie praat nie. "Dramatising the scene of being host to the words of the other, it outlines how the Commission and its work can be taken up in literature after apartheid (Sanders 2000: 79-80).

In hul navorsing het Penn en Frankfurt (1994) gevind dat deur te skryf, betekenis wat voorheen geïgnoreer is of nie vertel is nie, uitgenooi word in die relasionele veld van die teks. Woorde kruis en stamp teen mekaar wanneer dit in skrif "vasgevang" word. "Adding writing to conversation in therapy, we have found, hastens the discovery of new voices and, thus, the creation of new narratives" (Penn & Frankfurt 1994: 219). Om te skryf (of vertel) is om te onthou. Die geheue word nie net in stories opgeknip nie, dit word inderdaad deur stories geskep. Wanneer 'n storie vertel word lê dit 'n basis vir die toekoms.

Tydens die skryfproses is die verhouding tussen die self en die ander belangrik, omdat die ander deel word van dit wat beskryf is. Voorstellings van die ander word geskep en gelokaliseer binne die self. Die self en die ander staan gevolglik in 'n wisselwerkende verhouding wat deur taal in tekste geskep is. In die opsig verklaar Penn en Frankfurt dat: "[...] every work is in [this] sense 'double-voiced,' for it is said or listened to, written or read, with a 'glance' to the other" (1994: 221).

Die self word ook opgeneem in die vertellings van die ander. By die verhore in Tzaneen vertel 'n Tswana tolk dat dit moeilik is om slagoffers se stories te herlei, omdat hy telkens as eerstepersoon verteller daarvan optree. Daar is geen afstand tussen hom en die slagoffer nie, want ook hy is nou die slagoffer in of van die ander se storie. "I have no distance when I say 'I' ... it runs through me with I" (Krog 2002: 129).

Die belang om te praat oor die verlede word ook deur Borraine, Levy en Scheffer beklemtoon, want: "[...] ignoring the past could compound the problem and merely delay the necessity of addressing the same set of problems in the months and years ahead" (1997: 154). Of soos Krog, Asmal en Solshenitsyn aanhaal: "By not dealing with past human rights violations, we are not simply protecting the perpetrators' trivial old age; we are thereby ripping the foundations of justice from beneath new generations" (1998: 25).

Die vertellershandeling beïnvloed nie alleen die vertelde of virtuele geskiedenis nie. Stories is veel kragtiger omdat dit terapeuties is en poog om menswaardigheid te herstel. Die vertel van stories fasiliteer, wat Sanders noem, 'n deelname aan die poëtika:

Along with questioning, it signals an unverifiability which stands watch, at times ironically, over the impulse to verify and to corroborate tales, and so to falsify, others, in the interests of fabrication what the report, entering the domain of fable, terms, 'the South African story'. It is in inviting this unverifiability, in seeking to be host to the word of the other, that the soliciting of testimony too partakes with poetry' (2000: 88).

So byvoorbeeld meen Yassir Henry dat hy sy storie vertel om voort te kan gaan met sy lewe en wakker te word uit die nagmerrie. "[T]he TRC will grant me the possibility to wake up from this nightmare with which I've been living for so many years, so that I too can share in the process of healing taking place in our country" (Krog 1998: 54).

Krog verduidelik aan haar man dat die narratief die mees primitiewe vorm van verklaring is en dat ons sin maak van die wêreld deur dit in stories te pas. Wanneer gebeure by die patroonmatigheid van 'n storie pas verklaar ons die gebeure deur van die storie gebruik te maak. "Nations tell stories of their past in terms of which they try to shape their futures" (Krog 1998: 197). Deur stories poog ons dus om die verlede met die toekoms te versoen. 'n Voorbeeld van die transendentale vermoë van stories blyk uit die storie van Sonnyboy.

[...] Sonnyboy was already dead. He was holding him by his legs like a dog.
[...] The sun was bright ... but it went dark when I saw him lying there. It's an everlasting pain. It will stop never in my heart. It always comes back, it tears me apart. Sonnyboy, rest well, my child. I've translated you from the dead (Krog 1998: 28).

Hoewel Sonnyboy nie soos Lasarus met spraak uit die dood opgeroep kan word nie, transendeer 'n eens verlore storie uit die dood om deur woorde lewend te word. Of soos Krog in *Country of My Skull* die laaste afdeling van hoofstuk 3 benoem: "We tell stories not to die of life" (1998: 48). Deur stories word die lewende met die doderyk verenig.

Dit wat aanvanklik stilswyend toegekyk is word daar nou aan uitdrukking gegee deur taal en spraak. “Now to seeing, speaking is added and the eye plunges into the mouth” (Krog 1998: 29).

Of soos Lucas Sikwepere meen dat hy sy sig kry in ruil vir die vertel van sy storie. “But I feel what has been making me sick all the time is the fact that I couldn’t tell my story. But now I – it feels like I got my sight back by coming here and telling you the story” (Krog 1998: 31). Nie alleen verenig die storie sig en spraak nie, maar ook die interne en eksterne wêreld van die mite.

Mites (stories) maak dit ook moontlik om met die onmoontlike saam te leef. “A myth is a unit of imagination which makes it possible for a human being to accommodate two worlds. It reconciles the contradictions of these worlds in a workable fashion and holds open the way between them” (Krog 1998: 190).

Hoewel Krog glo in die versoeningswaarde van die narratief (wat die werksaamhede van die WVK insluit), staan Adam Small ambivalent teenoor die WVK. “I am a man of two hearts and not of this world. This Truth Commission thing is useless – it wastes hard-earned money to listen to a bunch of crooks. Only literature can perform the miracle of reconciliation” (Krog 1998: 18). Hoewel die letterkunde inderdaad hierdie funksie vervul blyk dit of Small nie die verband tussen die WVK (as narratiewe proses) en die letterkunde trek nie. McLaughlin verduidelik hoe die literatuur eerder beskou kan word: “[...]’discourse’, ‘structure’, and ‘narrative’, suggests that literature is best understood not as a self-contained entity but rather as a writing practice, a particular formulation within the world of discourse” (1990:5). Krog verstaan ook die literatuur as ‘n bevryende genre waarin sy die verhouding tussen diskoerse konstrueer. So byvoorbeeld skep sy ‘n “fiktiewe” verhouding wat as klankbord vir haar as ma, skrywer en joernalis dien.

Deur die geliefde met die vertel van ‘n storie in verband te bring, en aan te dui hoe die vertel van ‘n storie verband hou met die waarheid, fokus *Country of My Skull* op die vertellingshandeling. “As it does several times throughout the work with reference to testimony and to radio soundbites, exposing fictionality at the heart of the book, a ‘postmodern’ metanarrativity is at work [...] (Sanders 2000: 81). So byvoorbeeld word Partick, ‘n kollega, ‘n karakter aan wie spraak gegee word om kommentaar te lewer op die teks. Op die wyse onderwerp Krog *Country of My Skull* aan selfkritiek. Die gesprek tussen Krog en Patrick lees as volg:

'Hey, Antjie, but this is not quite what happened at the workshop,' says Partick.

'Yes, I know [...] I'm not reporting or keeping minutes, I'm telling [...] I cut and past the upper layer, in order to get the second layer told, which is actually the story I want to tell [...]'

'But then you're not busy with the truth!'

'I am busy with the truth [...] *my* truth [...] Seen from my perspective, shaped by my state of mind at the time and now also by the audience I'm telling the story to (Krog 1998: 170-171).

Partick reageer deur haar te vra of die verhouding met die geliefde "waar" is. Krog se antwoord verbind die karakter van die geliefde met die vertel van stories:

'No, but I had to bring a relationship into the story so that I could verbalize certain personal reactions to the hearings, I had to create a new character who could not only bring in new information but also express the psychological underpinnings of the Commission' (Krog 1998: 170).

Krog skep 'n karakter wat haar toelaat om haarself te ontdek en effektief te reageer op bepaalde getuïenisse en haar reaksie daarop weerklank. Na watter persoonlike reaksies verwys Krog, en wat is die sielkundige ondertone van die Kommissie waarna sy verwys? By 'n werkwinkel verwys 'n sielkundige na twee parallelle spore naamlik die van die Waarheidskommissie en die van persoonlike verhoudings. Volgens hom wil ons instinktief 'n skeiding tussen die Kommissie en persoonlike verhoudings bewerk, sodat ons beskerm is van ons eie gevoelens.

You find it impossible to convey the totality of the impact to anyone. Most people become totally withdrawn from their families. But to stay sane, you create on this Truth Commission track a substitute for your personal life. You recreate your personal relationships in the Commission – you find a father, a mother, a sister, a beloved, a son. Which is fine in itself, so long as you remember that the one track is coming to an end in eight months' time (Krog 1998: 170).

As 'n struktuurmeganisme en om rekenskap te doen van hoe *Country of My Skull* geskryf is, gebruik Krog die verdedigingsmeganisme - verdeling ("splitting") - waarin die self en

die ander in die self van mekaar geskei word. Die karakter van die geliefde is nie alleen 'n klankbord nie, maar 'n substituuat vir haar man. Die "fiktiewe" karakter vervang haar "reële" man en veroorsaak dat fiksie en realiteit vermeng en onskeibaar word. *Country of My Skull* laat ons toe om die konsep herskep ("recreate") te beskou in beide die "werklikheid" en die "irreële". Indien die virtuele geliefde 'n substituuat is moet hy immers 'n funksie vervul. Of soos Sanders dit stel: "What can be conveyed when he is in attendance which might 'contaminate' the 'personal attack?'" (2000: 82).

Hoewel die vertel van stories terapeutiese waardes vertoon en 'n basis vir versoening kan lê, kan dit ook probleme oplewer. Die vertel van stories in 'n ander taal lê egter die digter se tong lam: "My tongue [is] paralyzed in a fucking second language" (1998: 167). Dieselfde probleem doen dit voor wanneer Krog die dag se gebeure met 'n medeverslaggewer wil deel maar die persoon nie Afrikaans verstaan nie. "Maybe you don't understand the Afrikaans, but he sounded really pious ...' / '. Yes, I picked it up in the translations" (Krog 1998: 142).

Taal verbind ons dus met die sisteme waarin ons is en wat rondom ons is. Indien daar 'n probleem in die sisteem is word dit aangespreek deur taal. Maar, "[t]he system to be treated includes those who are in a languaged context about a problem. [...] It is the people who are in a problem context, the people who 'language' about what they call a problem, the people who comprise the social system that is the target of treatment" (Anderson & Goolishian 1988: 379). Sisteme skep nie noodwendig probleme nie, maar verskillende talige interpretasies van die sisteem skep probleme.

Dit is om die rede dat ek die vermoë van narratiewe en stylfigure soos die metafoor beklemtoon omdat dit die postmoderne gevoel vir interpretasie oproep. Die storie of metafoor gaan nie noodwendig 'n "plain meaning" interpretasie oplewer nie. Die gevolge van die storie en metafoor strek veel verder, deurdat dit self sosiaal konstruksionisties is. Stories en metafore konstrueer op genuanseerde wyse betekenis, wat in die lig van *Country of My Skull*, sosiaal, polities en histories gesitueer en gekontekstualiseer is. Die metafoor is so aanpasbaar dat dit sintuie kan vermeng of soos Krog dit stel: "[...] the eye plunges into the mouth" (1998: 29).

Maar beter as Mair Miller kan ek kwalik die aard en waarde van stories beskryf daarom dat ek die volgende passasie in geheel aanhaal:

Stories are habitations. We live in and through stories. They conjure worlds. We do not know the world other than as a story world. Stories inform life. They hold us together and they keep us apart.

We inhabit the great stories of our culture. We live through stories. We are lived by the stories of our race and place. It is this enveloping and constituting function of stories that is especially important to understand more fully.

We are, each of us, locations where the stories of our place and time become partially tellable. We are in the story, and the story is in us (Doan 1998: 381).

Die verhouding tussen die lewe en stories word gewoonlik op twee maniere beskryf. Aan die een kant kan die lewe (of verlede tyd) beskou word as iets wat in stories verwoord kan word. Aan die ander kant word stories beskou as ideale waarvolgens lewens ingerig word. Gevolglik word die lewe gemeet teen die betekenisvolle patrone wat dit in literêre stories weerspieël. In die eerste geval is die lewe die voorbeeld waarvolgens die literatuur ditself moet rig. In die tweede geval gee die literatuur ons die voorbeeld waarvolgens ons, ons lewens moet inrig (Widdershoven 1993: 1). "Life and stories are not two separate phenomena. They are part of the same fabric, in that life informs and is formed by stories" (Widdershoven 1993: 2). Dit wat ons realiteit noem is dus in der waarheid ook 'n storie.

Waarheid en realiteit

Reeds in die begin van *Country of My Skull* spreek Krog haar ongemak met die waarheid uit: "The word 'Truth' makes me uncomfortable. The word 'truth' still trips the tongue" (Krog 1998: 36). Of soos die tegniese assistent sê: "Your voice tightens up when you approach the word 'truth' [...]" (Krog 1998: 36). Krog meen dat sy nie gewoond is aan die woord nie en wanneer sy dit tik, dit dikwels as "turth" of "trth" uitkom. "I have never bedded that word in a poem. I prefer the word 'lie'. The moment the lie raises its head. I smell blood. Because it is there ... where the truth is closest" (Krog 1998: 36).

Krog se ambivalente gevoelens teenoor die waarheid wat sy reeds in die begin van *Country of My Skull* uitdruk skemer ook deur aan die einde van die teks. Tog het die ambivalensie 'n akkommoderende dog kritiese toon. In die slotgedig van die boek verwys Krog na 'n duisend stories wat direkte verband hou met 'n duisend waarhede.

of my soul the retina learns to expand
daily because by a thousand stories
I was scoured

a new skin.

(Krog 1998: 279).

Met die verloop van die proses het Krog duisende stories aangehoor en geleer om soos die retina van die oog te rek en te krimp om die waarheid van elkeen te aanvaar en te absorbeer. Hoewel Krog veelvuldige waarhede aanvaar is sy aan die einde van *Country of My Skull* nie meer so ongemaklik met die term soos aan die begin nie. Die veelvuldige stories en hul waarhede het vir Krog 'n nuwe vel gekroei. Deur beide die WVK (wat verskeie stories en waarhede ontbloot het) en die skryf van *Country of My Skull* is sy in die leuens oor die waarheid (be)liggaam. Of soos sy dit stel: "I have told many lies in this book about the truth" (Krog 1998: 281).

Die een se waarheid is die ander se valsheid. Die een se vriend is die ander se vyand. Of soos Jaap du Randt dit verduidelik: "One person's vigorous search for truth is the other's witch-hunt" (Krog 1998: 18). Rosemary Coombe meen dat die beregting van sake nie handel oor die onderskeid tussen waarheid en valsheid nie maar oor 'n keuse tussen alternatiewe waarhede (1989: 615).

So byvoorbeeld is die rolspelers van die Mutase-moorde verdeeld oor die waarheid daarvan. Krog meen dat Paul van Vuuren, Kaptein Hechter, Joe Mamasela en John Miles, met ander woorde elke verteller en elke luisteraar die storie inkleur in terme van die waarheid. "Telling is therefore never neutral, and the selection and ordering try to determine the interpretation" (Krog 1998: 85). Elke narratief is "eie" aan die verteller daarvan.

Hierdie waarhede en realiteit speel in verskillende sosiale ruimtes af. Die apartheid verlede roep 'n ruimte op waarin geweld geregverdig was. In die hede bestaan 'n ruimte waarin die skending van menseregte as gevolg van die immoraliteit daarvan verwerp word. So byvoorbeeld het die sitting van die WVK plaasgevind in Grahamstad se stadsaal omdat die ruimte nie meer net aan wit oortreders behoort nie maar 'n gemeenskaplike ruimte vir almal is (Krog 1998). Die bestaan van hierdie kollektiewe ruimte laat toe dat: "[...] people are able to tell their stories, the lid of the Pandora's box is lifted; for the first time these individual truths sound unhindered in the ears of all South

Africans” (Krog 1998: 45).¹¹ Almal bring hulle weergawes van die waarheid na die arena van die verlede (WVK), en: “[...] only in this way does the past become thinkable, the world become habitable” (Krog 1998: 89).

Vanuit ‘n sosiaal-konstruksionistiese perspektief word die realiteit van emosies nie ontken nie. “[...] when people talk about emotions they are usually doing a lot more than simply reporting upon how they feel inside” (Edley 2001: 438). Sosiale konstruksioniste meen nie dat diskursiewe objekte nie reëel is nie. Inteendeel, die wyse waarop ons oor emosies praat konstitueer die wyse waarop mense hulself as emosionele wesens verstaan. Met ander woorde, indien mense kwaad, angstig of vreesbevange is in die ontologiese sin van konstruksie is dit ‘n gevolg van die terme (kwaad, angstig of vreesbevange) wat ons op onself toepas (Edley 2001).

Hoewel die WVK vier verskillende waarhede erken verwys dit nie na die geslag van die waarheid nie. In hoofstuk 16 van *Country of My Skull* vra Krog : “Does truth have a gender?” (1998: 178). En die antwoord op hierdie vraag manifesteer reeds in hoofstuk 5 (“Truth has become Woman”) en is geleë in die titel van hoofstuk 16: “Truth Is a Woman”. Krog beweeg van “die waarheid het ‘n vrou geword” na “die waarheid is ‘n vrou”. Hoofstuk 16 is ook uitsluitlik gewy aan gruwel misdade teenoor vroue. Dit handel dus oor die waarheid van vroue en dui nie noodwendig daarop dat die waarheid uitsluitlik vroulik is nie. Maar ons moet nie vergeet dat vroue stemme gedurende apartheid (maar nie uitsluitlik net gedurende die apartheidsera nie) as’t ware gedwonge geaborteer is. Hoewel die waarheid van vroue en vroulikheid nog altyd bestaan het dra die WVK en *Country of My Skull* veral nou daartoe by dat hierdie pynlike waarheid op almal wat wil hoor se ore val. Ons kan nou, vir die eerste keer, hierdie vrou leer ken. Waarom is die stemme nou hoorbaar? Krog antwoord, omdat ons nie meer onder die manlike “tyranny of silence” leef nie (1998: 145). Hierdie tiranne van swye propageer teenstellendes tussen manlikheid en vroulikheid, waarheid en valsheid, en goed en kwaad.

¹¹ Die reaksie op hierdie individuele waarhede laat Krog die volgende vrae vra:

How impartial can a person be who has lost both hands in a bomb attack? Would black victims identify with a white victim? Moreover, should people on the list be representative of a time of morality, or do they need to represent gender, politics, race, province, language and so forth? To put it another way: which Africaners will be on the Commission? [...] And how can a former right-wing Afrikaner take moral decisions about people whose sentiments he shared? Which black people will serve on the Commission? (Krog 1998: 20).

In 'n gesprek met haar kollegas verduidelik Krog dat sy die obsessie met die bouse as 'n manlike eienskap beskou. Sy verduidelik dat al die joernaliste wat fokus op die stories van die misdadigers manlik is: “[...] the smell of male bonding, male culture, misguided bravery – the machismo fascinates men” (Krog 1998: 261). As voorbeeld van inherente boosheid verwys sy na Hitler wat sy menslikheid verpand en verbeur het. Tog meen Krog dat geen goed of kwaad absoluut is nie. “Every good is imperfect in its own way and every evil has an underlying potential to be good” (Krog 198: 261).

In die Westerse literêre tradisie word daar verwag dat goed of waarheid (geregtigheid) oor kwaad of valsheid sal seëvier. In Afrika gemeenskappe is die siening dat goed en kwaad as samestellende komponente van die lewe bestaan. Soms oorwin geregtigheid en ander kere nie (Yewah 1996). Deur die getuienisse voor die Kommissie te volg, onthul *Country of My Skull* 'n weergawe van vertel (insluitend bevraagtekening of ondervraging) wat verband hou met 'n ander weergawe van die waarheid wat nie gereduseer kan word tot goed teenoor kwaad of waarheid teenoor valsheid nie.

Reeds in hoofstuk twee is die aard van postmoderne realiteit beskryf as gemeenskaplik gekonstrueer en vloeibaar. Indien ons gesamentlik postapartheid realiteit gaan konstrueer dan behoort ons in die konstruksieproses reeds die realiteite van ander te akkommodeer anders kan ons nie aanspraak maak op 'n demokratiese bestel nie. Regsinterpretasie kan nie aanpas by die sosiale veranderinge wat in Suid-Afrika plaasvind indien dit nie bereid is om die realiteite van alle Suid-Afrikaners te aanvaar nie. In hierdie opsig het die WVK, deur hul intense belangstelling in plaaslike narratiewe, die basis van verdraagsame versoening gelê waaruit geregshowe inspirasie vir regsinterpretasie kan put. Net soos wat hierdie plaaslike narratiewe ons persepsies omtrent sosiale waardes en strukture behoort te verander, moet dit ook 'n invloed uitoefen op die reg wat hierdie sosiale waardes en strukture reguleer. Die postmoderne konseptualisering van realiteit as 'n multiversum van betekenis wat geskep word in dinamiese sosiale interaksie en wedersydse kommunikasie kan die probleme wat geassosieer word met enkelvoudige waarhede elimineer (Anderson & Goolishian 1998: 378, Kvale 1992: 1-16).

Interpretasie

Wanneer die bestaan van meervoudige waarhede erken word beteken dit nie dat alle interpretatiewe probleme opgelos is nie. Inteendeel, kritici van die Postmodernisme

argumenteer dat meervoudige waarhede en realiteite juis meer probleme vir die stabilisering van betekenis en interpretasie skep (Maze 2001: 393-417). Rosemary Coombe is van oordeel dat die verwerping van die Positivisme in die sosiale wetenskappe ook die reg beïnvloed, daarom dat kontemporêre regsinterpretasie bedink behoort te word. Die sosiale en politieke situering van regsinterpretasie impliseer dat woorde geen alledaagse betekenis het nie en betekenis gevolglik onbepaald is. "The predominant concern is that the abandonment or rejection of positivism or objectivism raises the spectre of 'nihilism' and subjectivism, thereby threatening the legitimacy of adjudication and ultimately the rule of law itself" (Coombe 1989: 616).

Die Sosiale konstruksionisme streef nie na die stabilisering van interpretasie deur bepaalde interpretasie-strategieë voor te stel nie. Die Sosiale konstruksionisme nooit juis meer stemme tot die diskoers uit sodat die verdeeldheid tussen die pro- en antagoniste in die diskoers na wedersydse begrip opgehef kan word. Ons gebruik immers nie almal dieselfde woorde om dieselfde betekenis aan dieselfde gebeure te skenk nie. Hoewel slagoffers van apartheid in die breë deur dieselfde proses beleef het, beskryf almal nie die apartheidverlede dieselfde nie.

So byvoorbeeld beskryf Anna Silinda die wreedaardige vuurdood van haar seun sonder om die woord - dood - te gebruik: "He only opened his mouth like a bird and closed his mouth again and his eyes were now changing their colour and ... I cried ..." (Krog 1998: 139). Saam met haar by die Kommissie was Anna se dogter geklee in 'n rok met dolfyne. Krog beskryf die ruimte tussen Anna en haar dogter as sorgeloos waar dolfyne speels "fladder". Is die pyn oor die dood van haar seun so teer en onverwerk dat Anna nie sy dood wil of kan aanvaar nie? Of is die grusame wyse waarop hy dood is bloot onaanvaarbaar vir Anna daarom dat sy die woord - dood - vermy? Begeer Anna se dogter nie onbewustelik vir haar en haar broer 'n sorgelose ruimte waarin hulle vry soos dolfyne in hul eie land kan "fladder" nie? Hoewel Anna Silinda weier om die woord dood te gebruik beteken dit nie dat sy die dood ontken nie. Deur haar verset toon sy aan dat hierdie universele gebeurtenis verskillend geïnterpreteer en ervaar word.

Krog gebruik ook die verskil tussen wit en swart mense om ons vermoë om te interpreteer te beskryf. Net wanneer sy die liggaamstaal van applikante geïnterpreteer het kom Krog tot die besef dat sy nie die liggaamstaal van swart mense kan interpreteer nie. Wanneer sy wit mense ondervra beoordeel sy die geloofwaardigheid van hul getuienis deur in hul oë te kyk, hulle bloos effe en die stem plat af en sekere handgebare

verraai die valsheid van dié waarheid. Tog meen Krog dat dit nie die geval is met swart mense nie. Maar wanneer sy met Tutu 'n onderhoud voer en hy voortdurend na woorde soek weet sy dat dit 'n moeilike onderhoud vir Tutu was.

Krog weet dat swart mense die uitdrukkings en intonasie van Dirk Coetzee mis interpreteer. Charity Kondile meen dat Coetzee lag wanneer hy vertel hoe hy haar seun gebraai het. Maar wanneer Krog dit interpreteer lui dit so: "I can see that his mouth is dry and his head has a barely perceptible tremble – he is either on medication or suffering from post-traumatic stress. But the Kondiles see a man with an arrogant smile on his face" (Krog 1998: 234).

In sosiale omstandighede interpreteer verskillende kulture die gedrag van ander nie noodwendig soos die ander dit geïnterpreteer wil hê nie, daarom dat die Sosiale konstruksionisme drie houdings voorstel wat belangrik is vir die akkommodering van die ander se interpretasie. (1) Daar word voorgestel dat ons die fokus moet verskuif vanaf die beginsels wat diskoers en uiteindelik interpretasie reël na die gespreksdeelnemers, omdat laasgenoemde ook teks is en die breër konteks van die diskoers agterhaal. (2) Ons vermoë om self die voorwaardes van antagonisme te bepaal behoort ons in staat te stel om bestaande taalstrukture (of metanarratiew) af te breek en vrye diskoerse toe te laat. (3) Die oplos van bestaande interpretasieprobleme moet egter verder strek as net dialoog. Dit moet die konflik tussen sosiale, politieke en kulturele diskoerse insluit. "When conflicts are untenable, postmodernism opens the way to means of mending; from the postmodern perspective, however, a certain degree of conflict in society is both unavoidable and desirable" (Gergen 1991: 259).¹² Hierdie houdingsverandering wat die Sosiale konstruksionisme voorstel behoort geakkommodeer te word in kontemporêre regsinterpretasie, omdat die reg tred moet hou met die sosiale omstandighede wat dit reguleer.

Regsinterpretasie is nie 'n studieveld wat bewustelik geïsoleer kan word van die sosiale toestande wat dit onderhou nie. Betekenis in die reg word voortdurend gemobiliseer om verhoudings van dominansie in stand te hou en regsinterpretasie speel 'n belangrike rol vir die onderhou van (on)gelyke sosiale verhoudings. Coombe se belangstelling in die reg en letterkunde lei haar om te verklaar dat: "The recourse to forms of life, language games, cultural context, disciplinary conventions, and institutional

¹² Sien hoofstuk twee bl125-128.

traditions to situate law, legal meaning, and legal practice was and is a promising one but only if these social domains are addressed in their historical specificity” (1989: 648).

Instede hiervan is oneindig baie nuwe idealistiese praktyke bedink waarmee die stemme van antagoniste in die geskiedenis onderdruk is. Indien die waarheid, betekenis, sekerheid en reg en verkeerd slegs betekenis dra binne sosiale praktyke meen Coombe moet ons na die verskillende geskiedenis, onderdrukkings, teenstellende aansprake en differensiële verhoudings kyk waarvan bogenoemde praktyke altyd interne konflikterende gevolge is. Indien regstekste en –praktyke in gepaste kontekste gesitueer moet word ten einde dit te verstaan, waarom beperk ons dan hierdie konteks tot ‘n geïdealiseerde, a-historiese, verenigde sisteem van betekenis wat die verbeelde kultuur van die gepriviligeerde elite is?

Dit is juis in hierdie opsig wat die WVK / Krog-diskoers verskil van die Hart / Fuller en Dworkin / Fish diskoerse. Laasgenoemde diskoerse handel immers oor geïdealiseerde metanarratiewe van, soos Coombe dit noem, die gepriviligeerde elite. Hierdie metanarratiewe poog om die lot van plaaslike narratiewe en gemarginaliseerde groepe te bepaal sonder om insette van hierdie groepe te vra. In teenstelling met die diskoerse van die gepriviligeerde elite, handel die WVK en Krog primêr met lokale narratiewe en stories. Krog beskryf die humaniseringsproses onderliggend aan die lokale narratiewe aan die hand van Stompie Sepei se dood. “Beyond its normal horror, Stompie’s death wasn’t merely a political tragedy, it was also a moral tragedy. It has done things to people ... we need not only to be liberated in this country, we need to become human” (Krog 1998: 248). Die doel van die Kommissie is immers: “[...] to enable healing to happen. And let it be said that here in me there is at least one person they have helped to reconcile: myself to myself” (Krog 1998: 145).

Coombe stel onder ander die volgende voor: “[...] let us take the contextualizing impulse seriously and reinscribe legal practice, legal meaning, and historically specific cultures of legal decision-making within the historical movements and structures of the relational, differential social processes of which they are a product” (1989: 648).

Coombe meen dat die verhoogde bewustheid van die onbepaalbaarheid van betekenis nie moet veroorsaak dat politiek van interpretasie ontken word nie. Ook moet bestaande konvensies ons nie beskerm teen die gevolge van die onbepaalbaarheid van betekenis nie. Of soos Coombe dit stel, die onbepaalbaarheid moet nie tot gevolg hê dat ons:

[...] retreat into a complacent, smug, or resigned sense that it's the 'same as it ever was' (and shall be), and that we need do no more than leave it to the experts (1989: 652).

'n Beter begrip vir die implikasies van die idee dat die reg wel interpretasie is behoort ons, volgens Coombe, aan te moedig om betrokke te raak by die historiese belang van die politieke "struggle". Coombe kom tot die gevolgtrekking dat: "[interpretation is] not the same as it ever was; it never has been, and it never will be" (1989: 652).

In 'n sekere mate sluit Krog by Coombe aan wanneer sy in 'n ander konteks dieselfde vraag vra. Tydens die sitting van die Kommissie in Ladybrand vra Krog 'n boer oor sy gevoel vir die WVK waarop sy die volgende antwoord kry: "Fôkôf! Fôkôf"! Sy bevind haarself op 'n sypaadie, haar bloed dik met vernedering en sy vra: "God, has nothing – nothing! – changed?" (Krog 1998: 216).

Coombe het gelyk wanneer sy sê dat regsinterpretasie nie meer is soos dit was en dat dit nooit wees so sal wees nie, want niks kan in die dinamiek van die sosiale stadies bly nie. Hoewel regsinterpretasie in Suid-Afrika *lento* ontwikkel kan ons in 'n poging om op *a tempo* te kom onder andere literêre interpretasie daarmee sintiseer. Of, soos Ndebele dit stel, dat tyd die verbeelding gered het. Tyd gee aan die oproep van die geheue die mag van refleksie wat geassosieer word met die narratief.

Hopefully it is this reflective capacity, experienced as a shared social consciousness, that will be that lasting legacy of the stories of the TRC. [...] What seems to have happened is that the passage of time which brought forth our freedom has given legitimacy and authority to previously silenced voices. It has lifted the veil of secrecy and state-induced blindness (Ndebele 1999: 20).

In aansluiting by die literêre aanslag van Ndebele meen Hoffmaster (1991: 200) dat literêre interpretasie meer geduld toon teenoor dubbelsinnigheid, en dat dit tegnieke soos ironie en die metafoor verwelkom. Literêre interpretasie beskik nie oor die "finaliteit" wat regsinterpretasie afdwing nie. Wanneer interpretasie van toepassing is op dinamiese verhoudings tussen veranderlikes is dit juis nodig om die tydelikheid van interpretasie, en die metanarratiewe wat gefikseerde interpretasie ondersteun, te beklemtoon.

In sy artikel *Personal identity in multicultural constitutional democracies* (1998: 179-197) verwys Lötter na Anthony Appiah. Appiah se interpretasie van die politiek wat impliseer dat: “[...] one’s skin color, one’s sexual body, should be acknowledged in ways that make it hard for those who want to treat their skin and their sexual body as personal dimensions of the self” (Lötter 1998: 180). ‘n Bewustheid van en respek vir geslag, ras, geloof, taal en kultuur het in die verlede verskeie onderdrukte groepe geëmansipeer van die outoriteit van die wit Westerse man. So byvoorbeeld is die uitsluitlike stemreg van wit mans uitgebrei en sluit vandag ook die stemreg van vroue en ander rasse in. Lötter waarsku dat respek vir voorheen beplekte kollektiewe identiteite nie individueel moet inperk en verbind aan identiteite wat geskep is vir politieke mobilisasie nie. Ook moet identiteit nie ingeperk word tot onveranderlike eienskappe soos ras, geslag en taal nie (Lötter 1998).

Lötter meen dat sekere gemeenskappe vrye ontwikkeling van persoonlike identiteit toelaat, terwyl gemeenskappe in oorgang van een bestel na ‘n ander ‘n rekonstruksie van persoonlike identiteit vereis. Gemeenskappe wat aan hul lede die vryheid, ruimte en geleentheid bied om vrylik identiteite te vorm kan die vorming van geslote groepe wat net hul eie belange bevorder beperk.

When persons with differing ethnic identities belong to several [...] groups, one gets overlapping interests between them and their ethnic identity becomes less important relative to other more important components thereof. The shared minimal political identity, comprised of an overlapping consensus on political values, provides the framework within which the free construction of diverse identities takes place. It also keeps a complex society with an endless variety of diverse interest groups from falling apart (1998: 196).

Maar wanneer die gedeelde identiteit wat gebaseer is op ooreenstemming op politieke waardes ontken word roep dit die versoeningsproses tot halt. ‘n Gemeenskap wat die lede daarvan die vryheid, ruimte en geleentheid gee om self hulle identiteite te skep kan die voorkoms van geïsoleerde groepe wat slegs op hul eiebelang fokus voorkom. Wanneer mense die geleentheid gegun word om so veel moontlik identiteitsvorme te ondersoek en self hul eie identiteite konstrueer kan die gemeenskap diverse groepe

akkommodeer (Lötter 1998: 196). Ten einde hierdie identiteite te akkommodeer argumenteer Lötter vir dialoog:

The goal of a democratic society should preferably be reached through a process conforming to democratic values. The willingness to renegotiate personal identity under circumstances of open-ended dialogue during times of societal transformation are the prerequisite for authentic democratic change based on the lasting consent of the governed (1998: 192).

Ongeduld teenoor verdraagsaamheid roep ook die Ander tot swye en vernietig die stories wat ons wêreld konstrueer en bewoonbaar maak.

The academics say pain destroys language and this brings about an immediate reversion to pre-linguistic state – and to witness the destruction of language ... was to realize that to remember the past of this country is to be thrown back into a time before language. And to get that memory, to fix it in words, to capture it with the precise image, is to be present at the birth of language itself (Krog 1998: 42).

Om in die tydperk voor taal vasgevang te wees waar geweld en pyn taligheid vernietig moet probeer vermy word, omdat die gevolge daarvan meer betreuenswaardig is as die dood. Na die dood van haar ma in 'n landmyn ontploffing het 'n vyfjarige dogtertjie nooit weer gehuil nie. Haar vermoë om te huil dien as metafoer vir talige uitdrukking. "It was not an easy time for my daughter of five ... that child never cried. That child still does not cry. The world can go to pieces around her but it wouldn't matter" (Krog 2002: 141).

Mondli (Krog se kollega) meen dat versoening slegs moontlik is indien die waardigheid van swart mense herstel word en wit mense medelye toon. "Reconciliation and amnesty I don't find important. That people are able to tell their stories – that's the important thing" (Krog 1998: 45).

Krog sê ook dat indien ons nie deel van die WVK-proses is nie, ons wakker sal word in 'n vreemde land, 'n land wat ons nie sal ken of ooit sal verstaan nie. Sommige sal in 'n droom en ander in 'n nagmerrie wakker word. Dit is 'n wêreld waarin begrip ons voortdurend sal ontwyk. Of soos Krog dit in die gedig "Litany" stel: "I keep slipping slipping out of truth" (Krog 1998: 264).

Deur stories skryf ons 'n ander geskiedenis vir Suid-Afrika en die soeke na betekenis in die stories sal ander stories aktiveer. “The resulting narratives may have less and less to do with facts themselves and with their recall than with the revelation of meaning through the imaginative combination of those facts” (Ndebele 1999: 21). Een van die belangrikste doelstellings van die narratief, volgens Ndebele, is dat mense hulself daardeur herversin. Die storie kan immers soos Hermes, die wat reeds die doderyk oorkant die Styx beërwe het, verbind met die lewende wêreld. Of soos Krog dit so welsprekend uitdruk: “Beloved, do not die. Do not dare die! I, the survivor, wrap you in words so that the future inherits you. I snatch you from the death of forgetfulness. I tell your story, complete your ending – you who once whispered beside me in the dark ” (1998: 24). Hierdie aangrypende frase vra, dat wanneer ons regsinterpretasie doen, ons na die onmoontlike sal streef, dat ons reeds vandag more se interpretasie sal antisipeer. Soos wat die postmoderne idees (omtrent die stories en die taal waarin ons dit vertel, die waarheid van realiteit en interpretasie) die WVK en Krog verbind met die verlede, hede en toekoms van Suid-Afrika, so sal die idees van die Sosiale konstruksionisme regsinterpretasie verbind met eietydse sosiale ontwikkelinge waarvan dit verwyderd is.

Hoewel dit voorkom asof tekste (soos regstekste) en werklikhede (soos die sosiale omgewing) gejuksaponeer word om te bepaal hoe getrou die een die ander spieël, is die een nie meer of minder waar as die ander nie. 'n Teks is net so “waar” of “vals” as wat die “waarheid” is of voorgee om te wees. Daarom dat Krog *Country of My Skull* (en ek dié hoofstuk) afsluit met die volgende: “I have told many ‘lies’ in this book about the ‘truth’. I have exploited many lives and many texts – not least those of my mother and family on the farm. I hope you will all understand” (Krog 1998: 281). En, in stede daarvan om ter wille van versoening die Styx oor te steek kan ons soos Krog eers onself met onself versoen, “digter wordende” word, ons sintuie kalibreer en diep asem haal uit die oor.

Epiloog

digter wordende

om op 'n oggend wakker te word binne-in klank
met vokaal en klinker en diftong as voelspriet
om met aarselende sorg die effensste roerings
van lig van verlies in klank te kalibreer

om jouself meteens gekniel te vind
bo-oor die hoorbaar kloppende wand
van 'n woord – soekend na daardie presiese
moment wat 'n versreël volloop in klank

wanneer die betekenis van 'n woord swig,
begin gly en hom eindelijk oorgee aan geluid
van dan af smag die bloed na die inkantasie
van taal – die enigste waarheid staan gevél in klank

die digter dig met haar tong
sy haal asem – ja, diep uit haar oor (Krog 2000: 65).

Ten einde “digter wordende” te word is dit nodig dat ons met “aarselende sorg die effensste roerings van lig van verlies in klank kalibreer”. Sorgvuldig kan ons kontemporêre regsinterpretasie kalibreer aan die hand van sosiaal-konstruksionistiese beginsels sodat die reg op deernisvolle wyse kan omgaan met die stories waarvan dit mede-outeur is.

(1) In *hoofstuk een* het ek geargumenteer dat die moderne regswetenskap verantwoordelik vir die strewe na rede, rasionaliteit en objektiwiteit wat die aard van moderne stories wetenskaplik stem. Die Modernisme het immers daartoe aanleiding gegee dat stories slegs op een wyse geïnterpreteer kan word en gevolglik oor slegs een korrekte antwoord kan beskik (Anderson 1997: 4). Moderne metanarratiewe of teorieë het ontstaan waarmee teoretici poog om gesaghebbende verklarings en interpretasies van

hierdie stories aan te bied. Die outoriteit van metanarratiewe is egter onder andere deur Lyotard uitgedaag met sy beskrywing van die Postmodernisme as 'n houding van skeptisisme teenoor moderne metanarratiewe (1984: xxiv). Postmoderniste argumenteer dat die wêreld in elk geval nie tot begrip gebring kan word deur een oorkoepelende metanarratief nie (Burr 1995: 80-87).

(2) Uit *hoofstuk twee* kom dit aan die lig dat die koms van die Postmodernisme inderdaad omvangryke reperkussies tot gevolg het vir kontemporêre regsinterpretasie. So byvoorbeeld is die moderne geloof in die bestaan van een realiteit, een waarheid, en duidelik en ondubbelsinnige taal, betekenis en interpretasie in twyfel getrek. Hierdie temas word veral deur die Sosiale konstruksionisme uitgedaag.¹ In die sosiaal-konstruksionistiese diskoers word meervoudige realiteite erken sonder dat een superieur bo 'n ander is. Realiteite is vloeibaar en kan met die verloop van tyd geherdefinieer en herkonstrueer word (Gergen 1985: 266-275 & 1992: 17-30). Regsinterpretasie hoef gevolglik nie staties te bly nie, en daarom kan (of moet) ons wanneer 'n interpretasie die realiteite van ander ontken, die interpretasiebestel herdink. Die positivistiese bestel wat die ongeregthede van apartheid Suid-Afrika regverdig het ten koste van die Ander moet daarom heroorweeg word. Of soos Gergen dit stel: “[c]onstructionism asks one to suspend the belief in commonly accepted categories or understandings that receive their warrant through observation” (1985: 267).

Die moderne geloof in die waarneembare word vervang met die narratiewe moontlikhede van taal wat deur die Sosiale konstruksionisme erken word. Taal spieël nie realiteit nie, dit skep eiesoortige realiteite in sosiale verhoudings. Taal spreek ook die probleme van die apartheidsstelsel aan:

[t]he system to be treated includes those who are in a languaged context about a problem. [...] It is the people who are in a problem context, the people who 'language' about what they call a problem, the people who comprise the social system that is the target of treatment (Anderson & Goolishian 1988: 379).

¹ Die Sosiale konstruksionisme word deur Kenneth Gergen beskryf as:

[a]n inquiry that is principally concerned with explicating the processes by which people come to describe, explain, or otherwise account for the world (including themselves) in which they live (...)
[Social constructionism] views discourse about the world not as a reflection or map of the world but as an artifact of communal interchange (1984: 266-275).

Beide die diskoersdeelnemers en die sisteem moet gevolglik transformasie ondergaan. Hierdie transformasie is egter moontlik indien die platform oopgestel word om die metafore en narratiewe van die Ander te akkommodeer. Dit was natuurlik nie die geval onder die positivistiese apartheidsbestel van Suid-Afrika nie, want: “woman [and in general victims of apartheid] have lost their voice[s]: others narrate their stories for them in a manner more suited to the other’s experience” (Zimmerman & Dickerson 1994: 236).

Die WVK en *Country of My Skull* kan beskou word as ‘n platform vir die fasilitering van die vertel en interpreteer van hierdie eens stom stories. Stories gee betekenis aan die wêreld. “With fictions we investigate, perhaps invent, the meaning of human life” (Miller 1990: 68). ‘n Gevolg van die narratiewe proses is dat daar gesoek word na betekenis van die ander se teenwoordigheid. Tog is dit nie die direkte vertellershandeling wat alleenlik belangrik is nie, maar die potensiële betekenisvolheid van die storie (Zimmerman & Dickerson 1994: 235). Stories is onbegrens en kan die dimensies van tyd transendeer. Soos Krog skryf: “I, the survivor, wrap you in words so that the future inherits you. I tell your story, complete your ending [...]” (1998: 27). Die storie kan die gebondenheid aan ‘n kortstondige bestaan transendeer en in ‘n ander tyd “afsluiting” aan ‘n lewe gee wat voorheen daarvan ontnem is.

Narratiewe word selfs meer beklemtoon deur die gebruik daarvan in narratiewe terapie. Die postmoderne narratiewe terapeut toon ‘n bewustheid en sensitiwiteit ten opsigte van die magsverhoudings in terapie. Beide Krog en die WVK toon die eienskappe van narratiewe terapeute omdat hulle nie superieur bo die vertellers van stories staan nie, maar kunstenaars is wat dialogiese gespreksruimtes skep en onderhou. Narratiewe versoen ons met ander en met die gespletenheid van onself. Die pastiche persoonlikheid moet egter nie as ‘n regverdigingsgrond vir misdade beskou word nie, maar kan ons eerder attent maak daarop dat die reg al hoe meer ooreenstem met die dinamiese gefragmenteerdheid van die pastiche gemeenskap en pastiche persoonlikhede wat dit bewoon.

Net soos realiteite die talige konstruksie van narratiewe en stories is, word waarheid ook sosiaal in verhoudings geskep (Anderson 1996, Gergen 1994b). Die kompleksiteit en uiteenlopende idees van die waarheid het die Kommissie genoop om te onderskei tussen vier variante van die waarheid. Hierdie waarhede kenteken die WVK as ‘n postmoderne instelling. Aanvanklik klink dit of Krog ongemaklik is met die waarheid omdat sy skryf: “the word trips the tongue” (1998: 36). Maar soos die proses ontwikkel

verklaar sy: “[...] these individual truths sound unhindered in the ears of all South Africans” (1998: 45). Deur verskillende waarhede te aanvaar distansieer Krog en die WVK hulle van ‘n moderne idee van geïsoleerde enkelvoudige waarheid, en sluit hulle aan by wat Gergen sê naamlik dat: “Postmodern thought does not militate against practices of research or moral deliberation. Rather it invites us to place them in broader cultural and historical context. By striking our banners of truth and morality, we might live less aggressively more tolerantly, and even more creatively with others in the world” (1994b: 414).

Postmoderniste glo dat daar beperkings is op die moontlikheid van die mens om die wêreld te meet en te beskryf in ‘n universele toepasbare wyse, daarom is die bestaan van gedeelde betekenis onseker. Woorde kry immers betekenis in die konteks van aaneenlopende verhoudings (Gergen 1994b: 164). Postmoderne betekenis is onbestendig. Dit wat op een moment vas en duidelik is, is die volgende moment dubbelsinnig en onduidelik. Die vermoë om betekenis te skep stam uit die verhoudings waarin ons verkeer. “We are all in this way interdependently interlinked without the capacity to mean anything, to possess an ‘I,’ except for the existence of a potentially assenting world of relationships” (Gergen 1994b: 168). Indien betekenis voortdurend kan verander beteken dit dat interpretasie vloeibaar is. Die vloeibaarheid van interpretasie is onder andere opmerklik in die pendulum rit tussen metanarratiewe (naamlik die Positivisme en Natuurregbenadering) en interpretasie strategieë (naamlik die Tekstualisme en die Kontekstualisme).

(3) Die teorieë van interpretasie kan geherstruktureer word om aan te pas by die omstandighede wat om interpretasie vra. So byvoorbeeld waarborg die goue reël van die tekstuele interpretasieteorie nie dat absurde gevolge van apartheidswetgewing vermy gaan word nie. Die tekstuele benadering stem ooreen met positivistiese moderne benaderings wat aanneem dat interpretasie handel oor die rasonale individu en nie oor publieke moraliteitsoorwegings nie. ‘n Meer aanvaarbare posisie word deur die kontekstuele benadering ingeneem. Volgens die mistandsreël van die kontekstuele benadering kan houe uit die staanspoor van ekstrensiese hulpmiddels gebruik maak om tekste te interpreteer. Die kontekstuele benadering kan egter ook nie ‘n enkele korrekte antwoord op enige interpretasie probleem bied nie. Hoewel die kontekstuele benadering meer natuurregtelik van aard is, is die strewe na bedoeling in objektiewe sin nie versoenbaar met die postmoderne geloof in die dood van die subjek(tiewe) nie.

Betekenis kan nie gestabiliseer word deur te verwys na die bedoeling of doel van 'n teks nie. Beide doel en bedoeling is interpretatiewe konstrakte. Hoewel die doel van 'n teks kan bydra tot die bepaling van die betekenis van 'n wetstek, stabiliseer dit nie betekenis wat tot 'n "korrekte" interpretasie kan lei nie.

So byvoorbeeld kan beide 'n tekstuele en kontekstuele interpretasie van Hart se verpligte sosiale reëls nie die lot van slagoffers van apartheid verlig nie. Hart meen dat verpligte sosiale reëls die bestaan van 'n gemeenskap beskerm (1994: 184). Maar, sy Positivisme beskerm die bestaan van een gemeenskap ten koste van 'n ander.

In sy Natuurregbenadering kritiseer Fuller, Hart se Positivisme deur te steun op die wandade van die Nazi heerskappy tydens Wêreldoorlog II. Fuller ontken die legitimiteit van die wette in Nazi-Duitsland omdat dit in kontras staan met natuurreg beginsels wat immorele wette afkeur. Deur die reg te skei van moraliteit slaag die Positivisme nie daarin om te verklaar waarom daar 'n morele verpligting is om die reg te gehoorsaam nie. "Under the Nazis [as with apartheid] there was law, even if it was bad law" (Fuller 1958: 646).

Met sy Natuurregtelike benadering poog Dworkin om aan te toon dat indien die reg integriteit vertoon dit "bad law" kan uitskakel. Hoewel integriteit beginselvastheid en regsekerheid voorstaan beteken dit nie dat die reg as integriteit billike interpretasies kan waarborg nie.

Law as integrity asks judges to assume, so far as this is possible, that the law is structured by a coherent set of principles about justice and fairness and procedural due process, and it asks them to enforce these in fresh cases that come before them, so that each person's situation is fair and just according to the same standards (1986: 229).

Dit sou immers onregverdig wees om verskillende aangeleenthede te evalueer op grond van dieselfde standarde. Deur almal gelyk te behandel skend ons juis die ander se stories. Persoonlike narratiewe is tog nie neutraal nie en: "people interpret or make sense of the circumstances of their lives in ways that take into account their own good intentions (Zimmerman & Dickerson 1994: 238).

Hoewel Dworkin met die Herkules- en kettingroman-metafoor poog om interpretasie te verduidelik, meen Fish dat die kettingroman-metafoor nie vergelykbaar is met literêre of regsinterpretasie nie. Fish meen dat die interpreteerder nie gebonde is aan

die verlede nie, maar skep dit eerder soos wat narratiewe ontwikkel word. “To see a present-day case as similar to a chain or earlier ones is to resee that chain by finding in it an applicability that had not always been apparent” (Fish 1983: 277).

Hoewel Dworkin verwyderd staan van die Positivisme toon Fish se literêre-cum-regbenadering ooreenstemming met die Postmodernisme. Metodologies stem Fish se benadering ooreen met Lyotard se verwerping van metanarratiewe en die aanvaarding van subjektiwiteit. Eie aan ‘n modernistiese perspektief verwyder Dworkin homself van die navorsingsobjek om ‘n objektiewe interpretasie daarvan te gee. Fish daarenteen beskou die interpreteerder as ‘n speler wat betrokke is by die beskrywing van interpretasie. Fish se idees omtrent interpretasie verbind hom met die postmoderne idee van lokale narratiewe soos dit voorkom in *Country of My Skull*.

Hierdie soeke na die invloed van die Postmodernisme in die reg het drie prominente Suid-Afrikaanse sake aan die lig gebring. Die saak *Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana*,² is spesifiek relevant vanweë die hof se uitlatings oor die intensionele (of tekstuele) benadering. Die hof meen dat dit ‘n eng, letterlike benadering is wat gegrond is op positivistiese beginsels. Na aanleiding van ‘n diskoers oor bogenoemde saak formuleer Du Plessis en De Ville (1993a: 80) hul trui-metafoor waarin die trui beskou word as meer as net die wol waarvan dit gebrei is. So bestaan ‘n teks ook uit meer as net taal en herformuleer De Ville die metafoor as volg:

The jersey should be seen as a metaphor, not for the legislative provision, but for meaning. Language (wool) is indispensable for meaning (a jersey). In South Africa the rules, presumptions, aids and maxims (the wool) interrelate in different ways (depending on the context of the specific case and the interpreter) so as to produce a new meaning (jersey) in each instance (1999b: 381).

Die “norme” van interpretasie is egter ook onderhewig aan interpretasie en daarom verwerp De Ville die moontlikheid van objektiewe interpretasie. Duidelike taal alleen kan dus nie voldoende wees om die betekenis van ‘n teks te bepaal nie.

In *S v Mhlungu & Others*,³ het die debat omtrent die Positivisme en die Natuurregbenadering tussen Fagan, Davis en De Ville afgespeel. Fagan meen dat die

² 1987 (3) SA 237 (BB).

³ 1995 (3) SA 867 (CC).

meerderheidsuitspraak (wat gegrond is op 'n kontekstuele Natuurregtelike benadering) foutief is omdat dit nie letterlike gevolg aan die bedoeling van die wetgewer gee nie. Hierteenoor meen Davis dat konstitusionele interpretasie vereis noodwendig meer as die uitsluitlike gemak van 'n letterlike benadering. Dit verwag dat regters op alternatiewe wyse oor die gewone betekenis van woorde dink.

De Ville verskil van Fagan en meen dat die meerderheidsuitspraak nie 'n wanopvatting oor die aard van taal is nie of dat die uitspraak geweld doen aan die bewoording van artikel 241 (8) van die Grondwet nie. Die kontekstuele benadering van die meerderheid bevestig eerder die intertekstualiteit van regstekste. De Ville (1997) vra hoe betekenis in 'n spesifieke geval bepaal kan word indien die konteks daarvan onbegrens is? Ten einde betekenis te bepaal moet die oneindige spel van die teks en die verspreiding daarvan momenteel tot halt geroep word. In hierdie oomblik moet ons 'n raam van betekenis trek, die konteks fikseer en sekere faktore in ag neem en ander elimineer. "Drawing a frame is, however, always an ethical-political act, it is never normal, objective, neutral, a-political. It always involves 'unnatural' relations of power" (De Ville 1997: 510). Deur interpretasie kan die reg bevestig word nie alleen vir wat dit is nie maar ook vir dit wat dit behoort te wees. Om konvensie soos Fagan sonder kritiek te aanvaar is 'n poging om verantwoordelikheid te ontduik. Indien Fagan se analise aanvaar word sal dit die Suid-Afrikaanse regbank kwytskeld van aanspreeklikheid vir die afdwing van positivistiese apartheidswetgewing.

Meer onlangs het die problematiek van 'n positivistiese stelsel weer aan die lig gekom in die debat oor die beslissing in *Southern Insurance Association v Bailey NO.*⁴ Die onregverdige beslissing in hierdie saak noop Van der Walt om te verklaar dat geen geld Danderine Bailey kan vergoed nie en dat dit ons verantwoordelikheid is om saam met haar te verwelk. Om eties te leef beteken, vir Van der Walt, dat ons moet leef asof ons dood is.

Davis se kritiek teen Van der Walt is dat die dekonstruksie teorie wat Van der Walt gebruik steeds nie Danderine Bailey se posisie onder die apartheid bestel verbeter nie. Van der Walt se obsessie met die geweld wat met die reg gepaardgaan sluit in: "[...] a refusal to engage with the need to halt the infinite play of the text" (Davis 2000a: 711).

Van der Walt (2001) poog in sy respons op Davis se kritiek om die regverdigende taal van die evaluering van die *Bailey*-saak te ontbloot as selfregverdigend. Regverdiging,

⁴ 1984 (1) SA 98 (A).

meen Van der Walt, in terme van geregtigheid is niks anders as selfregverdiging. Regverdiging is die onmisleibare afsluitingspunt in taal en politiek of die politiek van taal is onvermydelik offerend. Om ons regverdighings as geregtig te beskou sal dit ontnem van hul offerende aard. "It would deny the fact that they sacrifice the *often* (to be sure, not *always*) equally justifiable or at least conceivably equally justifiable concerns of an other (Van der Walt 2001: 468). Selfregverdiging reduseer regverdiging tot 'n miskennis van die ander. Selfregverdiging of die miskennis van die ander gee aanleiding tot die verbreking van die verhouding tussen die self en die ander. Of soos Van der Walt dit stel: "It is the destruction of the coming together of more than one, it is the destruction of plurality" (2001: 469).

(4) Onsamehangendheid en dubbelsinnigheid is inherent deel van betekenis en kan nie met interpretasietegniek uit die weggeruim word nie. So sal 'n "nuwe taal" ook bydra tot nog meer verwarring en dubbelsinnigheid wat aanleiding sal gee tot die skep van nog nuwe interpretasietegnieke. En dit alles in 'n poging om betekenis te stabiliseer en interpretasie te universaliseer – 'n strewe wat die Postmodernisme reeds van die hand gewys het.

Maar beteken dit dat die doelstelling van hierdie studie ook in die strik van stabilisering, voorspelling en beheerbaarheid trap? Of sal ons om hierdie strik te vermy die kleur van die dood moet aanneem en saam met Danderine in die dood verenig word? Of moet ons soos Fagan ons aanraai, poog om die geweld te vermy wat ons aan wette aanrig en wat wette aan ons aanrig? Of, is geweld soos Van der Walt en Davis meen, onvermydelik? Of is die harmonie wat ons nastreef bloot 'n ontwykende illusie, bloot die teenoorgestelde van geweld? Hoewel interpretasie strategieë kan bydra tot die ontsluiting van betekenis en ons kan "lei" tot morele beslissings beteken dit nie dat ongeregtigheid daardeur geëlimineer word nie. Die uitskakel van onreg is inderdaad onmoontlik. "The first condition of nonviolence is justice all round in every department of life. Perhaps it is too much to expect of human nature [...]" (Settel 1995: 52). Omdat: "Nonviolence implies voluntary submission to the penalty for noncooperation with evil" (Settel 1995: 57).

Dit is om die rede dat ek die vermoë van narratiewe en stylfigure soos die metafoer beklemtoon omdat dit die postmoderne gevoel vir interpretasie oproep. Die storie of metafoer gaan nie noodwendig 'n "plain meaning" interpretasie oplewer nie. Die gevolge van die storie en metafoer strek veel verder, deurdat dit self sosiaal-konstruksionisties is. Stories en metafore konstrueer op genuanseerde wyse betekenis,

wat in die lig van *Country of My Skull*, sosiaal, polities en histories gesitueer en gekontekstualiseer is. Die metafoer is so aanpasbaar dat dit selfs sintuie kan vermeng of soos Krog dit stel: “[...] the eye plunges into the mouth” (1998: 29).

Miskien is dit meer gepas om die sensitiwiteit en aarselende postmoderne houding wat ons kan aanneem uit te druk in wat Parry en Doan (1994: 173) noem ‘n leesteken-metafoer. Somtyds vra die konteks daarna dat ons - as uitroeptekens - sommige stories in of uit sekere kontekste met sterk gevoel moet beklemtoon. As vraagtekens nooi ons taal van bepeinsing, verwondering en meervoudige moontlikhede uit. Punte poog om finaliteit te bring en ‘n komma stel ‘n ruspouse voor om skeiding in ‘n reeds verdeelde wêreld te bring. ‘n “Einde” sonder “end” lê rustend, wagtende in die wit spasies tussen die punte van ‘n ellips ...

Gedig sonder naam

Bloedbelope bannelinge wat struikel oor die gesig van tyd,
voel jy die plastiese euforie, en hoor jy die onderwêreldse geluid?
Atonaal vlug ek ‘n veragtelike wêreld in waar,
selfs dolosse nie meer die gietende chaos kan verklaar.

Gewas in ‘n storie suurder as loog
hang ek moeg, uitgespoel naak aan die balk in my oog.
In gister se vandag hoor ek die dood my koesterend roep
soos ‘n hen wat om haar kuikens kloek-kloek.
Moederlik klem sy haar vlerke om my bors,
want Haar liefde vir my is onlesbaar dors.

Soos ‘n onvoltooide kadens hang my smorzando gemoed,
terwyl ek meegesleur word deur ‘n macabre stoet.
Bloed is steeds rooi soos ‘n ryp granaat
wat oop bars om frank plasma sap los te laat.
‘n Dissonante melodie sal ons verenig verbind,
uiteindelik vry soos wolke in dié avant garde wind

Bibliografie

Allen J (2001) *Between Retribution and Restoration: Justice and the TRC. South African Journal of Philosophy*, 20(1): 22-41.

Anderson H (1997) *Conversation, Language, and Possibilities: A Postmodern Approach to Therapy*. New York: Basic Books.

Anderson H & Goolishian H A (1988) Human Systems as Linguistic Systems: Preliminary and Evolving Ideas about the Implications for Clinical Theory. *Family Process*, 27(4): 371-393.

Atkinson B Heath A & Chenail R (1991) Quantitative Research and Legitimization of Knowledge. *Journal of Marital and Family Therapy*, 17(2): 175-180.

Baron J B (1999) Storytelling and Legal Legitimacy. In Myrsiades K & Myrsiades L (eds) *Un-disciplining Literature, Law & Culture* (13-27). New York: Peter Lang.

Baron R A & Byrne D (1997) *Social Psychology* (8th ed). Boston: Allyn and Bacon.

Baron J B & Epstein J (1998) Language and the Law: Literature, Narrative, and Legal Theory, In Kairys D (ed) *The Politics of Law: A Progressive Critique* (662-679). New York: Basic Books.

Barrie G N (2000) Ubuntu ungamntu ngabanye abantu: the recognition of minority rights in the South African constitution. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*, 271-278.

Bellah R (1992) ...Bring Along Your Compass. *Networker*, 53-55.

Bennett A & Royle N (1999) *Introduction to Literature, Criticism and Theory* (2nd ed). Harlow: Prentice Hall.

Benson R (1990) Deconstruction's critics, the TV scramble effect, and the fajita pita syndrome. *Northwestern University Law Review*, 85: 119.

Berger P & Luckmann T (1966) *The Social construction of reality*. New Doubleday: Anchor.

Bertrando P (2000) Text and context: narrative, postmodernism and cybernetics. *Journal of Family Therapy*, 22: 83-103.

Bisschof A (1992) New Criticism. In Cloete T T (ed) *Literêre Terme en Teorieë* (341-342). Pretoria: HAUM-Literêr.

Boraine A Levy J & Scheffer R (1997) *Dealing with the Past: Truth and Reconciliation in South Africa*. Cape Town: IDASA.

Botha C J (1998) *Statutory Interpretation: An Introduction for Students*. Kenwyn: Juta.

Botha C (1996) *Wetsuitleg*. Kaapstad: Juta.

Brink A P (1997) *Die Jogger*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink A (1999) Stories of history: reimagining the past in post-apartheid narrative. In Nuttall S & Coetzee C (eds) *Negotiating the past: The making or memory in South Africa* (29-42), Oxford: Oxford University Press.

Bundy C (2000) The Beast of the Past: History and the TRC. In James W & Van de Vijver L (eds) *After the TRC: reflections on truth and reconciliation in South Africa* (9-20). Athens: Ohio University Press.

Burr V (1995) *An Introduction to Social Constructionism*. London: Routledge.

Chaskalson A (1998) Opening Address. In Brandfield G & Van der Merwe D (eds) *"Meaning" In Legal Interpretation* (1-7). Kenwyn: Juta.

Coombe R J (1989) "Same As It Ever Was": Rethinking the Politics of Legal Interpretation. *McGill Law Journal*, 34: 603-652.

Davis D (1995) We are all in this boat together. *Die Suid-Afrikaan*, 55: 5-9.

Davis D (1996) The Twist of language and the Two Fagans: Please Sir may I Have Some More Literalism! *South African Journal on Human Rights*, 12: 504-512.

Davis D (2000a) Duncan Kennedy's A Critique of Adjudication: A Challenge to the 'Business as Usual' Approach of South African Lawyers. *The South African Law Journal*, 117(4): 697-712.

Davis D (2000b) Look Back in Anger: A Reply to David Zeffertt. *The South African Law Journal*, 117(1): 125-133.

De Kok I (1999) Cracked heirlooms : memory on exhibition. In Nuttall S & Coetzee C (eds) *Negotiating the past: The making or memory in South Africa* (29-42), Oxford: Oxford University Press.

De Ville J (1997) Eduard Fagan in context. *South African Public Law* 12(2): 493-513.

De Ville J (1999a) Legislative history and constitutional interpretation. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg*, 2: 211-223.

De Ville J (1999b) Meaning and statutory interpretation. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse reg*, 62(3): 272-389.

Dlamini A M (1991) Is there a literal interpretation in law? *South African Public Law*, 6(1): 16-30.

Doan R E (1998) The King Is Dead; Long Live the King: Narrative Therapy and Practising What We Preach. *Family Process*, 37: 379-385.

Docherty T (1993) *Postmodernism : a reader*. New York: Columbia University Press.

Dugard J (1971) The Judicial Process, Positivism and Civil Liberty. *The South African Law Journal*, 88: 181-200.

Dugard J (1981) Some Realism About the Judicial Process and Positivism – A Reply. *The South African Law Journal*, 98: 372-387.

Du Plessis L M (1986) *The Interpretation of Statutes*. Durban: Butterworths

Du Plessis (1998) The jurisprudence of interpretation and the exigencies of a new constitutional order in South Africa. In Bradfield G & Van der Merwe D (eds) *"Meaning" In Legal Interpretation* (8-20). Juta: Kenwyn.

Du Plessis L M & De Ville J R (1993a) Bill of Rights Interpretation in the South African context (1): Diagnostic Observations. *Stellenbosch Law Review*, 4(1): 62-87.

Du Plessis L M & De Ville J R (1993b) Bill of Rights Interpretation in the South African context (3): Diagnostic Observations. *Stellenbosch Law Review*, 4(1): 356-393.

Dworkin R M (1978) *Taking Rights Seriously*. London: BBC Books.

Dworkin R M (1983a) Law as Interpretation. In Mitchell W J T (ed) *The Politics of Interpretation* (249-270). Chicago: University of Chicago Press.

Dworkin R M (1983b) My Reply to Stanley Fish (and Walter Benn Michaels): Please Don't Talk about Objectivity Any More. In Mitchell W J T (ed) *The Politics of Interpretation* (249-270). Chicago: University of Chicago Press.

Dworkin R M (1986) *Law's Empire*. London: Fontana Press.

Dworkin R M (1996) Indeterminacy and Law. In Guest S (ed) *Positivism Today* (1-9). Aldershot: Dartmouth.

Dyzenhaus D (1998) *Truth, Reconciliation and the Apartheid Legal Order*. Cape Town: Juta.

Edley N (2001) Unravelling Social Constructionism. *Theory & Psychology*, 11(3): 433-441.

Ellis S (2000) Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report, Volumes 1-5. *Transformation*, 42: 57-72.

Ellison R (1952) *Invisible Man*. New York: Random House.

- Eskridge W N (2000) Statutory Interpretation. *Ottawa Law Revue*, 31(1): 41-71.
- Fagan A (1996) The Longest Erratum Note in History. *South African Journal on Human Rights*, 12: 79- 89.
- Fish S (1980) *Is there a text in this class? : the authority of interpretative communities*. Cambridge: Harvard University Press.
- Fish S (1983) Working on the Chain Gang: Interpretation in Law and Literature. In Mitchell W J T (ed) *The Politics of Interpretation* (271-286). Chicago: University of Chicago Press.
- Fish S (1999) Interpretation Is Not a Theoretical Issue. *Yale Journal of Law & the Humanities*, 11(2): 501-515.
- Fisher W W, Horwitz M J, & Reed T A (eds) (1993) *American legal realism*. Oxford: Oxford University Press.
- Fox N N (1993) *Postmodernism, Sociology and Health*. Buckingham: Open University Press.
- Freedman J & Combs G (1996) *Narrative Therapy: The Social Construction of Preferred Realities*. New York: Norton.
- Fuller L L (1958) Positivism and Fidelity to Law – A Reply to Professor Hart. *Harvard Law Review*, 71: 630-672.
- Fuller L L (1969) *The Morality of Law*. New Haven: Yale University.
- Gergen K J (1985) The Social Constructionist Movement in Modern Psychology. *American Psychologist*, 40(3): 266-275.
- Gergen K J (1991) *The Saturated Self: Dilemmas of Identity in Contemporary Life*. New York: Basic Books.

Gergen K J (1992) Toward a Postmodern Psychology. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (17-30). London: SAGE.

Gergen K J (1994a) *Realities and Relationships: Soundings in Social Construction*. London: Harvard University Press.

Gergen K J (1994b) Exploring the Postmodern: Perils or Potentials? *American Psychologist*, 49(5): 412-416.

Gergen K J (2002) When Relationships Generate Realities: Therapeutic Communication Reconsidered. <http://www.swarthmore.edu/>

Graff G (1990) Determinacy/Indeterminacy. In Lentricchia F & MacLaughlin T (eds) *Critical Terms of Literary Study* (163-176). Chicago: University of Chicago Press.

Guest S (1991) Two Strands in Hart's Theory of Law: A Comment on the Postscript to Hart's *The Concept of Law*. In Guest S (ed) *Positivism Today* (29-44). Aldershot: Dartmouth.

Habermas J (2001) Introduction. In Malpas S (ed) *Postmodern Debates* (87-110). New York: Palgrave.

Hart H L A (1958) Positivism and the separation of law and morals. *Harvard Law Review*, 71(4): 593-629.

Hart H L A (1994) *The concept of law*. New York: Oxford University Press.

Hayner P B (1994) Fifteen Truth Commissions – 1974 to 1994: A Comparative Study. *Human Rights Quarterly*, 16: 957-968.

Hibbert F J (2001) Gergen's Social Constructionism, Logical Positivism and the Continuity of Error. *Theory & Psychology*, 11(3): 297-321.

Hoffman L (1990) Constructing Realities: An Art of Lenses. *Family Process*, 29(1): 1-12.

Hollinger R (1994) *Postmodernism And The Social Sciences: A Thematic Approach*. Thousand Oaks: SAGE.

Honeyball S & Walter J (1998) *Integrity, Community and Interpretation: A Critical Analysis of Ronald Dworkin's Theory of Law*. Aldershot: Dartmouth Publishing.

Holzman L (1999) Life As Performance (Can you Practice Psychology If There's Nothing That's "Really" Going On?) In Holzman L (ed) *Performing Psychology: A Postmodern Culture of the Mind* (49-69). New York: Routledge

Hungerford A (2001) Memorizing Memory. *The Yale Journal of Criticism*, 14(1): 67-92.

Jameson F (2000) *The Jameson reader*. Oxford: Blackwell.

Johnson D Pete S & Du Plessis M (2001) *Jurisprudence: A South African Perspective*. Durban: Butterworths.

Kvale S (1992) *Introduction from the Archaeology of the Psyche to the Architecture of Cultural Landscapes*. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (1-16). London: SAGE.

Krippner S (1999) Research methods in humanistic psychologies: Some postmodern perspectives. *Methods: A Journal for Human Science*, annual edition 21-50.

Krog A (1995) *Gedigte 1989-1995*. Groenkloof: Hond.

Krog A (1998) *Country of My skull*. Johannesburg: Random House.

Krog A (2000) *Kleur Kom Nooit Alleen Nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Krog A (2002) *Country of My Skull*. Johannesburg: Random House.

Kvale S (1992) Introduction: From the Archaeology of the Psyche to the Architecture of Cultural Landscapes. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (1-16). London: SAGE Publications.

Lather P (1992) Postmodernism and the Human Sciences. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (119-134). London: SAGE.

Lemert C (1997) *Postmodernism is not what you think*. Malden: Blackwell.

Le Roux W (1998) Deconstruction and the colour of the dead: a response to Professor Van der Walt. In Bradfield G & Van der Merwe D (eds) *"Meaning" In Legal Interpretation* (111-113). Kenwyn: Juta.

Liebenberg W (1992) Modernisme In: Cloete T T (ed) *Literêre terme en Teorieë* (317-320). Pretoria: HAUM-Literêr.

Løvlie L (1992) Postmodernism and Subjectivity. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (119-134). London: SAGE.

Lötter H P P (1998) Personal identity in multicultural constitutional democracies. *South African Journal of Philosophy*, 17(3): 179-197.

Lundley M (1995) *Reason Truth and Self: the postmodern reconditioned*. London: Routledge.

Lyotard J F (1984) *The postmodern condition A report on knowledge* (Bennington G & Massumi B Trans) Minneapolis: University of Minnesota Press.

Lyotard J F (2001) A Postmodern Fable. In Malpas S (ed) *Postmodern Debates* (1-11). New York: Palgrave.

Malpas S (2001) Introduction. In Malpas S (ed) *Posmodern Debates* (1-11). New York: Palgrave.

Marmor A (1992) *Interpretation and Legal Theory*. Oxford: Clarendon Press.

Martínez G A (1997) Some Thoughts on Law and Interpretation. *Southern Methodist University Law Review*, 50: 1651-1662.

Maxwell-Mahon W D & Titlestad P J H (1994) *Ways with Words*. Johannesburg: Lexicon Publishers.

Maze J R (2001) Social Constructionism, Deconstructionism and Some Requirements of Discours. *Theory & Psychology*, 11(3): 393-417.

McQuail D & Windahl S (1981) *Communication models for the study of mass communications*. New York: Longman.

Meyer W F Moore C & Viljoen H G (1997) *Personologie: Van Individu tot Ekosistiem*. Johannesburg: Heinemann.

Milner S J (trans & ed) (1995) *The prince and other political writings*. London: Dent.

Minda G (1995) *Postmodern legal movements: Law and jurisprudence at century's end*. New York: New York University Press.

Molesworth W (ed) (1962) *The English works of Thomas Hobbes of Malmesbury*. Aalen: Scientia.

Myrsiades L (1996) Interdisciplinary, Law, Language, and Literature. *College Literature*, 23:204-216.

Ndebele N (1999) Memory, metaphor, and the triumph of narrative. In Nuttall S & Coetzee C (eds) *Negotiating the past: The making of memory in South Africa (19-28)* Cape Town: Oxford University Press.

Newman F & Holzman L (1999) Beyond Narrative to Performed Conversation ("In the Beginning" Comes Much Later). In Holzman L (ed) *Performing Psychology: A Postmodern Culture of the Mind (86-110)*. New York: Routledge.

Ndebele N (1999) Memory, metaphor, and the triumph of narrative. In Nuttall S & Coetzee C (eds) *Negotiating the past: The making or memory in South Africa (19-28)*, Oxford: Oxford University Press.

Neuman L W (1997) *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. Boston: Allyn and Bacon.

Nooteboon C (2002) *Questions of identity: a selection from the pages of New European*. Joyce C (ed). London: I B Tauris & New European Publications.

Parry A (1991) A universe of stories. *Family Process*, 30: 37-54.

Parry A & Doan R E (1994) *Story Re-visions: Narrative Therapy in the Postmodern World*. New York: The Guilford Press.

Penn P & Frankfurt M (1994) Creating a Participant Text: Writing, Multiple Voices, Narrative Multiplicity. *Family Process*, 33(3): 217-231.

Plug C Louw D A P Gouws L A & Meyer W F (1997) *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek* (3^{de} uitg.). Sandton: Heinemann.

Polkinghorne D E (1992) Postmodern Epistemology of Practice. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (119-134). London: SAGE.

Riikonen E & Smith G M (1997) *Re-imagining Therapy: Living Conversation and Relational Knowing*. London: SAGE.

Ryan B R (1999) Does Postmodernism mean the end of Science in the Behavioral Sciences, and does it matter anyway? *Theory & Psychology*, 9(4): 483-502.

Sanders M (2000) Truth, Telling, Questioning: The Truth and Reconciliation Commission, Antjie Krog's *Country of My Skull*, and literature after apartheid. *Transformation*, 42: 73-91.

Sass L A (1992) The Epic of Disbelief: The Postmodernist Turn in Contemporary Psychoanalysis. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (119-134). London: SAGE.

Schelly J M (1985) Interpretation in Law: The Dworkin-Fish Debate (Or, Soccer Amongst the Gahuku-Gama). *California Law Review*, 73: 158-180.

Sedgwick P (2001) *Descartes to Derrida: An Introduction to European Philosophy*. Oxford: Blackwell.

Settel A (1995) *The book of Gandhi wisdom*. London: New Age.

Sewpersad A K (2000) *An analysis of confession and guilt in Antjie Krog's Country of my skull: A literary approach to the Truth and Reconciliation Commission*. MA-verhandelings University of Durban-Westville.

Shotter J (1992) 'Getting in Touch': The Meta-Methodology of Postmodern Science of Mental Life. In Kvale S (ed) *Psychology and Postmodernism* (58-73). London: SAGE.

Sluzki C E (1992) Transformations: A Blueprint for Narrative Changes in Therapy. *Family Process*, 31: 217-231.

Stewart K & Amundson J (1995) The Ethical Postmodernist: Or Not Everything Is Relative All At Once. *Journal of Systemic Therapies*, 14(2), 70-79.

Sylvester, David (1987) *The brutality of fact: interviews with Francis Bacon*. London: Thames and Hudson.

Thibault J P (1997) *Re-reading Saussure: The dynamics of signs in social life*. London: Routledge.

Turgenev I (1989) *Father and sons*. New York: Norton.

Tutu D (1997) Foreword. In Boraine A Levy J & Sheffer R (eds) *Dealing with the Past: Truth and Reconciliation in South Africa* (vii-viii). Cape Town: IDASA.

Van Blerk A E (1994) *Jurisprudence: An Introduction*. Durban: Butterworths.

Van der Elst J (1992) Realisme In: Cloete T T (ed) *Literêre terme en Teorieë* (417-418). Pretoria: HAUM-Literêr.

Van der Walt J (1998) The language of jurisprudence from Hobbes to Derrida (the latter's quest for an impossible poem). In Bradfield G & Van der Merwe D (eds) *"Meaning" In Legal Interpretation* (61-96). Kenwyn: Juta.

Van der Walt J (2001) The Quest for the Impossible, The Beginning of Poetics: A Reply to Dennis Davis. *South African Law Journal*, 118(3): 463-472.

Van Reeth A (1994) *Ensiklopedie van die Mitologie*. Vlaeberg: Vlaeberg.

Viljoen H (1992a) Ergosentriese Benadering. In Cloete TT (ed) *Literêre Terme en Teorieë* (105-106). Pretoria: HAUM-Literêr.

Viljoen H (1992b) Outonomie van die Literêre Werk. In Cloete TT (ed) *Literêre Terme en Teorieë* (363-367). Pretoria: HAUM-Literêr.

South African Truth and Reconciliation Commission (1998) *Truth and Reconciliation Commission of South Africa report*. Cape Town: The Commission.

Weingarten K (1998) The Small and the Ordinary: The Daily Practice of a Postmodern Narrative Therapy. *Family Process*, 37: 3-15.

Watts J G (1994) *Heroism and the Black Intellectual; Ralph Ellison, Politics, and Afro-American Intellectual Live*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Widdershoven G A M (1993) Hermeneutic Perspectives on the Relationship Between Narrative and Life History. In Josselson R & Lieblich A (eds) *The Narrative Study of Lives* (ix-xv). London: SAGE.

Wilkomirski B (1995) *Fragments: Memories of a Wartime Childhood*. London: Picador

Yewah E (1996) Court Stories in Selected African Short Narratives. *Research in African Literatures*, 172-184.

Young G (1997) *Adult Development, Therapy, and Culture: A Postmodern Synthesis*. New York: Plenum Press.

Zimmerman J L & Dickerson V C (1994) Using a Narrative Metaphor: Implications for Theory and Clinical Practice. *Family Process*, 33: 233-245.

Sakelys

Ex Parte Slater Walker Securities (SA) LTD 1974 (4) SA 657 (W).

Minister of Home Affairs (Bermuda) v Fisher (1980) AC 319 (PC).

Minster of Interior v Lochat 1961 (2) SA 587 (A).

Riggs v Palmer 115 NY 506, 22 NE 188 (1889).

Segale v Government of the Republic of Bophuthatswana 1987 (3) SA 237 (B).

Smith v Attorney General Bophuthatswana 1984 (1) SA 194 (B).

Southern Insurance Association v Bailey NO 1984 (1) SA 98 (A).

S v Dzukuda 2000 10 BCLR 1101 (W).

S v Makwanyane 1995 6 BCLR 665 (CC).

S v Mhlungu & Others 1995 (3) SA 867 (CC).

S v Swartz 1999 2 SACR 380.

S v Zuma 1995 (4) BCLR 4012 (CC).

Lys van wetgewing

Grondwet van Bophuthatswana Wet 18 van 1977.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996.

Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 200 van 1993.

Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening 34 van 1995.

